OMGEWINGSETIEK EN OMGEWINGSBEWARING: 'N WYSGERIG-ETIESE PERSPEKTIEF OP BEWARINGSWETGEWING, -BELEID EN -STRATEGIEË IN SUID-AFRIKA

M.J. de Beer

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in Lettere en Wysbegeerte

(Departement Filosofie)

aan die

Universiteit van Stellenbosch

Studieleier: Prof. J.P. Hattingh

Maart 1998

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

Handtekening: ...

M J. DE BEER

Datum: 11 - 2 - 1998

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

VERKLARING
SWO-ONDERSTEUNING

Geldelike bystand deur die Sentrum vir Wetenskapsontwikkeling (RGN, Suid-Afrika) vir hierdie navorsing word erken. Menings uitgespreek en gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die outeur en moet nie noodwendig aan die SWO toegeskryf word nie.

Handtekening:

M.J. DE BEER

Datum: ..11-..1998

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

OPSOMMING

Hierdie ondersoek se hoofdoelwit was 'n bepaling en evaluasie van die waardes onderliggend aan omgewingsbewaring, spesifiek soos vergestalt in Suid-Afrikaanse bewaringswetgewing en -beleid. Daar is ag geslaan op internasionaal aanbevole etiese riglyne en ondersoek is ingestel na pogings om ekonomiese denke "omgewingsvriendelik" te maak.

Daar is gevind dat, ten spyte van 'n aanspraak op 'n reëlmorele grondbeginsel van respek vir lewe, toonaangewende internasionale direktiewe in aanloop en uiteensetting 'n instrumentalistiese karakter het, gerig op die bevordering van blywende menslike voortbestaan en verbeterde menslike lewensgehalte. 'n Ondersoek van omgewingsekonomie het weer aangedui dat, ten spyte van 'n groter klem op ekwiteitsmaatstawwe by hulpbronverdeling, omgewingsbates net aangeslaan word in die ekonomiese terme wat 'n analise van kostes en voordele as grondslag vir beredenering en besluitneming voorstaan. Hierteen word in omgewingsetiese verband wyd en toenemend beswaar gemaak as 'n ontoereikende standpunt.

Die oorheersende Suid-Afrikaanse waardestrominge, te wete 'n reëlmorele godsdienstige en die konsekwensialistiese ekonomiese, se kenmerke en beperkings is daarna ondersoek en dit is duidelik dat altwee 'n bydrae te lewer het in bewaringsberedenering en besluitneming. Al die belangrikste godsdienste het reeds in omgewingsverband standpunt ingeneem op 'n wyse wat klop met die toekenning van intrinsieke waarde aan die natuurlike. Tegelyk vereis die ekonomiese nood en ontwikkelingsoogmerke van die land en regering toereikende erkenning.

'n Oorskouende, meta-etiese beeld is daarna verkry van die aard en vereistes van etiese beredenering, as agtergrondsperspektief op praktiese morele besluitneming. Dit het uitgewys dat, benewens streng logiese maatstawwe, daar in morele beredenering ook 'n wyer konsipiëring van rasionaliteit voorgestaan word wat die morele sin van die lewe ter sprake bring.

'n Ondersoek van die belangrikste bestaande en voorgestelde Suid-Afrikaanse

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bewaringswette en -beleid het duidelik aangetoon dat die jongste Wêreld-bewaringstrategie se interne etiese konflikte herhaal word en dat die oorheersende klemtoon een is van die instrumentele bestuur van die omgewing in diens van die mens. Dit wil ook voorkom asof die regering se ontwikkelingsprioriteite aan ekonomiese oorwegings oorheersende status toeken. In die aanloop tot nuwe omgewingswetgewing en beleid en in daardie wetgewing self, word egter ruim geleenthede gebied vir bydraes deur die gemeenskap, wat 'n kanaal skep waardeur reëlmorele oortuigings tot uiting kan kom.

Omdat ekonomiese denke in die praktyk die botoon voer en omdat dit uit 'n etiese oogpunt verryk kan word deur die bybring van ander waardes, is ondersoek ingestel na 'n denkstrategie waarin altwee waardedomeine, die instrumentalistiese en die reëlmorele, by kan dra tot meer gebalanseerde en eties meer bevredigende omgewingsberedenering en besluitneming. Die onherroepelike aard van die omgewingsprobleme motiveer en regverdig heroorweging van huidige benaderings.

'n Antwoord is gevind in 'n ideaaloorwegende Aristoteliese standpunt waarvolgens die nastrewing van menslike welsyn nie noodwendig en alleenlik in 'n eng menssentriese sin vertolk word nie, maar waarby die erkenning van intrinsieke natuurwaardes groter konsiderasie van die natuur en natuurlewe meebring en tegelyk die begrip van menslike welsyn verbreed tot buite die bestek van die eng ekonomies gekonsipieerde. Dié word nie nagelaat nie, maar die appresiasie van intrinsieke natuurwaardes word as deel van menslike welsyn beskou. Dit plaas dan markgebaseerde besluite in 'n wyer institusionele konteks waarin instrumentele én intrinsieke waardes beredeneer word in 'n gebalanseerde, rasionele openbare debat. 'n Prosedure vir die beoefening van Aristoteliese "praktiese wysheid" wat universele aanklank kan vind is vir hierdie doel ontleen aan die werk van verskeie moderne outeurs, ter wille van besluite wat op sigself respek verdien en menswees meer waardig is.

Laastens is twyfel uitgespreek oor die haalbaarheid oor die langer termyn van ekonomiese groei-strewens en afgesluit met die gedagte dat dit hoegenaamd nie perke stel aan geestelike welsyn nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ABSTRACT

The main objective of this investigation was to identify and evaluate the values motivating environmental conservation, specifically as embodied in South African conservation legislation and policy. Due regard was given to internationally recommended ethical guidelines, while efforts at making economic thinking more environmentally sensitive were considered.

It would appear that, in spite of claiming to be based on a deontological founding principle of respect for life, leading international conservation directives reveal, in rationale and explication, a strong instrumental character. An investigation of environmental economics also indicated that, in spite of a stronger accent on measures of equity in resource distribution, environmental assets are assessed only in those economic terms that present an analysis of costs and benefits as *the* basis for consideration and decision. In environmental ethics this is widely and increasingly being objected to as inadequate.

The characteristics and limitations of the predominant currents in South African belief, the deontological religious and the consequentialist economic, were then investigated and it is obvious that both can make a contribution in conservation argument and decision-making. All major religions have already assumed an environmental stance reconcilable with the allocation of intrinsic values to items in nature. At the same time economic need and the development objectives of the country and government demand adequate recognition.

A meta-ethical overview then attempted clarity on the nature and requirements of ethical argument, as a background perspective for practical moral decisions. This indicated that, apart from rigorous logical requirements, a wider concept of rationality that focuses on the moral sense of life is also needed in moral argument.

An investigation of the most important existing and proposed South African environmental laws and policies then clearly indicated that the ethical conflicts inherent in the most recent World Conservation Strategy were being repeated there and that the main accent was on the management of the environment as an

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

instrument for the fulfilment of human needs. The impression is also gained that the government's development priorities allocate a dominant status to economic considerations. In paving the way for new environmental legislation and policies as well as in the proposed legislation itself, however, adequate opportunities are provided for the public to promote expression of their deontological and other beliefs.

Since economic thinking normally dominates in conservation practice and since, from an ethical point of view, its enrichment with other values is desirable, the possibilities for a reasoning strategy that would utilize both value domains, the instrumental as well as the deontological, were investigated in order to promote a more satisfying and balanced form of argument and decision. The irreversible nature of many environmental problems more than justify the reconsideration of present approaches.

An answer was found in an ideal-deliberating Aristotelian approach according to which the objective of human welfare does not demand exclusively anthropocentric interpretation, but in which the recognition of intrinsic values in nature enhances the recognition of nature and natural life-forms, while simultaneously extending the concept of human welfare beyond a narrow economic interpretation. The latter is not being neglected, but the appreciation of intrinsic natural values becomes viewed as an integral part of human welfare. This places market orientated decisions in a wider institutional context where instrumental *and* intrinsic values are argued in a balanced, rational public debate. For this purpose a procedure for exercising Aristotelian "practical wisdom" with a potential for universal application was borrowed from the work of diverse modern authors, in order to achieve decisions in themselves worthy of respect and more worthy of humanness.

Lastly, doubt was expressed on the longer term achievability of economic growth objectives. This was linked to the realisation that the relevant limits do not apply to spiritual welfare.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

BEDANKING

Hierdie tesis is afgehandel in taamlike afsondering en het daarom moontlik meer as die gewone gesteun op die raad en insigte van die studieleier. Johan Hattingh word daarom met groot waardering bedank vir sy geduld en die immer vriendelike, simpatieke en, natuurlik, kundige wyse waarop 'n minder jeugdige en moontlik meer veeleisende student hanteer is.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

AFKORTINGS

Vanweë die onvermybare herhaalde gebruik van sekere terme en titels word die volgende afkortings geriefsonthalwe in die teks gebruik:

CFE	*Caring for the Earth*, die Wêreld-bewaringstrategie van 1991.
EVB	Die "Etiek vir Volhoubare Bestaan" van die Wêreld-bewaringstrategie van 1991.
GBD	Die Groenskrif vir Biologiese Diversiteit. (Departement van Omgewingsake en Toerisme, Oktober 1996).
IUCN	Die Wêreld-bewaringsunie.
KVA	Koste- en voordele-analise.
OT	Die Ou Testament van die Bybel.
PKK	Potensiële Kompensasie-kriterium.
UNEP	United Nations Environment Programme.
WCED	World Commission on Environment and Development.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

INHOUD

Verklaring (ii)
Verklaring: SWO-ondersteuning (iii)
Opsomming (iv)
Abstract (vi)
Bedanking (viii)
Afkortings (ix)

INLEIDING 1

Hooftrekke van die omgewingsprobleem 1
Benaderings tot probleemoplossing 4
Probleemstelling 11
Evaluering 15

1. **DIE ETIESE STREKKING VAN DIE WÊRELD-BEWARINGSTRATEGIE** 17

Moraliteit en gedrag 18
Uiteensetting van die Etiek vir Volhoubare Bestaan 20
Bespreking 24
Die grondliggende beginsel en etiese karakter 24
Die elemente, of raamwerk 27
Uitbreiding van bestaande etiek 28
Die historiese agtergrond van die hedendaagse aandrang op 'n nuwe etiek 28
Moderne standpunte rondom die "nuwe etiek"- voorstel 36
'n Wyer perspektief 44
Samevatting 46

2. **OMGEWINGSEKONOMIE: AARD, PROBLEME EN ETIESE STREKKING** 51

Vanaf ekonomie tot omgewingsekonomie 51
Sentrale konsepte in omgewingsekonomie 55
'n Kritiese evaluasie van omgewingsekonomie 62
Die etiese problematiek van ekonomiese beredenering en die markmeganisme 62
Die probleem van politieke besluitneming 69
Alternatiewe grondslae vir omgewingsbeleid 76
Samevatting 84

3. **DOMINANTE WAARDESTROMINGE IN SUID-AFRIKA** 88

Christelike etiek 90
Historiese agtergrond 90
Aard 96
Wil-van-God moraliteit 98

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Godsdiens en bewaringswaardes 104

Reëlmoraliteit 108
Soorte morele reëls 108
Kenmerke van reëlmoraliteit 109
Die oorsprong en begronding van morele reëls 110
Utilitarisme 119
Agtergrond en aard 119
Probleme met die utiliteitsbeginsel 122
Teenstrydighede 124
Konsekwensialisme 125
Die logika van konsekwensialistiese beredenering 126
Soorte konsekwensialisme 129
Sterk en swak punte van konsekwensialisme 134
Samevatting 137

4. **WAARDEBEREDENERING EN ETIESE BESLUITNEMING** 138

Enkele opmerkings oor 20ste eeuse benaderings 139
Die belang van argumente in morele besluitneming 144
Teorie, beginsel, intuïsie en morele redenasie 151
Beginsels vir morele besluitneming 155
Die logika van morele beredenering 170
Evaluasie 170
Morele argumente 182
Samevatting 192

5. **DIE ETIESE INHOUD VAN SUID-AFRIKAANSE BEWARINGSWETGEWING EN -BELEID** 194

Historiese agtergrond van bewaringswetgewing 195
Bewaringswetgewing 200
Aard en strekking 200
Seleksie van wetgewing vir etiese ondersoek 202
Die Wet op Omgewingsbewaring Nr 73 van 1989 204
Natuurbewaringswetgewing 216
Die Wet op Nasionale Parke Nr 57 van 1976 216
Provinsiale Ordonnansies op Natuurbewaring 219
Oorsigtelike kommentaar op bestaande omgewingswetgewing 222
Die etiese strekking van beplande veranderinge aan omgewingswetgewing en -beleid 224
Etiese gebreke aan bestaande omgewingswetgewing en -beleid 225
Nuwe omgewingswetgewing 227
Erkenning van etiese omgewingswaarde in nuwe wetgewing 235
Samevatting 242

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

6. **BEWARINGSWAARDES IN DIE SUID-AFRIKAANSE SAMELEWING: 'N BENADERING TOT BELEID EN BESLUITNEMING** 244

Die ekonomiese paradigma 245
Omgewingswaardes, as teendeel van die ekonomiese 246
Waardeberedenering vir bewaringsbesluitneming 248
Aspekte van 'n Aristoteliese benadering tot praktiese besluitneming 249
Die unieke kenmerke van omgewingsrisiko 254
Ideaal-oorwegende standpunte 257
John O'Neill se kritiek op die ekonomiese benadering 258
Verdere uiteensetting van O'Neill se standpunte 264
Samevatting 276
Nelleke Bak se strategie vir "praktiese wysheid" 277
Samevatting 286

EPILOOG 288

BIBLIOGRAFIE 294

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

INLEIDING

Die wêreldwye probleme rondom menslike voortbestaan meegebring deur buitensporige getallegroei, die aard en omvang van hulpbronproduksie en -konsumpsie en omgewingskadelike tegnologiese ontwikkeling, met gevolglike benadeling van menslike gesondheid en ontwrigting van sy leefomgewing, verteenwoordig volgens beskouings in invloedryke kringe reeds 'n menslike bestaanskrisis. Hulpbrontekorte kom voor, hulpbronne word ongelyk verdeel tussen mense en groepe, produksie- en verbruiksprosesse verspil en vernietig hulpbronne en besoedel die omgewing, ander lewensvorme word vernietig of bedreig en hul habitatte word ontwrig.

Die fisiese agtergrondsituasie van globale bewaringsproblematiek in terme van bevolkingsgroeisyfers, hulpbronverbruik, verbruiksbestuur, tegnologiese ontwrigting deur besoedeling en andersins en ook die verskraling van biotiese diversiteit en wildernis, val buite die bestek van hierdie bespreking en word beskou as gegewe.[1] 'n Bondige skets slegs van enkele hooftrekke hier, hoewel onvermydelik oorvereenvoudig en moontlik oorbekend, kan egter 'n raamwerk voorsien vir die kontekstuele plasing van hierdie ondersoek in praktiese verband en ook 'n aanduiding gee van belangrike probleemgebiede en begrippe.

HOOFTREKKE VAN DIE OMGEWINGSPROBLEEM

Ekologies gesproke maak die mensdom deel uit van die globale ekosisteem of biosfeer. Dit is die menslike leefomgewing waarmee hy in wisselwerking staan. Hy onttrek lewensmiddele daaruit en voeg die afvalstowwe van sy fisiese bestaan daaraan toe. Hierdie onttrekking en toevoeging geld natuurlikerwys vir alle soorte lewe op aarde, wat uiteindelik op dieselfde hulpbronne aangewese is. Die omvang daarvan ten opsigte van die mens het egter sodanige afmetings aangeneem dat hy, as een komponent van die sisteem, gevaar loop om die stelsels wat lewe moontlik maak en ondersteun, te verander op 'n skaal en teen 'n spoed wat moontlik sy eie aanpassingsvermoëns en beslis ook dié

[1] Volop data hieroor is beskikbaar. Raadpleeg onder meer byvoorbeeld:
Meadows *et al:* (1972) *The Limits to Growth*
(1974) *Mankind at the Turning Point*
US Council on Environmental Quality (1980): *The Global 2000 Report to the President* Vols 1 and 2
United Nations Development Programme (UNDP) 1991 : *Human Development Report 1991*.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van baie ander lewensvorme oorskry.[2] John Passmore (1980: XII) noem die mens die enigste onderdeel van die sisteem wat die samestelling van sy eie "ekskreta" willekeurig kan verander. Baie soorte lewe sterf gevolglik reeds uit, terwyl die voortbestaan van miljoene mense onder druk verkeer. Volgens Fuggle (in Fuggle en Rabie, 1992:1) is daar veral twee komponente in hierdie omgewingsagteruitgang, te wete uitputting van lewensbronne vir die in standhouding van hedendaagse menslike lewenswyses en vernietiging en agteruitgang van die stelsels wat lewe op aarde onderhou.

Sosiaal gesproke is die opvallendste newe-effekte van veranderde ekologiese verhoudinge, dit wil sê van oormatige en ongebalanseerde benutting van die omgewing, toenemende armoede en die gevolge daarvan en toenemende verskille in welvaart. Vroeëre koloniale (huidige "Eerste Wêreld-") moondhede, met 'n groter kapasiteit tot tegnologiese ontwikkeling en hulpbronverwerking, kon die onttrekking aan die omgewing van hulpbronne, eers hul eie en toenemend van die Derde Wêreld, versnel en daarom hul eie verbruik en "lewenstandaard" verhoog, natuuromgewings vinniger verarm en ook 'n groter bydrae lewer tot besoedeling en ontwrigting van die omgewing en aardsisteme van lewensonderhoud. Voorbeelde is gemeenplase (vergelyk IUCN/UNEF/WWF 1991 *Caring for the Earth* (verderaan afgekort na CFE) p 186-193, ten opsigte van verbruik, ontwrigting, inkomste). Arm gemeenskappe het tegelyk 'n mindere vermoë om besoedeling te ontkom of te bestry, of vir geboorteregulering. Dit geld ook vir opvoeding en moeder- en kindergesondheid wat, saam met die bevordering van vroueregte en gesinsbeplanning, almal hoogs betekenisvol bydra om uiteindelik kleiner totale bevolkings te bewerkstellig (Harrison 1994: 6-9). Grootskaalse bevolkingsgroei van armer groepe kontrasteer met die krimpende geboortesyfer van welvarende, goed gevoede groepe met hul groter vermoë tot lokale verandering van woonplek en tot omgewingsregulering (vergelyk CFE: 194-197 ten opsigte van kommersiële energieverbruik en vrugbaarheidskoerse). Massiewe bevolkingsverskuiwings en verstedeliking van arm mense vind dus plaas namate landelike omgewings verarm (CFE: 104-105). Tegnologie en verstedeliking het 'n baie groot deel van die mensdom verwyder uit direk ervaarde kontak met die meer natuurlike omgewing waarvan mense afhanklik is en waaroor hulle besluite moet neem en waarvoor hulle waarde-opvattings dus van kardinale belang is. Soos Meadows *et al* dit stel: "We affirm finally that any deliberate attempt to reach a rational and enduring state of equilibrium by

[2] Vergelyk VanDeVeer en Pierce (1986: 107-108); en Myers (1980: 3-13, 27-31).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

planned measures, rather than by chance or catastrophy, must ultimately be founded on a basic change of values and goals at individual, national and world levels". (Aanhaling in Shaeffer en Brand 1980: 54). Die aantal mense wat leef onder toestande van absolute armoede sal waarskynlik toeneem van 1 tot 1,5 miljard na die einde van hierdie eeu, met die grootste toename in Afrika, die enigste kontinent met 'n dalende voedselproduksiesyfer (CFE: 18).

Ekonomies gesproke is die direkte oorsake van die omvang van hierdie ekologiese en sosiale ontwrigting geleë in die sogenaamde eksponensiële koers van menslike getallegroei wat die omvang van konsumpsie beïnvloed en ook in die hoë materiële lewenstandaard (volgens gangbare teenswoordige maatstawwe) van 'n deel van die mensdom. Sedert die industriële revolusie het mensegetalle agtvoudig en nywerheidsproduksie honderdvoudig toegeneem. Die 5,3 miljard mense wat in 1991 geleef het, het reeds 40% gebruik van die mees basiese hulpbron, die sonenergie beskikbaar gestel deur groen plante op land (CFE: 4). Arm bevolkings, wat verreweg die meeste is, het die hoogste bevolkingsgroeisyfers, hoewel hulle per kapita energieverbruik verreweg die laagste is.

Van 1950 tot 1987 het die wêreldbevolking verdubbel, van 2,5 tot 5 miljard en na verwagting sal dit aangroei teen sowat 1 miljard per dekade tot 'n uiteindelike syfer van tussen 11 en 12 miljard. Dié beskouing is egter gebaseer op 'n aanname van 3,3 geboortes per vrou, wat onwaarskynlik lyk, sodat die uiteindelike syfer waarskynlik groter sal wees, tensy omgewingsagteruitgang die sterftesyfer katastrofies verhoog (CFE: 44-45). In die praktyk het 'n hele aantal lande egter al bewys dat 'n drastiese verlaging van die groeikoers in geboortesyfers moontlik is. Afgesien van verskeie lande in die ontwikkelde Weste (byvoorbeeld Frankryk, Swede, Engeland) en die Ooste (byvoorbeeld Japan) is die opvallendste voorbeeld seker Mauritius, wat tussen 1963 en 1972 'n daling van 6,2 na 3,2 kinders per vrou ondervind het. Anders as gewoonlik het dit ekonomiese groei voorafgegaan (Lutz 1994: 10-12). Hierdie basiese probleem in omgewingsbestuur is egter van die moeilikste om op te los. Selfs waar 'n hoë bevolkingsgroeikoers soos dié van die RSA gestuit word, neem dit lank om te reflekteer in laer getalle mense.

'n Verwante probleem van groot belang is oneweredige verbruik. Kommersiële energieverbruik per persoon is 'n nuttige maatstaf van omgewingsbeïnvloeding, want dit

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

maak die onttrekking van hulpbronne uit sisteme, die verwerking en verbruik daarvan en die terugvoer van afvalstowwe moontlik (CFE: 45). Daar is 42 lande met hoë tot medium hoë vlakke van energieverbruik per persoon, wat 'n kwart van die wêreldbevolking insluit, dog vier vyfdes van die kommersiële energie verbruik. Daarteenoor is daar 128 lande met lae tot medium lae vlakke van energieverbruik per persoon en driekwart van die wêreldbevolking, wat slegs 'n vyfde van die kommersiële energie verbruik.

'n Persoon in "hoë konsumpsie"-lande verbruik 18 keer soveel kommersiële energie as een in "lae verbruik"-lande (CFE: 45). Ryk lande se bevolkingstal is naastenby stabiel, dog hul konsumpsie styg steeds (CFE: 45). Enkeles (VSA, VK, Luxemburg en Denemarke) het egter daarin geslaag om energie- sowel as hulpbronverbruik tussen 1970 en 1986 te verlaag (CFE: 44). Verstaanbaar het die World Conservation Strategy van 1980 (afgekort na WCS), voorloper van CFE en geproduseer deur dieselfde instansies, dus reeds 'n behoefte gesien aan 'n nuwe ekonomiese orde in die wêreld (WCS: Introduction, par. 8).

Ironies word te veel voedsel in groot dele van Europa en Noord-Amerika op gesubsidieerde grondslag geproduseer, wat weer ekonomies en ekologies duur is. Biologiese diversiteit word verminder en die landskappe word minder aantreklik. Hoewel voedselhulp aan hongerlydende gebiede moontlik is, word markte vir plaaslike produkte onderdruk en landbouproduksie in armer lande, asook kleinboerderye, benadeel.

Hierdie omgewingsprobleme bring die mensdom by 'n voortbestaanskrisis wat oplossing eis. Die aard van optrede word egter tot 'n groot mate gerig deur die wyse waarop die aard van probleme verstaan word.

BENADERINGS TOT PROBLEEMOPLOSSING

Achterberg (1994: 6-7) gee 'n goeie, bondige samevatting van benaderings tot omgewingsproblematiek, volgens uiteenlopende indelingskriteria:

- Volgens oorsaak. (Was maatskaplike instellings of ideële faktore soos kultureel gedeelde houdinge teenoor die natuur deurslaggewend?).
- Volgens voorgestelde oplossing (institusionele verandering; verandering in kollektiewe handeling; veranderinge in bewussyn, gesindheid en lewensstyl).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Volgens mate waarin voorgestelde oplossing bloot reformisties of meer radikaal is.
- Volgens mensgerigtheid van voorgestelde oplossings (antroposentries of nie-antroposentries, byvoorbeeld ekosentries).

Achterberg sê baie van dié kriteria hang saam. Radikale oplossings is gewoonlik nie-antroposentries, terwyl reformistiese oplossings neig tot antroposentrisme. Klem op ideële faktore, soos grondhoudinge teenoor die natuur, is gewoonlik nie-antroposentries. Verder glo Achterberg baie van die visies in omgewingsproblematiek neig om een aspek eensydig te beklemtoon, terwyl institusionele sowel as ideële faktore ewewigtige beklemtoning vereis. 'n Belangrike grondtoon van hierdie studie slaan op die ontoereikendheid van 'n eensydige ekonomiese benadering.

Stauth (in Fuggle en Rabie, 1983: 85) som, in ekonomiese perspektief, die ter sake vereistes vir die oplossing van hierdie probleme op as: die doeltreffende benutting van bestaanshulpbronne, die billike verdeling daarvan en die vermyding van omgewingsprobleme soos besoedeling en hulpbron-vernietiging.[3] Vanuit hierdie oogpunt sal bewaring dan 'n poging wees om die volgehoue voortbestaan van die mensdom te bewerkstellig deur die gepaste bestuur van lewenswyse en spesifiek van die aard en omvang van die produksie en verbruik van alle artikels, materiale of ander relevante aspekte van die leefomgewing aangewend in menslike bestaan. Bewaring word net 'n spesiale vorm van 'n ekonomiese aktiwiteit, naamlik een ontwerp vir volhoubaarheid, en die groot bewaringsprobleem die motivering van mense tot gepaste optrede.

Hierdie ekonomiese benadering van Stauth roep die vraag op na die rol wat bewaring en bewaringswetgewing kan speel in die oplossing van die omgewingsprobleem. Die gewone benadering is dat owerhede 'n raamwerk van wetgewing en beleid daarstel waarbinne die owerhede en individue besluite kan neem oor en kan handel met hulpbronne. Op die wêreldtoneel is die dominante verwysingsraamwerk dié van die tegnologies gevorderde kapitalistiese ekonomieë. Namate bestaanstoestande ongunstiger word, het in moderne tye perspektiewe ontwikkel wat skerper fokus op hulpbronne wat voorheen beskou is as

[3] Hierdie outeur definieer (p 85) *besoedeling* as "die residuele gevolge van menslike aktiwiteit wat skadelik is vir latere gebruikers van hulpbronne" en *hupbronvernietiging* as "die verwydering of dispersie van natuurlike konsentrasies van materiale tot nadeel van ekologiese prosesse, of ter uitputting van 'n hulpbron wat volhoubaar kan produseer". Dit moet onderskei word van die *uitputting* van hernieubare hulpbronne.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

onbeperk beskikbaar (soos die atmosfeer, of oseane) en wat veel groter klem plaas op die meer gelyke verdeling van hulpbronne tussen verbruikers, ook toekomstige mense. So 'n benadering kom na vore in die moderne dissipline omgewingsekonomie, wat trag om ekonomiese denkmodelle toe te pas op die probleemveld van bewaring en die bestuur van omgewingshulpbronne. Hierdie dissipline het 'n sekere normatiewe onderbou wat vir owerhede gewig dra in die volhoubare bestuur van die mens se bestaansomgewing, oftewel bewaring. Omgewings- of hulpbronekonomie het gegroei uit hierdie probleemveld en sluit nou daarby aan. Dit bied die rasionaal vir en beliggaam baie van die waardes vervat in moderne bewaringswetgewing.

Die ekonomiese uitgangspunt roep egter 'n verdere, veel meer radikale vraag op, naamlik of bewaring as praktyk toereikend omskryf kan word in terme van 'n ekonomiese perspektief. Bewaring kan immers op 'n verskeidenheid maniere omskryf word en die vraag is of die regverdiging daarvoor alleenlik volgens ekonomiese oorwegings gegee hoef te word.

Wat die werklike gebeure aanbetref, bemerk ons histories 'n verskuiwing in benadering tot bewaring wat die toenemende ekonomiese nood van die wêreld reflekteer, maar wat tegelyk die gevaar inhou van eensydigheid en verarming van die waardebeskouings waarmee ons die natuur benader. Hierdie verloop word kortliks hieronder aangedui.

Bewaring as 'n soort ontwikkeling

Die meer idealistiese, dikwels sentimentele benadering tot bewaringsbegrippe en -praktyke van die vorige eeu en selfs meer onlangse tye, is welbekend. John Muir (1838-1914) wou wildernis preserveer om estetiese en geestelike redes. Sy waardes word goed gereflekteer deur kommentaar soos die volgende: "Watch the sunbeams over the forest awakening the flowers, feeding them every one, warming, reviving the myriads of the air, setting countless wings in motion–making diamonds of dewdrops, lakes, painting the spray of falls in rainbow colors. Enjoy the great night like a day, linking the eternal and imperishable in nature amid the transient and material." (Aangehaal in Engberg en Wesling, 1980: 113).

In hierdie idealistiese benadering is dikwels na bewaring verwys as "die wyse gebruik van hulpbronne" (Guilford Pinchot (1865-1914) soos aangehaal in VanDeVeer en Pierce,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1986: 68) meermale sonder spesifikasie van wie se wysheid ter sprake is of presies wat dit ten doel moet hê, bo-en-behalwe dat hulpbronne nie opgebruik moet word nie.

In Suid-Afrika was dit ook opmerklik dat die bewaring van daardie elemente van die natuuromgewing wat hulle tot direkte ontginning leen en dus om daardie rede bewaar moet word, soos landbou- of waterhulpbronne, onder die beheer van sentrale regeringsdepartemente geplaas is, waarvan die optrede gefundeer is op landswette, byvoorbeeld die Grondbewaringswet nr. 45/1946 en die Waterwet Nr. 54/1956. Daarteenoor is natuur-elemente wat minder opvallend ekonomies waardevol en direk benutbaar is, vir bewaring onder provinsiale bestuur aan die hand van provinsiale ordonnansies geplaas, byvoorbeeld die onderskeie natuurbewaringsordonnansies, wat konsentreer op wild, voëls, veldblomme en dergelike meer (vgl Fuggle en Rabie, 1992: 14-25). Enersyds skep dit die indruk van laer prioriteit. Andersyds getuig dit van mindere erkenning aan die ekologiese samehang tussen onskeibare sisteemelemente wat dwingend gekoördineerde bestuur vereis. Provinsiale bewaringsoptrede en -wetgewing was selfs onlangs nog nie heeltemal gekoördineerd nie (Verslag van die Beplanningskomitee van die Presidentsraad PR2/1984: 75).

Die Suid-Afrikaanse aanvanklike en tot onlangse beperking van “bewaring” tot die meer natuurlike omgewing, asof dit isoleerbaar sou wees in hulpbronbestuur, word bevestig in die Verslag van die Drie Komitees van die Presidentsraad (PR1/1991: 2).

Toenemende hulpbronnood die wêreld oor het gaandeweg bewustheid van die belang van die beskikbaarheid en gehalte van alle hulpbronne vir menslike voortbestaan ooreenstemmend laat toeneem. Van belang was nou nie net alles wat as “natuurlik” gekarakteriseer sou kon word nie, dog alles nodig om (eerstens menslike) lewe in stand te hou. Spesifiek oor die laaste sowat 25 jaar (Porrit, aangehaal in Fien, 1993: 7) het die besef gegroei van die omvang van die menslike invloed op die aardsisteem en ander lewensvorme en word bewaring toenemend beskou as iets wat nie afsonderbaar is of wat nie bedryf kan word in isolasie van of mededingend met ekonomiese aktiwiteit en ontwikkeling nie. Bewaring word toenemend bloot ’n karakterisering van ontwikkeling, nie die teenpool nie, “ekonomiese ontwikkeling” om te voorsien vir oorlewing, “bewaring” om voorsiening vol te hou. Hierdie perspektief hou egter die gevaar in dat ideale heeltemal onderbeklemtoon en ekonomiese waarde oorbeklemtoon mag word. (Hoofstuk 5 hieronder

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

dui, onder meer, die historiese verloop en verskuiwende klemtone in Suid-Afrikaanse bewaringswetgewing aan).

Konkrete gestalte is formeel aan die nuwe benadering gegee deur die World Conservation Strategy van 1980, wat ontstaan het uit 'n proses van herhaalde konsultasie tussen en herformulering deur beoefenaars van bewaring en voorstanders van ontwikkeling.

Bewaring as volhoubare ontwikkeling

Die gesaghebbende World Conservation Strategy van 1980 (WCS) van die Wêreld Bewaringsunie (IUCN), die Verenigde Nasies se Omgewingsprogram (UNEP) en die Wêreldwye Natuurfonds (WWF) se bewaringsoogmerke het veral gemik op:

- Die behoud van ekologiese stelsels en prosesse wat lewe ondersteun
- Die behoud van genetiese verskeidenheid.
- Die volhoubaarheid van die gebruik van soorte en ekosisteme.

Achterberg (1994: 27) sê die eerste formele internasionale aanbod van die begrip "volhoubare ontwikkeling" was die Verenigde Nasies se *World Charter for Nature* van 1982. Dit wyk betekenisvol af van die WCS op een punt. Die eerste van vyf algemene beginsels lui: "nature shall be respected and its essential processes shall not be impaired." Dit moet gelees word teen die agtergrond van die inleiding wat lui: "Every form of life is unique, warranting respect regardless of its worth to man and, to accord other organisms such recognition, man must be guided by a moral code of action." Achterberg (1994: 27) sê dat hoewel daar verder in dié handves weinig hiervan tereg kom, was dit "... toch memorabel, want het is de eerste keer dat officieel door een internationaal lichaam een niet-menschgerichte uitspraak over de waarde van de natuur wordt gedaan".

Een reaksie op die WCS was die VN-geborgde World Commission on Environment and Development (WCED) van 1983, bestaande uit akademici, senior staatsamptenare en politici, waarvan meer as die helfte uit ontwikkelende lande afkomstig was. Onder voorsitterskap van me Gro Harlem Brundtland is die invloedryke verslag *Our Common Future* in 1987 uitgebring. Hierdie verslag het gefokus op "volhoubare ontwikkeling" en dit gedefinieer as ontwikkeling wat in die behoeftes van huidige geslagte voorsien sonder om inbreuk te maak op die vermoë van toekomstige geslagte om in hul eie behoeftes te

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

voorsien (WCED 1987: 8). Volgens Yeld (1993: 10) het hierdie begrip van "volhoubare ontwikkeling" sy ontstaan gehad in 19de eeuse Duitse bosbestuurspraktyke.

Die WCED se kriterium is dat elke geslag net so veel hulpbronne moet nalaat as wat hulle geërf het. Achterberg (1994: 28) sê die WCED beskou mensgeproduseerde kapitaal en natuurlike kapitaal as uitruilbaar en waardeerbaar in dieselfde terme - hul nut vir menslike lewenskwaliteit. Hy noem dit aanvegbaar, afgesien nog van die totale antroposentrisme wat spreek uit hierdie siening van die natuur as 'n versameling hulpbronne. Vir hom word dit onomwonde deur Brundtland in die voorwoord bevestig: Ons boodskap is veral gerig op mense "whose well-being is the ultimate goal of all environment and development policies."

Dieselfde liggame as wat die WCS voortgebring het, was ook verantwoordelik vir die Wêreld-bewaringstrategie van 1991 (CFE) wat mik op veranderde waardes, ekonomieë en samelewings. Dit verteenwoordig tans die rigtinggewende internasionale bewaringstandpunt. Spesifiek wil dit 'n "etiek vir volhoubare bestaan" bevorder in die praktyk en ook bewaring en ekonomiese ontwikkeling integreer (CFE: 3). (Dit sou beteken die versoening of koördinasie van waardes uit dié twee gebiede). CFE wil verder state formeel verbonde kry aan hierdie etiek, wat ook in hul grondwette en ander wetgewing opgeneem moet word (CFE: 16, 67 en 81). Nege beginsels vir 'n volhoubare lewenswyse word dus geformuleer (CFE: 9-12) terwyl 122 riglyne aandui hoe om aan die beoogde nuwe waardes, ekonomieë en samelewings beslag te gee (CFE: 14-86 en 89-162).

Bewaring as strategie vir volhoubare bestaan

Fien (1993: 8) beweer dat daar meer as 160 definisies van volhoubare ontwikkeling in die literatuur bestaan. Die tweede wêreld-bewaringstrategie, CFE van 1991, vermeld die debat oor die betekenis van "volhoubare ontwikkeling" en sê dat die betekenis van die term "volhoubaar" wissel volgens die gepaardgaande gebruik van verskillende naamwoorde, soos "ontwikkeling", "groei" en "gebruik".

CFE wys daarop (p.10) dat "volhoubare groei" 'n kontradiksie in terme is: niks fisies kan onbepaald groei nie. "Volhoubare gebruik" is weer net van toepassing op hernieubare hulpbronne, wat beteken hulle word gebruik net binne hul kapasiteit tot hernuwing.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

"Volhoubare groei" en "volhoubare gebruik" is nie uitruilbaar met mekaar of met "volhoubare ontwikkeling" nie. 'n "Volhoubare ekonomie" hou weer sy basis van natuurlike hulpbronne in stand. CFE definieer dan (p 10) "volhoubare ontwikkeling" as "die verbetering van die kwaliteit van menslike lewe binne die drakrag van ondersteunende ekosisteme". (Definisie in terme van lewenskwaliteit verskuif natuurlik bloot die vraag vanaf ontwikkeling na kwaliteit, afgesien boonop van die probleem wat dit skep ten opsigte van hoe presies "drakrag" verstaan en bepaal moet word). Dit systap dan die debat deur te praat van "volhoubare bestaan of lewe" ("living") en van 'n "volhoubare samelewing", dit wil sê een wat leef volgens sekere gespesifiseerde beginsels.

Hierdie beginsels (CFE: 8-12) bestaan uit 'n grondliggende etiese beginsel, vier kriteria waaraan voldoen moet word en vier handelingsriglyne. Dit word verderaan in Hoofstuk 1 bespreek. Van belang hier is die omskrywing van die grondbeginsel as 'n suiwer etiese beginsel van respek en sorg vir die gemeenskap van lewendes, mense en ander. Elkeen verdien respek "ongeag sy waarde vir mense". Anders as met 'n ekonomiese perspektief, kom hier 'n veel ruimer siening van verhoudinge tussen lewensvorme ter sprake.

Hoewel CFE as bewaringstrategie steeds van krag is, is dit van pas om die benadering te vermeld van die meer resente konferensie vir die bepaling van omgewingsbeleid, te wete die Verenigde Nasies se "Conference on Environment and Development" (UNCED) in Rio de Janeiro in 1992.[4] Die doel was om te bepaal hoe ryk en arm lande kan saamwerk in die strewe na volhoubare ontwikkeling. Besmoontlik as gevolg van hulpbronnood en die oorweldigende invloed van behoeftige lande, is weer toegegee aan die gedagte dat die omgewing te veel en mense te min beklemtoon word. Actherberg (1994: 30) noem die resultate "een flinke stap terug". Die finaal aanvaarde "Rio Declaration" is nie 'n Earth Charter genoem nie, omdat dit meer klem op volhoubare ontwikkeling en minder klem op die aarde se ekosisteem wou plaas (Rolston III, in Aiken and La Folette, 1995: 248). Die eerste sin van die Declaration lui: "Human beings are at the centre of concerns for sustainable development". Die mikpunt is egter steeds volhoubaarheid, maar daar is op die wêreldtoneel duidelik 'n stryd vaardig tussen die ekonomiese waardes betrokke by bestaansnood en ander, minder mensgerigte waardes en ideale. Fuggle (in Fuggle en Rabie, 1992: 8) stel dit eksplisiet dat sowel die wêreld as Suid-Afrika se bewaringstrategieë

[4] Quarrie, J (Red) 1992: *Earth Summit 1992: The United Nations Conference on Environment and Development.*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wat die huidige vooraf gegaan het 'n utilitaristiese karakter gehad het ("conservation is for man") wat aantreklik is in 'n samelewing met oorheersende ekonomiese waardes en wat morele besluite deur empiriese berekening wil neem. Fuggle sê verder dat omgewingswetgewing gewoonlik streef na bewaring ter wille van mense, dit wil sê antroposentries is. Dis egter duidelik dat CFE die etiese benadering van die voorafgaande WCS probeer verryk. Hoedanig sukses daarmee behaal is, word in die volgende hoofstuk ondersoek.

PROBLEEMSTELLING

Teen die agtergrond van die voorafgaande kan die doel van hierdie studie breedweg omskryf word as 'n poging om helderheid te verkry oor die funksionering van waardes in bewaringsoptrede. Skerper afgebaken word hier toegespits op die etiese waardes wat bewaringsoptrede, in die vorm van owerheidsbeleid en -wetgewing, onderlê of behoort te onderlê. So gesien, gaan dit in hierdie studie dus enersyds om 'n peiling van welke waardes vervat is in bestaande bewaringsoptrede, maar terselfdertyd ook om 'n peiling van welke waardes waarskynlik vervat sal word in toekomstige bewaringswetgewing en -beleid.

Daarbenewens gaan dit ook hier om 'n evaluering van die etiese gehalte van die waardes wat bewaringsoptrede tans onderlê of in die toekoms sal onderlê. In hierdie meer evaluatiewe fokus van die ondersoek sal daar spesifiek gelet word op die vraag of alles, eties gesproke, in orde is met die waardes wat bewaringswetgewing onderlê of gaan onderlê. Indien nie, kom die verdere vraag na vore, naamlik wat daaraan gedoen kan word, en op grond waarvan?

Hierdie laaste punt bied aansluiting vir 'n uiteensetting van die prosedure wat gevolg word in die uitvoering van hierdie ondersoek. Dit is naamlik so dat enige etiese evaluasie plaasvind binne spesifieke en konkrete interpretasieraamwerke. Vir doeleindes van hierdie studie word begin by 'n uiteensetting en evaluering van die strekking en etiese inhoud van twee interpretasieraamwerke wat tans globaal in die praktyk nagevolg of voorgehou word vir die regverdiging van bewaringsoptrede, naamlik dié van internasionaal gesaghebbende bewaringsliggame soos IUCN, UNEP en WWF en dié van die ekonomie, meer spesifiek omgewingsekonomie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die Wêreld-bewaringstrategie (IUCN/UNEP/WWF, 1991) (afgekort na CFE) se nege beginsels is hierbo vermeld. Hulle word in die strategie genoem "die beginsels vir volhoubare bestaan" (CFE: 3) of "die beginsels van 'n volhoubare samelewing" (CFE: 7). Hierdie beginsels bestaan uit, eerstens, 'n grondliggende een van respek en sorg vir die gemeenskap van lewendes en, daarvolgens en daarby, agt beginsels geformuleer as: Verbetering van menslike lewenskwaliteit; bewaring van die lewenskrag en verskeidenheid van die aarde; minimalisering van die uitputting van nie-hernubare hulpbronne; beperking van menslike invloed tot die aarde se drakrag; verandering van persoonlike houdinge en praktyke; bemagtiging van gemeenskappe tot sorg vir hul eie omgewings; voorsiening van 'n nasionale raamwerk vir die integrering van ontwikkeling en bewaring; en die smee van 'n wêreldwye alliansie.

Hierdie beginsels word aangevul met 'n prioriteitslys van handelinge wat in verband staan met die belangrikste gebiede van menslike aktiwiteit en van die belangrikste komponente van die biosfeer, asook riglyne vir die implementering en opvolging van aanbevole handelinge volgens plaaslike behoeftes en vermoëns en met betrokkenheid van die gemeenskap (CFE:3).

Van wesenlike belang vir hierdie ondersoek is dat die eerste van die nege beginsels aangebied word as 'n grondliggende, spesifiek etiese basis wat die ander agt onderlê (CFE: 9). Almal vorm 'n samehang, of stel, genoem 'n "etiek vir volhoubare bestaan" (hiema afgekort na EVB). Die strekking en inhoud van hierdie EVB is dus duidelik omlyn in die wêreld-strategie, waarvan ook 'n verwerking vir Suid-Afrikaanse gebruik beskikbaar is (Yeld, 1993). Die hoofdoel van die strategie word gestel as, enersyds, om hierdie EVB te bevorder (onder meer deur beliggaming in wetgewing) en, andersyds, om bewaring en ontwikkeling te integreer.

Die uiteensetting en ondersoek van hierdie EVB vorm die tema van Hoofstuk 1 van hierdie studie. Bespreking daarvan behoort die beliggaming daarvan in Suid-Afrikaanse bewaringswetgewing en -beleid, asook die versoenbaarheid daarvan met dominante etiese strominge in die Suid-Afrikaanse samelewing, peilbaar te maak.

Omgewings- of hulpbronekonomie het oor die laaste sowat drie dekades ontwikkel om 'n ekonomiese status toe te ken aan daardie omgewingshulpbronne wat nie normaalweg deur

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

private besit van versorging verseker en deur verhandeling aan markkragte onderwerp en 'n geldwaarde toegeken word nie (vgl. Fuggle en Rabie, 1983: 83). Deur allerlei omgewingsekonomiese tegnieke verkry hierdie "omgewingsgoedere" die status van ekonomiese, verhandelbare bates, wat die sorg ontlok wat mense gewoonlik openbaar teenoor items met ekonomiese waarde. Die ekonomiese regulering van items hang saam met en berus op die bevrediging van menslike begeerte. Die verspreiding van ekonomiese voordeel tussen mense word deur omgewingsekonomie beklemtoon, ook oor tyd, sodat toekomstige mense en bewaringsmotiewe beter tot hul reg kom. Die aard van hierdie "omgewingsgoedere" is egter sodanig dat hulle nie sonder meer "vatbaar" vir hierdie ekonomiese tegnieke is nie en in party gevalle lyk probleme onoorkomelik, soos verderaan sal blyk. Die atmosfeer of migrerende voëls en walvisse, byvoorbeeld, kan immers nie besit en verkoop word nie.

'n Nadere ondersoek na en evaluering van die aard, probleme en etiese onderbou van omgewingsekonomie vorm die tema van Hoofstuk 2. Soos in die geval van die EVB moet die karakterisering van die etiese aard evaluering daarvan vergemaklik, en verteenwoordiging daarvan in bewaringswetgewing en -beleid peilbaar maak, sodat standpunt-inname daarteenoor in terme van etiese waardestelsels in die samelewing vergemaklik word.

Evaluering van die etiese waardes beliggaam in Suid-Afrikaanse bewaringspraktyk vereis 'n helder beeld van die sosiale waardekonteks en interpretasieraamwerk vaardig in die samelewing. Dit vorm die tema van Hoofstuk 3.

Uiteraard is daar 'n veelheid van verwysingsraamwerke vir waardes ter sprake in die samelewing. Omdat die Christelike godsdiens in Suid-Afrika so 'n dominante raamwerk vir die funksionering van waardes verskaf en boonop tot 'n beduidende mate prinsipieel oorvleuel met ander plaaslike godsdienste soos Islam en Judaïsme, spits die eerste deel van hierdie hoofstuk toe op 'n ondersoek na die feitelike werking van waardes deur die sosiaal-historiese verhouding tussen godsdiens en waardes te ondersoek. Dit bied die vertrekpunt vir 'n meer teoretiese bespreking van godsdienstige moraliteit en van reëlmoraliteit oor die algemeen.

Vanuit sosiaal-historiese perspektief is dit net so belangrik om te let op 'n ander, ewe

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

dominante "sekulêre" raamwerk vir moraliteit. Dit is algemeen bekend dat vryemark ideale en daardeur ekonomiese groei van owerheidsweë plaaslik nagestreef word as 'n medium tot maatskaplike opheffing en verbeterde lewenskwaliteit. Dit is ook die benadering van CFE ten opsigte van armer lande, hoewel gemaan word dat ekonomiese groei nie verbeterde lewenskwaliteit waarborg en ook nie die belangrikste fokus van ontwikkeling moet wees nie. Uiteindelik fasiliteer verbeterde lewensomstandighede egter die kapasiteit van die samelewing vir maatreëls om die omgewing te bewaar en hulpbronvermorsing te voorkom (vgl. CFE: 18-22). Hierdie pad na verbeterde lewenskwaliteit en bewaringsvermoë benut ekonomiese en omgewingsekonomiese waardes en beredenering, wat berus op 'n utilitaristiese etiese onderbou gerig deur menslike begeertevervulling.[5] In die tweede afdeling van Hoofstuk 3 word spesifiek gefokus op die utilitarisme en die konsekwensialistiese etiek waartoe dit aanleiding gee.

Uiteindelik moet die waardes gebed in geloof of ekonomiese opvattings gestalte aanneem in beleid en wetgewing of, omgekeerd beskou, moet die waardes vervat in wetgewing en beleid evalueer word teenoor basiese morele opvattings en moet die waardes beliggaam in ekonomiese oorwegings en basiese moraliteit teenoor mekaar opgeweeg word. Op praktiese vlak moet wetgewing en beleid uitloop op praktiese beredenering, besluite en handeling waarin waardes, spesifiek ook die etiese, 'n fundamentele rol speel. Teen die agtergrond van die voormelde sosiaal-historiese kontekstualisering word dus in Hoofstuk 4 gepoog om 'n meta-etiese perspektief te stel op etiese beredenering en die rol van waardes daarin.

Bestaande Suid-Afrikaanse bewaringswetgewing en beleid gee formele uitdrukking aan die oogmerke en maatreëls wat van owerheidsweë voorgeskryf word, ter plaaslike verwesenliking van die bewaringsmotief. Ondersoek en evaluering daarvan en van nuwe beleid- en wetsvoorstelle is nodig om die eksplisiete en verhulde waardes daarin bloot te lê. Dié kan dan beskou word teen die agtergrond van die gesaghebbend aanbevole EVB om ooreenstemming daarmee te bepaal. Ook kan die verband met die waardes vervat in omgewingsekonomie blootgelê word. Uiteindelik is die analise beskikbaar vir openbare beredenering en mag dit van nut wees in die huidige omstandighede van verandering van, onder meer, ook wetgewing en beleid in Suid-Afrika. 'n Ondersoek na die waardes vervat

[5] Volgens Tribe (1986: 254) is dit ook die belangrikste grondslag van omgewingsreg.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

in Suid-Afrikaanse bewaringswetgewing vorm dus die onderwerp van Hoofstuk 5.

Uit hoofde van die geskiedenis, staatkundige vorm en regeringswyse van die land, bestaan daar wetgewing op verskillende regeringsvlakke. Boonop kom daar ook bewaringsbepalinge voor in 'n verskeidenheid van wette op uiteenlopende terreine.[6] Dit is dus onvermydelik dat verteenwoordigende voorbeelde van wetgewing en beleid geselekteer sal moet word. Die ondersoek hierna en die beredenering en seleksie sal die aanvang van hierdie hoofstuk uitmaak, waarna die verdere waarde-ondersoek kan plaasvind. Daarby sal spesifiek ook gelet word op hoedanig nuwe en beplande bewaringswetgewing en -beleid beoog om waargenome etiese leemtes in bestaande wetgewing reg te stel. Noodwendig sal die agtergrond van die maatskaplike beleid en prioriteite en ontwikkelingsoogmerke van die regering ook te berde kom.

Uiteindelik kan die etiese waarde-inhoud van Suid-Afrikaanse bewaringswetgewing en -beleid, wat reeds binne die etiese verband van die EVB en omgewingsekonomie beskou is en toegelig is met die insette oor reëlmoraliteit en konsekwensialisme, binne die konteks van praktiese beredenering en besluitneming in die Suid-Afrikaanse samelewing geplaas word. Dit is die tema van Hoofstuk 6. Daar sal aandag gegee moet word aan die vraag na praktiese besluitneming onder die omstandighede waar skynbaar onversoenbare ekonomiese bestaansoorwegings en reëlmorele etiese waardes tereg moet kom in die "Nuwe Suid-Afrika". In hierdie verband sal 'n Aristoteliese benadering tot praktiese besluitneming ondersoek word as moontlike raamwerk vir die versoening van botsende en aan mekaar teengestelde uitgangspunte in omgewingsbesluitneming.

EVALUERING

By enige oorweging van die belang van hierdie studie is die volgende oorwegings ter sake:

1. Soos hierbo aangedui en verderaan bevestig word, is die oorheersende verwysingsraamwerk vir besluite in bewaringsoptrede wêreldwyd veral die ekonomiese gegewe. Dis ook in Suid-Afrika die geval. Van omgewingsetiese kant kom, soos verderaan aangetoon word, toenemende aandrang op erkenning aan ander

[6] Vergelyk Rabie in Fuggle en Rabie (1992: 92-98).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

omgewingswaardes. Spesifiek kom dit tot uiting in CFE se aandrang dat alle lande plaaslik, en in die lig van plaaslike kultuur en omstandighede, sekere etiese beginsels sal voorstaan. Hierdie studie wil 'n bydrae daartoe lewer, deur ondersoek na en aanbevelings oor die etiese inhoud van bewaringswetgewing en -beleid.

2. Deur 'n ondersoek van prominente plaaslike waardestrominge word gepoog om aan te dui waar aansluiting by internasionale direktiewe in etiese verband aangewese is. 'n Bespreking van omgewingsetiese problematiek en prominente standpunte gee groter helderheid oor probleemvelde en kan denke fokus in die uitbreiding van bestaande etiek. Vanselfsprekend sal uiteindelike opheldering binne elke etiese veld of godsdiens plaasvind. 'n Duidelike oorhoofse perspektief op probleme en denkrigtings is egter van waarde en hierdie studie wil daarin 'n bydrae lewer.

3. 'n Kritiese blik op bestaande wetgewing en beleid is hoogs ter sake onder die huidige Suid-Afrikaanse omstandighede van politieke verandering, waarin reeds 'n aanduiding gegee is dat omgewingswetgewing hersien gaan word. Ook is kritiese oorweging van voorgestelde veranderinge reeds moontlik en dit word trouens reeds aangevra van owerheidsweë. Hierdie studie vind dus op die regte tydstip plaas, om leemtes te help uitwys en vereistes te help aandui.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1

DIE ETIESE STREKKING VAN DIE WÊRELD-BEWARINGSTRATEGIE

In die inleiding is by herhaling verwys na die publikasie *Caring for the Earth: A Strategy for Sustainable Living* (hier afgekort na CFE). Dit is 'n publikasie van die Wêreld-Bewaringsunie (IUCN), die Verenigde Nasies se Omgewingsprogram (UNEP) en die Wêreldwye Natuurfonds (WWF) wat tereg beskou kan word as die mees gesaghebbende en invloedryke beleidstandpunt oor bewaring op die internasionale toneel. Melding is ook gemaak van die "etiek vir volhoubare bestaan" (EVB) wat deur die strategie as etiese grondslag aangebied word. In die probleemstelling (p 12-13) is aangedui dat die EVB, tesame met omgewingsekonomie, aanvaar word as belangrike interpretasieraamwerke vir die regverdiging en evaluering van plaaslike bewaringsoptrede in die vorm van wetgewing en beleid. So 'n standpunt word geregverdig deur die Suid-Afrikaanse regering se verklaarde standpuntinname in 1993, waarin CFE uitdruklik onderskryf word.[7]

In hierdie hoofstuk word probeer om die EVB uiteen te sit op 'n wyse wat die inhoud, aard en doelwitte daarvan duidelik stel, ook sodat vergelyking met omgewingsekonomie moontlik en ooreenstemming met plaaslike bewaringsoptrede bepaalbaar sal wees. Dit word ook gedoen op so 'n wyse dat die versoenbaarheid van die EVB met die dominante etiese strominge in Suid-Afrika volgens Hoofstuk 3 duidelik word.

'n Belangrike vraag wat in die bespreking van die EVB opgeroep word, is in hoeverre dit 'n voortsetting van bestaande morele standpunte is en of dit 'n radikaal nuwe etiek behels. Om duidelikheid oor hierdie vraag te verkry, word 'n groot gedeelte van hierdie hoofstuk aan 'n bespreking hiervan afgestaan. Eers sal die historiese agtergrond geskets word waarteen die aandrang op 'n nuwe etiek reageer. Daarna sal 'n aantal standpunte van moderne en tydgenootlike denkers oor hierdie debat ter sprake kom.

Alvorens daartoe oorgegaan word, is dit egter nodig om allereers 'n paar opmerkings te maak oor die verhouding tussen moraliteit en gedrag en om meer duidelikheid te verkry oor die strekking van 'n etiek vir volhoubare bestaan.

[7] Departement van Omgewingsake 1993 *Witskrif : Beleid oor 'n Nasionale Omgewingsbestuurstelsel vir Suid-Afrika*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

MORALITEIT EN GEDRAG

Daar is reeds verwys (p 2-3) na Meadows se aandrang dat mense se morele norme moet verander as ons 'n volhoubare oorlewingstoestand wil bereik. Olivier (in Vorster 1987: 103) sê, ten opsigte van die omgewingskrisis en armoede, "..... nothing short of a total change in our view of reality and a consequential change in our values and attitudes towards our fellow human beings and non-human environmental reality is asked for." Ook: "It is in essence a crisis of values."

Daar kan natuurlik geargumenteer word oor die rol van moraliteit op sigself in die beïnvloeding van mense se gedrag ten opsigte van die omgewing. John Passmore (1980: X) se standpunt lui: "..... we shall do better in very many cases to appeal by way of explanation to their ignorance, fear, vanity, greed, bigotry ..... and sometimes, fortunately, to their generosity, affection, courage, and creativity – than to the moral principles to which they officially subscribe." In sy aanloop tot 'n ondersoek na die wortels van die omgewingsprobleem sê Boersema (Zweers en Boersema 1994: 24) "..... the environment does not actually suffer from ideas but from those actions which accompany them. And the precise relationship between behaviour and ideas is not properly understood in the environmental field either."

Die presiese strekking en aard van die verband tussen handelinge en morele opvattings mag moeilik aantoonbaar wees. Die soeke van CFE en, soos verderaan sal blyk, soveel andere, na 'n "nuwe etiek" juis om omgewingsgedrag positief te beïnvloed, dui egter op wye aanvaarding dat so 'n verband wel bestaan.

Die woord ekologie is afgelei van die Griekse *oikos*, wat "huis" beteken. Omdat die wêreld "vol" word in die konteks van mense in verhouding tot hulpbronne en omdat mense van gebeure bewus word deur moderne kommunikasie teen 'n spoed van globale byna onmiddellikheid, skaal die wêreld inderdaad af na bekenbare huis-perspektiewe. Die effek van individuele optrede word ook vir die eerste keer bekenbaar deel van 'n sameloop in 'n wêreldwye stroom wat klimaat en dies meer kan beïnvloed, met 'n uitwerking op ander mense, ook toekomstiges, en ook ander soorte lewe. Fuggle se opmerking [8] oor skynbaar

[8] Fuggle (in Fuggle & Rabie 1992: 7) sê: "A problem arises from the collective impact of many small actions - discarding a beer can, a smoking chimney, picking wild flowers, catching undersized fish, damming a river, the loss of one or two hectares of farm land - in themselves these may be insignificant, but they become serious if multiplied several thousand times."

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

onbenullige handelinge wat as gevolg van mensegetalle akkumuleer tot ernstige probleme, is hier ter sake en klop met 'n ooreenstemmende uitspraak in CFE (p 13). Dit dui ook, daarteenoor, op die effek wat geldende individuele moraliteit in die totale konteks mag hê as dit handelinge sou beïnvloed. Ewe-as enkelinge se foute saam op wêreldwye probleme uitloop, kan daarteenoor, die korrekte optrede van enkelinge meegebring deur gepaste moraliteit betekenisvol bydra tot die voorkoming of oplossing van hierdie probleme.

Kompetisie vir hulpbronne lei tot wêreldwye probleme, dus moet oor etiese beginsels ter oplossing daarvan ook globaal ooreengekom word, aldus CFE (p 13). Geen menslike gemeenskap leef egter reeds volgens 'n waardestelsel wat toereikend omsien na die toekoms van die mensdom of ander lewe op aarde nie (CFE: 13). Derhalwe dring CFE aan op 'n "etiek vir volhoubare lewe of bestaan" want "what people do depends on what they believe." Dus: "Since value systems determine how people pursue political, legal, economic and technological goals, values associated with the ethic must pervade all spheres of human action if it is to succeed" (CFE: 14). Daar moet dus ook nie net inligting daaroor verskaf word nie. Die Universele Deklarasie van Menseregte van die VN van 1948 beskerm individuele regte. Eweso, vra CFE (p 23) moet opgetree word om gedeelde hulpbronne en gemeenskaplike goedere te beskerm, terwyl nie net regte nie, maar ook die verpligtinge van individue beklemtoning vereis. CFE stel dan 'n organisasie voor om die voorgestelde etiek te bevorder (p 17). Verder word gevra lande moet ook in 'n verklaring hulle daartoe verbind om die beginsel van hierdie etiek in wetgewing te vervat (p 16). Ooglopend is die standpunt dus dat beliggaming in wetgewing verwesenliking van die EVB in die praktyk sal bevorder. Dit spreek vanself dat harmonie met bestaande standaarde in die samelewing noodsaaklik is, in welke geval wedersydse onderskraging tussen dergelike standaarde en wetgewing verwag kan word.

Ondersoek na die etiese inhoud van Suid-Afrikaanse bewaringswetgewing kan eintlik nie anders nie as om CFE, as internasionaal mees invloedryke bewaring-standpunt waarop ook 'n voorgestelde Suid-Afrikaanse bewaringstrategie gebaseer is (Yeld 1993: 5) se etiese aansprake as vertrekpunt te neem.

Dit bring ons dan by die vraag of, en indien wel, in hoeverre die etiese inhoud van Suid-Afrikaanse bewaringswetgewing aansluit by die EVB, soos verwoord in CFE. 'n Verdere vraag is of, en indien wel, in hoeverre die dominante waardestrominge in Suid-Afrika by die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

EVB aansluit en dit kan onderskraag. Vir 'n antwoord op hierdie vrae is dit egter nodig om eers groter duidelikheid te verkry oor die presiese strekking van hierdie Etiek vir Volhoubare Bestaan. Dit word hieronder saamgevat.

UITEENSETTING VAN DIE EVB

Die EVB word nie as 'n volledige, sistematiese waardestelsel in CFE aangebied nie, maar as 'n onafgeronde breë filosofie wat baie ontwikkeling vereis voordat dit gepropageer en toegepas kan word (CFE:15). Die vorm waarin dit aangebied word (CFE: 8-12) is eintlik net as 'n grondliggende ("founding") etiese beginsel, vier daarop gebaseerde kriteria waaraan ontwikkeling moet voldoen en vier riglyne ("directions") vir handelinge om die doel te bereik. Daarna word ook gepoog (CFE:13-15) om die grondliggende beginsel kortliks toe te lig. Die totale balans van die strategie gaan nie om etiese beginsels nie (benewens aanbevelings oor die popularisering daarvan) dog vervat agtergrondinligting en riglyne vir 'n veelheid handelinge rakende hulpbronne en hulpbronbestuur en die opvolging daarvan. Opmerkings hieronder verwys grootliks net na die eksplisiete etiese aanbod in CFE, hoewel laasgenoemde ook verlang dat alle lande se wetgewing ook baie ander aspekte van die strategie sal inkorporeer.

Die grondliggende etiese beginsel word verstaan (CFE: 9) as dat mense respek en sorg moet openbaar vir die gemeenskap van die lewendes, nou en in die toekoms. Mense en alle ander lewensvorme is ter sprake en vorm saam met die nie-lewende komponente van die planeet een groot, interafhanklike sisteem. Die standpunt is dat hierdie beginsels ten beste verwesenlik sal word deur 'n etiek vir volhoubare bestaan (CFE: 13).

'n "Raamwerk" vir dié etiek, of "elemente" of 'n "stel samehangende en moreel dwingende beginsels vir die leiding van gedrag" (CFE:13) word ook uiteengesit (CFE:14, venster 2). Dit is die volgende:

1. Elke mens is deel van 'n gemeenskap van lewendes, wat hedendaagse en toekomstige mense en alle ander lewensvorme insluit. Elke vorm van lewe verdien respek, ongeag sy waarde vir mense.

2. Elke mens het dieselfde en gelyke basiese regte, insluitende die reg tot lewe, vryheid,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

veiligheid van persoon, vryheid van denke, gewete, geloof, ondersoek en uitdrukking, vreedsame vergadering en assosiasie, vryheid tot deelname aan regering en opvoeding en, wat hier veral van belang is, binne die perke van die aarde, tot hulpbronne genoegsaam vir 'n redelike ("decent") lewenspeil.

2.1 Elke mens en gemeenskap is geregtig op respektering van hierdie regte en

2.2 verantwoordelik vir die beskerming van die regte van andere (dus ook die reg tot hulpbronne van die "have-nots").

3. Menslike ontwikkeling moet nie die "integriteit van die natuur" of die oorlewing van ander soorte bedreig nie.

4. Alle lewendes moet ordentlik ("decently") behandel word en beskerm word teen wreedheid, vermybare lyding en onnodige dood.

5. Elke mens is verantwoordelik vir sy eie invloed op die natuur en mense moet

5.1 beskerming bied aan ekologiese prosesse en natuurverskeidenheid;

5.2 hulpbronne spaarsaam, "doeltreffend" en volhoubaar gebruik en redelik verdeel tussen individue, gemeenskappe, streke en generasies, in terme van voordele en kostes;

5.3 die regte van mense en van die "res van die natuur" beskou as 'n wêreldwye kollektiewe en individuele verantwoordelikheid.

Die vier "kriteria" waaraan bewaringsgerigte ontwikkeling oral en altyd moet voldoen (CFE: 9-10) sou beter beskryf kon word as doelstellings in die bevordering van 'n volhoubare samelewing. Dit is die volgende:

1. Verbetering van menslike lewenskwaliteit. Dit definieer ook die doel van ekonomiese ontwikkeling, wat alle universele menslike doelwitte moet bevredig, insluitende 'n lang en gesonde lewe, politieke vryheid, gewaarborgde regte en toegang tot genoeg hulpbronne vir 'n ordentlike ("decent") lewenspeil.

2. Bewaring van die aarde se lewenskragtigheid en verskeidenheid:

- deur beskerming van die stelsels wat lewe ondersteun en van biologiese diversiteit.

(Dit word dikwels net "biodiversiteit" genoem en behels alle organismes en die totale bestek

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van genetiese voorraad binne spesies, asook die totale verskeidenheid van ekostelsels).

- deur te verseker dat hernieubare hulpbronne volhoubaar gebruik word.

3. Die minimalisering van die verbruik van nie-hernieubare hulpbronne.

4. Die beperking van alle menslike invloede tot die aarde se dravermoë.

Die vier riglyne om 'n volhoubare bestaan te bevorder op alle vlakke (CFE: 11) is die volgende:

1. Verander persoonlike verhoudinge en praktyke. Die samelewing moet dus daardie waardes bevorder wat die "nuwe etiek" ondersteun en teenstrydige waardes ontmoedig. Toeligtende inligting vir formele en nie-formele opvoeding wat insig gee in beleid en optredes moet dus versprei word.

2. Help gemeenskappe om self vir hul eie omgewing te sorg. Die mees kreatiewe en produktiewe optrede van enkelinge en groepe is in sosiale verband. Gemeenskappe moet dus toereikend ingelig, geraadpleeg en bemagtig word vir deelname aan besluite en optredes wat hulle raak.

3. Voorsien 'n nasionale raamwerk vir die integrasie van ontwikkeling en bewaring. Vir "rasionele vordering" benodig alle samelewings 'n grondslag van inligting en kennis, 'n wetlike en institusionele raamwerk en konsekwente ekonomiese en sosiale beleid. 'n Nasionale program vir volhoubaarheid moet almal betrek. Dit moet vooruitskouend en aanpasbaar wees. Veral moet:

3.1 elke streek as geïntegreerde sisteem behandel word en interaksie tussen grond, lug, water, organismes en menslike aktiwiteite in ag geneem word;

3.2 die interaksie met grotere en kleinere sisteme soos die ekologiese, ekonomiese, sosiale en politieke erken word;

3.3 mense as sentrale element in die sisteem erken en die sosiale, ekonomiese, tegnologiese en politieke invloede op hul hulpbrongebruike in ag geneem word;

3.4 ekonomiese beleid in verhouding wees met die drakrag van die omgewing;

3.5 die voordele uit elke hulpbronvoorraad vermeerder word;

3.6 tegnologieë vir doeltreffende hulpbrongebruik bevorder word;

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

3.7 verseker word dat hulpbrongebruikers die volle sosiale kostes van voordele deur hulle geniet, betaal.

4. Skep 'n wêreldwye alliansie. Die mikpunt is globale volhoubaarheid en geeneen is selfonderhoudend nie. Ontwikkelingsvlakke verskil en armer lande moet gehelp word met volhoubare ontwikkeling en omgewingsbeskerming. Hulpbronne, veral die atmosfeer, oseane en gedeelde ekosisteme, kan net in samewerking en met gedeelde oogmerke bestuur word. Almal baat of verloor volgens die sukses of mislukking met globale volhoubaarheid.

Hierdie vier riglyne handel wesentlik oor uitvoering. In breë trekke voeg dit nie toe tot die reeds aangeduide etiese strekking van die EVB nie. Die keuse en aanbieding bevestig en beklemtoon implisiet die reeds aangebode etiese kern. 'n Paar opsigte waarin die riglyne sekere betekenisvolle etiese nuanses uitdruklik stel, is die volgende:

1. Die beklemtoning in paragraaf 3.1 hierbo van die sistemiese konteks. Paragraaf 3.3 stel dit egter uitdruklik dat, hoewel nasionale programme streke as geïntegreerde sisteme moet behandel, mense as die sentrale element in die sisteem erken moet word.

2. Die beklemtoning van die vereffening van die volle sosiale koste van voordele deur hulpbrongebruikers (paragraaf 3.7 hierbo) verwys ooglopend (deur die term "sosiale") na vereffening teenoor ander mense. Daar kan met redelikheid aangeneem word dat omgewingsekonomiese terme hier ter sprake is, vir sover hierdie voordele kwantifiseerbaar en "internaliseerbaar" is. (Vergelyk die bespreking van omgewingsekonomie in die volgende hoofstuk).

3. Die spesiale vereiste dat laer-inkomste lande tot volhoubare ontwikkeling gehelp moet word. Dit is morele advies in die gewone sin van die woord, maar in hierdie konteks het dit ook alles te doen met die etiese redes waarom volhoubaarheid nastrewenswaardig is. Dit word hieronder bespreek.

Bostaande is die essensiële inhoud en oogmerke van die EVB. Groter duidelikheid is egter nodig oor die karakter daarvan, sodat dit in verband gebring kan word met omgewingsekonomie, sodat verwesenliking daarvan in bewaringswetgewing bepaal kan

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

word en sodat aansluiting by Suid-Afrikaanse etiese strominge duideliker kan word.

BESPREKING

Die grondliggende beginsel en etiese karakter:

Taamlik verwarrend is die duidelike teleologiese uitgangspunt merkbaar in die hele doelmatige aanloop tot die EVB, binne die konteks van 'n bewaringstrategie wat die doel het om die mensdom te laat oorleef in 'n wêreld wat vinnig agteruitgaan. Dit is ook duidelik uit die benaming "ethic *for* sustainable living" (my kursivering). Op bladsy 13 (CFE) word uitdruklik gesê: "We need to .... win support for the ethic .... because .... without it the human future is in jeopardy; poverty, strife and tragedy will increase." 'n Etiek dus, wat mik op 'n bepaalde gevolg. Dit suggereer 'n grondwaarde, 'n rede waarom ons die grondbeginsel moet onderskryf, van menslike oorlewing as die hoogste goeie. Daar is dus 'n skynbare tweeslagtigheid: Enersyds 'n titel en betoog "vir die mens", andersyds 'n grondbeginsel van plig "vir alle lewe". As menslike belange die grondwaarde verteenwoordig, is konflik met die gestelde grondbeginsel waarskynlik. Trouens, so-iets word voorsien, dog glad nie aangespreek nie, op bladsy 15 (Venster 3) in CFE: "The obligation to respect every species independently of its worth to people may conflict with human interests, if a species endangers human health or survival."

Volgens CFE (p 9): "While our survival depends on other species we need not and should not use them cruelly or wastefully." Dit skyn dus dat ons gelaat word met die kontradiksie van 'n utilitaristies gemotiveerde pligetiek: *Omdat* hulle daardeur hul voortbestaan bevorder, moet mense sorg en respek teenoor ander lewensvorme betoon.

So gesien, neem CFE, wat sy grondhouding ten opsigte van die natuur betref, die houding in van wat Zweers (1994: 63-64) noem 'n "verligte heerser". Zweers onderskei ses sodanige grondhoudinge (oftewel werklikheidsbeelde, nou verwant aan die beskouing van die self). Dié is:

1. Die *despoot*, wat die natuur onderwerp, met mag indien nodig, en willekeurig daarteenoor optree, met negering van moraliteit en beperking. Teenswoordig klop dit met die tegnokratiese siening, met onbeperkte vertroue in tegnologie en geen perke aan groei

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

nie.

2. Die *verligte heerser*, wat regeer oor die natuur, maar sy afhanklikheid daarvan erken. Gedryf deur menslike doelverwesenliking wil hy die natuur soveel as moontlik ontwikkel, maar hy besef dat eksploitasie en onderdrukking onvanpas is.

3. Die *rentmeester*, of opsiener, wat nie op sy eie gesag nie, maar op gesag van die eienaar optree, aan wie hy verantwoordelik is. In die Christelike weergawe is dié God, in die sekulêre weergawe, die mensdom. Die toon is konserwatief, die klem is op hulpbronbewaring en die doel is steeds hoofsaaklik mensgerig.

4. Die *vennoot*, wat as gelyke met die natuur saamwerk om die belange van albei partye, mens en natuur, sover moontlik tot gelyke mate te dien. (Die mens definieer natuurlik die belange van albei partye). Die strewe is na integrasie en harmonie en die perspektief is dinamies, eerder as staties.

5. Die *deelnemer*, wat die natuur beskou as 'n geheel waarvan hyself 'n deel uitmaak, nie net in biologiese sin nie, maar ook deur 'n ervaring van solidariteit met die natuur, die betekenis waarvan bydra tot die selfbeeld. Deur unieke menslike eienskappe (die besit van norme en waardes) neem die mens, as 'n wese met 'n eie identiteit en kultuur, deel aan die groter geheel van die natuur, as 'n lewensonderhoudende sisteem.

6. *Eenheid met die natuur*, soms genoem *unio mystica*. Die ervarende self verdwyn en versmelt met die natuur, wat in hierdie geval 'n (immanente) goddelike karakter aanneem.

Zweers (1994: 65) sê die "verligte heerser"-beskouing is meermale die grondslag van omgewingstrategieë wat nie die antroposentriese sieninge van die mens en die natuur beëindig nie en dit bied dus nie 'n voldoende antwoord op die omgewingskrisis nie. Die veronderstelling van hierdie gesigspunt van Zweers is natuurlik dat antroposentriese waardes die omgewingskrisis meegebring het, en dat die oplossing derhalwe te vind is in nie-antroposentriese waardes.

Wat ookal die vertrekpunt, dikteer die EVB 'n beginsel van respek en sorg teenoor alle lewe, nou en in die toekoms. Hoewel die EVB "moreel reg" en 'n "plig" genoem word

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(CFE:13), wat impliseer dat dit as geheel in terme van 'n meer fundamentele beginsel ge-evalueer word, word dit, anders as die vermelde utilitaristiese gronde, nie eksplisiet eties geregverdig waarom dit 'n plig is, dit wil sê, waarom mense dit behoort te onderskryf nie. Daar word wel aangevoer (CFE:13) die beginsel berus op:

- geloof in mense as 'n skeppende krag. (Dié stelling word nie toegelig nie en daar word nie verduidelik presies hoe dit aan die beginsel of voortspruitende gedrag gestalte kan gee nie).
- die waarde van elke menslike individu en gemeenskap. (Ook dit word nie verduidelik nie. Uit wat wel gesê word (CFE: 9 "... our survival depends on the use of other species") is dit egter by implikasie duidelik dat die mens meer waarde as ander lewensvorme moet hê, want hy mag hulle gebruik, hoewel met respek en met vermyding van wreedheid, lyding en onnodige doodmaak).

Die aanspraak op ooreenstemming van die EVB met waardes en pligte wat lank reeds aangehang word in baie kulture en godsdienste (CFE:12) bevestig dat die "grondbeginsel" nie as sodanig as die uiteindelike gronde bedoel word nie. Daarom kan CFE 'n beroep doen (p 15) dat die (uiteenlopende) belangrike godsdienste van die wêreld voortgaan met die identifikasie en beklemtoning van daardie elemente van hul geloof en lering wat 'n plig van sorg teenoor die natuur bevestig. Vir CFE gaan dit dus om die interpretasie en aanpassing van die beginsels en handelinge van die strategie deur elke gemeenskap (p 8) binne sy eie kulturele konteks (p 16). Enige ooreenkoms in beginsels moet dus op daardie geïnterpreteerde vlak gesoek word. Dit is blykbaar op daardie vlak waar van die EVB gepraat word as 'n "nuwe etiek" (CFE: 3). Dus: Ou beginsels, nuwe interpretasie en wyse van handeling, wat dan ook die begeerde integrasie of versoening van bewaring en ontwikkeling moet bevorder. Soos die CFE aangebied word, *identifiseer dit dus eerder waardes en die toepassingsveld van waardes wat gesoek, verfyn en beklemtoon kan word binne bestaande waardestelsels, as wat dit 'n nuwe etiek konstateer*. Die EVB mik klaarblyklik op die praktiese uitdrukking in volhoubaarheidsterme van wat ookal die grondliggende etiese waardestelsel mag wees.

'n Relevante standpunt is dié van John Passmore (1980: 56). Hy sê: " 'n Nuwe etiek het 'n mens nie nodig soos 'n jas nie. Dit vloei voort uit bestaande houdinge, of glad nie." Die CFE voorsien dus 'n praktiese behoefte aan en rol vir bepaalde morele opvattings, naamlik dié vervat in die EVB. Dit glo dat dit nie tans uitgeleef word nie. Wanneer laasgenoemde

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wel gebeur, sal dit nuut wees in daardie praktiese sin, hoewel ingebed in ou kultuur. In ooreenstemming met Passmore se standpunt wil die CFE dit fundeer in die reeds bestaande kultuur. Die blote aandrang op 'n nuwe etiek getuig van 'n bestaande morele bewussyn wat uitgedruk word en bevestig die geldigheid van CFE se benadering. Die EVB het klaarblyklik gegroei uit bestaande moraliteit onder nuwe omstandighede. Maar is dit toereikend? Die bespreking verderaan gee hieraan aandag.

Die elemente, of raamwerk:

In die gegewe grondbeginsel en elemente van die EVB word 'n hele reeks begrippe en probleme aan die orde gestel sonder enige noemenswaardige bespreking daarvan. Daar word gevra (CFE:15-16) vir aksies ter bevordering van die EVB op praktiese vlak en vir die verdere ontwikkeling van die beginsels en verheldering van verhoudinge en resolusie van konflikte. Die beginsels, probleme en begrippe dek sake soos: 'n nuwe etiek; respek en sorg vir en ooreenstemmende verhoudinge teenoor ander lewendes; die waarde, status en regte van lewendes, nie-lewendes, soorte, sisteme en prosesse; die "integriteit" van die natuur; 'n gemeenskap van lewendes; relatiewe aansprake op hulpbronne en dergelike meer. In kort, die hele spektrum van debat in die jong dissipline omgewingsetiek.

Hierdie debatte is relatief nuut en meestal nog op die vlak van filosofiese beredenering en nuwe teorie. Dit benut wel verwysings na waardes, houdinge en optredes in morele praktyk. Meestal is daar nog nie eenstemmigheid nie en op sigself verteenwoordig dit nie grootskaalse aanvaarde moraliteit of die beskrywing of ontleding daarvan nie. Dit kan dus nog nie veel tot wetgewing bydra nie, met die moontlike uitsondering van redelik wyd aanvaarde standpunte ten opsigte van wreedheid teenoor diere. Goodpaster en Sayre (1979: vii) sê oor ondersoeke na die raakvlakke tussen etiese teorie en praktiese probleme van omgewings- en sosiale aard: "That such explorations are still only in the beginning stages is as much an embarrassment to moral philosophy as it is a liability to practical decision makers."

Ongeag onklare filosofiese debat en die feit dat geen samelewing reeds 'n toereikende waardesisteem vir bewaring aanhang nie (CFE:13) is uiteenlopende bestaande waardeopvattings nietemin gaandeweg vervat in uitgebreide bewaringswetgewing in baie samelewings, ook die Suid-Afrikaanse. Voorbeelde is wetgewing vir die beheer van jag op

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

diere en die verbod op wreedheid teenoor diere. Ook die beskerming van soorte diere en plante en ekosisteme. (Meer besonderhede oor Suid-Afrikaanse bewaringswette en hul strekking word in Hoofstuk 5 aangedui.) Waardeberedenering hier is gewoonlik, hoewel nie altyd nie, gefundeer op mensebelange.

Uitbreiding van bestaande etiek

Soos hierbo aangedui, is die CFE se strewe na 'n "nuwe etiek" wesentlik 'n strewe na gepaste nuwe praktiese morele gedragsoriëntasie volgens waardes en pligte eksplisiet of implisiet opgesluit in eeu-oue godsdienste en kulture. Deel van die omgewingsetiese debat is egter juis gemoeid met die geldigheid en moontlikhede van hierdie benadering van die uitbreiding van bestaande etiek om 'n nuwe omgewingsproblematiek te akkommodeer. Dit is waarskynlik dat in Suid-Afrika fundering gesoek sal word in gepaste uitbreiding van die Christelike moraliteit. So 'n proses het op internasionale vlak reeds 'n aanvang geneem by Assisi in Italië in 1986 (WWF International 1986). In Hoofstuk 3 word meer spesifiek ingegaan op Christelike etiek as basis vir bewaringsgedrag (en dus as basis vir EVB-strewes). Dit is egter raadsaam om, na aanleiding van CFE se spesifieke aandrang op die uitbreiding van bestaande etiek, reeds op hierdie stadium te let op die historiese agtergrond en strekking van 'n meer algemene aandrang op 'n "nuwe etiek". Daarin neem die Christelike godsdiens in die Weste 'n belangrike plek in. Aanvullend kan dan ook baie kortliks gelet word op 'n aantal ter sake standpunte van modeme omgewingsetiese denkers oor hierdie kwessie. Só 'n bespreking kan perspektief bydra:

- op die probleemveld wat waardefilosofie en spesifiek omgewingsetiek, en dus ook wat CFE en enige uitbreiding van bestaande etiek, probeer om aan te spreek en wat ook in bewaringswetgewing ter sprake mag kom.
- op die bespreking van die Christelike godsdiens in Hoofstuk 3.
- op die geldigheid en toereikendheid van die ekstensionistiese benadering.
- op die verkenning van ander moontlikhede vir die begronding van bewaringsoptrede.

<u>Die historiese agtergrond van die hedendaagse aandrang op 'n nuwe etiek</u>

Boersema (1994: 41) wys daarop dat enige bespreking van die historiese agtergrond van moderne probleme wat indertyd nie as sodanig of presies soos vandag ervaar is nie, gevare inhou. Ou tekste en feite mag die aanbieding van die probleem beïnvloed.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Daarteenoor is dit nog meer gevaarlik om die geskiedenis heeltemal buite rekening te laat en dus kulturele kontinuïteit te ignoreer. Hoewel die wetenskap belangrik is by die oplossing van omgewingsprobleme, kan 'n soeke na die oorsake van hierdie probleme baie bydra tot die oplossing daarvan (Boersema 1994: 21-22).

Mens en kultuur in kosmologiese verband

Boersema (1994: 24) sê die mens, soos enige organisme, veg om oorlewing. Vir die mens is kwaliteit egter ook belangrik, soveel so dat gebreke daarin tot beëindiging van die eie lewe mag lei. Die begrippe volhoubaarheid en kwaliteit is dus baie oud, maar was nie noodwendig altyd gekoppel nie. Vroeë mense moes hul omgewing waarneem en op hul waarnemings reageer om te kon oorleef. Dit vereis 'n soort beeld van die natuur en 'n beeld van hul eie rol en betekenis binne hul omgewing.[9] Dergelike beelde weerspieël mekaar, volgens Zweers (Zweers en Boersema 1994: 63). Vir Boersema (1994: 24) word dit weergegee deur die begrip "kosmologie", wat al daardie idees oor die werklikheid, die magte daarin werksaam en 'n persoon se rol daarbinne beskryf. Boersema (1994: 25) noem Löwith en Wilders se aanduiding van drie essensiële "kwantiteite" in hierdie verband: God, mense en die wêreld – die sogenaamde metafisiese drietal, wat Zweers noem die "driehoek van betekenis". Die volgende kosmologieë word hier uitgesonder:

- Primitiewe kosmologie

Boersema (1994: 25) sê hierdie drie magte kom volgens kulturele antropoloë voor in feitlik alle kulture, hoewel daar verskille is in opvattings oor hoe hulle vermoedelik werk en wat die onderlinge verhoudinge tussen hulle is. Die bande is heg en die akteurs sterk verwant in sogenaamde primitiewe samelewings. Daar is baie gode en mistieke kragte en die mens onderskei homself daarbinne nie skerp van die res van die natuur nie ('n "onderskeid sonder verdeling"). Mense en gode vloei ook deels ineen, byvoorbeeld deur die voorouers. Volgens baie navorsers is daar 'n fundamentele idee oor orde en die betekenis van bestaan in hierdie samelewings. Die orde word egter slegs in beperkte mate beken en betekenis word nie langs linieêre weg bereik nie. Sikliese sieninge van tyd oorheers. Die werklikheidsbegrip en -greep wat daaruit vloei, word ervaar as van mindere belang.

[9] DF Olivier (in WS Vorster (red.) *Are we killing God's Earth?* (1980: 101)) sê: "Views of reality form the experiential core of human existence and, as a frame of reference, function as an interpretive, value creating and supporting reality."

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Onsekerheid en afhanklikheid is van oorheersende belang. In een opsig is die verhouding met die natuur een van bondgenootskap, in 'n ander opsig een van vrees. Samelewings met dergelike kosmologieë is in staat om verhoudinge met die omgewing baie lank vol te hou, maar die kwaliteit van bestaan is taamlik staties en word deur westerlinge negatief beskou en as primitief geag.

Uit 'n insiggewende opmerking van Passmore blyk dit egter dat spore van hierdie "primitiewe" kosmologie nog steeds in westerse samelewings te vinde is. Passmore (1980: 207) gebruik "natuur" in die eng sin, dit wil sê die woord verwys na alles, met die uitsondering van die mens en die mensgemaakte. Só 'n vertolking, glo hy, sal vir naturaliste en Darwiniaanse bioloë misleidend wees, want hulle sien die mens as deel van die natuur. Altwee betekenisse van "natuur" is egter nodig vir verskillende diskoerse. Passmore sê: Deur die meeste van sy geskiedenis het die mens gedink natuurlike prosesse het intensies en kan beïnvloed word, direk en onmiddellik, deur versoeke en bede. Daar skuil geeste en persoonlikhede daarin. Vir tweeduisend jaar al het die amptelike standpunt van die Grieks-Christelike wêreld dit verwerp. Hierdie houding word egter steeds weerspieël in koerantberigte soos "die gevaarlike kus het weer 'n slagoffer geëis", of party bewaarders se bewering: "die natuur sal wraak neem oor menslike wandade".

- Christelike Kosmologie : Joodse en Griekse wortels

Van Dijk (Zweers en Boersema 1994: 56) se standpunt bevestig dié van Boersema. Hy sê die hedendaagse bepaling van die karakter van omgewingsprobleme is nie net uit 'n wetenskaplik-tegnologiese oogpunt nie. Dit het ook 'n polities-sosiaal-ekonomiese dimensie en ook een van kollektiewe en individueel-menslike bewussyn. Ons moet verwys na die mens se ervaring van die werklikheid rondom hom en die basiese dryfvere vir sy optredes. Baie basiese handelinge word deur godsdiens bepaal. In Europese konteks is hulle nou verwant aan die kulturele tradisie van Christelikheid. 'n Kultureel-historiese ondersoek na bedekte faktore wat ons houdinge teenoor die omgewing onderlê, dui op Bybelse wortels. Die paradigma van die mens as meester van die natuur (die sogenaamde *dominium terrae*) ontstaan uit Psalm 8:7 en Genesis 1: 26, waarin God die mens beveel om te heers.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Lynn White se wyd aangehaalde uitspraak van 1967 (*Science* 155:1203-7) wyt ekologiese probleme aan 'n Christelike antroposentriese arrogansie wat skerp verskil van antieke heidendom en oosterse gelowe, deur die introduksie van 'n dualisme tussen mens en natuur en die opvatting dat God gehoorsaam word wanneer mense die natuur uitbuit vir hul eie doeleindes.

Loader (in Vorster 1987: 9) lewer kommentaar op standpunte soos dié van White en ook Cox, wat die suksesse en mislukkings van moderne westerse wetenskap herlei na die Christelike geloof en, uiteindelik, die Ou Testament (OT). Dié standpunte lui dat die fokus op die siel, onsterflikheid en geestelike redding van die individu die natuur verwaarloos het in teologiese denke. Loader noem ook 'n invloedryke artikel van Gerhard von Rad in 1936 wat die skeppingsmotief van die OT opper, nie as op sigself so belangrik nie, maar as agtergrond vir die Israelitiese idee van redding. Die teologiese effek was relegasie van die nie-mens deel van die skepping tot tweederangse posisie. Hierdie koppeling van skepping en redding het dieselfde effek gehad as die skeiding van mens en natuur en het White se latere argumente meer geloofwaardig gemaak. 'n Terugtrekking van die natuur het 'n dualisme van mens en natuur gevestig en, deur aandag aan die natuur na te laat, is dit onbelangrik verklaar, sodat tegnologiese skade geïgnoreer is. Loader glo egter die blaam val nie op Christelike of Bybelse geloof nie, maar op die interpretasies en klemtone daarvan deur moderne Christelikheid. Loader se soeke is na 'n "draadjie", 'n wortel in Christelike geloof wat kan dien as korrektief vir die vervreemding van die natuur. Dit is wesentlik ekstensionisme.

Passmore (1980: 4-17) verskil van White in soverre hy Christelike arrogansie sien as Grieks-Christelik eerder as Joods-Christelik. Hy sê (1980: 17) dit is een ding om, volgens Genesis, te sê die mens het baasskap oor die natuur deurdat hy dit mag gebruik, maar heeltemal iets anders om, soos die Stoïsyne, te sê die natuur bestaan uitsluitlik om menslike belange te dien. Boonop kan die Grieks-Christelike doktrine tweërlei opgeneem word, konserwatief of radikaal. Die konserwatiewe benadering sê dat, omdat God alles vir die mens se gebruik ontwerp het, is dit aanmatigend van die mens om dit te wil verander, so asof hy beter kan doen. Die radikale interpretasie sê, omdat alles op aarde vir die mens bedoel is, is hy vry om dit na willekeur te verander.

Boersema glo (Zweers en Boersema 1994: 41) die geskakeerde rykdom van westerse

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

beskawingsgrondslae maak vereenvoudiging na 'n paar Griekse filosofiese idees en die hoofstroom van Joodse doktrine oormatig simplisties. Sy kort ondersoek (Boersema 1994: 26-41) na die belangrikste kosmologieë ter sprake as oorsake van omgewingsprobleme, dit wil sê die oorheersende Griekse kosmologieë, Joodse kosmologie en vroeë Christelike kosmologieë (Nuwe Testament en Kerkvaders) laat noodwendig baie weg, maar weerlê nie wat hy noem 'n algemene opinie vandag nie, naamlik dat Joodse gelowe 'n oorheersende invloed gehad het op ons samelewing via Christelikheid, terwyl Griekse gelowe 'n invloed gehad het via Rome, die Renaissance en humanisme (Boersema 1994: 26). Hy bevestig egter (Boersema 1994: 39) dat Passmore en andere glo Paulus het die hellenisering van Christelike denke begin en ook (p 43) dat, in hierdie eerste proses van hellenisering, die Ou Testamentiese elemente na die agtergrond verskuif het. Die emansipasie van Christelikheid vanuit Joodse tradisie was ook gekoppel aan sterk anti-Judaïstiese gevoelens. Selfs Joodse tradisie het later weg gedryf van die OT en nader aan 'n meer eksklusiewe gemoeidheid met die mensdom, hoewel 're-oriëntasie nou vaardig is. Boersema (1994: 43) noem 'n tweede hellenisering gedurende die middeleeue, ewe verreikend as die eerste. Dié was boonop gekoppel aan 'n wetenskap wat verskuif het in 'n eksperimentele, tegnologiese rigting.

Passmore (1980: 209) sê in die Stoïsyns-Christelike tradisie is die mens uniek vanweë sy rasionaliteit. Die res van die natuur is middele vir menslike beskikking en diens, daar vir die mens. Dit het 'n ooreenstemmende gesindheid gekondisioneer. Die natuur is nie heilig nie, nie soseer iets om te respekteer nie, dog daar vir benutting. Christelike teologie en Griekse kosmologie stem hierin saam. Christelikheid het geglo daar was geen heiligskennis in modifikasie van die natuur nie. Bacon se ideaal van die transformasie van die natuur deur die mens in 'n herskepping van Eden het gebots teen die idee dat die mens te korrup is, nie daarteen dat die natuur onaantasbaar was nie. Locke se aanval op die erfsonde het die weg gebaan vir die hervorming van die natuur, en die mens, deur die mens.

Passmore (1980: 209) sê verder hierdie Christelike opvatting van die natuur was gepaard met 'n bepaalde etiese tesis: Menslike verhoudinge met natuurlike objekte is nie onderworpe aan morele beperkinge nie, behalwe in soverre die objekte deur iemand besit word of waar wrede of vernietigende gedrag teenoor die natuurlike soortgelyke gedrag teenoor mense sal bevorder (ook Kant se standpunt). Aquinas sien nie wreedheid teenoor

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

diere as in sigself verkeerd nie, wat nog te sê optrede teenoor die nie-lewende wêreld. Die vraag is: Is wreedheid teenoor diere intrinsiek verkeerd, dit wil sê sonder reduksie van gedrag tot menslike belange, soos 'n plig teenoor andere of, soos Kant ook geglo het, 'n plig teenoor die mens self?

- Meganistiese Kosmologie en die Natuurwetenskaplike Paradigma

Boersema (Zweers en Boersema 1994: 44) noem 'n westerse kosmologie wat, ongeag uiteenlopende onderstrominge, ontwikkel het sedert die Middeleeue en wat deur Dijksterhuis genoem word "die meganisasie van die wêreldbeeld". Boersema karakteriseer dit soos volg:

> Die wêreld is 'n gereguleerde, ordelike geheel.
> Die aard van hierdie orde is hiërargies.
> Dit werk meganies en is kenbaar.
> Die mensdom is op die top van die *scala naturae*.

Die wetenskap, en spesifiek die natuurwetenskap, word belangriker by die interpretasie van die werklikheid, hoewel toe nog net in 'n soeke na die uiteindelike betekenis van die kosmos.

Passmore (1980: 210-212) verwys na die groot invloed van Descartes (1596-1650). Dié het sowel die rasionaliteit as die kapasiteit vir lyding van diere ontken, en daarmee saam dus die relevansie van moraliteit in gedrag teenoor hulle. Die natuur is nie daar net vir die mens nie, maar hy mag enigiets gebruik, 'n baas wat benut, deur transformasie met behulp van die rede. Dit is die dominante benadering in Westerse wetenskap, sê Passmore. Eksploitasie het bestaan uit die tuisbring van die natuurlike onder die konsepte van die rede en die gebruik van die konseptuele greep om dit meer in menslike belang te laat werk. Soos in die Platoniese benadering is "verstaan" geïdentifiseer met die ontdekking van matematies uitdrukbare funksionele verhoudinge tussen abstrak gekonsipieerde prosesse en objekte. Die wetenskap gaan dus nie oor die partikuliere waargenome nie. Laasgenoemde ondersoek van die natuur is op neergesien, soos op die sensuele genieting van klanke en beelde. Die hoofstroom van die wetenskap was aldus Cartesiaans-Platonies.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Filosowe was nogtans oor die algemeen ongelukkig met Cartesiaanse dualisme, meen Passmore (1980: 212) omdat bewussyn so absoluut isolerend van die natuur geskei is. Die natuur is meer menslik, is volgehou, maar in die proses is 'n onafhanklike bestaan van die natuur dikwels heeltemal ontken, of is die natuur behandel as 'n ding-op-sigself.

Boersema (1994: 44) glo dat, ten spyte van die dominante Cartesiaanse standpunt, het sommige mense tog steeds 'n verantwoordelikheid gevoel teenoor 'n hoëre mag. Hierdie gevoel was 'n ideologiese remming ten opsigte van despotiese gedrag en Passmore (1980: 30) toon aan dat die beeld van die mens as rentmeester meer in hierdie klimaat na vore getree het en eksplisiet teenwoordig is in die sewentiende eeu. Hy wil dit egter ook tot 'n groot mate wyt aan die humanisme. Die Verligting en die groei van sekularisasie in die vorige eeu het egter die klimaat verander, aldus Boersema (1994: 44). Christelike geloof het gekwyn en slegs geloof in die mens gelaat, wat die weg gebaan het vir 'n verhouding tussen die mens en die natuur waarin die westerse mens mettertyd homself beskou as almagtig, met alle diere en ander organismes en die abiotiese natuur op 'n veel minderwaardiger vlak. Ten spyte van die evolusieteorie se beklemtoning van ooreenkomste tussen mense en ander organismes het dit nie hierdie beskouing beïnvloed nie, maar eerder daaraan wetenskaplike steun geskyn te verleen.

Opmerkings van Passmore (1980: 33-5) wat hierby aansluit, noem dat die Griekse idee van 1-2 AD dat die mens moet bydra tot die orde in die natuur en help met skepping, heringestel is deur Fichte en die Duitse metafisici na hom (in die laat 18de Eeu en later). Vir Fichte was die natuur se bydrae minimaal (ongedifferensieerde chaos). Vir Hegel was dit "negatiwiteit" wat verwerklik moes word. Marx het geglo die natuur is reeds verbeter deur menslike inwerking. Dus kan die mens nou verder daarmee saamwerk om verbetering voort te sit.

Singer (1975 (hersiene uitgawe 1990): 198) glo daar was 'n belangrike deurbraak in houdinge in die negentiende eeu, wat gelei het tot geleidelik veranderende houdinge teenoor diere. Hy sien dit as 'n uitbreiding van die morele kring om diere in te sluit. Passmore (1980:113) beskou dit weer eerder as 'n beperking van menslike regte met betrekking tot diere. Die *scala naturae* is nie verwerp nie, maar die siening groei dat slawe en sekere diersoorte meer menslik behandel moet word. Boersema (Zweers en Boersema 1994: 45) onderskryf Passmore se siening. Hy sê ter sake studies was hoofsaaklik oor

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Engeland en dui op veranderinge net ten opsigte van enkele soorte (perd en hond), destyds toenemend van minder bestaans- en groter sportbelang. Hy dink nie daar was enige fundamentele verandering te sprake nie.

Oorskouend onderskei Passmore (1980: 212) twee leidende tradisies in westerse denke sedert die Renaissance, wat altwee bydra tot die uitbuiting en onderdrukking van die natuur en tot die omgewingskrisis:

- die Cartesiaans-ingegewene, waarvolgens die mens as absolute despoot werk met inerte, passiewe materie wat hy vervorm na sy wil.
- die Hegeliaanse, waarvolgens die natuur slegs *in potentia* bestaan, vir die mens om te aktualiseer tot iets mensliks deur middel van kuns, wetenskap, filosofie, tegnologie. Die mens voltooi die skepping, nie deur net daarin te woon nie, dog deur dit te help bou.

Mens en Natuur in die Twintigste Eeu

Boersema (Zweers en Boersema 1994: 46) vermeld drie belangrike verwikkelinge gedurende die twintigste eeu wat heroorweging van die dominante meganistiese kosmologie vereis:

1. Die geloof in vooruitgang en optimisme oor die basiese deugdelikheid van die mens is erg geknou deur twee wêreldoorloë en veral die wyse waarop westerse nasies daaraan deelgeneem het.

2. Die ondermyning deur die moderne fisika van klassieke opvattinge oor waarnemer-onafhanklike feite en die kennis van die werklikheid, terwyl matematiese chaos-teorie aantoon dat selfs deterministiese, komplekse sisteme 'n basies onvoorspelbare karakter mag hê.

3. Die teenswoordige omvang van die omgewingskrisis wat weereens dui op die verstoorde verhouding tussen die mens en die natuur en die noodsaak van nuwe riglyne in hierdie verband.

Boersema sê, aansluitend, dit word wyd erken dat hierdie drie verwikkelinge dui op die intellektuele en morele verval van die dominante westerse kosmologie, hoewel gevolge nog

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

duister is. Sentrale vrae is: Sal daar 'n totaal nuwe kosmologie opduik? Gekoppel daaraan: Hoe radikaal sal van tradisie afgewyk word? Moet daar van die tradisie afgewyk word om die omgewingskrisis die hoof te bied?

'n Radikale standpunt wil 'n nuwe kosmologie in die ooste soek.[10] Boersema glo (steeds p 46) dit is onmoontlik om 'n kosmologie aan te neem vanuit 'n tradisie wat heeltemal apart ontwikkel het oor duisende jare. " 'n Kosmologie kan nie soos 'n jas aan- en uitgetrek word nie."

'n Tweede tendens wat Boersema noem is dié van die radikale filosowe (soos die "land ethic," en "deep ecology", sien p 43 verderaan) wat nie soseer op ander kulture of die eie verlede konsentreer nie, maar ernstig trag om 'n nuwe tipe kosmologie te ontwikkel.

In 'n derde skool wat Boersema noem, vind heroriëntasie plaas op basis van 'n eksplisiete en spesifieke soeke in die verlede. Vir hom hou hierdie rigting moontlikhede in. Dit is ook breedweg die benadering van CFE en die *Assisi-Verklarings*.

Verdere bespreking hieronder opper voorbeelde en sê iets meer oor hierdie tendense en die moderne soeke na morele heroriëntasie in omgewingsverband, tewyl die standpunte tegelyk die probleemveld aandui en toelig. Spesifiek word aandag gegee aan die voornoemde derde en tweede groepe.

<u>Moderne standpunte rondom die "nuwe etiek"-voorstel</u>

In aansluiting by die voorafgaande word onderskei tussen standpunte wat omgewingsmoraliteit eerder wil ontwikkel deur gepaste uitbreiding van bestaande etiese opvattings, en andere wat 'n meer radikaal nuwe benadering aanhang. 'n Paar opvattings teen hierdie agtergrond word kortliks ter toeligting aangedui, waarna 'n ietwat wyer perspektief van Frankena die bespreking saamvat. In aansluiting by Achterberg (vgl p 5-6 hierbo) word standpunte getipeer as meer reformisties-antroposentries en meer radikale nie-antroposentriese standpunte.

[10] Vergelyk die Redaksionele Artikel in *New Scientist* (1970) wat glo 'n soeke in die Weste, selfs 'n uitbreiding van westerse etiek, is vrugteloos en Hindoeïsme en Boeddhisme bied meer moontlikhede.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Reformisties-antroposentriese standpunte

John Passmore se ondersoek na westerse tradisies en historiese houdinge lei hom tot die konklusie (1980: veral 207-218) dat hoewel geen nuwe etiek nodig is nie, drastiese veranderinge vereis word. Genesis gee die mens wel heerskappy oor die natuur, maar sê nie dit bestaan net in menslike belang nie. Volgens die Ou Testament bestaan die aarde tot glorie van God, eerder as vir menslike diens.

Volgens die despotiese tradisie is die natuur net 'n stel hulpbronne. Dié gesindheid is geabsorbeer in die ideologie van sowel kapitalisme as kommunisme en is ook na die Ooste uitgevoer (Passmore 1980: 27). Dit vind uitdrukking in 'n metafisika waarvolgens die mens die enigste eindige agent is en die natuur 'n groot stel masjiene om na willekeur te gebruik en te verander. Hierdie is egter nie die hele of enigste Westerse tradisie nie. Die tradisie van rentmeersterskap maak die mens God se afgevaardigde, plaasbestuurder, en aan Hom verantwoordelik. Die mens kan egter steeds die aarde manipuleer en nie-natuurlike items se waarde word bepaal met verwysing na die mens (Passmore self (1980: 187) ontken nie die intrinsieke waarde van natuurlike items nie). Pligte en perke in gedrag teenoor die natuur hang saam met verantwoordelikhede teenoor ander mense. Die tradisionele westerse lering, Christelik of utilitaristies, om nie jou naaste te benadeel nie, voorsien in ekologiese konteks 'n toereikende morele basis.

Val Routley (1975: 171-185) kritiseer Passmore omdat sy glo hy vereenvoudig te veel en oorweeg nie genoeg alternatiewe nie, dog slegs twee variante van die heerskappy-tesis: die mens mag die natuur manipuleer, óf despoties, óf met verantwoordelikheid, en 'n "nuwe etiek" is net nodig om die despotiese standpunt te balanseer. Vir Passmore, glo sy, is die enigste alternatief tot genoemde twee, wat wesentlik ewe menssentries is, die standpunt "nie-mense het regte" of (vir hom ekwivalent) "die natuur is heilig". Sy sê daar is ook 'n hele reeks alternatiewe tussen "manipulasie is altyd reg" en "manipulasie is nooit reg nie" ('n mate van manipulasie, manipulasie soms, of manipulasie nie altyd net vir menslike voordeel nie). Sy glo verder Passmore gebruik 'n tradisionele teorie om die vorming van nuwe en ontwikkelende houdinge, en dus gepaardgaande teorieë, te diskrediteer.

Robin Attfield (1983: 193-4) dring, soos Passmore, ook nie aan op 'n nuwe etiek nie. Hy glo probleme kan hanteer word deur die uitbreiding van aanvaarde verpligtinge, deur

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

erkenning van meer gevolge, of deur die oorweging van belange analoog aan die bestaande. Die rentmeesterskaptradisie en die Ou Testament, wat wilde skepsels as waardevol op sigself beskou het, is toereikend. Houdinge teenoor die natuur moet egter drasties hersien word. Dit is egter moontlik vanuit bestaande gelowe.

Richard Routley (1973: 205-210) wys daarop dat dit moeilik sal wees om 'n etiek as "nuut" te karakteriseer, want etiek is in die westerse beskawing berug onduidelik gestel en uitgewerk. Ons groepeer ook groepe stelsels saam op grond van versoenbare grondbeginsels, soos by die Christelike etiek, wat selfs kompeterende stelsels insluit. Hy meen 'n uitbreiding van bestaande moraliteit is nie genoeg nie. 'n Werklike verandering in etiek is nodig. Behalwe vir 'n heeltemal nuwe etiek sien hy twee ander moontlikhede:

1. Uitbreiding of modifikasie van die bestaande.
2. Ontwikkeling van beginsels latent in die bestaande.

Hierdie tweede benadering het vir Routley moontlikhede, omdat daar nie 'n bepaalde enkele etiese stelsel aanvaar word in die westerse beskawing nie. Verwysings na 'n "nuwe etiek" suggereer 'n bestaande monolitiese struktuur, wat nie die geval is nie. Hy ondersoek dan 'n vroeëre ongepubliseerde uiteensetting van westerse tradisies van Passmore ('n dominante despotiese en twee mindere tradisies, die rentmeesterskap- en 'n samewerkingtradisie) en besluit dan dat nie een ver genoeg gaan om te voldoen aan die eise van 'n omgewingsetiek nie.

Vir Routley verskil etiese sisteme as hulle botsende beginsels bevat. Hy toon met behulp van voorbeelde dat daar 'n gemeenskaplike kernbeginsel in westerse etiese sisteme voorkom (wat dus sal voorkom in 'n westerse superetiek) wat hy noem basiese menslike chauvinisme, wat mense altyd eerste plaas onder alle omstandighede en in vergelyking met alle ander skepsels. Hy sê dit bots met "omgewingsetiek". Herformulering van hierdie beginsel is uiters moeilik, indien nie onmoontlik nie. Routley glo ook veranderinge in 'n teorie dwing veranderinge in metateorie af. 'n Omgewingsetiek sal herondersoek van tradisionele analises en begrippe, soos byvoorbeeld "waarde" en "reg" meebring, veral waar dit saamhang met chauvinistiese aannames. Dit sal ook die verwerping vereis van baie prominente meta-etiese standpunte. Routley glo spesie-chauvinisme kenmerk die meeste meta-etiese teorieë wat (anders as intuïsionistiese teorieë) 'n rasionaal probeer aanbied vir hul basiese beginsels. Daaronder tel sosiale kontrak-teorieë, sosiale

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

geregtigheid-teorieë en die Kantiaanse standpunt.

Sowel utilitariste as regte-teoretici dring, volgens VanDeVeer en Pierce (1986: 152), daarop aan dat bewussyn van die morele objek van fundamentele belang is. Klassieke voorstanders van dié teorieë het egter soms "mens" en "bewuste wese" as sinoniem beskou, sê hulle. Bentham wou almal in ag neem wat kan ly, maar nie voor Singer se *Animal Liberation* van 1975 verskyn het, het hierdie saak wye aandag ontvang nie. Nuwe literatuur het egter teenstrydighede in tradisionele literatuur aangetoon: As waarnemingsvermoë ("sentience") en bewussyn moreel betekenisvol is, moet dit geld ongeag spesie en nie tot die mens beperk word nie.

J Baird Callicott (1980: 311-38) sê die moderne diere-bevrydingsbeweging bevraagteken nie ou beginsels van tradisionele etiek nie. Ook John Rodman (1983: 88-92) karakteriseer die standpunte van die prominente voorstander van dierebevryding, Peter Singer, en van Christopher Stone, wat wetlike regte aan alle natuur-objekte wil toeken, as "morele ekstensionisme". Hy meen hulle brei bloot konvensionele antroposentriese etiek uit, eerder as om dit te verander. Dit is dus nodig om ook te let op standpunte wat meer radikaal verskil van die histories voorafgaande.

Radikale nie-antroposentriese standpunte

Leopold (1949: 186) se beroep vir 'n verandering van bestaande etiek is seker die bekendste moderne een. Hy stel 'n bodem-etiek ("land ethic") voor. "Bodem" is vir Leopold meer as net grond en sy etiek mik op die ekologiese gemeenskap, maar een waarvan die mens self 'n deel uitmaak. Leopold (1949: 224-5) sê, onder meer, iets is reg as dit neig om die integriteit, stabiliteit en skoonheid van die biotiese gemeenskap te preserveer, verkeerd as dit anders neig. Ekologiese insig stel die mens in staat tot groter helderheid oor sy verhoudinge met, en evolusionêre uitbreiding van sy morele verhoudinge tot, die bodem en alle komponente daarvan. Respek mik op medekomponente, sowel as die sisteem as sodanig. Selfgerigte ekonomiese belange lei tot ontoereikende waardetoekenning aan die meeste van die lede van die bodemgemeenskap, wat nie ekonomiese waarde het nie. Ter bevordering van bewaring word soms valse beredenering gevolg om wel ekonomiese waardes, as vermeende enigste geldige waardes, toe te ken.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Arne Naess[11] het reeds in 1973 sy onderskeid getref tussen "vlak" en "diep" ekologie. (Hierdie opsomming is uit Achterberg 1994:10-11). Die aanhangers van diep ekologie vorm 'n heterogene groep wat veral in die westelike VSA voorkom. Hulle het 'n gemeenskaplike program van agt fundamentele beginsels, opgestel deur Naess en Sessions, as volg:

1. Die welsyn van menslike en nie-menslike lewe op aarde het intrinsieke waarde.
2. Die rykdom en verskeidenheid van lewensvorme is op sigself waardevol en dra by tot die welsyn van alle lewe op aarde.
3. Hierdie rykdom en verskeidenheid mag deur mense verminder word net ter wille van lewensnoodsaaklike behoeftes.
4. Huidige menslike ingrype in die nie-menslike wêreld is buitensporig en die situasie versleg vinnig.
5. Die florering van menslike lewe en kultuur is versoenbaar met 'n aansienlike vermindering in menslike bevolking. Die welsyn van nie-menslike lewe vereis so 'n vermindering.
6. 'n Betekenisvolle verandering van lewensomstandighede vereis 'n verandering van beleid. So 'n verandering betrek fundamentele ekonomiese, tegnologiese en ideologiese strukture.
7. Die ideologiese verandering behels veral aangepaste opvattings van lewenskwaliteit (om te verkeer in situasies van intrinsieke waarde) in stede van vashou aan 'n hoë lewenstandaard.
8. Wie die voorafgaande aanvaar, is verplig om direk of indirek deel te neem aan pogings om die noodsaaklike veranderinge te bewerkstellig.

Hierdie program, sê Achterberg, verteenwoordig 'n koherente visie op die gewenste oplossing van die omgewingskrisis wat 'n veel hoër prioriteit toeken aan daadwerklike respek vir die natuur, verbetering van lewenskwaliteit en, ter wille dáárvan, vermindering van die menslike bevolking, as wat afgelei kan word uit die begrip volhoubare ontwikkeling van die *Our Common Future*-verslag (WCED 1987). Dit is nietemin daarmee versoenbaar. Naess se denke mik op 'n ander bewussynstoestand, sodanig dat 'n ander houding teenoor die natuur spontaan gevolg word. Dit word bereik deur identifikasie met die natuur op

11 Naess, Arne (1973) "The Shallow and the Deep, Long-Range Ecological Movement" *Inquiry* 16: 95-100

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

grond van ons insig wat ons daarmee verbind. Die self word verruim deur 'n gevoel van verbondenheid en solidariteit met die natuur en 'n besef van die selfstandige waarde van die natuur. In 'n natuur waarvan mens self deel uitmaak, sal mense nie so maklik ingryp nie, word gemeen. 'n Gepaste lewenswyse en kultuur moet nou dienooreenkomstig ontwikkel word.

VanDeVeer en Pierce (1986: 152-3) beweer radikale omgewingskundiges soos Rodman en Callicott, wat Leopold se etiek as model neem, beskou morele ekstensionisme as ontoereikend, om twee redes:

- Tradisionele etiek is atomisties (dit wil sê individualisties) en bly so na uitbreiding.
- Die tradisionele hiërargie van waarde word net effe gewysig. Singer se hiërargie is byvoorbeeld: plante – diere (waarnemend) – persone (waarnemend, rasioneel, selfbewus), met onderskeidelik geen morele waarde, wel waarde en meer waarde.

Die beskuldiging is dus dat antroposentrisme en morele ekstensionisme 'n morele hiërargie van bestaan produseer. Ander standpunte, wat nie morele waarde toeken volgens spesie of bewussyn nie, het dieselfde implikasie. Taylor (1981: 197-218) ken morele waarde toe aan lewendes, dus nie aan landskappe en strome nie. "Respek-vir-lewe" etiek, soos EVB, steun dus ook 'n hiërargie. Callicott wys daarop dat dit selfs geld vir die standpunt dat enigiets morele status het, soos by Hunt (1980: 59-65). Callicott sê slegs Leopold se "land ethic" laat vaar die hiërargieskema en vestig waarde-onderskeidings, nie volgens hoër en laer ordes van bestaan nie, maar volgens belang vir die ekologiese gemeenskap. Bakterieë mag dus, byvoorbeeld, soms meer respek afdwing as honde. VanDeVeer en Pierce (1986: 153) beweer dat, van alle belangrike etiese teorieë in die westerse tradisie, natuurlike wet-teorie die uitdruklikste 'n morele hiërargie van bestaan voorstaan. Kontemporêre filosowe, soos Callicott en Rodman, meen meer moderne teorieë in dié tradisie, soos natuurlike regte-teorie en utilitarisme, het die defek uit daardie oord en uit die Joods-Christelike tradisie geërf. 'n Antwoord is vir VanDeVeer en Pierce moontlik tog geleë in die regte-standpunt, mits onderskei word tussen positiewe en negatiewe regte, met feitlik alle regte negatief (dit wil sê as regte tot nie-tussenkoms) soos Nozick glo ten opsigte van natuurlike regte. Niks positiefs word dan omtrent dierelyding in die algemeen gedoen nie, maar optrede wat lyding meebring, soos fabriekboerdery of eksperimentering met diere, word nagelaat.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Tom Regan (1983: 372) meen die "land ethic" mag die morele hiërargie-beskuldiging ontkom, maar het 'n strukturele defek van dieselfde omvang: Individuele belange word opgeoffer aan die biotiese geheel (soos utilitarisme dit opoffer aan die sosiale geheel). Om effek op die ekosisteem bepalend te maak van etiese kwaliteit, noem Regan "omgewingsfascisme". Daarvolgens kan mense van minder waarde wees as grasse en mag menseslagting raadsaam wees onder toestande van oorbevolking.

Mark Sagoff (1981: 1283-98) meen ook die basiese doelwitte van dierebevryding en die "land ethic", wat individuele soorte opweeg teen die sisteem, is in konflik. (Dit word goed geïllustreer deur teenkanting teen olifantuitdunning in die Nasionale Krugerwildtuin, of destydse bergbokuitdunning op Tafelberg (beide om die betrokke ekosisteme te beskerm). Die "land ethic" sal diere-uitdunning om bewaringsredes goedkeur. Onbeheerde dierebevryding sal daarteenoor die omgewing ruïneer. Callicott glo verder dat 'n heeltemal vegetariese samelewing, een van die praktiese implikasies van dierebevryding, sal uitloop op 'n omgewingskatastrofe (1980: 311-38). Dierebevryding wil ook fabrieksplase en eksperimentering met diere stopsit. Callicott se reaksie is dat diere se lyding onder hierdie toestande nogtans minder is as onder natuurlike omstandighede, so die argument skiet tekort. Optrede op plase en in eksperimente is eerder verkeerd omdat diere soos masjiene behandel word. Sagoff reduseer verder die vermindering-van-dierelyding-argument tot 'n absurde konklusie: Diere in die veld se lyding moet dan ook verminder word, deur universele domestikasie en weelderige versorging tot by die punt van maksimale gerief.

Soos Leopold neig ekoloë en omgewingswetenskaplikes soms na die fundering van morele waarde volgens moderne ekologies-wetenskaplike insigte. Holmes Rolston III (1975: 93-109) ondersoek die moontlikheid daarvan. Hy tref 'n onderskeid tussen 'n etiek *oor* die omgewing, en 'n naturalistiese etiek wat berus op intrinsieke waarde *in* die natuur, wat deur mense beken en waarvolgens opgetree kan word. Ekologiese insig help ons om waardes te beken wat voorheen nie sigbaar was nie. In daardie sin is wat volg uit hierdie insigte dus "nuwe etiek". (Normaalweg sal die afleiding van waardes uit feite, etiek uit ekologie, beskou word as naturalistiese denkfout, ter sprake in Hoofstuk 4). Rolston (1975: 93-109) onderskei ooreenstemmend twee soorte voorstanders van ekologiese moraliteit, naamlik dié wat moraliteit verbind met ekologiese homeostase (hy noem dit sekondêr ekologies) en dié wat morele waarde verbind met die holistiese karakter van die ekosisteem (primêr

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ekologies genoem).

1. Homeostase is 'n beperkende omstandigheid waarbinne mense optree. Etiek kom hier nie uit ekologie nie, dog verloop binne ekologiese perke (van lewensstandaarde, kapitalisme, groei, ensovoorts). Dit gaan om perke, nie moraliteit nie. Hardin[12] se "ekologies-gebaseerde fundamentele uitbreiding van moraliteit" (wesentlik Hobbesiaanse egoïsme) is 'n voorbeeld.

2. Optrede volgens waarde verkry uit die aard van die natuur, soos by Leopold se bodem-etiek, en wat nie slegs op die natuur toegepas word nie, maak van morele gedrag 'n doel op sigself. Rolston is onduidelik oor hoe hierdie waardes gevorm of geken word en die uiteensetting kom intuïsionisties voor. In elk geval, daar is 'n paradigmaverskuiwing. Waardes gereserveer vir die mens word hertoegewys aan die mens-binne-die-omgewing. Dit is ook Leopold se standpunt.

Rolston III (1975: 93-109) meen by Leopold is daar 'n intrinsieke waarde-element in ekologies beskrywende konsepte ('n "gesonde" bodem; 'n sisteem met "integriteit") wat nie net gepas word op die ekosisteem nie, nie net binne ekologiese perke verwesentlik word nie, dog daarin ontdek word, as resultaat van en tegelyk met ekosistematiese oorweging. (Rolston (1994: 69) praat van "gekombineerde feit-waarde woorde".) Rolston glo verder sekere bestaande "sub-ekologiese sentimente" het die ekologiese gewete ge-antisipeer en kan op gebou word, soos die baie ou westerse tradisie om onnodige lyding by diere te voorkom. Dié het geen ekologiese grondslag nie. 'n Toenemend algemene eis sê ook mense mag nie lewe of spesies onnodig vernietig nie, afgesien van lyding. (Rolston versuim om Leopold se plesier uit jag te bespreek). Ekosisteme vernietig egter gereeld soorte, dus is hierdie 'n nie-ekologiese "behoort". Duidelik word die natuur egter deur Rolston gesien as net 'n gedeeltelike etiese bron. Hy sê ook ekosistemiese waardes vervang nie bestaande sosiaal-persoonlike kodes nie, maar bring 'n voorheen intrinsieke waardelose veld, oftewel, onwaargenome veld van etiese waardes, vir etiese transaksie na vore. Dit is dus 'n uitbreiding van moraliteit en boonop een wat waardekonflikte beklemtoon.

[12] Hardin, G. (1968) "The Tragedy of the Commons", *Science* 162: 1243-1248.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Presedente vir die vestiging van waarde en regte in 'n groep is vir Rolston geleë in kerke, korporasies, trusts, ensovoorts. Dit het waarde uit hoofde van die struktuur waarbinne individue die begunstigdes is, temeer omdat daar by 'n ekosisteem nie 'n duidelike grens is tussen mens en sisteem nie. "Dit is onmoontlik om te sê waar waarde logies eerste lê".

Rolston gee toe ons kort 'n helder rekenskap van die logika waarmee ons waardes verkry. Ons vorm hulle egter grootliks volgens ons opvattings van ons leefwêreld. Dié word gereeld versteur deur wetenskaplike herwaardering. Die ekologiese revolusie herbelig nou die wêreld. 'n Gemeenskap van wetenskaplikes en etici moet nou saam karteer aan die ekosisteem en paslike etiese grammatika daarvoor. Of die ekologies-wetenskaplike bydrae meer kan behels as meer ingeligte uitbreiding van bestaande etiek, val egter te betwyfel.

'n Wyer Perspektief

WK Frankena (in Goodpaster, KE en KM Sayre (Red.) 1979: 3-19) het probleme met Rolston se logika en voel geen logiese verpligting om die ekosisteem te volg nie. Sy benadering tot die "nuwe etiek"-debat voorsien 'n bruikbare konklusie vir hierdie deel van die bespreking. Die debat is vir hom te simplisties, asof daar net twee alternatiewe is. Hy stel dan ondersoek in, nie na "oud" of "nuut" nie, maar na watter algemene tipe etiek genoegsaam sal wees. Hy sê enige volledige etiek sluit 'n etiek oor die omgewing in, minstens indirek. Dit word algemeen aanvaar dat rasionele wesens, en net hulle, morele agente of optreders kan wees.[13] Die vraag wentel om wie morele pasiënte is, teenoor wie ons pligte het. In GJ Warnock se woorde: "Wat is die voorwaarde vir morele relevansie, vir oorweging deur morele agente?" Daarvolgens ondersoek Frankena agt soorte etiek:

1. Etiese egoïsme: Daarvolgens is dit slegs feite omtrent die agent self wat reg en verkeerd, goed en sleg bepaal.
2. Vorme van humanisme en personalisme: Wat saak maak is net wat gebeur met mense of met persone. Kant sê: "Ons pligte teenoor diere is slegs indirekte pligte teenoor

[13] Callicott, J. Baird (1986: 142-3) sê, byvoorbeeld : "The *source* of all value is human consciousness, but it by no means follows that the *locus* of all value is consciousness itself ..... An intrinsically valuable thing on this reading is valuable for its own sake, for itself, but it is not valuable in itself, i.e. completely independently of any consciousness.... If all consciousness were annihilated at a stroke, there would be no good and evil, no beauty and ugliness, no right and wrong; only impassive phonemena would remain."

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

mense".[14]

3. Wat saak maak, is wat gebeur met alle bewuste, waarnemende wesens. Dit sluit die standpunt in van byvoorbeeld Bentham, dat die perk gestel word deur die kapasiteit tot lyding.

4. Morele relevansie word uitgebrei na alles wat lewe. Dit sluit Albert Schweitzer se bekende "reverence for life"-etiek in. Lewe as sodanig is heilig en geen blom kan gepluk of insek gedood word nie (Schweitzer, 1949: 344).

5. Alles is moreel relevant, direk, nie slegs indirek nie. (Frankena glo hierdie groep is die beste kandidate vir nuutheid).

6. 'n Sekere soort teïstiese etiek: God is transendent en uiteindelik die enigste morele pasiënt. Slegs feite aangaande God bepaal reg, verkeerd, goed of sleg.

7. Kombinasies van twee of meer van die voorafgaande, byvoorbeeld 'n humanistiese (nr 2) en 'n teïstiese (nr 6) kan kombineer in 'n morele wet met twee basiese en gekoördineerde dele: Jy moet God liefhê met alles binne jou en jou naaste soos jouself.

8. Die Stoïsynse standpunt: Laat die natuur aan homself oor. Moenie versteur nie. Werk saam daarmee en boots dit na. Die natuurlike is reg en goed in algemene en in ekologiese terme. (Letterlik naturalistiese etiek).

Al die bostaande is "omgewingsetiek" in die sin dat dit gedrag teenoor die omgewing kan rig. Frankena bespreek nie alle gemelde tipes in besonderhede nie. In verband met Tipe 2 is een opmerking egter baie ter sake: Hy sê sowel humanisme as personalisme word beskuldig van antropologiese egoïsme en menslike chauvinisme. Die beskuldiging is misleidend, want so 'n etiek is nie 'n vorm van egoïsme nie en die beskuldiging toon ook glad nie morele ontoereikendheid aan nie. Dit is irrelevant en stel eintlik net wat bevraagteken word. Die standpunte is egter moreel ontoereikend, want daar is regte en verkeerde optredes teenoor imbesiele en diere, hoewel hulle nie óf persone óf mense is nie, omdat hulle kan ly en genot ervaar.

Frankena sê die eerste vier standpunte sê morele bepaling lê by wat gebeur met mense, persone, waarnemende skepsels of lewende dinge. Tipe 5 oorweeg egter wat gebeur met enigiets. Tipe 5 val uiteen in twee soorte: Eerstens mag dinge individueel, distributief oorweeg word, soos wanneer Rolston praat van "elke biotiese komponent". Andersins mag

[14] T Regan en P Singer (Eds.) (1976) *Animal Rights and Human Obligations*: pp 122ff.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

meer holisties, ekosistemies gelet word op die sisteem as geheel om te bepaal wat moreel saak maak. Frankena noem dit "the favorite of our new ecological moralists". Wat met persone, mense, ensovoorts gebeur, is nie as sodanig moreel relevant nie. Wat dade reg of goed maak, is die aard van hul effekte op die sisteem. So 'n etiek word gestel in Colwell[15] se betoog oor die "balans van die natuur", sowel as Rolston se "maksimalisering van die ekosisteem" en eksplisiet geformuleer in Leopold se imperatief. Dit is 'n gemeenskapswaarde, nie reduseerbaar na die waarde van samestellende entiteite of hul lewens nie. Frankena sê baie debat kon dit nog nie waar of vals bewys nie.

Frankena ontken die intrinsieke waarde van enigiets anders as die aktiwiteite of ervaringe van bewuste, waarnemende wesens. Hy sê Moore[16] en Ross[17] dring aan op intrinsieke goedheid in dinge onafhanklik van die lewe of verhoudinge met die lewe van sulke wesens. Frankena aanvaar nie dat die ekosistemiese Geheel so 'n wese is nie. Op Rolston se vraag: "After the fauna, can we add the flora, the landscape, the seascape, the ecosystem?" sê Frankena "nee". Dit is ongeloofwaardig om rotse te beskou as moreel relevant, sonder enige verhouding met enigiets lewend, waarnemend of bewus. Om te sê hulle het inherente waarde gaan nie op nie. Sulke waarde is waarde relatief tot ons. Die inherente waarde wat aan die Geheel toebedeel word, soos balans, skoonheid, integriteit, kan gesien word as inherente waardes van die Geheel as 'n objek van oorweging of bestudering deur wesens in staat tot oorweging of studie. Met ander woorde, waardes wat dit het in verhouding tot verstande soos ons s'n.

'n Etiek van Tipe 3 beskou Frankena dus as 'n toereikende basis vir bewaringsoptrede, mits dit ekologies ingelig is, wat dit behoort te wees.

SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die internasionaal gesaghebbende EVB uiteengesit en kortliks bespreek, ten einde later die waardes en oogmerke daarvan in verband te bring met dié van omgewingsekonomie, as ander leidende waardestelsel; ook met dié van Suid-

[15] Colwell TB Jr (1969) "The Balance of Nature: A Ground for Human Values" *Main Currents in Modern Thought* 26: 50.

[16] Moore GE (1903) *Principia Ethica* p 83ff.

[17] Ross WD (1930) *The Right and the Good* p 27, 138.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Afrikaanse moraliteit en met die etiese waardes vervat in Suid-Afrikaanse bewaringswetgewing en -beleid.

Die kernbeginsel van die EVB is 'n plig van respek en sorg vir huidige en toekomstige lewe, maar die motivering vir aanvaarding is, kontradiktories, geleë in die bevordering van menslike voortbestaan en lewenskwaliteit. Die EVB dring verder aan op die begronding van sy beginsels en aanbevole praktyke in die plaaslik bestaande godsdiens en kultuur, in Suid-Afrika se geval veral die Christelike godsdiens.

'n Verskeidenheid onberedeneerde beginsels en begrippe, wat feitlik die hele spektrum van moderne omgewingsfilosofiese debat betrek, word as elemente van die etiek bloot geopper. Hierdie debat is ontlok deur 'n globaal dominante westerse manier van omgaan met die natuur en leefomgewing wat veral toegeskryf word aan Christelike denkwyses. Uiteindelik, so word aangevoer, motiveer dit die moderne omgewingskrisis. Omdat probleme veral gewyt word aan Christelike denkpatrone wat plaaslik prominent is en wat 'n kosmologiese skeiding tussen mens en natuur sou bewerkstellig het, is dit raadsaam geag om die historiese agtergrond van westerse Christelike beskouings kortliks van nader te bekyk. Dit blyk dat hierdie klagtes wel gegrond is, hoewel dit nie 'n noodsaaklike, onvermybare interpretasie van die Christelike godsdiens verteenwoordig nie. Volgens die *Assisi-Verklarings* en verskeie outeurs bied Christelikheid wel die potensiaal vir paslike uitbreiding om die moderne omgewingsproblematiek te dek, soos deur die EVB begeer.

Vir 'n beter perspektief op die praktiese probleemveld vaardig in die waarde-filosofiese debat en op die toereikendheid van die ekstensionistiese benadering, is daarna 'n kort oorsig gegee van sommige prominente standpunte in die debat, ook betreffende ander moontlikhede as die uitbreiding van bestaande etiek. Die *"nuwe etiek"-debat*, vanaf Leopold tot vandag, beredeneer morele toerekenbaarheid in menslike verhoudinge met die natuur en elemente daarvan, ten einde optrede met en teenoor hierdie objekte morele inhoud te gee en karakteriseerbaar te maak as moreel goed of sleg, reg of verkeerd. Omgewingsetiek het as belangrike probleemveld dus vrae na geskikte norme oor die morele waarde of aansien van ander lewensvorme, van nie-lewende entiteite in die ekosisteem en van die sisteem self, sowel as na beginsels vir die resolusie van konflikte tussen norme (vergelyk VanDeVeer en Pierce, 1986:15-16).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Standpunte in hierdie verband strek oor 'n wye spektrum, vanaf die totaal atomisties-menssentriese of die teïstiese, tot die radikale holistiese vestiging van intrinsieke waarde in die ekosisteem of in nie-lewende entiteite, soms met die mens in heeltemal ondergeskikte fokus. Hierdie standpunte kan grootliks saamgevat word volgens twee benaderings:

- Ondersoeke na die moontlikheid, toereikendheid en wenslikheid van die uitbreiding van tradisionele westerse etiese grondslae in die lig van moderne ekologiese en omgewingswetenskaplike insigte (ekstensionisme).
- Die radikale hersiening van hierdie grondslae in terme van voormelde insigte.

Vermeersch (1994: 279) wys daarop dat meningsverskille en verwarring ten opsigte van metode en standpunt volop is. Sy eie ondersoek is ook nie net volgens wat hy noem 'n idealistiese benadering, wat wil verduidelik volgens mense se mentaliteit, hul manier van dink en houdinge nie (Vermeersch 1994: 274-275). Hy gebruik 'n sosio-ekonomiese benadering wat ondersoek hoe sosiale prosesse menslike gedrag en denke vorm. Uiteindelik beskou hy egter ook 'n nuwe omgewingsetiek as noodsaaklik.

Vermeersch beskou tradisionele teologiese, metafisiese antroposentrisme as 'n naïewe siening. 'n Meer moderne standpunt is radikale antroposentrisme of antroposentriese humanisme. Dié postuleer dat blote menswees superieure status impliseer uit hoofde van die besit van sekere unieke eienskappe wat ingryping in die natuur regverdig. Vermeersch se kommentaar: (*op.cit.*: 280) oor al die pogings om aan radikale antroposentrisme te ontsnap (soos ekosentrisme, biosentrisme, patosentrisme en kosmosentrisme), is dat geeneen uitstaan as gevolg van voldoende getuienis gekoppel aan deeglike rasionele beredenering nie. Eintlik word daar maar 'n beroep gedoen op spontane intuïsies, wat verskil van mens tot mens.

Radikale antroposentrisme op sigself word moeilik geregverdig en is intern inkonsekwent: Vir elke unieke menslike kenmerk kan geargumenteer word dat alle mense dit nie het nie en vir baie kenmerke geld dat daar diere is wat dit tot groter mate as party mense besit. (Diere ly byvoorbeeld meer as komatose pasiënte). Vermeersch self verkies antroposentrisme, hoewel in "verligte" vorm, omdat mense in staat is tot nadenke en andere daaromtrent kan inlig en omdat slegs mense kan optree na aanleiding van

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

besluite geneem na rasionele oorweging of oortuiging deur andere. Hulle het dus 'n spesiale onderlinge verhouding en 'n spesiale rede om mekaar te konsidereer. Sekere soorte mense (soos kinders of verstandelik vertraagdes) word tot hierdie geslote gemeenskap toegelaat om anders as logiese redes. Histories beskou, is antroposentriese humanisme 'n progressiewe uitbreiding van vorme van egoïsme of chauvinisme waarvan die grense biologies ondubbelsinnig bepaald is. Geleenthede bestaan wel vir nuwe uitbreidings, soos na toekomstige mense, aldus Vermeersch.

'n Ander standpunt van Vermeersch (1994: 281) is hier vermeldenswaardig. Hy sê waardes, standaarde en regte bestaan nie iewers in 'n abstrakte hemel vanwaar dit neerdaal nie. Hul ontstaan binne samelewings onder die invloed van individuele en kollektiewe behoeftes, van interaksies tussen groepe en individue en van die aanpassing van groepe by hul ekosisteem. Ekofilosowe kan dus nie verwaarloosde of nagelate waardes op die samelewing afdwing nie, maar moet liewer nuwe waardes, standaarde en regte bevorder omdat die nuwe wêreldsituasie dit vereis. Ter wille van aanvaarbaarheid moet dit so na as moontlik by die bestaande hiërargie van waardes bly. Dié uitspraak klop weer met Passmore en Boersema se voormelde beskouings (sien pp 26 & 36 hierbo) en met die EVB se begeerde fundering in bestaande etiek.

Vermeersch stel antroposentrisme teenoor Zweers se klassifikasie van basiese houdinge teenoor die natuur (sien p 24-25 hierbo). Hy besluit dan (Zweers en Boersema 1994: 282) die "verligte heerser"-beskouing betrek nie toekomstige geslagte nie en 'n rentmeester-interpretasie is meer gepas, maar kort nogtans die sin van "vennootskap," ten minste ten opsigte van diere wat pyn kan ly. "Vennootskap" of "deelnemerskap" sien Vermeersch egter as 'n emosionele geleentheidservaring wat beswaarlik 'n beredeneerde grondslag kan voorsien vir optrede teenoor die natuur. Reeds sedert die Jonger Steentydperk hang akkerbou en veeteelt immers al af van toenemende vernietiging van oorspronklike ekosisteme.

Gedagtig aan die redelike konsensus dat 'n mens nie 'n nuwe etiek soos 'n jas kan aanskaf nie, maar moet aansluit by die bestaande en dat die Christelike godsdiens vanuit die *Assisi-Verklarings* en wyer ontwikkelinge juis reeds vertolkings soos die rentmeesterskaptradisie ontgin, blyk aansluiting tussen die EVB en plaaslike moraliteit heel voor die handliggend.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die verband met omgewingsekonomie is egter meer problematies, 'n situasie wat reeds antisipeerbaar is uit die EVB se utilitaristiese aanloop tot 'n aanbevole pligetiek, of reëlmoraliteit. Dit word weer aangeraak in die volgende hoofstuk. Hierdie soort konflik is egter alledaags in bewaringsituasies, waar ontwikkelingsprioriteite meeding met bestaande etiese en estetiese beginsels en ontwikkelende omgewingsetiese sensitiwiteite. Juis dit vergestalt ook in bewaringswetgewing en -beleid en definieer die behoefte aan 'n bewaringsetiek vir die opweging van en keuse tussen ontwikkelingsopsies. Die ondersoek van wetgewing in Hoofstuk 5 sal poog om dergelike kontraste duideliker na vore te bring. Die EVB erken uitdruklik die bestaan van dergelike, tot dusver onoplosbare konflikte (CFE: 15, venster 3).

Soos aangedui is die EVB geen volledige, sistematiese etiek nie, dog eerder 'n rasionalisering van mikpunte vir die uitbreiding van bestaande moraliteit. Dit soek na alliansies met godsdienste wat streef na sorg vir die medemens en respek vir die skepping, en alliansies met sekulêre groepe gemoeid met prinsipiële verhoudinge tussen mense en met die natuur. "Such alliances will be timely and right even if the first purposes of religions and humanist groups are not the same as those of this Strategy" (CFE: 13).

Hoewel Christene, met die uitsondering van die Onafhanklike Afrika-kerke, volgens die 1980-sensus (Froise, 1990: 252) sowat 58% van die Suid-Afrikaanse bevolking insluit (met die OAK'e by, sowat 80%) kom daar ook aansienlike getalle van die Moslem, Hindoe- en Joodse geloofsaanhangers voor. Godsdiens bied dus 'n betekenisvolle terrein waarop praktiese konsensus gesoek kan word, terwyl die meer sekulêre gemoed deur standpunte soos dié van Vermeersch geakkommodeer kan word. Die vraag of en, indien wel, in hoeverre die EVB versoenbaar is met omgewingsekonomiese gesigspunte, is die tema van die volgende hoofstuk.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 2

OMGEWINGSEKONOMIE: AARD, PROBLEME EN ETIESE STREKKING

Ekonomie speel in die alledaagse verband 'n oorheersende rol in die samelewing se beskikking oor die bestaanshulpbronne ter sprake in bewaring, sy dit nou die ontginning, produksie, verspreiding, bemarking of verbruik daarvan. Benewens die Etiek vir Volhoubare Bestaan wat 'n ideaal verteenwoordig, is ekonomiese waardes die dominante rigtinggewende waardes vaardig in die praktyk wat ook in bewaringswetgewing tot uiting kom. Die moderne omgewingsekonomie bring sekere aksente by. Eerstens is daar 'n ekonomiese aksent wat die fisiese eindigheid van hulpbronne en hul beskikbaarheid beklemtoon. Tweedens is daar 'n etiese aksent wat die regverdigheid van hulpbronverdeling tussen verbruikers beklemtoon. Soos hieronder sal blyk, bly die denke egter in ekonomiese terme.

Uit hoofde van die belang van ekonomiese denkwyse en moderne omgewingsekonomiese pogings om 'n bewaringskarakter daaraan te gee, word die aard, probleme en etiese onderbou van ekonomie in hierdie hoofstuk van nader bekyk. Die belangrikste kenmerke daarvan sal aangedui word, terwyl ook oor die toereikendheid, insluitend die etiese toereikendheid, van hierdie benadering kommentaar gelewer word. Die aard van enige aanvullende, regstellende of vervangende etiese insette sal natuurlik saamhang met die aard van aanvaarde of aanvaarbare etiese opvattings in 'n bepaalde onderhawige samelewingsverband. Hier word bloot gebreke en aanknopingspunte van etiese relevansie aangedui. Die hooftrekke van die bespreking word daarna saamgevat op 'n wyse wat hopelik die belangrikste kenmerke en leemtes na vore bring om te dui op die verband met die EVB en as riglyn vir Hoofstuk 5 en 6, wat ondersoek hoe dit in Suid-Afrikaanse wetgewing en beleid tot uiting kom en wat die betekenis daarvan in die Suid-Afrikaanse samelewingsverband beredeneer.

VANAF EKONOMIE TOT OMGEWINGSEKONOMIE

Verskuiwende perspektiewe in 'n eindige leefwêreld

In 'n markekonomie, sê Achterberg (1994: 63-64), verruil individue of ander ekonomiese

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

akteurs, soos bedrywe, vryelik hul goedere en dienste vir dié van andere. Wat en vir wie geproduseer word, uit watter hulpbronne dit geskied en hoe goedere en dienste verdeel word, is alles die resultaat van ontelbare ekonomiese handelinge van hierdie akteurs. Dit is die model van die "vrye mark", waar "vry" beteken "vry van owerheidsinmenging" (Achterberg 1994: 64). Volgens ideologie en aksent, afstand tussen lande en oor tyd, wyk die praktyk egter af van hierdie model. (Vgl p 65-66 verderaan).

Klassieke ekonomiese standpunte[18] soos dié van Adam Smith oor die selfregulerende werking van die mark rondom die nastrewing van eiebelang; van Malthus oor die implikasies vir voortbestaan van menslike getallegroei; Marx en Engels se voorspellings oor kommunisme en die ondergang van kapitalisme; van Thorstein Veblen en selfs John Maynard Keynes, byvoorbeeld, het tot stand gekom ten tye van kwantitatief verskillende verhoudinge tussen mensegetalle en beskikbare of potensieel beskikbare hoeveelhede hulpbronne as die teenswoordige.

Onder die destyds heersende omstandighede kon 'n toename in aanvraag eenvoudig hanteer word deur 'n ooreenstemmende intensifikasie, uitbreiding of verskuiwing van ekonomiese aktiwiteit, 'n benadering wat Boulding (1970: 96) noem 'n "cowboy-ekonomie". Hy kontrasteer dit met "ruimteman"-ekonomie, met respektiewelike uitgangspunte van eindelose teenoor beperkte voorrade en ruimte. (Fuggle (in Fuggle en Rabie, 1992: 7) wys daarop dat hierdie nou reeds algemene metafoor waarde het, dog buite rekening laat dat, anders as by die gewone persepsie van 'n ruimteskip, mense 'n integrale deel van die ruimteskip aarde is).

Die eerste benadering beklemtoon maksimale deurvloei deur die ekonomie en meet ekonomiese sukses benaderd teen die Bruto Nasionale Produksie (BNP). Die tweede wil deurvloei minimaliseer en meet ekonomiese sukses nie aan produksie en konsumpsie nie, dog aan die aard, gehalte en kompleksiteit van die totale kapitale voorraad wat in *stand gehou moet word*. Die beperkte lewensruimte van die mensdom noodsaak dus 'n nuwe ekonomiese benadering.

18 Heilbroner, Robert (1980) *The Worldly Philosophers* gee 'n goeie oorsig.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Ander maatstawwe vir nuwe omstandighede

CFE (p.74) bespreek ook die gebreke van die BNP-maatstaf en die Nasionale Inkomste-maatstaf (as NNP, Netto Nasionale Produksie) wat altwee nie normaalweg rekening hou met die waardevermindering (of -vermeerdering) van natuurlike bates nie. 'n Vermindering in olie- of mineraalreserwes en in landbougrond of natuurlike plantegroei gaan egter waarskynlik produksiekoste verhoog en uitloop op laer opbrengste. Die maatstawwe teken ook uitgawes om omgewingskade te bekamp aan as inkomste, nie uitgawes nie, en presenteer 'n illusie van ekonomiese gesondheid. Dit geld destemeer as omgewingskade lei tot groter mediese en produksiekoste, welke uitgawes die inkomste van betrokke voorsieners verhoog. Hoewel konvensionele boekhouding omgewingskade korrek reflekteer as die huidige produksie verminder of produksiekoste verhoog, word ander omgewingskade, wat byvoorbeeld lei tot swakker gesondheid of verminderde toekomstige produktiwiteit, nie gereflekteer in BNP nie. Natuurlike bates word veral aangewend om fabrieke, infrastruktuur, opvoeding, ensovoorts, te help finansier en dit mag dus 'n totaal valse indruk skep. CFE beveel 'n beter maatstaf aan, te wete ware (volhoubare) inkomste, as volg bereken:
Ware inkomste = NNP (BNP minus waardevermindering van mensgemaakte kapitaal) plus toenames in natuurlike bates, minus waardevermindering van natuurlike bates (byvoorbeeld deur ontbossing), minus uitgawes om omgewingskade te bekamp (soos maatreëls teen gronderosie of besoedeling), minus koste van onverminderde, onreggestelde omgewingskade (soos rivierverslikking as gevolg van swak of geen erosiebeheer).

Boulding (1970: 97) vermeld ook ekonome se verkleefdheid aan tradisionele maatstawwe en metodes, wat inkomstevloeikonsepte beklemtoon, eerder as kapitaalvoorraadkonsepte. (Dit opper weer die vraag of menslike welvaart geleë is in voorraaduitputtende verbruik of die besit van voorrade, in eet of in goed gevoed wees). Moontlik onvermydelik gebruik CFE self die misleidende BNP-maatstaf om riglyne te formuleer, soos die persentasie van die BNP wat armer lande in bepaalde sektore behoort te belê (p.21) en as grondslag van inkomstebepaling in die bepaling van die ontwikkelingsindeks (p.198).

Fuggle (in Fuggle en Rabie, 1992: 7) blameer die moderne klem op die spesialisasie van mense in opleiding en andersins vir hul kondisionering tot reduksionistiese waarneming en

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

denke, terwyl omgewingsake juis holistiese perspektiewe vereis. Skolimowski (1981: 27) noem die neiging selfs sieklik. Dit het besmoontlik 'n belangrike rol gespeel in die uiteenlopende benaderings tot dieselfde hulpbronne deur ekologie en ekonomie sodat, byvoorbeeld, ekonomiese rekenskap van die "produksie" van goedere en dienste soos BNP grootliks eerder maatstawwe is van verval, aangesien produkte soos motors en klere verweer, en kos en brandstof oksideer. Hoe groter die ekonomiese stelsel dus, sê Boulding, hoe meer materiaal moet vernietig word om dit in stand te hou (aanhaling in Simmons, 1974: 35). Namate ekologiese werklikhede toenemend voortbestaansbelang verkry, na dié mate kan verwag word dat ekonomiese en ontwikkelingsdissiplines aan hul maatstawwe en begrippe meer funksionele en dus onvermydelik meer holistiese inhoud sal gee.

Die aarde is eindig, wat meebring dat opsies in hulpbrongebruik beperk is en teen mekaar opgeweeg moet word. Stauth (in Fuggle en Rabie, 1983: 86) stel dit dat, waar die drie ekonomiese aktiwiteite (produksie, handel en verbruik) plaasvind om die drie ekonomiese hulpbronne (grond, arbeid en kapitaal) toe te ken, omgewings-"goedere" nie doeltreffend toegeken word nie. Alle ekonomiese aktiwiteite het egter 'n prys, hoewel moontlik onbekend, in terme van omgewingsinvloed. Omgewingsekonomie word die koppeling van omgewings- en ekonomiese aangeleenthede (Stauth en Baskind in Fuggle en Rabie, 1992: 28) en ontwikkel gaandeweg oor die laaste drie dekades as hersiening en aanpassing van ekonomiese denke. Dit het, as primêre gemoeidheid, die rasionalisering van die verrekening van omgewingsgoedere soos die atmosfeer, riviere, ensovoorts (waaraan nie pryse toegeken is nie, wat nogtans onvervangbare waarde het en wat deur almal, individue, besighede, owerhede, gebruik word asof dit gratis en onbeperk beskikbaar is) teenoor bemarkbare goedere. Dit vind plaas deur aan die nie-monetêre invloed van omgewingswaardes geldwaardes toe te ken en dit te internaliseer in die ekonomiese kalkulus.[19] Dit is die sogenaamde internalisering van omgewingskostes of negatiewe eksternaliteite ("negatief" omdat hulle wat kostes moet dra nie toestemming daartoe gegee het nie) (VanDeVeer en Pierce, 1986: 238). Die ekonomiese "koste"-term moet hiervolgens die verlies aan genieting, gesondheid of ander lewensgehalte reflekteer.

[19] Baumol en Oates (1979: 2) identifiseer ook die struktuur van die stelsel van prysbepaling as die bron van mislukking van die vryemark-ekonomie (met 'n eweknie in beplande ekonomieë). Omgewingskostes word geïgnoreer. Regstelling is nogtans moontlik, op so 'n wyse dat dit insentiewe voorsien vir omgewingsbeskerming.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Stauth (1983: 84) onderskei as hulpbronne die volgende vier funksies van die natuur waarvan tradisionele ekonomie hoofsaaklik aan die eerste aandag gegee het:

1. Die voorsiening van natuurlike hulpbronne waaruit verbruiksartikels geproduseer word.
2. Die voorsiening van natuurlike genietinge vir direkte verbruik.
3. Die voorsiening van 'n afvalplek vir die afval van ekonomiese aktiwiteit.
4. Die voorsiening van 'n lewensondersteuningstelsel om menslike aktiwiteite te onderhou.

Hierdie ander "omgewingsgoedere" is ook ekonomiese goedere (Stauth en Baskind, 1992: 29) omdat:

- hulle beperk is in voorraad (soms volop, altyd eindig).
- hulle beskikbaarheid en toestand beïnvloed word deur ekonomiese aktiwiteit.
- hulle egte voordele meebring vir die gemeenskap.

Na hierdie aanloop aan die hand van veranderde omstandighede in mens-hulpverhoudinge, is dit nodig om nou aandag te gee aan die kernareas waarop gefokus word ten einde ekonomiese handeling te rasionaliseer vanuit 'n omgewingsperspektief. Die wyse waarop omgewingsekonomie (ook genoem "hulpbronekonomie") omgewingsgoedere hanteer, word hieronder in meer besonderhede aangedui.

SENTRALE KONSEPTE IN OMGEWINGSEKONOMIE

Eksternaliteite: Die waardevermindering van omgewingsgoedere (wat ons byvoorbeeld veroorsaak deur die besoedeling van 'n rivier of die uitwissing van 'n spesie) word gewoonlik in omgewingsekonomie bestempel as 'n eksternaliteit[20] omdat dit in ekonomiese berekening buite oorweging gelaat word. Dit gebeur omdat sulke eksternaliteite weinig, indien enige, sigbare en direkte rol speel in die funksionering van markmeganismes.

Die internalisering van omgewingskostes word vandag algemeen as noodsaaklik beskou,

[20] Hartwick en Oleweiler (1986: 383) sê 'n eksternaliteit ontstaan onder twee omstandighede:
(1) Vir twee (of meer) ekonomiese agente (i) en (j), wanneer agent (i) se nut of produksieverhouding veranderlikes bevat waarvan die omvang deur agent (j) bepaal word, sonder verwysing na (i).
(2) (i) het geen beheer nie, omdat hierdie veranderlikes geen eksplisiete ruilwaarde het nie, omdat daar geen of net gebrekkige markte daarvoor bestaan.

Vir algemene kommentaar oor eksternaliteite sien ook Fuggle & Rabie (1983: 91-93, 95-96, 108-109).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

in beginsel. In die praktyk is daar egter probleme. 'n Volmaak-funksionerende mark vereis die spesifikasie van eienaarskap en die beskikbaarheid van perfekte inligting. Geeneen is egter volkome haalbaar nie, om redes hieronder aangedui:

Eienaarskap: Die spesifikasie van eienaarskap, wat sorg en verantwoordelikheid meebring, is problematies by omgewingsgoedere. Relevante items is byvoorbeeld te groot (oseane), te diffuus (atmosfeer), onsigbaar of ontasbaar (siklusse) of migrerend (walvisse, voëls). Vergelyk ook die belang vir menslike voortbestaan, enersyds, en onbesitbaarheid, andersyds, van plankton. Hierdie bates word in literatuur dikwels na verwys as die "global commons" – onverdeelbare, onvervangbare, onbesitbare bestaansnoodsaaklikhede, wat aan niemand spesifiek behoort nie, maar tog aan almal gesamentlik behoort. Volgens Baumol en Oates was hierdie beginsel reeds ter sprake in een van die eerste teksboeke in ekonomie.[21] Garrett Hardin (1968: 1243-1248) se bekende essay "The Tragedy of the Commons" sit uiteen hoe die onbeheerde benutting van 'n bate deur 'n enkeling vir hom voordelig kan wees, terwyl die gemeenskap die kostes dra. In globale konteks wil dit voorkom of die mens hier te staan kom voor 'n bestaanseis van samewerking of ondergang, of minstens ernstige verlies aan lewenskwaliteit.

Inligting: Die gewone verbruiker weet gewoonlik nie van enige verband tussen sy konsumpsie en enige omgewingskostes nie. Die perfekte inligtingsvereiste van die mark is dus moeilik om na te kom, afgesien nog van disinformasie of die skepping van kunsmatige behoeftes deur advertensie. By die verbruik van omgewingsgoedere, soos byvoorbeeld waar lug of water in terme van suiwerheid gedefinieer word (sodat besoedeling neerkom op suiwerheidsverbruik) is meting en inwin van die nodige inligting, vir regulering in terme van egalitariese verspreiding van kostes en voordele deur 'n owerheid, meermale problematies of te duur (Baumol & Oates: 307-13). (Vergelyk byvoorbeeld die bepaling van die bron van klankbesoedeling in stedelike situasies, of verdeling van die suiweringskapasiteit van 'n stroom of die atmosfeer).

Die onderliggende aanname van omgewingsekonomie volgens Stauth en Baskind (1992: 29) is dat die doel van hulpbrongebruik is om menslike vervulling en satisfaksie te verhoog. Dus word die wêreld bestuur ter wille van mense en invloede op ander lewensvorme en

21 Marcet, J.H. (1819) *Conversations in Political Economy*, derde uitgawe, London.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

natuurlike sisteme is relevant slegs omdat mense daarvoor omgee. "Sonder dié aanname is daar geen verwysingsraamwerk vir 'n evalueringstelsel nie." 'n Natuursentriese uitgangspunt sou volgens hierdie outeurs (p.30) beteken die mens kan feitlik niks doen nie, want enige hulpbronbestuur vervat aspekte wat die natuurlike omgewing benadeel. Maar etiek, en die natuur se belange, bly relevant deurdat optrede teenoor die natuur die mens (self en andere) se welsyn en welvaart beïnvloed.

Die doel van omgewingsekonomie kan dus omskryf word as die toekenning van omgewingshulpbronne sodanig dat dit lei tot die maksimalisering van sosiale welsyn oor die langer termyn (oor geslagte). Die veronderstelling is dat elke persoon se welsyn ewe belangrik is as dié van enige ander persoon en dat "ander persone" komende geslagte insluit. So gesien, vind die doel van omgewingsekonomie dus aansluiting by die definisie van volhoubaarheid (vgl p 8 hierbo). "Sosiale welsyn" vereis natuurlik nadere omskrywing, dog slaan duidelik in die eerste instansie op materiële fisiese welvaart. Omgewingsekonomie verskaf dus 'n kwantitatief-utilitaristiese raamwerk van beredenering wanneer dit kom by die toekenning van omgewingshulpbronne.

'n Beleid wat so 'n doel wil bereik (naamlik die maksimalisering van menslike sosiale welsyn oor die langer termyn) vereis, benewens volhoubaarheid, egter ook ander kriteria vir die evaluasie van die toekennings van hulpbronne, soos byvoorbeeld etiese maatstawwe.

Kriteria: Die onderstaande uiteensetting van kriteria is volgens Stauth en Baskind. Die tweede en derde is eintlik altwee maatstawwe van verspreiding, die tweede in ruimte, die derde oor tyd, oftewel, die gemeenskap of relevante groep mense word gedefinieer sodanig dat dit ook toekomstige mense insluit. Omdat soveel meer waarde geheg word aan nou lewende mense en aan huidige verbruik, is dit verstaanbaar dat twee verskillende maatstawwe van verspreiding gespesifiseer word.

Stauth en Baskind (in Fuggle & Rabie 1992: 32) onderskei die volgende kriteria:
Doeltreffendheid: Dit vereis dat voordele kostes oorskry.
Ekwiteit: Voordele en kostes moet billik versprei word tussen lede van die bestaande gemeenskap.
Volhoubaarheid: Voordele moet kostes oorskry vir geslagtelange periodes. (Dit wil sê

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

doeltreffendheid moet volhoubaar wees en ekwiteit geld ook tussen huidige en toekomstige geslagte).

Binne die raamwerk van omgewingsekonomie is hulpbronverdelingsreëlings goed of sleg, reg of verkeerd, relatief tot hierdie (dikwels opponerende) kriteria. Winste aan doeltreffendheid moet gebalanseer word teenoor die koste vir andere, nou, of in die toekoms. Die opweging van doeltreffendheids- en ekwiteitskriteria is dus 'n primêre en moeilike dog onvermybare probleem in omgewingsekonomie. Die klem op enige kriterium sal saamhang met die instellings en omstandighede van 'n bepaalde land, volgens Hartwick en Oleweiler (1986: 2,3).

Die standaard kriterium vir doeltreffendheid, sê VanDeVeer en Pierce (1986: 211), is die *Pareto-kriterium*, waarvolgens ten minste een mens deur 'n ruiltransaksie beter daaraan toe word, maar niemand slegter nie. Vrywillige ruiltransaksies word veronderstel om Pareto-verbeteringe mee te bring, dit wil sê doeltreffend te wees. Solank dit moontlik is, is die situasie ondoeltreffend. Wanneer niemand egter deur uitruiling sy posisie kan verbeter nie sonder dat iemand slegter daaraan toe word, is die situasie Pareto-optimaal. Utiliteit word volgens hierdie ideaal gemaksimaliseer - hoe nader aan Pareto-optimaliteit, hoe hoër totale welvaart.

Die kriterium van ekwiteit verwys op sigself na 'n ander maatstaf, naamlik billikheid, of regverdigheid. Ekwiteit word dus onderlê deur morele oorwegings. Die vraag na die billike verspreiding van voordele en kostes is immers tegelyk 'n vraag na wie geniet watter en hoeveel voordele, en wie dra welke en hoeveel kostes, relatief tot andere. Gepaard daarmee gaan pogings om voordele en kostes te kwantifiseer, vir doeleindes van verspreidingskeuses.

Die ekwiteitskriterium vereis dus 'n billike verspreiding van voordele en kostes, maar op sigself spesifiseer dit nie wat moreel billik is nie en die saak moet binne die morele konteks van die onderhawige samelewing beslis word. Omgewingsekonomie definieer dus 'n konteks van keuses, insluitende morele keuses, wat egter nie slegs binne daardie omgewingsekonomiese verband en met behulp van daardie formulerings alleen gemaak kan word nie. Dit vestig egter wel die aandag op welke keuses gemaak moet word en probeer omlyn die opsies in kwantitatief-utilitaristiese terme. Dit fokus ook spesifiek op

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

daardie kostes wat voorheen geïgnoreer is, die sogenaamde “eksternaliteite”.

'n Kwantifiseringsmaatstaf is nodig om die waarde van verskillende goedere te bepaal en om gebruiksopsies, soos hoeveel van iets prysgegee gaan word ten einde iets anders te bekom, te vergelyk. Gewoonlik, hoewel nie noodwendig nie, word geld gebruik en koop- en verkooptransaksies, dit wil sê die mark, verteenwoordig die keuses waardeur waardes, oftewel pryse, toegeken word. Normaalweg reflekteer geldwaarde nie omgewingswaarde nie, omdat dié nie by kosteberekening in ag geneem is, of omdat omgewingshulpbronne nie besit en gewoonweg bemark word nie. ’n Belangrike taak van omgewingsekonomie is dus om geldwaardes daaraan toe te ken, ten einde die kostes en voordele van omgewingsgoedere te kan internaliseer ten einde volhoubaarheid te motiveer. Geld word also die uitdrukking en maatstaf van waarde, wat dan ook moet gestalte gee aan ander waardes soos die estetiese, die wetenskaplike, die rekreatiewe of die blote wete dat iets soos wildernis daar is. Vir baie mense voel dit verkeerd om so iets te doen, hoewel die aanvaarbaarheid daarvan mag toeneem namate oorlewingsoorwegings belangriker word.

Slesser en King (1988: 293-303) sê geld word beskou as die wyse waarop mense hul waardes en voorkeure kan uitdruk binne bepaalde omstandighede en geen beter, meer akkurate stelsel is nog uitgevind nie, mits die data natuurlik korrek is. Hierdie outeurs sê die probleem is dat ekonomiese ontwikkeling ’n raming van toekomstige keuses vereis wat egter so moeilik is dat ekonomiese modelle toenemend wantrou word, want mense se waardes en waardebepalings verander met die verloop van tyd en op onvoorspelbare maniere. As ’n alternatief stel hulle hulpbron-rekenkunde (“resource accounting”) voor, waarin die koste van ’n ekonomiese handeling of proses beskou word in terme van oorsaaklik verbonde insette en uitsette van energie met behulp van ’n nuwe dissipline genaamd “energie-analise”. Kapitaal word beliggaamde energie, dit wil sê die resultaat van voorheen verstrooide energie, wat meetbaar is. Elke ekonomiese aktiwiteit word ’n bergplek vir energie, en energie sirkuleer nie soos geld nie, dit is aandrywing vir die ekonomie. Volgens hierdie outeurs is die aanduidings dat hulpbron-rekenkunde veel akkurater voorspellingspotensiaal het as ekonomiese modelle.

Die benadering hier ter sprake is dié van die vryemark welvaart-ekonomie, waarvolgens verbruikers oordeel oor hul belange en keuses uitoefen oor die waarde, vir hulself, van skoon lug, natuurlewe en ander kommoditeite vir voortbestaan en genieting. Hoe

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

keuses gemaak word, hang af van die soort ekonomie ter sprake.

Stauth (Fuggle & Rabie 1983: 89) onderskei drie tipes ekonomie, die tradisionele, die beplande ("command") en die vryemark ekonomie. Kwantifisering is nie in alle gevalle nodig vir hulpbrontoewysing nie. In tradisionele ekonomieë word hulpbronne byvoorbeeld toegewys volgens gewoonte of sosiale konvensie, wat meestal volhoubaar sou wees, mits daardie ekonomieë nie versteur word nie. In beplande ekonomieë besluit elite-beplanners wat die gepaste waardes is by hulpbronbesluite. In vryemark ekonomieë word produksie- en verbruiksbesluite egter deur die markproses voltrek. Pryse dui behoefte en skaarsheidsgraad aan en die mark stuur ooreenstemmend seine aan produsente. Prysseine koördineer hulpbrontoewysing. Stauth sê voorts alle ekonomieë is eintlik vermeng. Daar is geen suiwer vryemark of beplande ekonomieë nie en die tradisionele is nou seldsaam. Elke ekonomie het egter meer kenmerke van een tipe as van die ander twee.

Dit is dus duidelik dat geld nie die enigste kwantifiseringsmaatstaf is nie en dat waardebepaling en hulpbrontoewysing ook moontlik is sonder gepoogde eksakte meting van waardes. Binne die konteks van die bestaande, gevestigde stelsel van hulpbronhantering in die Weste bly geld egter die nuttige, algemeen benutte, bekende maatstaf van waarde.

In die bespreking hieronder (vanaf p 68 en verder) word 'n aanduiding gegee van die probleme en leemtes in 'n eensydige, kwantitatief-utilitaristiese en deur die mark gerigte stelsel van hulpbrontoewysing. Dit noodsaak metodes vir die hantering van gebreke, terwyl ander, nie-ekonomiese en kontekstueel toepaslike waardes deurslaggewend mag wees.

Koste- en voordele-analises (KVA) word, volgens Stauth en Baskind (in Fuggle & Rabie 1992: 35) gewoonlik gebruik in omgewingsekonomie om hulpbrongebruiksopsies te vergelyk. Kostes en voordele is sodanig relatief tot menslike begeertevervulling. Voordele en kostes word gelys, die waarde van elk bepaal (met in agname van toekomstige waardes, sover moontlik), totale waardes bereken en kostes van voordele afgetrek. Netto voordele verteenwoordig netto doeltreffendheid, hoër netto voordele groter doeltreffendheid. Daar is egter probleme by hierdie prosedure:

- Omgewingshulpbronne se geldwaarde word meermale moeilik bepaal. Gevolglik dra

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ander, maklik berekenbare geldwaardes, meer gewig in besluitneming. (Die drooglegging van grond by 'n riviermonding vir behuising is byvoorbeeld makliker kwantifiseerbaar, vergeleke met die ekonomiese waardebepaling van die monding as leefomgewing van plantaardige en dierlike organismes en broeiplek van vis, ook nie-kommersiële soorte, almal van groot ekologiese betekenis en dus omgewingswaarde. So ook die aanwending van rivierwater vir besproeiing, versus die waarde van die rivier vir die handhawing van grondwatervoorrade en diverse natuurlewe en gepaardgaande mensebestaan volgens selfonderhoudende, "primitiewe" metodes). Leopold (1949: 246) sê reguit: "One basic weakness in a conservation system based wholly on economic motives is that most members of the land community have no economic value".

- Stauth en Baskind (in Fuggle & Rabie 1992: 35) sê 'n aantal pogings is al aangewend om ekwiteitsoorwegings by KVA te inkorporeer,[22] maar "no truly satisfactory way has been found to compare and trade off distributional effects (either intragenerational or intergenerational) with efficiency effects". 'n Sistematiese en uitdruklike opweging tussen doeltreffendheid, ekwiteit en volhoubaarheidgevolge word gevolglik selde uitgevoer by die vergelyking van alternatiewe hulpbrongebruiksopsies en die outeur sê daar is 'n neiging om 'n gebruiksvoorstel te aanvaar bloot omdat dit die doeltreffendheidstoets slaag, hoewel dit nie die ekwiteits- of die volhoubaarheidstoetse slaag nie.

Stauth en Baskind noem samevattend dus twee groot uitdagings vir omgewingsekonomie in die uitbreiding van konvensionele ekonomie ten einde hedendaagse omstandighede te akkommodeer. Die een is die ontwikkeling van tegnieke om *alle* kostes en voordele (met of sonder prys) gekoppel aan 'n voorgestelde hulpbrongebruik te meet en te vergelyk. Die tweede is die probleem om in hulpbrontoewysing eksplisiete erkenning te gee aan die welsyn van toekomstige geslagte en om tegnieke te ontwikkel vir die toepassing en opweging van die drie evaluasiekriteria.

Hierdie kort samevatting van die aanloop tot en hooftrekke van omgewingsekonomie voorsien die agtergrond vir die bespreking hieronder wat veral fokus op die uitgangspunte, veronderstellings, sentrale begrippe en kriteria van ekonomiese beredenering en tegnieke.

22 Biswas & Geping (1987) *Environmental impact assessment in developing countries*; Goodin (1986) "Discounting discounting" *J of Public Policy* (2): 53-71; Hardwick, Khan & Longmead (1986) *An introduction to modern economics*.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

'N KRITIESE EVALUASIE VAN OMGEWINGSEKONOMIE

Die etiese problematiek van ekonomiese beredenering en die markmeganisme

Die hooftrekke van omgewingsekonomie is hierbo aangedui. Dit brei die gewone ekonomiese hantering van gebruiksgoedere uit om die sogenaamde omgewingsgoedere (vgl p60) in te sluit. Dit verteenwoordig een ('n ekonomiese) benadering tot omgewingsprobleme, wat mense beskou as verbruikers en omgewingsbates as hulpbronne wat deur die mark toegewys moet word, beter of slegter, na gelang (slegs menslike) behoeftes bevredig word. VanDeVeer en Pierce (1986: 209) onderskei ook die benadering om omgewingsprobleme polities te hanteer en beperkinge en kontroles op die mark te plaas. Volgens hierdie outeurs is dit veral ekonome wat die markmeganisme verdedig, is hulle baie invloedryk in beleidsformulering en word hulle aanbevelings dikwels beskou as “prakties” en “realisties”. Vir gemakliker filosofiese en morele oorweging sit dié outeurs ’n raamwerk van ekonomiese beredenering uiteen (p209-214) wat die sentrale aannames daarvan aandui, sodat die etiese uitgangspunte en probleme daarvan en die aansluitingspunte vir alternatiewe daarvoor duidelik word. Die hieropvolgende ses punte weergee die essensie van hierdie raamwerk van VanDeVeer en Pierce, om die etiese ondersoek te verhelder:

1. Implisiet in enige ekonomie is die *antroposentriese benadering*. Alle en slegs mense is van morele betekenis en slegs die voordele en kostes van mense dra gewig in die beoordeling van optrede en beleid. Besoedelingskade, byvoorbeeld, tel net ten opsigte van mense en skade aan diere is moreel irrelevant, of dan net vir sover diere vir mense van belang is. So ’n standpunt is dié van William F Baxter (1974: 2-3). Hy sê “My criteria are oriented to people, not penguins. Damage to penguins, or sugar pines, or geological marvels is, without more, simply irrelevant .... Penguins are important because people enjoy seeing them walk about rocks”. So gesien, sou daar dus byvoorbeeld besluit moet word of mense meer benadeel word deur die prysgawe van DDT of die prysgawe van pikkewyne.

Wat ekonomie aanbetref, sê VanDeVeer en Pierce (1986: 209), as die antroposentriese aanname beliggaam in ortodokse ekonomiese teorie onaanvaarbaar is, is die teorie onaanvaarbaar. Juis hierdie aanname word egter bevraagteken as ’n sentrale aspek van

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

moderne omgewingsetiek (vgl Hoofstuk 1). Binne die verband van 'n bepaalde omgewingsetiese standpunt sal dus beredeneer moet word hoe, op grond waarvan en in watter opsigte dit aanvaarbaar is, al dan nie. Vir die Christelike standpunt, dominant in Suid-Afrika, sal vertrekpunte gesoek word in interpretasies van die Bybel, teoreties gesproke. In die praktyk is die groot invloed van menssentriese ekonomiese standpunte opvallend.

2. Moderne ekonomiese teorie aanvaar ook 'n verspreiding van wetlik beskermde *eiendomsregte*. Dit impliseer weer sekere aannames:

Mense kan besit, dog kan nie besit word nie.

Enige nie-menslike skepsel kan besit word.

VanDeVeer en Pierce (1986: 210) glo dit reflekteer 'n antroposentriese kriterium van morele status, dit wil sê morele waarde hang saam met 'n verwysing na mense.

Wetlike besit van 'n objek X word die beste verstaan as die besit van 'n pakket van eiendomsregte oor dit wat besit word, dikwels 'n reg om te gebruik, om gebruik deur andere te voorkom, om vergoeding te ontvang vir ongemagtigde gebruik deur nie-besitters, of vir die vernietiging van X, indien so verkies. Besit bevorder uitruiling, dit wil sê die funksionering van die mark. Dus, die kern van die mark, die uitruil van goedere en dienste, word verstaan teen 'n agtergrond van moreel aanvaarbare norme en instellings oor, onder meer, eiendomsbesit. Dit is duidelik dat nie-ekonomiese, in hierdie geval morele, standpunte mag bots met die antroposentriese veronderstellings vereis deur eiendomsbesit. Dit sluit aan by en weerlê eintlik die aanname in die volgende paragraaf.

3. Ekonome maak gewoonlik aanspraak op 'n *waardevrye metode* van ondersoek, dat hulle, as ekonome, nie weet welke reëls goed en reg is nie. Party sê waarde-aansprake is slegs uitdrukkings van emosie en nie rasioneel beslegbaar nie. McKenzie en Tullock (1978: 7) sê byvoorbeeld dat die ekonoom se benadering amoreel is en dat ekonome, as ekonome, nie kan sê wat redelik en regverdig is nie. Heyne en Johnson (1976: 767) sê dat etiese meningsverskille nie juis oplosbaar is nie, dit is "waarde-oordele".

VanDeVeer en Pierce (1986: 210) sê blykbaar is ekonome totaal onbewus daarvan dat hierdie standpunte lankal reeds in detail in wysgerige literatuur ondersoek is. Ook skyn

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hulle onbewus te wees daarvan dat hul eie verbondenheid aan die markmeganisme, of doeltreffendheid, of die maksimalisering van utiliteit, daarteenoor, suggereer dat hulle vakdissipline deels op waarde-aannames berus. Al hierdie verbondenhede verteenwoordig immers keuses van wat as waardevol geag word, wat klop met aanvaarde waarde-opvattings. Ekonomie is dus hoegenaamd nie 'n waardevrye benadering nie. Trouens, dit vervat en promoveer utilitaristiese, menssentriese prosedures, kriteria en doelwitte wat soms hoogs aanvegbaar is, uit die oogpunt van wyd-aanvaarde reëlmoraliteit. (Vgl ook die besprekings in Hoofstuk 3 en van KVA en doeltreffendheid hieronder).

4. Die begrip *doeltreffendheid* beklee 'n sentrale plek in ekonomiese benaderings tot die omgewing. In gewone taal het dit 'n positiewe, goeie konnotasie. Omgekeerd beteken "ondoeltreffend" "sleg" (in 'n opsig). Om nie doeltreffendheid na te wil streef nie, klink dom. Die populêre betekenis van doeltreffendheid moet egter nie met die tegniese betekenis van die begrip in ekonomie verwar word nie.

Volgens die definisie van doeltreffendheid (p 57) word vereis dat, in hulpbrontoewysing, voordele kostes moet oorskry. VanDeVeer en Pierce beklemtoon (1986: 211) ekonomie se implisiete aanname dat doeltreffend beteken "*doeltreffend vir mense*". 'n Fabriekplaas vir hoenderproduksie kan dus baie "doeltreffend" hoendervleis vir menslike verbruik produseer, maar niemand sal dit doeltreffend noem uit die oogpunt van die vermyding van hoenderlyding of die verlenging van hoenderlewe nie. Ekonomiese doeltreffendheid is dus sodanig vir mense, maar dan moet nog besluit word vir hoeveel en watter mense, in terme van die ander kriterium, ekwiteit. Daar duik konflikte met ander doelwitte en kriteria op wat die nastrewenswaardigheid van die doeltreffendheidskriterium, selfs net ten opsigte van mense, bevraagteken.

Soos reeds aangedui (p 56) mik die doeltreffendheidsmaatstaf op Pareto-optimaliteit, oftewel die maksimalisering van utiliteit. Die markmeganisme word dus dikwels deur sy voorstanders verdedig omdat dit vermoedelik die som van alle individuele welvaarte die beste maksimaliseer (VanDeVeer & Pierce, 1986: 211). Die ideaal van die maksimalisering van utiliteit en van doeltreffendheid as middel daartoe vereis egter nadere ondersoek, want daar bestaan ernstige bedenkinge oor selfs maksimaal doeltreffende situasies. VanDeVeer en Pierce (1986: 211) meld as voorbeeld 'n baas-slaaf verhouding. Pareto-optimaliteit aanvaar 'n gegewe situasie, maar ignoreer hoe dit tot stand gekom het. Daar

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

mag geen manier wees om hierdie baas-slaaf situasie te verander sodanig dat die een persoon beter daaraan toe word sonder dat die ander een benadeel word nie. Die situasie is dus Pareto-optimaal, dit wil sê, maksimaal doeltreffend, maar tegelyk immoreel. Dit is dus absurd om te glo dat wat doeltreffend is noodwendig ook reg is.

Freeman (1983, in VanDeVeer en Pierce 1986: 220) sê die ideaal van perfekte kompetisie op die mark het beperkings, die belangrikste waarvan waarskynlik die feit is dat daar nie 'n enkele, unieke optimum posisie is nie, dog oneindig baie alternatiewe. In 'n samelewing waar een individu al die grond en hulpbronne besit, sou 'n Pareto-optimum haalbaar wees. Dit sou egter nie moontlik wees om enigeen se posisie te verbeter sonder om die ryke swakker daaraan toe te laat nie. So 'n Pareto-optimum situasie verskil drasties van dié haalbaar in 'n ekonomie waar elke individu 'n gelyke besit van grond, kapitaal en hulpbronne het. Watter Pareto-optimum bewerkstellig word, sal afhang van die inisiële verspreiding van faktor-insette, soos arbeid en kapitaal. Elke denkbare verspreiding van eiendomsregte hang saam met 'n ander Pareto-optimum, in ooreenstemming met die inisiële besitregte. Dus, sê Freeman, is die ordening van dergelike optima 'n saak wat berus op die etiese vergelyking van verskillende verspreidings van welvaart en kan ekonomie self niks verder bydra nie.

Kelman (1981, in VanDeVeer & Pierce 1986: 243) sê ekonome se gedetermineerdheid om die regte handeling te bepaal deur die maksimalisering van netto-voordele is (sonder dat hulle dit besef) die klassieke moreel-filosofiese reaksie van utilitariste. Hiervolgens is die handeling wat menslike bevrediging maksimaliseer moreel die regte een. Hy bespreek 'n aantal implikasies van utilitarisme (ter sprake verderaan in Hoofstuk 3) maar dui aan dat dit 'n minderheidstandpunt onder kontemporêre morele filosowe is. Hy glo ekonome se skynbaar eenparige onderskrywing van utilitarisme getuig van onkunde oor die kontroversiële aard van hierdie konseptuele verwysingsraamwerk binne filosofie.

5. 'n Standaard aanname van ekonome wat die Pareto-kriterium toepas, is dat die *partye betrokke* by 'n ruiltransaksie die *beste kan oordeel* of hulle agterna beter daaraan toe sal wees. Ideaal gesproke het onderhandelaars volkome inligting. Inderwaarheid is hulle tot 'n mate oningelig, moontlik waningelig, deur winsmaksimaliserende instansies wat eiebelang najaag, en is hulle dikwels agterna teleurgesteld. Hierdie feit, sê VanDeVeer en Pierce (1986: 212) word deur sommige ekonome geakkommodeer deur 'n "vrywillige

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

transaksie" te definieer as een waaraan 'n individu slegs sal deelneem as dit vir hom voordelig is. Also word dit "analities waar" dat alle vrywillige transaksies deelnemers bevoordeel. Dit is egter nie wat die meeste mense bedoel met die uitdrukking nie. Die outeurs sê, aansluitend, dat mens dinge begeer "onder 'n beskrywing": Oedipus wou met Jocasta trou en het gekry wat hy begeer het. Hy wou nie met sy moeder trou nie, en het dus ook gekry wat hy nie begeer het nie.

Die ekonome se model van menslike sielkunde en keuse lyk dus ietwat te eenvoudig.

6. Die markmeganisme funksioneer op grond van wie deelneem. Slegs persone gewillig en in staat om te betaal, het toegang. VanDeVeer en Pierce se mening (1986: 212) is dat sowat 20% van die mensdom nie *toegang tot markte* het nie, vanweë onvermoë of ernstige belemmering, soos armoede, jeug, vertraagdheid of verstandelike versteuring. Dus het nie net nie-menslike skepsels geen sê oor die verspreiding van voordele en kostes deur die mark nie. Baie mense word uitgesluit, spesifiek ook ongebore geslagte.

Aanvullend by VanDeVeer en Pierce se uiteensetting van sentrale aannames hierbo, kan 'n paar verdere kenmerke van die markekonomie uitgewys deur Achterberg (1994:76-79) kortliks vermeld word:

Achterberg beklemtoon die *najaag van eiebelang* deur markakteurs, deur die gunstigste alternatief ten opsigte van voordele en kostes vir hulself te kies. Die koste vir andere of die hele samelewing is nie ter sprake nie. Hy haal Samuelson[23] aan (Achterberg, 1994: 65): "In the perfectly competitive world, noncooperative behaviour produces the socially desirable state of economic efficiency." Aan die kern daarvan is Adam Smith[24] se meganisme van die "invisible hand": "It is not from the benevolence of the butcher, the brewer or the baker, that we expect our dinner, but from their regard to their own interest. We address ourselves, not to their humanity but to their self-love, and never talk to them of their own necessities but of their advantages." Achterberg (1994: 77) sê 'n markakteur word so gedefinieer as abstrakte ekonomiese model en met so 'n motivasie staan hy

23 Samuelson, P.A. & W.D. Nordhaus (1992: 209).

24 Smith, A. (1776: 14).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bekend as *homo economicus*,[25] 'n begrip wat rolle omskryf, rasioneel in terme van markfunksie.

'n Kenmerk van *homo economicus* is dat hy *onversadigbaar* is, in die sin dat daar altyd 'n verdere denkbare pakket goedere is wat hy kan begeer.

'n Ander veronderstelling is dat alle goedere en dienste *substitueerbaar* is (Achterberg, 1994: 77). Achterberg sê "kategoriese voorkeure" soos die morele, godsdienstige, estetiese of etniese laat sodanige substitusie nie altyd toe nie, maar dit word by markstudie buite rekening gelaat. 'n Persoon mag 'n bepaalde plek byvoorbeeld uitsonder as woonplek of begraafplaas omdat lede van sy taalgroep naby woon of sy voorouers daar naby begrawe lê, sodat geldwaarde, of selfs geriefliker of aantrekliker of makliker bereikbare alternatiewe onaanvaarbaar is. Achterberg (1994: 77) beklemtoon verder, as uitstaande kenmerk van *homo economicus*, sy *ekstreme individualiteit*. Verhoudinge met andere is irrelevant en slegs die skaars kommoditeite, dié wat op die mark verhandel word, is van belang. *Skaarste* word gedefinieer (Achterberg, 1994: 78) as 'n relasionele begrip: "Schaarste is altijd beperkte aanwezigheid van goedere in relatie tot bepaalde behoeften in een gegeven populatie." Die fisiese eindigheid van 'n hulpbron is nie soseer ter sake nie as die behoefte daaraan. Mense genereer dus skaarste in terme van die onversadigbaarheidspostulaat. Achterberg sê verder onversadigbaarheid kom tot stand deur die moderne westerse wedywering tussen mense in die strewe na sosiaalgedefinieerde teikens van welvaart (dit wat gesien word as die begeertes van ander groeplede). Mense wil iets hê omdat andere dit wil hê. Hy noem ook dat mense hulself onderskei met behulp van die pakket van goedere en dienste waaroor hul beskik en wat juis deur gelykes en minder gegoedes gesien moet word. Hierdie "emulative competition" waarin luukshede, mode en rykdom 'n noodsaaklike rol speel, sê Achterberg, is reeds deur Adam Smith en David Hume vermeld. Self noem hy dit "*mimetiese begeerte*." Skaarste in moderne tye is die skadu van *homo economicus*, "het wezen dat van schaarste leeft en onophoudelijk schaarste genereert."

Achterberg (1994: 78) sê voorts die positiewe siening van eiebelang is 'n moderne verskynsel. Dit was eers, volgens Hirschman (1992: 40-41) 'n eufemisme vir drie begrippe:

25 Daly, H.E. & J.B. Cobb (1990: 87).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

rente op lenings (dit was sonde in die Middeleeue); amorele en immorele gedrag van konings ter wille van staatsbelang; en die najaag van materiële gewin vir jouself. Hierdie laasgenoemde kry in die agtiende eeu 'n positiewe betekenis en bereik 'n hoogtepunt in Adam Smith se siening daarvan as 'n "invisible hand." Daar is geglo[26] druk deur metodiese, belangegerigte handeling is verkieslik bo 'n alternatief van hewige, passievolle handeling. Die belange van die meerderheid wat ook nie in magsposisies is nie, kom so tot uiting. Dit is gaandeweg ekonomies gedefinieer en het gewen aan prestige en legitimiteit. Die gevolge van die ekonomiese nastrewing van eie belang lei ook tot positiewe waardering, volgens Achterberg (1994: 79). Dit is suksesvol, beskawend en vereis bepaalde gedragswyses.

Dit is egter vermeldenswaardig dat daar van die begin af teëstemme was en dat dit steeds voortduur. So een is Hirschman (1992: 109-117). Hy opper wat hy die *selfvernietigingstese* noem. Dit hou in dat 'n ekonomiese sisteem gefundeer op die najaag van eiebelang, soos kapitalisme, die morele grondslae waarop dit self rus en moet rus, ondermyn. Achterberg (1994: 80) sien bevestiging daarvoor in die haglike wyse waarop die stelsel na publieke goedere omsien. Ook in die "beperkte" moraliteit merkbaar in die wisselwerking tussen individue, wat 'n betroubare karakter behoort te hê (eerlik, waarheidliewend, sonder geweld). Ons het egter ten beste te kampe met instrumentele moraliteit. Andere word daarvolgens inkonsekwent in ag geneem, net op voorwaarde en tot die mate dat hul optrede die eie belange dien. Gevolglik word konsiderasie vir andere gebore uit respek vir hulle nie gevoed nie, dog eerder verswak. Die leefwêreld buite die ekonomiese orde word ook deurdrenk deur die element van berekening en instrumentele rede.

Die vraag staan dus uit: waar gaan mense meer as instrumentele motivering tot morele gedrag leer, wanneer nie-ekonomiese lewenssfere toenemend blootgestel word aan die kommersialisering en individualisering so kenmerkend van markgerigte gedrag, aldus Achterberg. Hierdie vraag kom weer aan die orde in die laaste hoofstuk van hierdie ondersoek.

Omdat die markmeganisme in die praktyk aan soveel gebreke en probleme onderhewig is,

[26] Vgl Hirschman (1992: 40-41).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

is die perfekte markideaal onhaalbaar. VanDeVeer en Pierce (1986: 212,238) twyfel dus of vrywillige ruiltransaksies altyd tot voordeel is van selfs net menslike deelnemers en sê dit word vandag algemeen aanvaar bestaande markte misluk in verskeie opsigte. Die oorweging van alternatiewe tot onverstoorde markfunksionering is dus nodig. Dit vereis politieke besluitneming volgens toereikende maatstawwe vir die beredenering van beleidsvoorstelle.

Hieronder word twee primêre oorwegings in gewone westerse, kapitalistiese beredenering by die oorweging van beleidsopsies van nader bekyk. Hulle verteenwoordig nie wesentlike nuwe denke nie, dog eerder 'n voortsetting van ekonomiese denkwyses en kriteria wat steeds eties tekort skiet. In die bespreking word etiese gebreke dus aangedui, ten einde dit duidelik te stel waar nie-ekonomiese insette nodig is indien politieke besluitneming wil verloop volgens 'n breër, meer toereikende verwysingsraamwerk as die eng ekonomiese, instrumentalisties beredeneerde.

Die probleem van politieke besluitneming

Freeman III (1986: 221) sê omdat die omvattende, perfekte mark van die Pareto-ideaal in die praktyk onmoontlik is, is stuksgewyse pogings tot marginale verbetering van die mark aangewese. Die vraag is dan na 'n kriterium om beleidsopsies te evalueer sodat 'n ander afloop as dié van die huidige markproses verkry kan word. Die Pareto-kriterium is baie streng. Enige beleid sal gewoonlik iemand laat verloor. Wetgewing teen besoedeling sal byvoorbeeld die besoedelaar laat verloor. Die Pareto-kriterium word dus nie algemeen aanvaar nie en speel geen rol in "hoofstroom"-omgewingsekonomie nie, aldus Freeman. Hieronder word gelet op alternatiewe:

<u>Die Potensiële Kompensasie Kriterium (PKK):</u>

Die PKK is die mees algemeen aanvaarde kriterium vir die beoordeling van alternatiewe beleidsvoorstelle, volgens Freeman (1986: 221). Dit vereis dat die totale voordele van hulle wat baat (die "wenners") in geldterme meer sal wees as die totale verliese in geldterme van hulle wat verloor (die "verloorders"). Voordele en kostes word gereflekteer deur individue se gewilligheid om te betaal vir voordele of die voorkoming van verliese. Verloorders moet bereid wees om substitusie in die vorm van geldwaarde of ander goedere

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

te aanvaar in die plek van dit wat hulle verloor. Die prys is die geldwaarde van die substitusie. So is in Suid-Afrika al stamgrond prysgegee vir aanwending as natuurreservaat in ruil vir huurgeld, aansprake of boumateriale, tradisionele medisyne en 'n aandeel in winste uit toerisme.

Hierdie kriterium geld net waar 'n substitusie aanvaarbaar is vir die verloorders. Waar nie, dit wil sê waar 'n alternatief beskou word as onaanvaarbaar, kan hierdie kriterium nie gebruik word nie, soos onder meer soms die geval by omgewingsbates. Die estetiese waarde van 'n natuurtoneel, gekoppel aan die potensiaal vir maklike en onherstelbare skending, mag byvoorbeeld aanwending daarvan vir toerisme of enige ander hoogs lonende doel heeltemal ononderhandelbaar maak.

Die etiese grondslag van hierdie kriterium is die aanname dat verloorders ten volle gekompenseer *kan word* deur die wenners, wat daarna steeds beter daaraan toe is. As voordele kostes oorskry, kan wenners potensieel verloorders vergoed. Twee kritiese oorwegings in verband met die PKK word egter genoem deur Freeman III (1986: 221-2):

1. Gewilligheid om te betaal word beperk deur vermoë om te betaal. Ten opsigte van die meeste goedere beteken groter inkomste groter gewilligheid. Die PKK gee dus groter erkenning aan die voorkeure van individue met hoër inkomste. Daar is rede om te twyfel of dit prakties kwantitatief betekenisvol is, maar dié saak word dikwels geopper waar koste-voordele-analise toegepas word op "omgewingsgoedere". (Vergelyk die beskuldiging soms in Suid-Afrika dat reservate net daar is vir die rykes. Mense sonder geld kan nie die toerismegeleenthede benut nie, maar moet nogtans ook die voordele van 'n alternatiewe gebruik van die onderhawige publieke grond ontbeer. Die argument negeer natuurlik die belangrike nie-toerismevoordele in almal se belang van die reservate).

2. Die kriterium spesifiseer nie of kompensasie betaal moet word, of nie. Dit vereis bloot dat die voordele van die wenners die verliese van die verloorders sal oorskry, in geldterme. Dit is moreel onaanneemlik. Die samelewing sou dus hieroor moet besluit. Die volgende moontlikhede bestaan:

- Kompensasie moet altyd betaal word. Dan is daar nooit verloorders nie. Dit sou beteken dat alle uiteindelik aanvaarde beleide aan die Pareto-kriterium voldoen, wat niks help om tussen hulle te kies nie. Die kwantifisering van 'n omgewingsbate soos

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

natuurskoonheid, in geldterme, vir doeleindes van kompensasie is natuurlik ook dikwels moeilik of onmoontlik.

- Kompensasie moet nooit betaal word nie. Freeman (1986: 221) sê dan word die PKK 'n moderne vorm van utilitarisme "... in which the aggregate of utilities are measured by the sum of the money values of all the goods consumed by all the individuals." Utiliteit word hier in geldterme weergee. Al die probleme van utilitarisme kom natuurlik ook dan ter sprake. (vgl Hoofstuk 3). Dit sluit in die moreel onaanvaarbare negering van die belange van die individu.
- Kompensasie hang af van die identiteit en relatiewe verdienste van die wenners en verloorders. In hierdie geval sal die samelewing 'n etiese reël of reëls benodig waarvolgens besluit kan word oor die regverdigheid van die skepping van voordele vir en die toebedeling van verliese aan individue. Dit gebeur daagliks dat owerhede besluite moet neem wat party burgers van 'n land meer bevoordeel as ander, of wat bepaalde verliese vir net 'n sekere groep meebring. Blote kwantifisering en die opweging van globale geldwaardes alleen kan nie regverdigheid, ook teenoor individue, as sodanig volledig weergee nie.

Die kritiese oorwegings wat Freeman noem, opper dus altwee etiese aspekte wat nie afdoende beregtig word of glad nie voor voorsien word in die formulering en toepassing van die PKK nie. Hoe gewild hierdie kriterium dus ookal mag wees binne omgewingsekonomie, dit lewer onoorkomelike probleme op wat dit onhoudbaar maak om dit sonder meer en met 'n skoon gewete na te volg. Koste-voordele-analise is egter 'n ander benadering waarmee omgewingsekonomie trag om hierdie probleme te oorkom.

Koste-voordele-analise (KVA)

KVA se strekking en gebruik in die beraming van die relatiewe doeltreffendheid van potensiële hulpbrongebruike om 'n keuse tussen hulle te vergemaklik, is reeds aangeroer (p64 hierbo). Toe is gewys op die feite dat omgewingshulpbronne moeilik ingepas word by hierdie prosedure met sy menssentriese vertrekpunte, terwyl binne daardie mensgerigte oorwegings maatstawwe van ekwiteit ook nie tot hul reg kom nie. KVA is nietemin so gebruiklik en invloedryk dat nadere ondersoek raadsaam is. Spesifiek word dus hieronder gelet op standpunte oor toepassingsprobleme, op ekwiteitsprobleme, morele geldigheid en relevansie en op finansiële regverdiging. Alternatiewe waardebepaling en 'n wyere etiese

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

perspektief en ideologiese konteks kom daarna ter sprake.

Die Maksimaliseringsbeginsel: Aard, toepassing en probleme

VanDeVeer en Pierce (1986: 238-239) onderskei tussen twee standpunte oor die rol van KVA in die beoordeling van beleidstandpunte:

1. As 'n beleid aanvaar is, om watter rede ookal, moet kostes nie voordele oorskry by die uitvoering van die beleid nie. Voordele minus kostes moet gemaksimaliseer word. (Dit is koste-doeltreffendheid).
2. As uitvoering van 'n beleid voordele minus koste maksimaliseer, behoort dit uitgevoer te word. (Dit is 'n normatiewe maksimaliseringsbeginsel waarvolgens 'n beleid verkies word).

VanDeVeer en Pierce (1986: 238) sê twee basiese vrae duik egter dadelik op:

- Waarom moet ons dit doen wat voordele bo kostes maksimaliseer? (Dit gaan oor aanvaarding van die norm).
- Is dit moontlik om te weet of redelikerwys te glo dat 'n bepaalde beleid voordele minus kostes maksimaliseer? (Dit gaan veral oor toepassing van die beginsel).

VanDeVeer en Pierce (1986: 241) glo dat die wydverspreide meta-etiese aanname onder omgewingsekonome dat behoorlike gebruik van omgewingsgoedere meer 'n kwessie van ekonomie as van moraliteit is, geloofwaardig is slegs na aanvaarding van die maksimaliseringsbeginsel (mens behoort te doen dit wat voordele bo kostes maksimaliseer) en die aanname dat alle ter sake voordele en kostes gemeet kan word. Maar die eise staan nie los van sorgvuldige etiese ondersoek en oorweging nie.

VanDeVeer en Pierce (1986: 239) sê as ons aanneem standpunt 2 hierbo is korrek en ons probeer die veronderstellings daarvan bepaal en ondersoek, open dit 'n Pandora-kas van raaisels. Die voorveronderstellings is talryk, moeilik om bloot te lê, gevestigd en uiters invloedryk. Die konsepte koste en voordeel is ook nie voor die hand liggend nie en word moeilik geïdentifiseer. Kostes soos vervroegde afsterwe, pyn, besering, ervaarde frustrasie of die nie-vervulling van begeertes, fokus byvoorbeeld almal net op mense. Die belange van diere, plante en landskappe kan egter benadeel word sonder dat mense enigsins benadeel word. Ekonome ignoreer gewoonlik sulke nie-menslike belange. Dieselfde geld vir voordele. Is die verlenging van menslike lewe byvoorbeeld ook

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

noodwendig 'n voordeel? ("Eternal life as such might be boring").

Ten opsigte van voordele vir mense moet ook gelet word op anti-sosiale voorkeure, soos Hitler se standpunt oor Jode. Daar was al of is ook voorkeure vir slawerny, die misbruik van kinderarbeid of die relegasie van vroue na 'n onderdrukte sosiale posisie.

KVA-berekenings vereis 'n gemeenskaplike maat, tipies geld. Geldwaarde toekenning is moeilik, selfs met 'n antroposentriese uitgangspunt. Dit is veral ook waar ten opsigte van omgewingsgoedere, wat bowendien moeilik besit word. (vgl p61 hierbo). Aan skade aan of voordele vir mense, soos verkorte lewensverwagting, verminderde lewenskwaliteit as gevolg van gesondheidsprobleme, rusverstoring en lawaai byvoorbeeld, word moeilik 'n geldwaarde toegeken. Boonop is dit moeilik om te glo dat daardie geldwaarde die koste of situasie volledig verteenwoordig.

Kelman (1986: 245) sê die grondslag wat ekonome vir waardebepaling vir die doeleindes van KVA gebruik, is mense se gewilligheid om te betaal vir 'n bondel goedere wat die item insluit wat nie normaalweg op sigself bemark word nie. Dit mag geld vir vars lug, stilte of natuurskoon wat 'n mens mag koop saam met 'n woonhuis. Opgeweeg teen 'n vergelykbare huis op 'n ander terrein, maar sonder die vars lug, stilte en natuurskoon, verteenwoordig die prysverskil die ekstra geldwaarde wat die koper bereid is om te betaal vir daardie bates. So ook mag 'n persoon 'n werk met 'n relatief hoë lewensrisiko daaraan gekoppel, maar teen hoër betaling, soos die loods van 'n vliegtuig om oeste te bespuit, verkies bo 'n vergelykbare veiliger, minder betalende werk, soos die loods van 'n ligte vragvliegtuig. Dergelike keuses deur 'n klomp persone en gepaard met salarisvergelykings mag dan as grondslag gebruik word vir die bepaling van die geldwaarde gekoppel aan menselewens. Dit is ten minste die oënskynlike waardes wat die betrokkenes aan hul eie lewens heg. Dergelike benaderings is die grondslag vir die sogenaamde "shadow-pricing", oftewel die bepaling van die waarde wat 'n item sou hê as dit wel bemark kon word. Dit word byvoorbeeld gebruik binne die konteks van omgewings-, gesondheids- en veiligheidsregulasies.

Kelman (1986: 245-248) lys 'n aantal tegniese besware wat die geldigheid van die onderhawige aannames en prosedure bevraagteken:

- Die onkontroleerbaarheid van alle dimensies van kwaliteit anders as die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

teenwoordigheid of nie van die nie-bemarkte item in die bondel items. Dis nie noodwendig net daardie item wat prysverskille bepaal nie.

- Belangriker: Mense verskil in voorkeure en ook geneigdheid tot risiko. Omdat mense se voorkeure verskil en mense ook deur uiteenlopende dinge beperk word in voorkeuruitoefening, sal die geldwaarde toegeskryf aan die nie-mark items wat mense wil vermy laer wees, want mense met 'n buitengewoon lae afkeur van daardie dinge, of met 'n buitengewone beperking op hul keuses, sal die bondel items teen 'n laer korting as die gemiddelde persoon koop (dit wil sê, laer negatiewe waarde toeken). Byvoorbeeld, 'n huis gekoop naby 'n lughawe deur 'n dowe of iemand min geplae deur lawaai, of sonder die geld om elders te koop, sal minder aan prys inboet.
- Die metode veronderstel ook die prys om iets op te offer of te bekom is dieselfde. Die prysgawe van 'n onbelemmerde berguitsig wat 'n persoon reeds geniet, vereis gewoonlik 'n veel hoër vergoeding voordat die persoon daartoe instem as wat hy sou wou betaal om 'n situasie te verbeter deur die verwydering van 'n visuele obstruksie ten einde 'n uitsig te bekom. Getuienis dui daarop mense vereis meer om in te stem tot 'n verslegtende situasie.
- Die aanname is ook dat private transaksies dieselfde is as openbare, kollektiewe transaksies. 'n Individu mag die uiters gevaarlike maar hoogs lonende beroep verkies. 'n Owerheid sou egter nie so-iets kon voorskryf of verwag nie. 'n Waarskynlik taamlik algemene alternatiewe standpunt is dat openbare besluite die geleentheid bied om hoër waardes toe te ken.
- Die blote prystoekenning aan 'n item (byvoorbeeld lof, seks, 'n persoon) verlaag die waarde daarvan en gaan gepaard met sekere gevoelswaardes. Dit verhinder die etikettering daarvan as "onkoopbaar", wat dui op waarde gewoonlik gereserveer vir iets op sigself, permanent, en nie vir die bloot instrumenteel waardevolle nie. 'n Geldprys vir 'n item skep die indruk van onderhandelbare waarde.
- Vrae kan ook gestel word oor anti-sosiale voorkeurvervulling. Ortodokse ekonomie bevraagteken nie bestaande voorkeure nie en ondersoek ook nie die verband tussen geloof en voorkeur nie. (Vergelyk veelwywery, slawerny).

In die lig van al hierdie besware is Kelman se besluite dan:

- Dat op al die voormelde drie gebiede daar gevalle is waar 'n besluit reg mag wees hoewel voordele nie kostes oorskry nie. (Die persoon in Nazi-Duitsland wat protesteer teen die onreg teenoor Jode sou moreel reg optree, hoewel hy beslis nie voordele bo kostes

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

maksimaliseer nie. Dit slaan op die konflik tussen reëlmoraliteit en 'n utilitaristiese argument – vergelyk Hoofstuk 3).

- Dat daar goeie redes is om die plasing van geldwaardes op onbemarkte voordele en kostes teen te staan.
- Dat die frekwensie van gevalle waar die voordele-moet-kostes-oorskry-toets onwenslik is (dit wil sê waar nie-utiliteitsgebaseerde pligte en regte bots met die maksimaliseringsbeginsel), tesame met besware teen die monetisering van onbemarkte voordele en kostes, die aangaan van groot uitgawes om data vir KVA te versamel of om KVA te populariseer, nie geregverdigd is nie.

Hoewel Leonard en Zeckhauser (1986: 249-253) probeer om KVA te verdedig, erken hulle egter dat sekere belangrike sosiale waardes (byvoorbeeld menselewe) nie hanteer kan word, trouens nie eers identifiseer kan word, deur KVA nie en afsonderlike oorweging vereis. Hulle glo nogtans sulke oorwegings maak nie KVA ongeldig nie, maar dui bloot daarop dat meer as geldwaardes ter sprake is. Hulle glo slegs werklik belangrike en relevante sosiale waardes behoort egter groter gewig te dra as die bevindinge van KVA omdat sulke waardes bowendien neig om met verloop van tyd te verander. Hulle erken ook 'n sistematiese onewewigtigheid teenoor moeilik kwantifiseerbare aspekte van besluite, want KVA is immers ontwerp as 'n metode van kwantifikasie en sal dus meer geredelik die makliker kwantifiseerbare aspekte hanteer. "But this limitation is in itself ethically neutral, unless it can be shown that the quantifiable considerations systematically push decisions in a particular direction. Its detractors must show that the errors of cost-benefit analysis are systematically unjust or inefficient ..." (Leonard en Zeckhauser 1986: 252). Ook "... perhaps they (cost-benefit analyses) weight the future too little" (Leonard en Zeckhauser 1986: 252). Die aanspraak skyn dus te wees: KVA is goed, tensy iemand bewys sistematiese toepassing lei tot etiese leemtes. Laasgenoemde is duidelik deur Kelman en andere[27] aangetoon.

KVA, die maksimaliseringsbeginsel en die PKK rig dus nie op sigself openbare beredenering op 'n bevredigende wyse nie. Die moeilike, soms haas onmoontlike taak om alle voordele en kostes te konseptualiseer, te identifiseer en te kwantifiseer in geldwaarde; die miskenning van hoëre waardes (is 'n geldwaarde op 'n menselewe rasioneel?), die

27 Vgl Sagoff en Tribe verderaan en O'Neill in Hoofstuk 6.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

arbitrasie deur private voorkeure wat soms anti-sosiaal of bloot apaties mag wees en soms glad nie ware voordele of kostes mag reflekteer nie, asook die ontoereikende konsiderasie van die distribusie van voordele en kostes, en les bes, die eksklusiewe mensgerigtheid en die negering van natuur- en omgewingswaardes, verteenwoordig almal beperkinge in die toepassing van hierdie kriteria. 'n Soeke na alternatiewe beleidsriglyne is dus aangewese en vind plaas, soos hieronder aangedui.

ALTERNATIEWE GRONDSLAE VIR OMGEWINGSBELEID

Na die kwessie van besluitneming, ook politieke besluitneming, in 'n wyer verband as die eng ekonomiese, wat moreel tekort skiet maar nietemin ook nie geïgnoreer kan word nie, word weer teruggekeer in Hoofstuk 6. Ná die voorafgaande uiteensetting van omgewingsekonomie en die kriteria daarvan is dit egter raadsaam om op hierdie stadium reeds 'n oorhoofse perspektief te kry op die kenmerke van die oorheersende huidige denkklimaat waarin beredenering en besluitneming oor omgewingsake plaasvind. Riglyne daaruit regverdig die begeerte na 'n wyer perspektief en bied tegelyk sinvolle motivering vir die bespreking in hieropvolgende hoofstukke van dominante Suid-Afrikaanse waardestrominge en die etiese inhoud van Suid-Afrikaanse omgewingswetgewing.

In die konteks van owerheidsbesluite oor wetgewing en die samelewing se steun daaraan en deelname aan wetgewende reëling en wetsuitvoering is die samelewing se opvattinge, waardes en gelowe hoogs relevant. In sy bespreking van alternatiewe vir 'n onverstoorde markmeganisme sê Mark Sagoff (in VanDeVeer en Pierce 1986: 232) egter dat welvaart-ekonomie slegs KVA beskou as objektief, alle andersins bepaalde waarde as subjektiewe gevoelsuiting. Volgens Sagoff sien ekonome hulself as eties neutraal. Beleid kan nou nie matematies uit individuele voorkeur afgelei word nie. 'n Tweede beste is dat die mark individuele voorkeure kollektief orden tot sosiale toestande waarop beleid dan gebaseer word. Also word byvoorbeeld dan 'n "optimale" getal aborsies of "optimale" besoedelingsvlakke vasgestel. (L.W. dit is die beste waarop die mark mik ten opsigte van besoedeling). Dit kontrasteer Sagoff met openbare, objektief beredeneerbare Kantiaanse reëlmoraliteit, wat aanspraak maak op waarheid, nie net gevoelsuiting nie.

Kelman (1986: 244) sê KVA is nie moreel irrelevant nie. Dikwels is dit ook genoeg om tot

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

'n besluit te kom. Maar soms is dit irrelevant (menslike regte vereis byvoorbeeld nie KVA nie) en soms is verdere oorweging nodig vir 'n besluit. Hy glo openbare beleidsbesluite wat berus op private keuses, soos die ekonomiese, gee aanstoot aan die demokratiese tradisie waarin reëlmoraliteit en beginselbesluite 'n groot rol speel en beroof politiek van sy onafhanklike rol ".... reducing it to a mechanistic, mimicking recalculation based on private behaviour" (1986: 247).

Sagoff (1986: 229) wys op die belangrike verskil tussen die optrede van mense as verbruikers (individueel, selfgerig) en as burgers (kollektief, vir die gemeenskap). Binne dié twee verskillende, in vergelyking inkonsekwente verwysingsraamwerke, tree mense verskillend en teenstrydig op. Wat jy voor stem en as openbare besluite goedkeur, is dikwels nie wat mens doen nie. 'n Mens sou byvoorbeeld dikwels probeer loskom van 'n verkeersdagvaarding waaraan jy definitief skuldig is, maar nooit die aanstelling van korrupte amptenare of roekeloos hoë spoedbeperkings as beleid wou goedkeur of in die wet ingeskryf wou hê nie. Ons is almal "skisofreen" in ons opvattings, aldus Sagoff.

Die politieke wil (openbare stemkeuse) kan dus bots met die doelwit van doeltreffendheid (private verbruikerskeuse). Omgewingsbeleid kan dus nie eksklusief net op enige een van die twee gebaseer word nie. Hulle balanseer mekaar. Daar kan ook nie tussen die twee benaderings op grond van die een (KVA) gekies word nie. 'n Botsing tussen mededingende *beginsels* kan nie besleg word deur te let op hoeveel die onderskeie ondersteuners bereid is om vir hul opvattings te betaal nie. Kelman (1986: 244) wys ook op die logiese implikasie van 'n sirkeltipe van argument, waar 'n beginsel se korrektheid teen homself gemeet word. Politieke wil reflekteer ook die ideologiese, estetiese en morele doelwitte van die samelewing. Omgewingsreg kan dus nie gereduseer word tot koste-voordeel rekenskap nie, anders sou items wat op sigself gewaardeer word, gereduseer word tot middele vir die produksie van globale utiliteit.

Sagoff (1986: 231) beklemtoon dat 'n verwerping van KVA as 'n grondslag vir openbare beleid nie beteken dat koste-doeltreffendheid-analise (KDA) (vgl p 73 hierbo) verwerp word nie. Hy haal Baram (1980: 473) aan, wat sê KVA word deur party besluitnemers gebruik om sosiale doelwitte sowel as die beste metodes vir die bereiking daarvan te bepaal, terwyl KDA gebruik word om alternatiewe metodes vir die bereiking van 'n doel wat nie noodwendig deur KVA bepaal is nie, te vergelyk.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Sagoff (1986: 231) sê as doeltreffendheid die kriterium is vir gesondheid of omgewingsgehalte, neig mense egter om aan sosiale verhoudinge in terme van 'n markmodel te dink, terwyl daar heelwat alternatiewe is. Party glo, in beginsel, omgewingskwaliteit moet beskerm word slegs insoverre die voordele van beskerming die koste daarvan uitbalanseer. Andere argumenteer, ook uit beginsel, dat omgewingsgehalte nie 'n kommoditeit is nie en as van waarde op sigself beskou moet word. Die politieke wetgewerrol mag, volgens Sagoff, as van meer belang beskou word as die verbruikerrol. As wetgewing dus meer beskermend is as wat deur die doeltreffendheidsmaatstaf aangedui word, getuig dit nie van onbekwaamheid nie, dog kan dit die uitdrukking van openbare, nie-ekonomiese waardes verteenwoordig. Laasgenoemde hang nie soseer af van individuele behoeftes nie, as van individuele opvattings oor kollektiewe strewes. Omgewingsbates is dus nie slegs ekonomiese hulpbronne nie en eiebelang moet ook gesien word teen 'n agtergrond van kollektiewe selfrespek. Vir Sagoff is die teenstelling soos tussen 'n moderne en 'n antieke wêreld, met politieke vryhede, privaatheid en eiendom, teenoor gemeenskaplikheid en deelname. (Hierdie beredenering van Sagoff word verder gevoer in Hoofstuk 6).

'n Standpunt wat aansluit by die voorafgaande en 'n wyer perspektief stel, is dié van Tribe (1986: 253-9). Hy soek na grondslae vir omgewingsreg en kla oor 'n houding en 'n onderbou van premisse toenemend merkbaar in omgewingsdenke, -reg en -beleid. Sy aanknopingspunt is natuursurrogate, soos die plastiekbome in 1972 "aangeplant" in kunsgrond langs 'n boulevard in Los Angeles waar te min grond oor was vir bome[28]; ook surrogate soos die kunsgras wat toenemend gebruik word rondom swembaddens en op sportgronde, en ook soos die gepoogde skepping van 'n natuuratmosfeer met behulp van elektroniese voëlklanke, en dies meer. Aansluitend noem hy ook 'n artikel wat in *Science*[29] voorstel dat mense kan leer om wildernis te waardeer en dus ook gemanipuleer kan word om daardie kunsmatige plaasvervangers te waardeer wat meer waarskynlik beskikbaar sal wees. Tribe (1986: 254) fokus veral op die houding teenoor die natuurlike opgesluit in dergelike praktyke en standpunte en glo dit klop met die basiese aannames in baie teenswoordige omgewingsbeleid wat uitgaan van beramings van hoe goed menslike begeertes bevredig word. Hy wys op die tegniese kapasiteit en beperkings van analise

28 *Los Angeles Times* 8 Feb 1972.

29 Vgl Krieger, M.H. (1973).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(soos hierbo aangedui). Tribe sê die nuwe veld van omgewingsreg berus op analise met die oog op wetgewing, regspleging, beplanning, howe of private ondernemings. In alle gevalle word omgewingswaardes saam met die ekonomiese en tegniese verwerk in besluitneming. Omgewingswaardes kwantifiseer dikwels moeilik en trek moeilik saam in dieselfde tuig met "harde" waardes, soos tegniese uitvoerbaarheid en ekonomiese doeltreffendheid. Omgewingswaardes word beskou as weerstandig teen "objektiewe meting". Hierdie kategorisering van omgewingswaardes, glo Tribe, volg uit 'n misleidende formulering van die probleem en 'n miskenning van die analitiese kapasiteit van die onderhawige tegniek.

'n Dominante doelwit (soos 'n ekonomiese) word baiemaal afforseer deurdat dit die perke definieer vir die analise en daar word aangedring op 'n gemeenskaplike waardemaatstaf, soos geldwaarde. Die konteks waarbinne analise plaasvind (sê besluitneming oor fondse-allokasie deur 'n owerheid) en die waardes van die mense wat analise verlang, versterk dikwels die bepaalde tendens. Uiteindelik word "sagte" waardes, soos plante- en diere-"regte" en ekologiese, langtermyn prioriteite uitgedruk. Dit kom daarop neer dat natuurwaardes, waardes op sigself, nie gehandhaaf kan word binne 'n konteks waar ander waardes as primêr beskou word nie.

Tribe (1986: 255) wys ook op ideologiese grense. Beleidsanalise werk binne 'n tradisie wat menslike behoeftebevrediging beskou as enigste verdedigbare maatstaf van die goeie. Dit is 'n gegewe (vgl Sagoff se opmerkings oor welvaartekonomie hierbo weergegee op p77). Dit is 'n enorme waarde-oordeel waaraan alle omgewingswaarde gemeet word en impliseer dat natuursurrogate (byvoorbeeld plastiekbome en elektroniese voëlgeluide) mensebehoeftes ewe goed mag tevrede stel en dus aanvaarbare (en dikwels goedkoper) plaasvervangers kan wees. Dit sou impliseer dat, sou surrogate die natuurlike kon vervang, sou laasgenoemde se bestaansreg verval. Daar is reeds gewys op Sagoff se aandrang op meer erkenning aan reëlmoraliteit en die samelewingsideale wat vorm aanneem in 'n demokraties gevormde politieke wil (p77-8 hierbo). Dit bied 'n veel wyer en meer gebalanseerde geleentheid vir die uitdrukking van alle waardes vaardig in die samelewing en nie net die eng ekonomiese waardes uitgedruk in die markproses nie.

Ook Tribe argumenteer vir 'n nuwe rasionaal vir omgewingsbeleid, eerder as doeltreffendheid en KVA, wat afforseer word op 'n veld wat nie altyd vatbaar daarvoor is

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

nie. Die neiging om teen KVA-analise te protesteer, dui vir Tribe (1986: 256) daarop dat die analise iets weglaat. Hy glo wat weggelaat word, is 'n vrywillig aanvaarde verpligting, wat rigting kan gee aan gedrag. Sulke verpligtinge is aan beginsels wat deur ons gesien word as losstaande van ons keuses en waaraan ons verbonde voel. Tribe (1986: 256-7) glo aandrang op waardes as manifestasie van begeerte verskuif die fokus van inhoud na vorm, na waardes as geabstraheerde aanduiding van eiebelang. Politieke analise binne die konteks van eiebelang vertaal verpligting in terme van eiebelang, verander subtiel die filosofiese premisse.

Selfs al sou mens onder sulke omstandighede dieselfde handelinge kies, glo Tribe (1986: 257) mens sal voel jy kies hulle nie meer uit verpligting nie, maar vanweë hul lae "opportunity cost". Dit verwring die betekenis van jou keuse. Wat begin as, byvoorbeeld, steun vir reservaatstigting uit simpatie vir natuurlewe, word verander binne die stelsel waarin die saak bevorder word en word vertaal na die terminologie van menslike eiebelang. Die aanvanklike verpligtingsgevoel word nou vertolk in terme van die verliese aan natuurverskeidenheid van toekomstige mense, die verlies van potensiële estetiese satisfaksie, die oorbelading van ander ontspanningsgebiede, ensovoorts. Regsdogma en politieke eise legitimeer dus 'n stelsel van diskoers wat menslike motivering aan die hand van verpligtingsgevoelens ondermyn. Enige huiwering word erodeer deur druk ten gunste van analitiese eenvormigheid. Uiteindelik word verpligting eiebelang en waardeverskille verklein. Dan word wilderniswaarde byvoorbeeld langs oopgroef-mynbou geplaas, as alternatiewe grondgebruiksopsies wat geweeg word in terme van menslike belange en begeertes. Om die vergelyking rasioneel te maak, vertaal verdere reduksie die twee waardes na maklik vergelykbare eenhede van satisfaksie, soos geldwaarde.

Hierdie vertaling van alle waarde na homosentriese terme lei tot twee verwringings: Eerstens word 'n aanvanklike verpligtinggevoel vervlak na 'n aspek van eiebelang; Tweedens word waardegapings perspektiwies opeengetrek en aldus versluier. Hierdie proses vind plaas binne 'n konteks van houdinge en aannames wat menslike begeertevervulling as die enigste verwysingspunt vir beleidsontleding en keuse beskou. Hierdie aannames, tesame met die gepaardgaande begeerte vir analitiese helderheid, oefen 'n baie groot reduksionistiese druk uit op alle waardes wat andersins as onversoenbaar met 'n kalkulus van individuele begeerte sou voorkom.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Tribe (1986: 258) glo verpligtingsgevoelens (dus beginsels) moet uitdruklik gestel word in impakstudies, beleidsanalise en wetgewing, wat nie net ingeklee moet word in menslike gebruiksterme nie. Dus, byvoorbeeld, bewaring of bestuur van 'n soort as verklaarde waarde op sigself en nie net ter wille van nut nie. Hy verwys ook na Stone (1974: 3-54) se aanbevole regtetoekenning aan natuurobjekte en sê ons regstelsel het lankal die regte van ander entiteite as mense erken, soos kerke, vennootskappe, families, ensovoorts. Dit is natuurlik blote regskundige konstruksies en konvensie, maar open vir hom 'n moontlike manier om aan die aansien-vereistes te voldoen en prosedures teen omgewingskending te vereenvoudig. Volgens Tribe (1986: 259) is die menslike kapasiteit vir empatie nie staties nie en kan dit uitbrei langs 'n spiraal van verdere morele evolusie. Die beskerming om hul eie ontwil van nie-lewende entiteite soos berge en mere lyk egter vir hom nog onbereikbaar. 'n Besef sou nodig wees dat daardie entiteite intrinsieke behoeftes het en onafhanklike morele aansprake kan maak.

Binne die konteks van 'n siening wat klem lê op institusionele oorsake van die omgewingskrisis en wat verandering van hierdie institusies vereis, wat klem lê op oorlewing van die mensdom en wat oor die algemeen antroposentries is, is die standpunte uitgedruk deur die WCED (p9 hierbo) en outeurs soos Hardin, Heilbroner en Vermeersch van belang, aldus Achterberg (1994: 7). Vermeersch se denke bied tegelyk 'n globale perspektief op die hantering van omgewingsprobleme en 'n voorbeeld van 'n poginig om omgewingsdenke te laat aansluit by die Christelik-godsdienstige benadering.

Vermeersch (in Achterberg 1994: 7-10)[30] wys op die perke van die omgewing as bron van hulpbronne vir die mens. Hy sluit aan by die probleme van ekonomiese beredenering en poog om dit in wyer perspektief te plaas. Hy soek die rede vir die ontstaan van die omgewingskrisis in die interne dinamiek van drie sisteme, wetenskap, tegniek en kapitalisme, saam genoem die WTK-bestel. Hy benadruk ook die belang van wêreld-bevolkingsgroei in sowel verklaring as terapie van die probleem en beskou as noodsaaklik 'n omgewingsetiek wat kan bydra tot 'n positiewe houding teenoor die vereiste verandering. Sy voorgestelde omgewingsetiek brei die (Christelike) begrip "naaste" uit na sowel toekomstige geslagte (tot drie) as na diere wat kan ly. Sy sentrale antroposentriese standpunt, meen hy, doen nie af aan die toereikendheid daarvan nie.

30 Vir volledige uiteensetting, raadpleeg Vermeersch, E. (1988) *De Ogen van de Panda*.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Vermeersch herlei die krisis na ons stelsel van produksie en verbruik, waarin gepaste regstellings dus gemaak moet word. (Die "idealistiese" verklaring wat redes soek in Christelike arrogansie (p.33 hierbo) heg hy min waarde aan).

Die drie komponente van die WTK-bestel het volgens Vermeersch (1994: 8) elk sy eie inteme dinamiek wat mekaar wedersyds versterk. Die sisteem self genereer 'n drang tot uitbreiding en vooruitgang, groter kennis, insig, dade. Die bestel het wêreldwyd sukses behaal vanweë sy uitsonderlike doeltreffendheid. Daar is egter 'n keersy, in twee opsigte. Elke deelsisteem vertoon 'n tendens tot 'n outonome dinamiek, wat boonop ongerig is, want voorheen is aan ontwikkeling geen doel gestel nie. Produksie was byvoorbeeld 'n doel op sigself en nie om bepaalde behoeftes te bevredig nie. Die gevolg was doelloosheid, irrasionaliteit van die totale sisteem en uiterste rasionaliteit van die deelsisteme. Die resultaat som Vermeersch (1994: 8-9) op in sy mees beslissende kritiek op die huidige bestel: 'n sisteem wat vanuit sy struktuur self 'n ongebreidelde ekspansiedrang het en in 'n eindige wêreld funksioneer, moet hom uiteindelik te pletter loop teen die uitputting van grondstowwe en energiebronne, oormatige en onherstelbare besoedeling en die versnelde verdwyning van ander soorte. Deur in alle dimensies van ons bestaan 'n aspek van mateloosheid in te voer en ewewigte wat op beperkinge en eindigheid gebaseer is te ontwrig, het ons ons ekosisteem van alle kante onder druk geplaas.

Vermeersch (1994: 9) sê ons insig in die probleem help min, want ons behoeftepatroon, mensbeeld en wêreldbeeld word deur die WTK-bestel bepaal en dit geld boonop ten opsigte van al hoe meer mense. Die rede daarvoor is die vereniging van die wêreld deur uitbreiding van die WTK-bestel as gevolg van sy eie groot sukses. (Vgl ook p.19 hierbo in verband met die o*ikos*-begrip). Hy noem ook aanvullende stukragte soos:

- 'n Hier-en-nou-gerigte moraal (naas resakralisering van die wêreldbeeld). Dit degenereer tot konsumpsiestrewes: Elkeen wil maksimaal deel in die goedere voortgebring deur ons konsumpsiemaatskappy.
- Die strewe van ondernemings in die kapitalistiese ekonomie om hulself in stand te hou en uit te brei deur die skepping van nuwe produkte waarvoor hulle dan nuwe behoeftes skep, wat die konsumpsiestrewe versterk.
- Die kloof tussen ryk en arm in die wêreld: Die kloof tussen die feitelike agterstand van ontwikkelende lande en hul legitieme aspirasies om daardie kloof te vernou. Die aspirasies

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

is legitiem in die lig van die unifikasieproses en die gelykwaardigheidsbesef wat saam daarmee sterker geword het.

- Bevolkingsgroei in die wêreld, veral die Derde Wêreld, wat meegebring is deur die sukses van die WTK-bestel en wat die voormelde kloof al groter maak.

Vermeersch (1994: 9) se konklusie is dat dit om praktiese redes onmoontlik en om etiese redes onaanvaarbaar is om die groei van die WTK-bestel te vertraag of te beëindig. Dit is nogtans noodsaaklik – sy *Scylla-Charibdis*-beginsel: Solank die huidige bestel voortduur, solank kan mense nie anders as om tussen dié twee klippe deur te laveer nie: Hoe meer mense in welvaart lewe, hoe meer word die ekosisteem bedreig; hoe meer die ekosisteem gevrywaar word, hoe meer mense ervaar ellende. Ons het dus 'n keuse tussen 'n ekologiese en 'n morele katastrofe.

Van die grootste belang hierby is die groei van die wêreldbevolking, juis as gevolg van die WTK-bestel. Twee aspekte van belang word genoem (Vermeersch 1994: 9-10): Groei in wêreldbevolking is deur sy mateloosheid nie net die oorsaak van besoedeling nie, maar self 'n vorm daarvan. Die toename gaan boonop gepaard met die bewuswording en verspreiding van 'n nuwe gelykheids- en regverdigheidsbeginsel, wat in elk geval polities onvermydelik is.

Reorganisasie van die sisteem is dus dringend nodig volgens Vermeersch (1994: 10). Hy glo ons moet oorskakel na 'n sikliese, dit wil sê 'n stasionêrdraaiende produksie- en konsumpsiebestel toe, met die volgende eienskappe:

- Spaarsame energiegebruik, gebaseer veral op hernieubare bronne, wat beteken sonenergie.
- Herwinning van die grondstowwe van industrie, met in agname van die energie beskikbaar.
- Deurlopende herstel van die status van plante en diere in die natuur.

Vermeersch (1994:10) sê so 'n produksie- en konsumpsiestelsel beteken nóg stagnasie nóg 'n asketiese lewenswyse. Die strewe na geluk in hierdie lewe hoef ook nie prysgegee te word nie. Globaal-verantwoordelike omgewingsetiese denke kan baie meehelp met so 'n reorganisasie. Dit is vir hom bereikbaar deur 'n dubbele uitbreiding van die (Christelike) begrip van die "naaste", as basis vir 'n "toekomsetiek" en 'n "empatie-etiek". Sonder

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

herstrukturering van die bestel sal niks wesentliks egter kan verander nie. Vermeersch glo omgewingsetiek hoef niks verder te gaan of ook nie weer die natuur te resakraliseer nie. Dit is in elk geval onhoudbaar. Hy staan ook nie ekosentrisme voor nie. ".... een volwaardige milieu-ethiek (hoeft) geen afstand te doen van de stelling dat de mens de bron is van alle waarden ...." Die mens staan sentraal, en liefde vir die mens is die grondslag van Vermeersch se etiese benadering.

Dit is dus duidelik dat verskeie outeurs die deurlopende morele relevansie en toereikendheid van KVA en eensydige ekonomiese oorweging by bewaringsberedenering en -besluite bevraagteken en 'n reëlmorele toevoeging eis. Soos deur, onder meer, Kelman en Sagoff aangedui, kan hierdie toevoeging deur uitinge van die demokratiese tradisie (soos byvoorbeeld beliggaam in omgewingswetgewing en -beleid) tereg kom, op 'n wyse wat nie oorwegings van koste en doeltreffendheid heeltemal hoef te negeer nie. Soos duidelik uit Tribe se bovermelde standpunt sal daar egter voortdurend deur besluitnemers gewaak moet word teen 'n analisepraktyk waarin natuurwaardes ge-offer word op 'n analise-altaar van menslike behoeftevervulling, terwyl reëlmoraliteit vervaag.

SAMEVATTING

Ekonomies benaderd is die "omgewings"-probleem en -bewaring 'n problematiek wat wentel om hulpbronvoorsiening aan menslike verbruikers uit beperkte en kwynende bronne. Dit presenteer 'n wêreldbeeld wat dui op globale wanverhoudinge en ongelykhede wat reeds 'n krisisvlak bereik het. Hierdie benadering wil volgens suiwer (vermeende objektiewe) ekonomiese beredenering en wetmatigheid alle omgewingsprobleme oplos. Gepaardgaande ekonomiese "groei"-doelwitte reflekteer 'n spesialisasie en reduktiwiteit in denke wat nie ekologiese werklikhede toereikend akkommodeer nie en wat etiese gesindhede negeer. Omgewingsekonomie se sensitiwiteit vir ekologiese en omgewingswetenskaplike insigte bly steeds wesenlik ekonomiese denkwyse, met kenmerkende beperkinge en benaderings by probleemoplossing.

Ten spyte van aansprake op objektiwiteit van doelwit en metode verraai die ekonomiese benadering sekere onaanneemlike uitgangspunte:

- Dit wat die mens vir voortbestaan gebruik, bestaan net vir die mens (antroposentrisme)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

en

- het waarde net uit hoofde van die nut daarvan vir die mens (utilitarisme).

(Altwee hierdie standpunte word in meer besonderhede in Hoofstuk 3 bespreek).

Verder word in die ekonomiese benadering veronderstel dat die (vir die mens) voordeligste verhouding tussen menslike verbruikers en lewensonderhoudende hulpbronne, wat die totale bestek van menslike behoeftes dek en dus alle hulpbronne insluit, ook ander vorme van lewe, bewerkstellig kan word deur ekonomiese kragte, spesifiek die onverstoorde werking van die "vrye mark". Daar bestaan egter getuienis wat aandui dat onverstoorde markwerking:

- hoewel dit uiting gee aan deelnemers se begeertes, hulle hoegenaamd nie altyd bevoordeel nie.
- toeganklik is vir net sowat 80% van die mensdom (VanDeVeer & Pierce, 1986: 212) hoewel alle mense daagliks as verbruikers optree, terwyl alle nie-menslike skepsels natuurlik uitgesluit is.
- nie toereikend is om omgewingshulpbronne selfs net as ekonomiese objekte te hanteer nie, vanweë hul aard, wat besit en bemarking bemoeilik.
- nie reg laat geskied of totaal geen oorweging skenk aan nie-ekonomiese waardes soos die etiese nie. Dit kom veral ter sprake by:

1. eiendomsregte, noodsaaklik vir funksionering van die mark. By hierby eiendomsregte is sekere norme inbegrepe, wat ook 'n antroposentriese kriterium van morele status impliseer (vgl p 63 hierbo).
2. die toepassing van die ekonomiese kriteria. Die nastrewing van (implisiet antroposentriese) doeltreffendheid aan die hand van die Pareto-kriterium wat utiliteit wil maksimaliseer, negeer deelnemers se aanvanklike verspreiding van regte tot besit, wat 'n totale immorele situasie mag verteenwoordig wat nie deur ekonomie wil, of alleen (dit wil sê sonder etiese insette) kan, opgelos word nie. Daarby kom die hoogs problematiese opweging van die kriterium van doeltreffendheid teenoor kriteria van die distribusie van hulpbronne in sowel ruimte as tyd. Die potensiële kompensasie kriterium vir 'n keuse tussen beleidsopsies, verkry uit koste-voordele analise, word beperk deur mense se onvermoë om te betaal en dring ook nie aan op 'n moreel regverdige afloop nie.

- Normatiewe koste-voordele analise, as tegniek om tussen beleidsopsies te kies en wat moet dien om die markwerking aan te vul, is besaai met praktiese probleme. Onder meer spruit dit uit die kwantifisering in geldwaarde van omgewings- en ander waardes en KVA

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vervat ook 'n verskeidenheid ongeregverdigde aannames, terwyl dit nie voorsiening maak vir onbeprysbare waardes nie.

Daar is 'n skynbare amoraliteit, dog wesentlike immoraliteit, aan ekonomiese beredenering wat byvoorbeeld nie onderskei ten opsigte van anti-sosiale voorkeurvervulling nie en uiteindelik ekonomiese optimaliteit as besluitnemingsgrondslag voorhou, selfs vir morele kwessies en waardes soos aborsie en menselewe. Uiteindelik bring dié maatstawwe mee dat omgewingsprobleme soos besoedeling nie opgelos word nie, dog bloot na ekonomies optimale vlakke gemanipuleer word (Freeman, in VanDeVeer & Pierce 1986: 223). Daarby is die EVB se plig van respek en sorg teenoor ander lewensvorme, wat 'n waarde op sigself mag hê, nie versoenbaar met 'n ekonomiese siening daarvan as blote hulpbronne aangewend vir menslike begeertevervulling nie.

Dit is dus duidelik dat die markmeganisme, of eensydige en suiwer ekonomiese beredenering, ontoereikend is vir hulpbronbestuur en bewaringsbesluitneming. Daar is ook daarop gewys dat ekonome nietemin invloedryk en hul argumente dikwels deurslaggewend is in besluitneming deur owerhede.

In hul bespreking van die "big trade-off", dit wil sê tussen doeltreffendheid, ekwiteit en volhoubaarheid, gewaar Stauth en Baskind (1992: 48) 'n verskuiwing vanaf prioriteit aan doeltreffendheid ('n groter pastei sodat almal meer kan kry) na groter prioriteit aan ekwiteit en volhoubaarheid omdat die praktyk, veral in Afrika, aantoon dat die armes armer word en streeks en globale omgewingstelsels tekens van emstige skade begin vertoon.[31] Dit het volgens Stauth en Baskind die ekonomiese probleem van skaarsheid een van moraliteit gemaak. 'n Individu se keuse is dus nie soseer om minder van iets te hê sodat hy meer van 'n ander kan hê nie, dog ook hoeveel hy behoort te kry relatief tot wat andere het, nou en in die toekoms. Die ou aanspraak op objektiewe ekonomie wat moraliteit systap verval en die meeste ekonome stem saam dat, behalwe "doeltreffendheid", subjektief bepaalde riglyne ekonomiese ontwikkeling moet rig, met 'n beter verspreiding van rykdom en stabiliteit en volhoubaarheid oor 'n baie lang tydskaal. Individuele waardeverskille voorkom egter steeds 'n universele wyse van opweging tussen kriteria. Die klem op ekwiteit hang deels af van persepsies van die omvang van relatiewe ontbering en deels van deernis.

[31] US Council on Environmental Quality : *The global 2000 report to the President Vols.* 1 and 2.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Dit is dus duidelik dat omgewingsekonomie 'n uitbouing is van "ou" ekonomie wat meer moreel, meer billik wil wees, in ekwiteitsterme. Etiese aanvulling is nodig, waar suiwer ekonomiese beredenering tekort skiet. Dit is verder duidelik dat blote ekonomiese denke nie reg kan laat geskied aan ander omgewingswaardes nie. Die uitdaging in Suid-Afrika sal dus wees om, vanuit bestaande morele grondslae, enersyds gestalte te gee aan die ekwiteitsbehoeftes van ekonomiese beredenering, maar ook om in omgewingsbestuur sodanig op te tree dat menslike welsyn verryk word, of ten minste nie verarm nie, in ander terme as die eng ekonomiese. Die volgende hoofstuk ondersoek die moontlikhede daarvan aan die hand van die bestaande etiese strominge in die land, terwyl in Hoofstuk 6 terug gekom word na gepaste oriëntasie met betrekking tot omgewingswaardeberedenering, wat ekonomiese sowel as nie-ekonomiese waardes in ag neem en standpunte aandui waarvolgens menslike welsyn ook bevorder kan word deur die nastrewing van nie-ekonomiese omgewingswaardes.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 3

DOMINANTE WAARDESTROMINGE IN SUID-AFRIKA

Soos reeds aangedui in die Inleiding (p12, hierbo) fokus hierdie studie op die etiese waardes wat bewaringsoptrede in Suid-Afrika onderlê, soos daardie optrede tot uiting kom in beleid en wetgewing.

In 'n wyer verband is eerstens gelet op daardie etiese riglyne wat prominent op die internasionale bewaringsterrein voorgehou word (Hoofstuk 1). Daarna is aandag gegee aan die aard en etiese inhoud van prakties belangrike en redelik algemene ekonomiese beredenering (Hoofstuk 2). In hierdie besprekings is twee wesensverskillende en dikwels konflikterende etiese rolle onderskei. Die een mik op etiese optrede gelei deur 'n houding van respek en sorg teenoor lewe en berus op reëlmoraliteit. Die ander wil die verbruik van hulpbronne reguleer en het die verhoging van menslike lewenskwaliteit ten doel. Dit benut utilitaristiese beredenerings.

In waardeberedenering en etiese besluitneming (waarop in Hoofstuk 4 ingegaan word) mag hierdie verskillende waardes op identiese konklusies uitloop. Dis 'n feit wat erken word in die Wêreld-bewaringstrategie, wat aanvaar dat bewaringsbesluite enersyds begrond mag word in die uiteenlopende gelowe en tradisies van verskillende samelewings (CFE: 8, 16) en wat, andersyds, self utilitaristiese uitgangspunte benut (p26, hierbo).

Vir die aanhangers van dergelike uiteenlopende en soms botsende standpunte is die begrondende vertrekpunte van 'n morele argument, die rede waarom iets in die eerste plek as reg en goed beskou word, egter allerbelangrik en in etiese besluitneming dikwels deurslaggewend. Dit is dus wenslik om te kyk hoe hierdie twee velde op die Suid-Afrikaanse toneel teregkom. Dit sal bydra tot 'n sosiaal-historiese begrip van die feitelike werking van waardes en kan, meen ek, ten beste gedoen word deur eerstens die waardes en werking van waardes in teologiese verband te ondersoek. Dit is immers so dat die Christelike godsdiens in Suid-Afrika

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die dominante raamwerk vir die funksionering van waardes verskaf. In die bespreking sal dit egter duidelik gemaak word dat ander godsdienste, soos Islam en die Judaïsme ook 'n beduidende rol in hierdie verband speel. Trouens, daar bestaan tussen hulle 'n mate van prinsipiële oorvleueling, wat uitgewys sal word en as vertrekpunt kan dien vir 'n meer teoretiese bespreking van godsdienstige moraliteit en die aanleiding wat dit gee tot reëlmoraliteit. Dit word dan in die eerste onderafdeling van hierdie hoofstuk bespreek.

Vanuit sosiaal-historiese perspektief is dit egter net so belangrik om te let op die voormelde en ewe dominante "sekulêre" raamwerk vir moraliteit te vinde in die sogenaamde utilitarisme, wat tot groot hoogte ekonomiese beredenering onderlê en aanleiding gee tot 'n konsekwensialistiese etiek. In die tweede onderafdeling van hierdie hoofstuk sal daar spesifiek hierop gefokus word. Alvorens egter aan hierdie twee temas aandag gegee word, is dit nodig om eers 'n paar opmerkings te maak oor die veelvuldige gebruike van die woord "etiek".

In die etiek word vrae gestel en teorieë geformuleer oor die alledaagse verskynsel van sedelikheid (of moraliteit). Hare (in Urmson, 1985: 98) selekteer drie groepe vrae as die belangrikste om van mekaar te onderskei:

- Morele vrae, soos "behoort ek so te doen?"; "Is veelwywery verkeerd?"; "Is Piet 'n goeie man?" In hierdie sin beteken "eties" en "moreel" grootliks dieselfde.
- Feitelike kwessies oor mense se morele menings, soos die vraag "Wat glo die Katolieke Kerk omtrent geboortebeperking?"; "Wat is Piet se standpunt oor voorhuwelikse geslagtelike verkeer?"
- Vrae oor die betekenis van morele terme (soos "behoort", "reg", "goed", "plig") of die aard van die begrippe of "dinge" waarna sulke terme verwys.

Ooreenstemmend onderskei Hare (1985: 98) tussen moraliteit (Engels: "morals"), beskrywende etiek en etiek. Hy gee egter toe dat hierdie gebruike verwarrend is. Soms word gemelde "moraliteit" byvoorbeeld "normatiewe etiek" genoem en gemelde "etiek" word "teoretiese etiek" of "filosofiese etiek" of "meta-etiek" genoem.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Carl Wellman (1988: xv xvi) sien die onderwerp van etiek as die filosofiese probleme voortspruitend uit menslike gedragspraktyk en "normatiewe etiek" as die bevestiging of toepassing van norme. Hy onderskei daaronder 'n afdeling wat werk met filosofiese probleme rondom regte of verkeerde gedrag, genaamd deontologie of pligteorie, en een wat werk met filosofiese probleme rondom die begrippe goed en sleg, genaamd aksiologie, of waardeteorie. Vir Wellman is "etiek" beperk tot die algemene en teoretiese, en "moreel" beperk tot die spesifieke en praktiese en "nog iets".[32] Op 'n hoër "taalvlak" as etiek lê meta-etiek, of die epistemologiese analise van etiese taal. "Etiek" verwys na waardes en pligte, "meta-etiek" na die taal van etiek. Hierdie onderskeiding tussen normatiewe etiek en meta-etiek klop met Flew *et al* (1984: 112-114) wat egter aan aksiologie die meer gebruiklike betekenis gee (p34) van die studie van waardes (dit wil sê alle waardes). In hierdie bespreking word terme meermale gebruik in aansluiting by verwysings na bepaalde outeurs, en dus onvermydelik soos in die aangehaalde teks, sodat "etiek" dus feitlik enige afsonderlike of al die voornoemde of meer betekenisse tegelyk mag verteenwoordig.

Oor die algemeen sal egter, in aansluiting by Wellman, daarna gestreef word om "praktiese etiek" of "toegepaste etiek" en "moraliteit" as sinoniem te behandel, terwyl probeer sal word om "etiek" of "teoretiese etiek" te reserveer vir meer algemene en teoretiese betekenisse. "Waardefilosofie" of "aksiologie" sal verwys na die studie van alle waardes en waardering, en "meta-etiek" na die hoër vlak, tweede orde bespreking en analise van etiese taal.

CHRISTELIKE ETIEK

Historiese Agtergrond

Volgens Popkin en Stroll (1981:25) is daar geen homogene Christelike etiek nie, maar 'n groot verskeidenheid leerstellings. Hulle onderskei egter drie naastenby

[32] "Narrowly defined, ethical questions are general and theoretical; moral questions are specific, practical, and something else - for example, momentous or personal - that varies from case to case" (Wellman, 1988:xvi).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

opeenvolgende hoofstrome, soos hieronder aangedui:

Pastorale etiek

Dit verwys na standpunte van vroeë sektes wat uit Judaïsme en Persiese mistieke godsdienste ontwikkel het. Hierdie standpunte beklemtoon die Tien Gebooie, rituele (soos die doop) en die morele leringe van Christus. Die klem val op moreel korrekte gedrag en die benadering gaan die latere subtiele beredenerings van die kerke vooraf. Metafisika is beperk tot geloof in 'n bonatuurlike orde, 'n persoonlike God en onsterflikheid. Sistematiese spekulasie oor gelowe ontbreek of is vergelykenderwys uiters beperk.

Kerk-etiek

Dis veel meer analities en verskyn na die ontwikkeling van die Katolieke Kerk as 'n sosiale, politieke en godsdienstige instelling. Haldane (1991: 134) vermeld die werke van die vroeë Kerkvaders, vanaf die Tweede tot die Vyfde Eeue, wat gepoog het om die Judeo-Christelike geskrifte en tradisies te interpreteer met behulp van Griekse en Romeinse filosofie. Oor sy lang geskiedenis het Christelike kerk-etiek groot veranderinge ondergaan onder verskeie invloede. Griekse invloed (Plato en Aristoteles) het byvoorbeeld die hele Christelike begrip van die bonatuurlike gewysig en 'n metafisiese interpretasie bygebring wat voorheen ontbreek het. Die begrip van die siel het ook verander vanaf die tyd van Origenes (ca 185-254) wat dit beskou het as dieselfde vir alle mense, tot die tyd van Aquinas (ca 1225-1274) wat elke siel as uniek gesien het. Dit het groot implikasies vir die leerstelling van onsterflikheid gehad.

Ander oorsake vir kerklike verandering was instellings soos monnike- en nonnekloosters waardeur die kerk amptelik asketisme goedgekeur het, wat weer leerstellings oor seksuele moraliteit grootliks beïnvloed het. Groei van die kerk as politieke en sosiale mag het ook meegebring dat die etiese doktrine verander na gelang van die durende konflik tussen kerk en staat oor die koers van menslike lewe.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Vroeë probleme met Skrifvertolking, soortgelyk aan dié wat later in 1517 uitgeloop het op Luther se onttrekking uit die kerk (sien verderaan) het ook amptelike leerstelling beïnvloed.

As gevolg van hierdie invloede is die etiese standpunte van Augustinus, wat grootliks amptelike kerkfilosofie in die 4de Eeu daargestel het, drasties hersien deur Aquinas in die 13de Eeu, in party opsigte so radikaal dat dit byna 'n nuwe etiese standpunt verteenwoordig. Een groot verskuiwing was vanaf 'n morele filosofie gebaseer op Neo-Platonisme (Augustinus) na een gebaseer op Aristoteles (Aquinas). Bram, Phillips & Dickey (1983, Nr.2: 223-4) sê Augustinus het geleer dat, in die soeke na waarheid, mense op hul geloof moet vertrou. Vertalings na Latyn in die 13de Eeu van Aristoteles se belangrikste werk, tesame met kommentaar van Islamitiese geleerdes, het vertroue herstel in empiriese kennis. Dit het 'n filosofiese skool, die Averroïste, ontlok. Hulle wou filosofie sien as onafhanklik van "geopenbaarde" kennis. Dit het egter die oppergesag en integriteit van die Rooms-Katolieke doktrine bedreig en die ortodoksie ontstel. Die Aristoteliese skool het egter volgehou dis onmoontlik om Aristoteles te ignoreer en vrugteloos om sy leringe te ontken. Aquinas kon hulle eensydige beklemtoning van geloofskennis suksesvol weerlê.

Bram, Phillips & Dickey (1983 Nr.*2:* 224) sê voorts Augustinus se klem op die menslike gees is deur Aquinas versoen met die eis vir die outonomie van 'n kennis afkomstig van die sintuie, deur sy aandrang dat die twee bronne nie teenstrydig is nie, dog mekaar aanvul. Sekere waarhede, soos die geheim van inkarnasie, kan geken word net deur openbaring. Andere, soos die samestelling van materiële dinge, slegs deur ervaring. Nog andere, soos die bestaan van God, word weer geken langs altwee weë. Alle kennis kom van sintuiglike data, maar dié, sê Aquinas, word verstaanbaar slegs deur middel van die intellek. Kennis van die hoogste waarhede, soos dié waarmee godsdiens werk, vereis die hulp van openbaring.

Aquinas het dus 'n gematigde realisme gehad, met universalia gevestig in menslike denke, teenoor ekstreme realisme, wat hulle sien as onafhanklik van die denke. Na

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Aquinas se verhandeling in 1270, is teenstand daarteen deur die kerk verdoem.

Die Hervorming en onwikkeling van Protestantisme

Hierdie groot verandering het die etiese standpunte van katolisisme volgens Aquinas in baie opsigte verwerp, maar geen konsekwente stelsel het gevolg nie.

Die Protestantse Hervorming is geïnisieer deur Martin Luther met 'n protes teen die Rooms-Katolieke kerk se kwytskelding van sondes na 'n boetedoening deur middel van die betaling van 'n bedrag geld. Fondse vir bouwerk is so ingesamel (Forell, GW, in Bram, Phillips & Dickey Nr16, 1983:262). Volgens hierdie bron (p264) was Luther se standpunt dat God met mense kommunikeer op tweërlei wyses, deur die wet (Tien Gebooie) en deur die Evangelie. Alle mense, ongeag godsdienstige oortuiging, het 'n mate van kontak met die wet deur hul gewetes en die etiese tradisies van hul kultuur, hoewel menslike insig verwring word deur die sonde. Die wet het twee funksies. Dit maak dit moontlik dat mense hul wêreld kan orden, ten spyte van diepgaande vervreemding van God, die wêreld, medemense en uiteindelik hulself, deur die erfsonde. Verder maak dit mense bewus van die noodsaak van die vergiffenis van sonde, wat hulle na Christus lei. Die evangelie is die goeie nuus van God se gawe van sy Seun, vir die redding van die mensdom. Al wat dit vereis is aanvaarding deur die individu. Luther het geargumenteer dat teologie fouteer deur wet en evangelie te verwar met die aanspraak dat mense op een of ander manier kan verdien dit wat net deur God se onvoorwaardelike skenking van genade bekom kan word.

Vir Luther het God homself aan mense bekend gemaak op aardse, eindige wyses, eerder as deur goddelikheid. So openbaar hy homself deur Christus, praat hy in menslike woorde deur Nuwe Testamentiese skrywers en word sy liggaam en bloed deur gelowiges ontvang as die wyn en brood van die Nagmaal. As mense mekaar dien op hul onderskeie maniere, word hulle werktuie van God, wat deur hulle werk. Luther het geglo mense kan God nie ken deur middel van filosofie of etiek nie. Hulle moes God toelaat om homself te wees en hom sien wanneer hy homself bekend

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

maak: Sy wysheid deur die feilbare prediking, sy mag deur lyding en die geheim van 'n betekenisvolle lewe deur Christus.

Volgens Bram, Phillips & Dickey (1983, Nr 21: 346) was sekere toestande in die 16de Eeu meer bevorderlik vir hervorming as voorheen. Sowel die Romeinse keiser as die pous se mag het afgeneem en hulle was gemoeid met die bedreiging deur die Turke. Die uitvinding van drukwerk in die 15de Eeu het die vinnige verspreiding van idees bevorder, terwyl toenemende sekulêre geleerdheid, die opkoms van nasionalisme en toenemende griewe oor pouslike gesag onder sowel heersers as gewone burgery mense, veral in noordelike Europa, meer ontvanklik vir Protestantse leringe gemaak het. Mettertyd is die term Protestant toegepas op alle Christelike kerke wat nie Rooms-Katoliek of deel van die Ortodokse of ander oostelike Christelike tradisies is nie. In die middel van die 1980's was daar al 345 miljoen Protestante, omtrent een derde van alle Christene.

Luther wou aanvanklik die kerk van binne hervorm, maar is uiteindelik ge-ekskommuniseer. 'n Reeks boeke deur hom hierna het nogtans vinnig sy idees versprei. Lutherse kerke het nog baie Middeleeuse liturgie behou, maar Zwingli se hervormings in Switserland het dit baie vereenvoudig, terwyl Calvyn se hervormings 'n gestrenge regime van morele en doktrinêre konformiteit deur 'n kombinasie van kerklike en staatsgesag afgedwing het (Bram, Phillipps & Dickey, 1983, Nr. 21: 346-7). Die invloed van wetenskaplike denke en die Verligting op Protestantse teologie het tot uiting gekom as 'n rasionalisme gedurende die laat 17de en 18de Eeue. Dit het 'n kritiese gesteldheid meegebring deur die aandrang dat tradisionele gelowe ondersoek word in die lig van rede en wetenskap (Bram, Phillips & Dickey, 1983, Nr. 21: 347).

In die 19de Eeu het sendingwerk Protestantisme wêreldwyd versprei en dit het ook gaandeweg 'n verskeidenheid vorme aangenaam. Die mees invloedryke teoloog van die eeu was Schleiermacher, wat die intuïtiewe gevoel van afhanklikheid teenoor God beklemtoon het. Hierdie klem op religieuse gevoel is oorgeneem deur die skool van teologiese liberalisme, wat godsdiens wou versoen met wetenskap en die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

moderne samelewing, hoewel konserwatiewe strominge ook teenwoordig was. Protestante het ook 'n vername rol gespeel in baie humanitêre en hervormingsbewegings, soos die afskaffing van slawerny.

Die 20ste Eeu het twee reaksies opgelewer teen teologiese liberalisme:

- Fundamentalisme in Amerika, wat aangedring het daarop dat die Bybel foutloos is.
- Krisis-teologie, of Neo-Ortodoksie, wat 'n reaksie was op die lyding tydens die Eerste Wêreldoorlog en veral geassosieer word met Karl Barth (Bram, Phillips en Dickey 1983, Nr 21: 349).

Na die Tweede Wêreldoorlog het kommer oor sosiale en politieke sake Protestante betrek by 'n velerlei bewegings, soos dié teen oorlog, of dié vir burgerregte in Amerika. Die ekumeniese beweging het ook ontstaan en gelei tot die samesmelting van baie protestantse denominasies oor die wêreld heen en tot die ontstaan van die Wêreldraad van Kerke in 1948. Protestante het begin deelneem aan dialoë met die Rooms-Katolieke en Ortodokse kerke, sowel as met nie-Christelike gelowe. Die meeste Protestantse kerke het die sentrale doktrines van die Rooms-Katolieke en Ortodokse tradisies behou, soos die Drie-enigheid, boetedoening en die opstanding van Christus, die gesag van die Bybel en die sakramentele aard van die doop en Nagmaal. Sekere doktrines en praktyke onderskei egter die Protestantse tradisie van die twee oueres (Bram, Phillips & Dickey, Nr. 21: 349-350):

- Regverdiging deur genade uit geloof :

Minder klem word gelê op verdienste deur goeie dade van gelowiges en meer op God se genade deur middel van Christus se reddende handeling.

- Gesag van die Bybel:

Hervormers verwerp die Rooms-Katolieke vestiging van die uiteindelike gesag oor geloof en moraliteit in die Pous. Die vertaalde Bybel is toeganklik vir almal, maar Protestante verskil oor kwessies van interpretasie. Sommige glo dit berus by individuele vertolking, andere verwys weer na geformuleerde belydenisse van kerke vir leiding.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Priesterskap van alle gelowiges:

Waar die Rooms-Katolieke priester 'n tussenganger tot God se genade is, is die Protestantse predikant net nog een van die lekedom met spesiale opleiding in prediking en die bediening van sakramente. Protestantse kerkregering neig dus na demokrasie, hoewel met groot variasie: Episkopaals of biskoplik (gesag uitgeoefen deur biskoppe) by die Anglikaanse, Episkopaalse en Metodiste-kerke; presbiteriaans (gesag by verkose presbiters of ouderlinge) by die Presbiteriaanse en Hervormde kerke; kongregasionalisties (waar die gemeente die hoogste gesag uitoefen) by die Kongregasionalistiese, Baptiste en baie ander kerke.

- Aanbidding:

In vergelyking met die Rooms-Katolieke en Ortodokse liturgie is die Protestantse eenvoudiger, met groter klem op prediking.

Protestantisme is dinamies en verandering het versnel na die 1960's, met die aanvaarding van vroue as priesters, die modernisering van liturgiese taal, samesmeltings tussen kerke en meer. Hierdie hooftrekke van die historiese agtergrond dui nietemin op so 'n groot hedendaagse verskeidenheid van etiese doktrinêre standpunte dat dit nodig is om nou eers te probeer besin oor watter graad van eenvormigheid van karakter daar wel bestaan.

Aard

Popkin en Stroll (1986: 26) glo die verskeidenheid van doktrines het, ten spyte van verskeidenheid, nogtans sekere gemeenskaplike kenmerke wat dit onderskei van ander godsdienste, soos Judaïsme of Islam. Hierdie trekke maak dit moontlik om te praat van Christelike etiek as 'n enkele, onderskeibare leerstelling. 'n Beskrywing daarvan kan hoegenaamd nie die verskillende beskouinge binne die Christendom tipeer nie, maar kan die gemeenskaplike in almal na vore bring.

Al die etiese standpunte wat Christelik genoem word, aanvaar die bestaan van 'n goddelike wese en aanvaar dat hierdie wese op een of ander wyse vereenselwigbaar is met Christus. Hierdie aanname onderskei Christelikheid skerp

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van byvoorbeeld Judaïsme. Christelike groepe verskil egter onderling oor die magte wat hulle toeskryf aan die goddelike wese en oor die presiese verhouding daarvan met Christus. Ook is daar verskille in interpretasie oor die aard van Christus, Sy mate van goddelikheid en menslikheid. Christus se prediking is egter vir alle Christelike teorieë die uitdrukking van die goddelike wil. Hierdie prediking, tesame met ander morele voorskrifte soos die Tien Gebooie en sekere Nuwe Testamentiese geskrifte soos die Bergpredikasie, word beskou as 'n morele kode. Gedrag daarvolgens is reg, gedrag in stryd daarmee verkeerd.

Essensiëel is Christelike etiek dus die beskouing dat daar 'n goddelike wese is wat sekere reëls neergelê het vir morele gedrag en dat optrede wat daarmee bots immoreel is. In die praktyk is daar egter nie ooreenstemming oor hierdie reëls nie. Kunsmatige geboorteregulering word byvoorbeeld as immoreel beskou deur die Katolieke Kerk, dog nie deur Protestante nie. Popkin en Stroll (1986: 27) sê hierdie verskille is verstaanbaar teen die agtergrond van wat genoem is "etiese teorie" en wat genoem is "kasuïstiek", wat op die praktyk betrekking het. Die teorie bepaal goed en sleg oor die algemeen, kasuïstiek lys spesifieke handelinge. Dis op laasgenoemde vlak wat Christelike morele kodes verskil. Almal stem saam God het 'n stel reëls saamgestel, maar verskil oor watter presiese reëls dit werklik is. Daarby mag verskillende vorme van Christelikheid ook saamstem oor die geldigheid van 'n reël, dog verskil oor die interpretasie daarvan. Dit vind veral plaas wanneer reëls uit die verlede toegepas word op probleme van die hede (soos geboortebeheer) wat nie voorsien is toe die aanvanklike leerstelling geformuleer is nie.

As voorbeeld van kasuïstieke verskille tussen vorme van Christelikheid noem Popkin en Stroll (1986: 28) Aquinas se uitsprake oor seksuele moraliteit, wat steeds die ortodokse standpunt van die Katolieke kerk verteenwoordig. Aquinas glo daar is sekere aangewese gedragslyne, soos liefde vir God en medemens, maar ook sekere verbode gedraginge, byvoorbeeld owerspel. Ook word verbied dat egpare seksueel verkeer, behalwe vir die doel van voortplanting. Daarom word kunsmatige geboortebeperking verbied. Egskeiding is ook ontoelaatbaar, omdat die vader

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

noodsaaklik is vir die opvoeding van kinders. Hierdie standpunte oor geslagsverkeer tussen egpare, oor geboortebeheer en egskeiding word, daarteenoor, nie deur Protestante onderskryf nie, altans, nie in hierdie vorm nie.

Aan die teoretiese kant is die algemene beskouing in Christelike etiek dat die goeie lewe bestaan uit liefde vir God en dat dit bereikbaar is deur gehoorsaamheid aan sy voorskrifte. Waarskynlik die heel belangrikste standpunt vanuit teoretiese etiek is die outoritêre karakter wat aan die morele kode toegeken word. Dit word daarvolgens beskou as 'n objektiewe en onfeilbare riglyn vir korrekte morele gedrag, wat dus nie bevraagteken kan word nie, omdat dit die uiting is van die wil van God. Afwyking is per definisie immoreel en aan moraliteit word absolute gesag verleen (Popkin en Stroll 1986: 28). Hieruit spruit egter meningsverskille.

Sekere vrae wat dadelik opduik, soos na die presiese aard van die voorskrifte, na interpretasie en na praktiese toepassing, word verskillend benader. Teenoor die Katolieke benadering, wat klem lê op interpretasie deur priesters en uiteindelik die Pous, as God se verteenwoordigers, beklemtoon Protestante weer individuele vertolking en gewete, of ook geformuleerde beleidenisse van kerke. Hierdie omstandigheid bied 'n bruikbare oorgang van hierdie bespreking, na 'n meer kritiese ondersoek van standpunte in Christelike etiek en probleme daaromheen.

Wil-van-God Moraliteit

Standpunte

Christelike groepe verskil oor hoe God se wil vasgestel word. Fundamentaliste dring aan op die letterlike voorskrifte volgens die Bybel. Vir Katolieke is die kerklike verordeninge die uitdrukking van die wil van God. Protestante dring weer aan op 'n persoonlike verhouding tussen mens en God, sonder tussengangers, en dat die gewete aandui wat God begeer, aldus Popkin en Stroll (1986: 28).

Borchert en Stewart (1986: 157) karakteriseer weer Christelike standpunte as, aan

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die een kant van die spektrum, die eis van tydlose, Godbepaalde, spesifieke wette van menslike gedrag wat geld vir alle mense ongeag plek en tyd (die legalistiese standpunt), met aan die ander kant die geloof dat God se wil wissel volgens tyd en plek en ontdek moet word binne die situasie (die situasionalistiese standpunt). Tussen-in is vermengde standpunte.

Probleme

Ten spyte van die verbreiding en durendheid van Christelike etiek oor die wêreld heen, noem Popkin en Stroll (1986: 28-30) ernstige filosofiese voorbehoude daaroor:

1. Die belangrikste probleem is die aanname dat die morele kode God se wil uitdruk. Verontagsaming staan dus gelyk aan ongehoorsaamheid, wat kan lei tot die verlies van ewige geluk in die hiernamaals. Die outeurs sê sommige filosowe glo dis aanneemlik slegs as aangetoon kan word God is goed. Dit skep 'n dilemma. Of daar moet bewys word[33] in stede van net aangeneem word God is goed, of daar moet gepoog word om God se verordeninge op suiwer etiese in plaas van teologiese gronde te regverdig. Altwee take is problematies. Die bestaan van soveel boosheid saam met 'n almagtige God skyn te bots met sy goedheid; en 'n bevestiging van Christelike etiek op nie-teologiese gronde versaak wat onderskeidend is in die teorie. Soos Borchert en Stewart (1986: 157-8) dit stel: soveel teenstellings, soos monogamie of selibate status, die reg van koninklike regering of sosiale opstand, oorlog of vrede, is al as die wil van God voorgehou, dat God se wil óf baie misverstaan word, óf daar moet baie gode wees.

2. 'n Ander argument vir nie-teologiese regverdiging is die aandrang, onder meer van Aristoteles, as noodsaaklike voorvereiste, dat 'n handeling moreel is slegs as dit spruit uit vrye keuse en met volle kennis van die situasie. So 'n siening van moraliteit sluit handelinge net om gehoorsaamheid, selfs aan die wil van God, uit en

[33] Streng basiese argumente is benut deur Anselmus in die 11de Eeu, om die bestaan van God as volmaakte wese te probeer bewys (sy *Proslogion* bevat die "ontologiese bewys"). In *Cur Deus Homo* beredeneer hy dat, gegee die bestaan van sowel 'n liefdadige God as 'n sondige mensdom, volg die Christelike doktrines van inkarnasie en versoening deur logiese noodsaak. Die 2de Eeuse Tertullianus en die 19de Eeuse Kierkegaard ontken teologie as rasionele sisteem en glo die menslike ervaring van God bevat onsamehangendhede en teenstrydighede (John Macquarrie in Bram, Phillips en Dickey, 1983 Nr 25: 310).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

eis klaarblyklik nie-teologiese regverdiging. Dit hang ook saam met die argumente wat die bestaan van God ontken of betwyfel. Slegs as God bestaan, kan die morele kode begrond word in sy wil. Hoewel die Britse utilitariste (ateïste of agnostici) soms kan saamstem met bepaalde Christelike morele wette, kan hulle nie die regverdiging daarvoor aanvaar nie.

3. 'n Derde probleem, selfs binne die Christendom, is hoe om te bepaal wat God begeer. Bybelse getuienis is soms aantoonbaar teenstrydig[34] en vereis dus 'n mate van interpretasie. Dis bowendien nodig om toepassing op moderne probleme aan te toon. Maar enige interpretasie is kritiseerbaar. Die Katolieke Kerk se standpunt dat die Kerk God se wil ken, is onderworpe aan soortgelyke probleme. 'n Uiteindelike beroep op die gesag van gewete stuit weer daarteen dat gewetes verskil. Sommige filosowe het hulle dus gewend tot denke vry van die amptelike leerstellings van die kerk.

Benaderings oor die eeue

Bochert en Stewart (1986: 158-160) beskryf die Agtiende Eeuse ondersoek na outentieke kennis van die wil van God en meld die onderskeid tussen kennis verkry uit die Bybel, oftewel geopenbaarde teologie (hetsy letterlik, legalisties geïnterpreteerd of situasie-georiënteerd) en kennis vanuit menslike rede alleenlik, die sogenaamde naturalistiese teologie.

Standpunte oor hierdie spektrum[35] span wyd, aldus Borchert en Stewart (1986: 159). Tertullianus (ca 160-220) het 'n onoorbrugbare kloof gesien tussen goddelike openbaring en denke soos in die Griekse filosofie. Augustinus weer, het geglo vanuit 'n aanvanklike geloof in die God van die Bybelse tradisie kan sekulêre denke binnegedring en ontgin word vir groter wysheid ("faith seeking understanding").

[34] Soos aangedui, is hierdie stelling volgens Popkin en Stroll (1986: 28-30). Gevalle van skynbare kontradiksie wat genoem kan word, is byvoorbeeld verskillende weergawes van die hanekraai na Petrus se verloëning van Jesus (drie keer volgens Mattheus 26:74,75; twee keer volgens Markus 14:68,72; die dood van Judas Iskariot deurdat hy homself ophang (Mattheus 27:5) en deurdat hy val en oopbars (Handelinge 1:18); Mattheus se verwysing na 'n profesie deur Jeremia (Mattheus 27:9,10) wat eintlik deur Sagaria gemaak is (Sagaria 11:12,13).

[35] Niebuhr, H Richard (1951) gee in *Christ and Culture* 'n interpretasie van verskillende etiese houdinge van Christene deur die eeue.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Aquinas was weer die klassieke voorstaander van die idee dat suiwer filosofiese denke, sonder die steun van openbaring, die bewyse kan verskaf vir die bestaan en essensiële kenmerke van God en die ontsterflikheid van die menslike siel. Rede kon lei tot geloof, aangevul en bevestig deur Bybelse openbaring. Hierdie sintese is egter vroeg ontbind deur Duns Scotus (ca 1285-1349) wat beredeneer het dat niks hoegenaamd omtrent God bewys kan word deur die rede nie, nie eers sy bestaan nie. Filosofiese en geopenbaarde waarhede is gevolglik geskei.

Bochert en Stewart (1986: 160) sê verder die opkoms van Renaissance humanisme, die Hervorming en die moderne wetenskap het nuwe verhoudinge tussen filosofie en godsdienstige geloof gestimuleer. Protestantse teoloë[36] het, om hul standpunte te definieer, te verdedig en te bevorder teenoor die Rooms-Katolieke en ander Protestante, soos die vroeë kerk weereens gaan leen by die begrippe en metodes van die Griekse filosofie en dit toegepas op en versoen met die proposisies van die Bybel. Dis gedoen juis op die tydstip dat die Aristotelies-Ptolemaïese beskouings verwerp is deur die wetenskap ten gunste van Kopernikaanse kosmologie. Hierdie Protestante het dus die wetenskap heftig ge-opponeer en tegelyk 'n skolastieke, legalistiese etiek gegenereer. Daarteenoor het bewonderaars van die nuwe wetenskap sowel as godsdiens op meer toeskietlike wyse die vermoë bewonder van die wiskunde om verhoudinge in die natuur te beskryf. Die taal van wiskunde word die taal van God. Vir Kepler was wiskundige kennis deelname aan die lewe van God, 'n aanbiddingsdaad groter selfs as Bybelse openbaring, en veel duideliker. Galileo se standpunt dat, hoewel God die matematiese orde van die natuur veroorsaak het, hy nogtans nie direk daardeur en daarin gesien kan word nie, het weer die weg gebaan vir die deïsme. Daarvolgens het God die matematies geordende heelal geskep en laat hy dit nou toe om op sigself te funksioneer (Flew *et al* 1984: 87). Mense vind daarin hul intellektuele en emosionele oortuiging, eerder as in spesifieke kulturele instellings en tradisies. Die deïstiese argumente is egter erg afgetakel deur kritici van metafisika en natuurlike teologie, sê Borchert en Stewart (1986: 167) verder. Kant het reeds aan deïste getoon dat nóg die bestaan

[36] Voorbeelde is Philip Melancthon (1497-1560) en Andreas Osander (1498-1552).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van God, nóg vryheid en onsterflikheid, deur menslike rede bevestig kan word.

Teenoor hierdie liberale teologie, maar wat nogtans die vertroue in menslike redelikheid gedeel het, was ortodokse, of dogmatiese teologie, uitgedruk in 'n veelheid geloofsbeleidenisse.[37] Borchert en Stewart (1986: 168) stel dit ook dat, ten spyte van hul verskeidenheid, almal die Bybel bevestig as boodskap vir menslike redding, wat nogtans deur logiese prosedures gemanipuleer kan word om nie-uitdruklike teologiese waarhede te bekom. Dit reflekteer duidelik vertroue in menslike rede.

Vermeldenswaardig is ook die standpunte van Karl Barth, 'n groot voorloper van die belangrike Twintigste Eeuse teologiese beweging bekend as Neo-Ortodoksie (Bram, Phillips en Dickey 1983, Nr3: 303). Barth beklemtoon die menslike onvermoë om God te ken op enige ander wyse as deur openbaring. Hy wou teologie weglei van die moderne godsdienstige filosofie se klem op gevoel en humanisme, terug na die Bybel. Vir Barth is God se enkele openbaring van homself in Christus. God is "totaal anders" en mense is aangewese uitsluitlik op 'n ontmoeting met die goddelike om die uiteindelike werklikheid te verstaan. Die kerk moet so 'n ontmoeting bevorder en alle menslike aktiwiteit is daaraan onderworpe. Emil Brunner, 'n vroeë dissipel van Neo-Ortodoksie, glo 'n beginselbenadering is legalisties en wil deur middel van beginsel elke besonderheid van gedrag vooraf bepaal. Christelike gehoorsaamheid is egter vir hom nie aan 'n wet of beginsel nie, dog aan God, binne elke situasie-spesifieke oomblik (vgl Borchert en Stewart 1986: 169-176). Daarna lewer hierdie outeurs dan die volgende kommentaar:

1. Interpretasie van God uit die Bybel verskil oor die eeue. Groeiende Twintigste Eeuse konsensus verstaan dit in meer dinamiese terme (eerder as statiese perfeksie) waarin die woorde en voorbeeld van Christus en sy liefde insig bied. Hierdie liefde is eindeloos vindingryk en vry, anders as die onbuigsame reëls van 'n

[37] Voorbeelde van geloofsbelydenisse, as gesaghebbende opsommings van die vernaamste geloofsartikels van kerke en groepe gelowiges, is die vroeë apostoliese; die Miceense en Athasiaanse van die Rooms-Katolieke kerk; die Lutherse Augsburg en die Calvinistiese Heidelbergse Kategismus (Vlg Bram, Phillips en Dickey 1983, Nr7:312).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

eng, legalistiese etiek. Vanselfsprekend het so 'n benadering 'n veel groter potensiaal vir gedragsleiding binne die verband van 'n moderne problematiek en steeds nuwe situasies wat daagliks ontvou op persoonlike en globale vlak, soos juis meegebring deur moderne omgewingsvraagstukke. Atmosferiese besoedeling teen hedendaagse omvang kan byvoorbeeld medemense direk en vinnig ernstig benadeel. Omgewingsversteuring en habitatontwrigting raak ook weer ander diersoorte wat ook kan ly. Die moreel juiste respons op dergelike situasies kan vertaal word in die terme van Christelike liefde, as riglyn vir gedrag.

2. Uiteenlopende interpretasies van die Bybelse mensbeeld presenteer onder meer ook 'n oortuigende beeld van die mens as geskape na die beeld van God, wat dus ook sy skeppende vryheid en liefde as rentmeester van die skepping moet reflekteer. Mense het volmag om oor die skepping te regeer, maar die heerskappy moet God se verantwoordelike, vindingryke vryheid weerspieël. Dis net moontlik wanneer die gebroke verhouding met God herstel word deur genade vanweë geloof.

3. Morele oordele uit geloof moet klop met die Bybelse sieninge van God en die mens en konsekwent wees teenoor ander morele oordele uit dieselfde oorsprong.

4. Teenkanting teen legalisme tot so 'n mate dat alle reëls en beginsels onaanvaarbaar bevind word, leen hom nie tot wetgewing wat gedrag in die samelewing wil reguleer nie. Omgewingsbewaring vereis byvoorbeeld wetgewing wat spesifieke gedraginge of prosedures voorskryf of standaarde neerlê, in almal se belang. Die sekerheid wat sulke standaarde en prosedures bied, is ook die grondslag vir vinnige besluitneming in krisissituasies, wanneer tyd vir redelike nadenke en oorweging ontbreek. Om hierdie redes moet 'n etiek reëls vooruit kan genereer, anders mag emosies en subjektiewe oorwegings te prominent word.

5. Motivering gewortel in liefde vir God en die medemens is veel meer aantreklik as motivering vanuit eie belang. Ruimte vir deurlopende oorweging en in agname van vorige ervaring kan ook groter lewensvatbaarheid van die benadering meebring.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Aandag is hierbo gegee aan die verskillende wyses waarvolgens mense en groepe die probleem van die vasstelling van die wil van God benader en aan probleme daaromheen. Spesifiek is ook verwys na die relatiewe klem gelê op Bybelse openbaring teenoor rasionele beredenering, in verskillende tye. Die pogings in moderne tye om die God- en mensbeelde van die Bybel te vertolk op 'n dinamiese wyse, sodat die Christelike liefdesboodskap steeds sinvolle antwoorde kan verskaf op lewensprobleme, is ook uitgewys. 'n Spesifieke en konkrete uiting daarvan is geleë in die formele standpuntinname oor bewaring op die internasionale toneel, deur die Christelike godsdiens, saam met ander gelowe, by Assisi in 1986 (WWF International 1986). Dit verteenwoordig 'n formele vertolking wat moderne bewaringswaardes in die Skrif fundeer en bewaringsgedrag kan rig. Dit gee dus ook die waardes weer wat 'n oorwegend Christelike gemeenskap soos die Suid-Afrikaanse as morele grondslag van wetgewing en beleid sou wou sien. Dit bied tegelyk ook 'n grondslag vanwaar aansluiting en prinsipiële ooreenstemming met ander gelowe gesoek kan word, en word derhalwe hieronder bespreek.

Godsdiens en bewaringswaardes

Die standpuntinname by Assisi in 1986 van belangrike gelowe teenoor die natuur is reeds vermeld (*The Assisi Declarations* WWF International 1986).

Die Christelike verklaring beklemtoon die harmonie van die skepping en die goedheid van skepsels, op sigself, ongeag menslike gerief. Alles bestaan tot glorie van God en aan die mens, 'n soort tussenganger tussen die aardse en die bo-aardse, is heerskappy verleen oor die skepping.

Hierdie heerskappy beteken nie 'n reg tot skending, vermorsing of vernietiging van die natuurlike nie, maar rentmeesterskap, onderworpe aan goddelike gesag. Enersyds dus 'n vennootskap met God, andersyds 'n "simbiose met alle skepsels" (WWF International 1986: 12). Die eerste mens se weiering om goddelike wysheid te aanvaar, is die oorsprong van alle disharmonie in menslike verhoudinge met God en ander mense en skepsels. God die Vader het egter sy Seun, Christus, gestuur

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ter genesing en ter vervulling van 'n verbond met Abraham vir die redding van alle mense, en met Noag vir die redding van die hele skepping. Die skepping mik doelmatig op toekomstige openbaring van goddelike bevryding van dood en lyding en van beloning vir dade. Alles behoort aan God en uit en deur die skepping word die mens gevoed.

Spesifiek word, onder meer, verwerp: Die onbeheerde gebruik van tegnologie vir onmiddellike ekonomiese groei, met miskenning van die hernuwing van hulpbronne en van regverdige en vreedsame menslike verhoudinge; kultuur- en omgewingsvernietiging; wanoorwoë eksploitasie van natuurlike hulpbronne; ongereguleerde verstedeliking en preokkupasie met die hede ten koste van toekomstige lewenskwaliteit.

'n Spesifieke pleidooi word gelewer vir: 'n Sintese tussen kultuur en geloof; ekumeniese dialoog oor die doelwitte van wetenskaplike navorsing en omgewingsgevolge van die toepassing daarvan; die prioriteit van morele waardes bo tegnologiese vordering.

Die essensie van hierdie Christelike verklaring bevat al die nodige morele bestanddele om optrede vereis deur die Wêreld-bewaringstrategie te motiveer:

1. Die klem is op die harmonie in die skepping. "Harmonie", as "die juiste verhouding van die dele tot mekaar in 'n geheel" (De Villiers, Smuts en Eksteen, 1982: 187), klop deeglik met 'n ekologiese benadering tot die aardsisteem, wat die samehang, interaksie en interafhanklikheid van die komponente van 'n sisteem erken.
2. Die stelling dat alle skepsels goed is, op sigself, ongeag menslike gerief, klop met die uiteensetting van die elemente van die Etiek vir Volhoubare Bestaan (CFE: 14, venster 2).
3. Die "heerskappy" oor die skepping deur die mens word vertolk in die sin van rentmeesterskap, wat verantwoordelik moet wees, in 'n vennootskap met 'n God van liefde. Ook moet dit geskied "in simbiose" met alle skepsels. Herkenbaar is dus

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

'n implikasie van konsidererende sorg, nie aanmatigende plundering nie, en op 'n wyse wat voldoen aan die eise van die gesag van 'n liefdevolle God. Simbiose is 'n toestand van samelewing tot wedersydse voordeel, met ander woorde nie net menslike belange mag die deurslag gee nie.

4. Die spesifieke sake wat verwerp word en die ander wat bepleit word, bevorder almal 'n gesonde beleid en wetgewing volgens moderne bewaringsopvattings.

5. Die Verklaring gee dus volledig gestalte aan die Wêreldbewaringstrategie se beroep op 'n fundering van aanbevole etiese beginsels in bestaande geloof en kultuur (vgl Hoofstuk 1, p26).

Vanweë plaaslike relevansie kan kortliks en aansluitend verwys word na Islam en die Joodse en Hindoe-verklarings by Assisi.

Ook **Islam** leer dat die mens se rol op aarde dié is van *Khalifa*, of trustee van God. Die trustee is nie die eienaar nie, dog onderworpe aan goddelike gesag. Die begrip van *akrah* beskryf die toerekenbaarheid van die *khalifa*. Islam gee die leiding vir gedrag wat sal uitloop op 'n afrekening, 'n *akrah*. Die sentrale drie konsepte van Islam, eenheid, trusteeskap en verantwoordelikheid, verteenwoordig die basiese waardes van die *Qur'an* en die boustene van die omgewingsetiek van Islam. Hierdie is ook begrippe wat betekenis moet hê in die daaglikse bestaan in hierdie wêreld. Dit word vertolk in praktiese reëls in die *Shariah*, byvoorbeeld in terme van *haram-sones* waar ontwikkeling verbied word om natuurlike hulpbronne te beskerm en *hima*, of reservate, vir die beskerming van natuurlewe en -bosse; ook die Dertiende Eeuse formulering van 'n handves van wetlike regte van diere. 'n Beroep word spesifiek gedoen dat die *Shariah* die weg sal baan vir omgewingswetgewing.

Die **Joodse** verklaring bevestig dat hierdie wêreld deur God geskep is vir die mens, wat sy vermoë tot morele gedrag moet bewys, ook deur sy heerskappy oor die natuur wat hy van God ontvang het. Dit bevestig ook die doktrine van lewe na die dood, maar stel lewe in hierdie wêreld as sentrale gemoeidheid. Klem val op 'n vreugdevolle eenheid met God, eerder as op gehoorsaamheid aan bevele.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Toenemende neigings tot vegetarianisme word as van hoë morele betekenis aangeslaan.

Hindoeïsme stel die soewereinitiet van die goddelike, wat manifesteer in 'n gegradeerde skaal van evolusie. Die goddelike is nie buite die skepping nie, maar word uitgedruk deur natuurverskynsels. Die mens staan op die oomblik bo-aan die evolusionêre piramiede en staan nie los van die aarde en aardse lewensvorme nie. Die Hindoe-standpunt is deurdrenk met ontsag vir lewe en bewustheid van die onderlinge verbondenheid van lewensvorme. Spesifiek die Jain-geloof beklemtoon die bewaring van lewe. Hindoe-geloof ag alle lewe hoog, plante- sowel as dierelewe.

Vanweë die relatiewe belang van veral die Christelike godsdiens as primêre morele verwysingsraamwerk van die meerderheid mense in Suid-Afrika, is in die eerste afdeling van hierdie hoofstuk gelet op die historiese agtergrond en aard daarvan, as 'n voorbeeld van reëlmoraliteit. Die versoenbaarheid daarvan met die aanbevole etiese uitgangspunt van die Wêreldbewaringstrategie is aangedui. Hierdie feit is ewe toepaslik op sekere ander belangrike plaaslike godsdienste, soos Islam, wat ook 'n trusteeskap-benadering verteenwoordig, en Hindoeïsme, wat ontsag vir en die bewaring van alle lewe voorstaan. Ook die Joodse geloof, hoewel hul Assisi-verklaring nie reëls ewe sterk beklemtoon nie, maar nogtans moraliteit vereis in verhoudinge met die natuur.

In die geval van al hierdie godsdienste bied die formele standpuntinname teenoor God, medemens en die natuur bruikbare reël-morele uitgangspunte vir die formulering van sinvolle bewaringswetgewing en -beleid. By die karakterisering van laasgenoemde as sinvol, moet egter deeglik kennis geneem word van die konteks waarbinne praktiese besluite geneem word. In hierdie opsig is die tweede afdeling van hierdie hoofstuk, die utilitarisme, wat veral ekonomiese beredenering onderlê, van belang. Voor dit aangepak word, word egter eers aandag gegee aan die aard, kenmerke en uiteenlopende fundering van morele reëls oor die algemeen, ten einde

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die teoretiese perspektief daarop te verhelder vir beter onderskeiding van die konsekwensialisme.

REËLMORALITEIT

Reëlgebaseerde of deontologiese moraliteit veronderstel dat handelinge reg of verkeerd (eerder as goed of sleg) is in terme van sekere reëls. Hierdie benadering is tradisioneel so ingeburger dat dit baiemaal beskou word as sinoniem met moraliteit, hoewel dit net een benadering tussen alternatiewe is. Brody (1983: 24-55) se kernagtige uiteensetting, waarin hy onderskei tussen verskillende vorme van reëlmoraliteit volgens die inhoud van die reëls, uiteenlopende beklemtoning, toelating van uitsonderings, en dies meer, word hier weergegee.

Soorte morele reëls

Die mees algemene tipes reël wat Brody onderskei, is die volgende:

1. Reëls wat intrinsieke, gewoonlik negatiewe, waarde toeken aan 'n handeling. Voorbeelde is reëls teen moord, diefstal, ensovoorts. Dié reëls hang saam met 'n geloof in sekere fundamentele regte. Elke reël (verbod) beskerm so 'n reg, byvoorbeeld die verbod op moord beskerm die reg tot lewe, ens. Die aard of karakter van 'n handeling maak dit dus ontoelaatbaar, gewoonlik ongeag die gevolge. Party voorstanders beskou die reëls as absoluut, ander laat uitsonderinge toe in uiterste gevalle. Besondere omstandighede is dus gewoonlik irrelevant.
2. Reëls wat verwys na die aard van die handeling en die verhouding tussen die dader en persone wat geaffekteer word, ens. Hierdie voorskrifte is spesifiek.
3. Reëls wat beloning of straf voorskryf, in verhouding tot die erns of omvang van 'n prestasie of misdaad. Dit vorm die grondslag van opvattings en reëls van geregtigheid. Meningsverskille oor grade van beloning of straf kan voorkom.
4. Reëls wat daardie morele gedrag voorskryf wat die beste gevolge sal hê. As algemene morele reël is dit by reëlmoraliteit een van baie ander en nie die totale morele basis soos by konsekwensialisme nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Kenmerke van reëlmoraliteit

Kenmerkend is dat sulke reëls berus op morele kennis en nie op beredenering nie. Dis nie 'n reël vanweë gevolge nie en verander ook nie as gevolge verander nie. "Die doel heilig die middele" geld nie. Dis nie 'n situasie-etiek nie en die reëls is algemeen en ge-universaliseerd. In die min gevalle van uitsondering berus dié ook nie op verwagte gevolge nie. Dit beteken egter nie die reëls kan nie nader gekwalifiseer word nie. Byvoorbeeld: Beloftes is bindend, tensy onvrywillig gemaak; geweld is verkeerd, behalwe vir noodsaaklike selfverdediging. 'n Werklik universele reël laat geen uitsonderings toe nie. 'n Sentrale probleem is dus die behoorlike spesifikasie van reëls, sodat dit konsekwent in alle situasies toegepas kan word.

Reëlmoraliteit ken kenmerkend 'n sentrale plek toe aan begrippe soos individuele regte, aan verpligtinge ten opsigte van sekere direkte verhoudinge en aan geregtigheid. Dit word goed geïllustreer in 'n geval waar byvoorbeeld vrugafdrywing oorweeg word en die regte van die vader, moeder en fetus opgeweeg word, en verhoudinge tussen die vader en moeder onderling en met ander familie en selfs die medikus en samelewing ter sprake kom.

Die konsepte van regte, verpligtinge en geregtigheid het 'n individualistiese en kwalitatiewe inhoud en is nie kwantitief en aggregerend soos die strekking by konsekwensialisme nie. (Sien hieroor p122-4 hieronder).

By botsings oor skaars goedere gee die begrip "regte" die deurslag en legitimeer dit aansprake ongeag die gevolge vir andere. Regte-aansprake mag bots (soos by vrugafdrywing 'n moeder of fetus se reg op lewe). Alle partye se regte word dan in ag geneem, maar sommige mag meer deurslaggewend wees. Regte geld egter as "troewe" teenoor alle ander soorte oorwegings. Behoeftes, begeertes of dergelike aansprake vir goedere word byvoorbeeld heeltemal geneutraliseer deur eiendomsreg.

Die reëls van geregtigheid skryf beloning of straf by die nakoming of verbreking van

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

reëls voor. Dit sluit in reëls vir die straf van kriminele in verhouding tot die erns van die misdaad, of beloning volgens die meriete van prestasie. Elke land het 'n stelsel van kriminele reg vir die straf van oortreders, in samehang met die staatkundige opset. Dit definiëer soorte oortreding en misdadiger. Ook is daar meganismes (polisie, aanklaers, magistrate, regters) vir die ondersoek van oortredings, verhoor en regspraak. Brody (1983: 38) sê van fundamentele belang is die redes waarom die samelewing gedrag aldus beperk, die doel daarvan en welke straf toebedeel word. Die probleme en meningsverskil in daardie verbande is volop, soos bevestig deur huidige Suid-Afrikaanse debatte oor die gebruik van die doodstraf, borgtog en die toereikendheid en afskrikwaarde van strawwe. Gepaste straf vir gepoogde maar ongeslaagde misdade (soos moord), waar daar geen slagoffer is nie maar optrede identies is aan die suksesvolle misdaad, of waar niemand skade ly nie (soos by prostitusie), dui op die kompleksiteit van die saak en die probleme rondom strafbeginsels.

Die oorsprong en begronding van morele reëls

Brody (1983: 26) noem twee fundamentele vrae oor reëlgebaseerde moraliteit:
Watter is die ware morele reëls?
Hoe stel ons dit vas?

Brody noem dan vier hooftipes antwoorde op dié vrae, naamlik die teologiese, die sosiale, die konsekwensialistiese en die intuïsionistiese.

Die godsdienstig-teologiese antwoord word, as voorbeeld, verteenwoordig deur die bespreking van die Christelike godsdiens hierbo. Moraliteit word in godsdiens begrond en God stel die reëls (Tien Gebooie, gebooie in *Qur'an*, ens). Verskillende godsdienste impliseer verskillende moraliteite, elk gebaseer op die grondslae van die onderhewige godsdiens. Die volgende twee basiese posisies is ook reeds aangedui:

- Die natuurlike teologie verklaar goddelike reëls as in ooreenstemming met die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

insigte van die menslike rede. Vergelyk die Katolieke tradisie van natuur en bo-natuur, waar die rede kennis (insluitende morele kennis) verskaf van die natuurlike en geloof kennis verskaf van die bo-natuurlike. Implikasies van natuurlike teologie is dat 'n algemeen geldende moraliteit vir verskillende godsdienste en die sekulêre wêreld moontlik is, en dat menslike rede, en nie God nie, eintlik die begronding voorsien vir moraliteit.

- Die besondere openbaringstradisie, kenmerkend van die Protestantse godsdienste, wat glo goddelike openbaring voorsien begronding vir moraliteit. Dié mag egter in konflik wees met die insigte van die rede (soos die eis dat Abraham sy seun Isak moes offer).

Die sosiale benadering glo die regte reëls is dié van die meeste lede van die samelewing waarin 'n persoon woon (Brody 1983: 27). Vergelyk ook Borchert en Stewart (1986: 69): ".... right and wrong are defined by each culture, for that culture".

Sosiale konsensus besluit dus wat reg en verkeerd is en sosialisering van die individu binne die verband van die gesin, skool, kerk en dies meer dra dit aan hom oor. Herskovits (in Borchert en Stewart, 1986: 75) sê: "Judgements are based on experience, and experience is interpreted by each individual in terms of his own enculturation ..." Dis egter nodig om daarop te let dat hier twee verskillende standpunte vaardig is.

Die eerste lui dat die regte morele reëls dié is van 'n persoon se kultuur (Brody en Borchert en Stewart se definisies hierbo). Dit stel 'n morele standpunt. Die tweede glo verskillende kulture beliggaam verskillende morele standpunte en reëls (Herskovits, hierbo). Dit is kommentaar op 'n morele standpunt.

Dis 'n klaarblyklike sosiaal-wetenskaplike feit dat morele opvattings en die inhoude van spesifieke morele reëls verskil tussen samelewings. Elke samelewing mag sy eie morele reëls fundeer in 'n ander godsdiens, byvoorbeeld. Dis heeltemal 'n ander saak om te sê, soos die sosiale benadering volgens Brody se definisie, morele korrektheid *word bepaal deur wat 'n bepaalde samelewing glo*. Die laasgenoemde

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

standpunt is in drie opsigte problematies:

Eerstens kom dit neer op volslae morele relativisme. Dié militeer teen wyd-aanvaarde etiese objektivisme, ook genoem etiese absolutisme, wat glo verskillende kultuurgebonde standpunte kan nie almal eties reg wees nie. (Vgl Borchert en Stewart 1983: 68-69). (Dis nodig om hier te onderskei tussen "eties reg" en "eties reg vir en binne 'n bepaalde verwysingsgroep". Die eerste is die absolutistiese etiese standpunt, die laaste slaan op 'n wetenskaplike feit. Hierdie punt kom verderaan weer ter sprake).

Tweedens: Morele relativisme laat die onhoudbare situasie van 'n immorele konsensus toe, soos Jodevervolging in Nazi-Duitsland, slawerny, kannibalisme. Die anti-Semitisme geval is moontlik die swakste voorbeeld omdat dit gepaard gegaan het met militêre, dikwels dwang-omstandighede, 'n relatiewe kort periode in daardie samelewing se geskiedenis, geheimhouding van ekstreme optredes en verloop tydens die bestaan van opponerende gesindhede in dieselfde samelewing. Primitiewe omstandighede van oorlewingsdruk is beter voorbeelde. Feit is: Sou 'n bepaalde samelewing se oorheersende moraliteit die finale arbiter wees, is 'n immorele konsensus moontlik en kan dit voorkom, wat wel gebeur.

Derdens is daar ook die standpunt dat die sosiale benadering morele reëls (dus norme) begrond in sosiale feite en dus aan die naturalistiese drogredenasie skuldig is, dit wil sê vanuit feite besluit wat behoort te wees. Daaroor meer verderaan.

Ten gunste van die sosiale benadering word aangevoer wat Borchert en Stewart (1983: 69) noem antropologiese oorwegings. So, byvoorbeeld, word die bestaan van kulturele verskeidenheid in geloof en praktyk bevestig deur 'n magdom data. Die argument is dat, sou daar universele etiese norme bestaan het, kon 'n mens etiese eenvormigheid verwag het. Dit vind mens nie. Dus bestaan daar verskille omdat daar geen universele etiese norme bestaan nie.

Ook word dit byna algemeen aanvaar dat menslike gelowe en waardes in sosiale

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verband ontwikkel as die produk van 'n samelewing se gewoontes. Voorstanders van die sosiale benadering suggereer dat sulke gewoontes uiteindelik herlei kan word na emosies van pyn of genot, gepaard met pogings om behoeftes te bevredig, dus die kollektiewe wysheid van die gemeenskap vasgelê deur sy ervaring. Verskille in geloof is dan herleibaar na verskille in die emosionele reaksies van voorgeslagte in die proses van oorlewing.

As 'n verdere antropologiese oorweging word die verbreidheid van etnosentrisme ook aangevoer. Respek vir die eie kultuur, ingeprent deur die kinderjare, eskaleer soms na gevoelens van superioriteit en dit bring etnosentrisme mee wat, byvoorbeeld, uitloop op standpunte soos dié van morele absolutiste, wat hul eie standpunt beskou as beter en menslike gedrag in alle kulture daarvolgens wil evalueer.

Borchert en Stewart (1983: 70-71) onderskei ook argumente van metodologiese aard ter ondersteuning van die sosiale standpunt. Die volgende word geopper:

- Die betekenis van morele konsepte wissel tussen kulture en kan dus nie verstaan word buite die konteks van 'n bepaalde kultuur nie. So mag "goed" beteken "dit wat God goedkeur" of "dit wat die meerderheid se geluk bevorder" of "dit wat die kommunistiese revolusie verhaas". 'n Buitestaander tot 'n sisteem kan dus nie die konsepte daarbinne verstaan nie. As sodanige insig onmoontlik is, is tussenkulturele evaluasie dubbeld onmoontlik. Die relativis ontken dan nie net die bestaan van universele morele norme nie, maar ook dat enigeen buite 'n samelewing daardie samelewing se moraliteit kan beoordeel. In vele opsigte strook dit met die alledaagse ervaring waar verskillende (vreemde) kulture met mekaar in interaksie is.
- Relativiste dring soms ook daarop aan dat die gronde vir morele regverdiging tussen kulture verskil en dat dit onwaarskynlik is dat universele ooreenstemming oor dergelike gronde bekom kan word. Sonder sodanige ooreenstemming is daar geen universele riglyne vir gedrag nie.
- Antropologie, as sosiale wetenskap, beskryf en probeer verstaan menslike gedrag binne kulture. Filosofiese etiek is gemoeid met preskripsie, eerder as

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

deskripsie van gedrag.[38] Antropoloë streef dus gewoonlik na 'n waardevrye ondersoekmetode, wat nie die studiesubjekte uit 'n etnosentriese hoek wil beoordeel, veroordeel of antagoniseer nie. Daar is ook die gedurige gevaar van etnosentrisme. Die outeurs glo sommige antropoloë spring vanuit hierdie waardevrye navorsingsgesteldheid na die standpunt dat geen tussenkulturele waardering ooit nodig of moontlik is nie.

Dit is op hierdie stadium weer nodig om te onderskei tussen beskrywende vergelyking, soos in antropologie, en die waarderende aanslag van kulture in terme van waardenorme, wat in sigself gebed is in 'n waardestelsel.

Die wyse van aanbieding van die sosiale benadering deur byvoorbeeld Brody, as 'n begronding vir morele reëls, kan maklik logies verwar. Dis daarom nodig om duidelik te onderskei tussen verskillende bedrywighede wat verloop op logies onderskeibare vlakke, te wete:

1. Morele gedrag (uitlewing en toepassing van norme in terme van 'n waardestelsel).
2. Die beskrywing van morele gedrag (deur bv antropologie).
3. Die filosofiese oorweging van beskrewe morele gedrag.

Verskillende kultuurgroepe bestaan en leef volgens norme wat elk op sy eie manier begrond word, vir sover 'n mens kan veralgemeen oor groepe. Dit verteenwoordig die eerste vlak. 'n Persoon op daardie vlak pas morele norme toe en kan gevra word om sy gedrag te regverdig, wanneer hy dan fundering mag soek in godsdiens, intuïsie of die gevolge gepaard met handelinge. Sy moreel regverdigende verwysingsraamwerk sluit gewoonlik nie 'n vergelyking met kultuurgroepe anders as sy eie, of die feit dat sy maatstawwe tussen-kulturele argumente moontlik maak, in nie. Eers op die tweede vlak van wetenskaplike beskrywing en vergelyking van kultuurgroepe kom die bestaan, al dan nie, van universele morele norme ter sprake.

[38] Bochert en Stewart se "filosofiese etiek" verwys blykbaar hier na "normatiewe etiek". Dis nodig om daarop te wys dat nie alle filosowe saamstem met die standpunt dat filosowe, as *filosowe*, gedrag behoort voor te skryf nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Daarna, op die vlak van filosofiese oorweging en beredenering, kom die meriete van relativistiese en absolutistiese norme ter sprake. "Absoluut" op hierdie vlak het ook nie dieselfde betekenis as "absoluut" binne byvoorbeeld 'n bepaalde morele stelsel soos 'n godsdiens nie. Op die filosofiese vlak verwys die term na "absoluut" bo-oor alle stelsels heen. Dis ook nodig om die verskil tussen absolute gronde binne en in terme van 'n geloof, en absolute gronde in empiries-wetenskaplike sin, voor oë te hou - die gewone onderskeid tussen "glo" en "bewys".

Begronding van moraliteit (aan die hand van godsdiens, intuïsie of gevolge) binne bepaalde kulture staan dus nie logies gelyk aan begronding gefundeer deur konklusies uit antropologiese beskrywings nie. "Sosiale konsensus" is bloot 'n veralgemeende beskrywing van wat gebeur wanneer mense, elke groep op sy eie manier en binne sy kulturele verband, morele optrede begrond in godsdiens, en dies meer. "Begronding" is nie dieselfde as beskrywing, bespreking en vergelyking van wyses van begronding nie. Moontlik daarom moet Borchert en Stewart (1983: 71) antropoloë as voorbeeld gebruik. En antropoloë is beswaarlik 'n kultuurgroep. In elke geval is die inneem van 'n morele standpunt (morele relativisme) omdat kultuurgroepe (deskriptief gesproke) verskil, 'n goeie voorbeeld van 'n naturalistiese denkfout. Kennis van kultuurverskille is bloot kennis van kultuurverskille, hoewel dit hanteer kan word met reeds aanvaarde norme, soos empatie, verdraagsaamheid, respek, en dies meer.

Konsekwensialisme word ook deur Brody geopper ter verkryging van 'n moontlike antwoord op die vraag na die begronding van morele reëls. Die gevolge van handelinge word alledaags oorweeg in mense se besluite in besigheidsbestuur, persoonlike lewe, landsbestuur en haas elke faset van die lewe. Die oorweging daarvan by morele besluitmening is meer aanvegbaar. Konsekwensialisme word verderaan bespreek en daar word dan onderskei tussen handelingskonsekwensialisme en reëlkonsekwensialisme. Brody (1983: 28-29) opper spesifiek die moontlikheid van begronding in morele reëls wat sê die reëls wat lei tot beter gevolge vir alle betrokkenes is die gepaste morele reëls, soos byvoorbeeld die geval mag wees by die reël om altyd 'n belofte te hou. Hier

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wil moraliteit bepaal word in terme van gevolge. Die feit dat reëls gevolg word, beteken egter geensins dat dit om reëlmoraliteit gaan nie. Streng gesproke gaan dit hier om dit wat in die literatuur bekend staan as reëlkonsekwensialisme, en soos wat dit verderaan (p127-8) beredeneer word, is reëlkonsekwensialisme net nog 'n vorm van konsekwensialisme. Dis immers nie duidelik waarom 'n reël wat deur gevolge bepaal word, altyd gevolg moet word nie, soos byvoorbeeld wanneer navolging nie die beste gevolge sou hê nie. Waarom dan die klem op reëls?

Daar is uiteindelik geen prinsipiële verskille tussen handelings- en reëlkonsekwensialisme nie. Reëlmoraliteit, as 'n alternatief vir handelinskonsekwensialisme, moet dus begronding soek in iets anders as die gevolge van reëlnakoming, aldus Brody (1983: 29). Gevolglik hoef reëlkonsekwensialisme nie hier verder bespreek te word nie.

Die intuïsonistiese benadering glo nie dat goddelike intervensie of gevolge of enigiets anders moraliteit aan 'n reël of handeling verleen nie, maar dat die moraliteit 'n objektiewe, intrinsieke kenmerk daarvan (*i.e.* van die reëls) is. 'n Spesiale vermoë genaamd morele intuïsie beken die moraliteit van reëls en handelinge, analoog aan sintuiglike bekenning van waarneembare voorwerpe (Brody, 1983: 30). Alle rasionele mense sou hierdie vermoë hê, wat dus onverbonde is aan enige bepaalde godsdiens of kultuur. Dis universeel.

Volgens Flew *et al* (1984: 326, 157 en 238) en Arthur (1981: 14-25) word hierdie teorie geassosieer met Shaftesbury en Hutcheson se "moral sense school" in die Agtiende Eeu en, onder meer, Moore en WD Ross in die Twintigste Eeu.

Nowell-Smith (1954: 54-56) noem 'n aantal besware teen hierdie absolute opvatting van intuïsionisme, wat die volgende insluit:

In die eerste plek lewer die gelykstelling van intuïtering aan sintuiglike waarneming probleme op. Oordele na aanleiding van impiriese waarneming kan getoets word langs die weg van objektiewe waarneming en metodes, soos die waarneming van

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

'n kleur deur middel van spektroskopie. Slegs binne 'n raamwerk van dergelike toetse is daar sprake van objektiewe persepsies. Sedelike oordele wat op intuïsies berus, kan dus nie as objektief, dit wil sê as geldig vir alle persone, bestempel word nie.

Tweedens kan intuïsionisme ook nie rekenskap gee van verskille ten opsigte van die waardering van gedrag nie. Intuïsies is óf feilbaar, óf nie. As dit feilbaar is, beteken dit dat 'n objektiewe eienskap wat bestaan, nie noodwendig reg geïntuïteer sal word nie. As dit onfeilbaar is, kan verskille net gewyt word aan gebrekkige intuïsie of oneerlikheid. Tog laat ons dikwels andere toe om in alle opregtheid ander sedelike opvattings as onsself te huldig. Intuïsie word dus nie as onfeilbaar beskou nie.

Derdens ontkom intuïsioniste ook nie aan die naturalistiese denkfout nie. As iemand bevestig dat 'n handeling 'n bepaalde nie-natuurlike eienskap besit, beskryf hy 'n toedrag van sake. Daaruit volg nie dat hy op 'n sekere wyse behoort op te tree nie.

Brody (1983: 30) beskou nie morele intuïsies as onfeilbaar nie, maar slegs as redelike aannames, onderworpe aan hersiening. Party intuïsioniste glo die intuïsie kan net die korrektheid van morele reëls onderskei, andere meen weer net die korrektheid van morele handelinge. Vir Brody slaan die vermoë op altwee aspekte en elk kan die ander verfyn. Sommige ander intuïsioniste glo weer dat dit nie soseer spesifieke inhoud is wat onderskei word nie, dog eerder die morele sin ten grondslag daarvan, soos taalgebruik teenoor sin vir grammatika.

Ten spyte van die kontroversiële aard daarvan, beskou Brody (1983: 31) nogtans intuïsionisme as die mees geskikte beskikbare grondslag vir 'n reëlgebaseerde moraliteit. Hy bespreek dan die sterk en swak eienskappe van reëlmoraliteit, wat nou saamhang met dié van konsekwensialisme, deurdat die goeie punte van konsekwensialisme die swakhede van reëlmoraliteit verteenwoordig en reëlmoraliteit weer baie probleme van konsekwensialisme ondervang. Brody (1983: 17, 18, 32) opper dan wat hy noem een van die moeilikste morele probleme, naamlik die geval waar twee reëls, altwee geloofwaardig, in konflik kom, soos byvoorbeeld 'n

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vervolgde persoon se reg op 'n regverdige verhoor en 'n vrye pers se reg om inligting in openbare belang te publiseer. In sekere gevalle het openbare debat al ontstaan, volgens Brody, vanweë die moontlikheid dat vrye publikasie van ter sake inligting inbreuk kan maak op die regverdigheid van 'n verhoor. Die regter moet dan kies tussen beperking van publikasie, of nie. Reëlmoraliteit het nie die eenvoudige resep van konsekwensialisme (sien verderaan - kies die reël met die beste gevolge) nie. Op die dikwels teenstrydige interpretasie van godsdienstige reëls is reeds gewys. Die intuïsionis se probleem is byna groter - intuïsies oor algemene reëls moet intuïsies oor besondere gevalle lei, met die immer teenwoordige moontlikheid van botsende intuïsies en geen resep vir resolusie nie.

As aanloop en agtergrond vir die bespreking van die morele grondslae van Suid-Afrikaanse bewaringswetgewing en -beleid is tot dusver in hierdie hoofstuk gefokus op die (plaaslike prominente) Christelike godsdiens. Daarna is ook gelet op sekere teoretiese hooftrekke van reëlmoraliteit, waarvan godsdienstige waardes 'n voorbeeld is. Vanselfsprekend is die fundering van reëlmoraliteit hier ter sprake Christene se geloof in die Bybel, as weergawe van die wil van God. Daar is ook gewys op benaderings tot die vasstelling daarvan en probleme daaromheen, langs die weg van die natuurlike teologie en die openbaringstradisie. Hoewel daar in moderne tye 'n vryer vertolking van Bybelse voorskrifte is wat moderne bestaansprobleme akkommodeer, is dit duidelik dat wetlike riglyne steeds nodig is. Formele standpuntinname van die Christelike en ander godsdienste by Assisi rig spesifiek bewaringsoptrede en verhoudinge met die natuur.

Soos aangedui in die inleiding tot hierdie hoofstuk, is 'n ondersoek na die teenoorgestelde gesigspunt van utilitaristiese beredenering, wat in wese konsekwensialisties is, ewe nodig. Hierdie ander gesigspunt, wat gewoonlik so oorheersend en selfs deurslaggewend is deur die karakterisering daarvan as "prakties", word vervolgens nader ondersoek.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

UTILITARISME[39]

Stauth en Baskind (in Fuggle en Rabie, 1992: 30) beskou etiese oorwegings, soos Leopold se "land ethic", as een van die voordele van bewaring om te oorweeg by besluite oor hulpbronbestuur. Hulle glo egter die etiese dimensie kan nie die grondslag voorsien vir praktiese reëls van besluitneming in spesifieke gevalle waar die mens en die natuur se belange teenoor mekaar opgeweeg word nie. Die etiese kant word deur hulle tipeer as kultureel-bepaalde begeerte (Engels "want") ten onderskeie van biologies-bepaalde behoeftes (Engels "needs"). Ook suggereer hulle die wye aanvaarding van koste-voordele-analise by hulpbron-gebruiksbesluite, uiteindelik gemik op ekonomiese ontwikkeling en volhoubaarheid oor geslagte.

Daar is reeds voorheen (p110) melding gemaak van die praktiese konteks waarbinne etiese mikpunte verwesenliking moet poog. Wat Stauth en Baskind uiteensit, is juis hierdie konteks. Die strekking van omgewingsekonomie, wat probeer om aan omgewingswaardes kwantitatiewe inhoud te gee en te internaliseer in die ekonomiese kalkulus, en wat ook meer egalitariese klemtome het, is reeds uiteengesit (Hoofstuk 2). Ten spyte van ander klemtone en benaderings bly omgewingsekonomie egter wesentlik maar net 'n ekonomiese uitgangspunt wat menslike vervulling en satisfaksie wil verhoog (vgl Brody 1983: 927) en wat volgens duidelik konsekwensialistiese beredenering verloop. Vanweë die algemene aanvaarding van hierdie benadering onder besluitnemers en beleidmakers, sal daar in die res van hierdie hoofstuk, na 'n spesifieke ondersoek van utilitarisme, ook gekyk word na die algemene konsekwensialistiese denkpatroon waarvan dit 'n voorbeeld is.

Agtergrond en aard

Flew *et al* (1984: 361) noem utilitarisme die mees beroemde normatief-etiese

[39] Heelwat mense stel hedonisme en utilitarisme (albei vorme van konsekwensialisme) teenoor mekaar. Hedonisme streef na die maksimalisering van genot bo pyn; utilitarisme streef weer na die maksimalisering van behoeftebevrediging. (Vergelyk die bespreking van standaarde op p124-6). Die bespreking hier is veral aan die hand van behoeftebevrediging, soos gereflekteer deur ekonomiese voorkeur.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

leerstelling in die Engelsprekende tradisie van morele filosofie. Hoewel dit nog deur baie morele filosowe aangehang word, het dit 'n hoogtepunt beleef vanaf die laat 18de tot die laat 19de Eeu. Bentham, JS Mill en Sidgwick was die klassieke eksponente. Die beginsel van utiliteit is egter reeds vroeër geformuleer deur David Hume, Beccaria en Priestley, volgens Borchert en Stewart (1986: 182).

Volgens die laasgenoemde outeurs (p179-180) was die aansporing vir Bentham geleë in die Industriële Revolusie wat in Engeland begin het en die westerse wêreld verander het van 'n wesentlik agrariese, landelike gemeenskap na 'n stedelike, geïndustrialiseerde een. Groter materiële vervulling vir die middel en hoër klasse het geskied ten koste van die werkersklas, wie se ellende later ook vir Marx, Engels en Dickens, maar eerste vir Jeremy Bentham, geïnspireer het. Bentham se geskrifte het hom die leier gemaak van 'n groep, die "Philosophical Radicals", een lid waarvan (James Mill) die vader was van JS Mill, 'n latere groot verdediger en vertolker van utilitarisme.

Bentham se etiese teorie het gemik op maksimale menslike geluk. Volgens Flew *et al* (1984: 41) het Bentham uitgegaan van die beginsel (van debatteerbare sin en status) dat "nature has placed mankind under the governance of two sovereign masters, pain and pleasure", en die tesis ontwikkel dat handelinge as reg of verkeerd beoordeel moet word na die mate wat dit neig om genot te maksimaliseer (en pyn te minimaliseer) by diegene wat deur die handelinge geaffekteer word. Dit is, volgens Borchert en Stewart (1986: 182) die bevestiging van sielkundige hedonisme as 'n feit. As etiese teorie is dit die standpunt dat genot die doel moet wees van alle handelinge, waardeur Bentham op rasionele wyse die samelewing wou hervorm.

Jeremy Bentham se *Introduction to the Principles of Morals and Legislation* van 1789 word uitvoerig aangehaal deur Borchert en Stewart (1986: 183-190). Sekere hooftrekke word kortliks hier saamgevat. Daarvolgens is die etiese beginsel van utiliteit die riglyn vir gedragskeuses. Volgens hierdie beginsel word handelinge goed- of afgekeur na die mate wat dit die geluk van die persoon wie se belange ter

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

sprake is, bevorder of verminder. Utiliteit verwys nie na bloot sinlike genot nie, dog enige voordeel, plesier, geluk of bate, en die voorkoming van pyn, verteenwoordig deur enige kwaad, ongerief, ongeluk of benadeling. Bentham se uiteensetting sê onder meer verder:

- 'n Belang van iemand ('n persoon of gemeenskap) word verteenwoordig deur die somtotaal van die betrokkene se geluk. Die belang word bevorder deur vermeerdering van daardie geluk of, omgekeerd, vermindering van die pyn.
- 'n Gemeenskap se belange is die somtotaal van dié van die samestellende individue.
- 'n Persoonlike handeling, wat soortgelyk is aan 'n regeringsmaatreël, klop met die beginsel as dit neig om 'n individu, of die samelewing, se geluk meer te bevorder as te belemmer.
- Die beginsel dui aan wat behoort te wees, wat reg is, of verkeerd.

Bentham stel dit ook dat die beginsel nie verkeerd bewys kan word nie, hoogstens verkeerd toegepas kan word. Enige opponerende getuienis word indirek en onbewustelik van die beginsel self verhaal. Afkeur van die toepaslikheid daarvan deur middel van argument is onmoontlik. 'n Persoon wat nie die beginsel wil onderskryf nie, moet baie deeglik nadink oor sy motiewe en die universaliseerbaarheid en aanvaarbaarheid vir andere van vermeende alternatiewe. Of oor die subjektiwiteit en gronde van sulke alternatiewe, wat nie op enige wyse verwant mag wees aan utiliteit nie.

Bentham kritiseer vervolgens alle alternatiewe, wat volgens hom altyd reduseerbaar is tot twee: asketisme (altyd strydig met utiliteit) en die beginsel van simpatie en antipatie (soms strydig met utiliteit). Bentham meen hy demonstreer dan die irrasionaliteit van enige etiek wat op hierdie alternatiewe berus. Asketisme gebruik die utiliteitsbeginsel, sê hy, maar omdat sekere genietinge sekere nadele het, word uiteindelik alle genietinge as sleg verwerp. Dan gaan aanhangers verder en begin streef die teendeel, pyn, as die goeie na. Dieselfde beginsel word dus benut, maar verkeerd toegepas en dis onmoontlik om konsekwent daarin te wees, soos wel

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

moontlik is by korrekte toepassing.

Simpatie en antipatie as beginsels word op hulle beurt veral in politiek en regering toegepas. Dit kom neer op subjektiewe willekeurigheid en is prakties gesproke eintlik geen beginsel nie. Eie gevoelens en nie politieke dienstigheid nie, is die gids tot goed- of afkeuring en die graad daarvan.

Die teologiese "wil van God" is volgens Bentham ook eintlik geen duidelike beginsel nie. In politiek word dit nooit na verwys nie en as private gedragslyn vereis dit uitermatige interpretering, waarin bowendien ander standaarde benut word. Dié is altyd een van die voormelde drie, want daar is geen ander nie. Dis dus slegs 'n vermeende wil en mens moet eers weet wat reg is, voor jy kan weet of dit klop met die wil van God.

Psigologiese hedonisme glo mense streef altyd na genot en vermy pyn. Bentham se strategie is dus om mense deur middel van genot- en pyn-produserende handelinge te kondisioneer om die geluk van die mensdom te maksimaliseer. Die beroemde hedonistiese kalkulus word dan deur Bentham ontwerp om verskillende vorme van genot en pyn tot vergelykbare kwantiteite te reduseer met die oog op rasionele keuses deur die wetgewer en die enkeling, tussen daardie gedraginge wat neig om die genot of pyn mee te bring. Die strategie was eenvoudig, maar die stelsel kompleks.

Probleme met die utiliteitsbeginsel

Bentham wou moraliteit red van die wispelturige sentimente en intuïsies van mense deur dit te begrond op sorgvuldige, onomstootlike beredenering. Sy volgelinge het egter ongemaklike vrae geopper, wat op modifikasies van die stelsel uitgeloop het. Borchert en Stewart (1986: 190) gee 'n samevatting van hierdie vrae. Een raak die kwalitatiewe verskil tussen verskillende vorme van genot. Sowel sinlike genot as die genot gedefinieer deur 'n asketiese moraliteit, wat sinlike waardes geringskat en geestelike en religieuse waardes beklemtoon, kan geluk meebring. Die hedonistiese

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

maatstaf stel nie genot teenoor, byvoorbeeld, gesondheid, skoonheid, liefde, waarheid, en dies meer nie. Hulle bring ook genot mee (vergelyk Brody, 1983: 13).

Daar is dus edele en onedele vorme van genot. Maar hoe onderskei 'n mens as altwee soorte kwantitatief gelyk is? Dis ook 'n vraag of die hedonistiese kalkulus hoegenaamd prakties is en of genot werklik kwantifiseerbaar is. Verder is dit ook 'n vraag of elke handeling apart aangeslaan moet word deur die beginsel en of daar nie liewer vooraf reëls in terme van die utiliteitsbeginsel uitgewerk en benut moet word nie. Hierdie en ander vrae het gelei tot die wysiging en verryking van utilitarisme.

John Stuart Mill (aangehaal in Borchert en Stewart, 1986: 190-194) het veral die kwalitatiewe gelykheid van genietinge en daardeur die gelykstelling van mense aan diere verwerp. Hy glo in die menslike sin van waardigheid (Engels "dignity") wat meebring dat intellektuele, morele en emosionele genietinge hoër aangeslaan word as blote vleeslike sensasies. Hy sê voorts utilitariste doen so vanweë die groter permanensie en veiligheid en laer koste van die verstandelike teenoor die liggaamlike. (Dus omstandigheids- eerder as intrinsieke voordele). Sekere soorte genot is egter meer waardevol en geniet die voorkeur van die evalueerder met ervaring van al die alternatiewe en van die nadele gepaard met vele oombliklike genietinge. Laere vermoëns word makliker bevredig en 'n hoëre skepsel is selde tevrede. Maar ontevrede menswees is verkieslik bo vervulde varkwees.

Die inbring van kwaliteit het beteken ideale kan nou 'n handelingsdoelwit wees, maar dit skep ook 'n teenstrydigheid: Op grond van wat word besluit een vorm van genot is kwalitatief superieur bo 'n ander? Dit vereis iets anders as genot, byvoorbeeld 'n ideaal, want altwee is op sigself genietlik. Maar utilitarisme eis genot as enigste kriterium. Borchert en Stewart (1986: 194) sê Mill het dit blykbaar nooit raakgesien of op gereageer nie. Die punt is egter dat waar Bentham die beoordeling van elke handeling vereis, verkies Mill weer reëls wat utilitaristiese beginsels reflekteer.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Dis nodig om by te voeg dat die hedonistiese maatstaf nie slaan net op die onmiddellike ervaring van genot of pyn nie. Gevolge word instrumenteel evalueer met behulp van onderskeidings tussen sigwaarde en instrumentele waarde en kort- en langtermyn gevolge, maar uiteindelik word evalueer in terme van die maksimalisering van genot- teenoor pyn-ervarings. 'n Verdere kenmerk van die hedonistiese maatstaf is dat dit gaan oor genot en pyn as bewuste ervarings van individue. (Vergelyk Brody, 1983: 13). Die genot hang saam met die bevrediging van 'n begeerte en ons bewussyn daarvan. Die uiteindelike maatstaf vir die hedonis is dus die bewussyn van bevredigde begeerte.

Al die wysigings van utilitarisme het meegebring dat utilitarisme geklassifiseer kan word volgens hul antwoorde op die vrae hierbo (vgl Borchert en Stewart 1986: 190) as:

1. Handelingsutilitariste, soos Bentham en Moore. Elke handeling moet daarvolgens direk aangeslaan word.
2. Reëlutilitariste, soos Urmson en Brandt. Reg en verkeerd hang daarvolgens af van soorte handeling in die algemeen, byvoorbeeld leuens is altyd verkeerd omdat dit op die lang duur altyd nadeel (pyn) meebring, al sou dit op die oomblik tot genot lei.
3. Hedonistiese utilitariste (soos Bentham) wat glo slegs die kwantiteit van die sensasie is van belang.
4. Ideële utilitariste (soos Mill) wat kwalitatief onderskei tussen genietinge en mik op meer verhewe genot.

Teenstrydighede

Borchert en Stewart (1986: 194-195) slaan utilitarisme aan as 'n betekenisvolle etiese en politieke invloed in 19de Eeuse Engeland. Dit het regstellinge van die ontberinge as gevolg van die Industriële Revolusie geïnspireer, wat mettertyd wêreldwyd uitgekring het (afskaffing van slawerny, wetgewing oor kinderarbeid en die regte van werkers, tronkhervorming, en dies meer). Hierdie outeurs glo in terme

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van resultate was utilitarisme meer suksesvol as baie ander filosofiese standpunte. Interne teenstrydighede word egter deur hulle geopper. 'n Sentrale een is die onvermoë om rekenskap te gee van die regte van individue as individue. Beteken maksimum geluk vir die grootste getal 'n minderheid mag opgeoffer word? Mag 'n enkeling ooit sy waardigheid ontneem word, ongeag die geluk van die massa? Flew *et al* (1984: 361) vat die kritiek op die utilitarisme kernagtig as volg saam:

1. Praktiese probleme met toepassing. Hoe kan mens ooit die hoeveelheid geluk gepaard met individuele handelinge of algemene reëls bepaal?
2. Onregverdigheid, wanneer die meerderheid se geluk gedien word deur die opoffering van 'n onskuldige, of deur 'n uitdruklik onregverdige instelling soos slawerny.
3. Eensydigheid, deurdat moraliteit net deur handelinge en hul gevolge bepaal word en nooit volgens motiewe of bedoelings nie.

Brody (1983: 13) stel dit duidelik dat hedonisme maar een vorm van konsekwensialisme is. Dis daarom aangewese om te let op konsekwensialisme oor die algemeen, as teenstelling teenoor reëlmoraliteit, en op die implikasies daarvan vir utilitarisme.

KONSEKWENSIALISME

Die uiteensetting hieronder volg die hooftrekke van dié van Brody (1983: 10-20) aangevul uit ander bronne. Brody (1983: 11) definieer konsekwensialisme as daardie benadering ter oplossing van morele probleme wat die morele korrektheid of verkeerdheid van 'n handeling uitsluitlik in terme van die gevolge daarvan bepaal. Die regte handeling is die een met die beste gevolge, dit wil sê die meeste goeie en die minste slegte gevolge. Alle alternatiewe handelingsopsies word bepaal en daarna word gepoog om die gevolge van die uitvoering van elkeen te voorsien. Alle gevolge word dan in waarskynlikheidsterme ge-evalueer en die beste, dit wil sê die een met die grootste oorwig van goeie oor slegte gevolge, gekies. Volgens Brody word handelinge dus nie in terme van intrinsieke reg of verkeerd beoordeel nie, net

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

in terme van gevolge.

'n Mens sou dus kon sê die konsep van die goeie, eerder as die konsep van die regte, geld as normatiewe grondkategorie, wat uiteraard 'n maatstaf vereis vir die konsekwente berekening van die beste gevolge in verskillende situasies. (Moord mag dus byvoorbeeld ook die beste opsie wees). Verskillende maatstawwe karakteriseer verskillende vorme van konsekwensialisme.

Flew *et al* (1984: 73) se omskrywing van konsekwensialisme is essensieel dieselfde as dié van Brody en in agneming van die werklike gevolge van individuele handelinge word gespesifiseer as die suiwerste vorm van konsekwensialisme. Variasies op die tema sluit dan verwysings na slegs voorsienbare of moontlik bedoelde gevolge, of die gevolge van klasse van handeling in. Utilitarisme word as die mees populêre en invloedryke vorm van hierdie benadering tot moraliteit gespesifiseer.

Die logika van konsekwensialistiese beredenering

Die gebruik van konsekwensialistiese beredenering is normaal in alledaagse lewenssituasies. Morele konsekwensialisme is egter 'n hoogs revolusionêre en kontroversiële uitdaging van konvensionele moraliteit (tipies reëlmoraliteit) volgens Brody (1983: 12). Dit het oor die laaste twee eeue toenemend inslag gevind as gevolg van die opkoms van die wetenskap, tegnologie en kapitalisme, met 'n instrumentalistiese rasionaliteit ten grondslag. In toenemend komplekse moderne lewenssituasies is die gebruik slegs van tradisionele morele reëls nie altyd toereikend nie. Mikrobiologie en tegnologiese vordering het byvoorbeeld genetiese manipulasie ten opsigte van die mens moontlik gemaak, onder meer ter wille van siektevoorkoming. Hiervoor bestaan geen reëls nie. Medies-wetenskaplike ontdekkings het ingrypende manipulasie van bevrugtings- en geboorteprosesse moontlik gemaak, waaroor in 'n verhongerende, oorbevolkte wêreld besluit moet word teen die agtergrond van asnog dikwels onbuigsame morele opvattings en reëls oor seksualiteit en bevrugting.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die uitgebreide gebruik van konsekwensialistiese beredenering het sekere kenmerkende trekke, wat kortliks hieronder aangestip word:

Instrumentele karakter

Evaluasie van 'n handeling in terme van gevolge het 'n uitgesproke instrumentele karakter - "die doel heilig die middele". Dis egter ook nodig om te onderskei tussen die onmiddellike bevrediging of genot wat 'n handeling bied (sigwaarde) teenoor die mate wat dit bydra tot die bevordering of bereiking van meer verwyderde doelstellings (instrumentele waarde). Vergelyk byvoorbeeld die genieting uit die lees van 'n interessante boek met die voordele uit die bestudering van dieselfde boek as onderdeel van 'n kursus wat 'n persoon kwalifiseer vir 'n loopbaan. Ooglopend sal 'n konsekwensialistiese benadering hierdie intrumentele waarde hoër aanslaan. Voormelde onderskeid sluit aan by dié tussen lang- en korttermyn gevolge.

Langtermyngevolge

'n Konsekwensialisme kan nie net die moraliteit van 'n handeling beoordeel in terme van onmiddellike gevolge nie, maar moet ook die langtermyn en uiteindelike konsekwensies in ag neem vir sover dit moontlik is. Dis rasioneel om voordele te wil maksimaliseer deur vervulling uit te stel, waar 'n sinvolle balansering van kort- en langtermyn gevolge dit vereis. Dis vanselfsprekend dat emosionele faktore 'n rol sal speel en dis bekend dat mense neig om korttermyn voordele hoër aan te slaan.

Situasiebetreklikheid

Brody (1983: 11) wys daarop dat 'n soort handeling gewensde gevolge in party en onaanneemlike gevolge in ander situasies mag hê, byvoorbeeld die afgooi van mense van 'n boot sodat hulle verdrink, teenoor die afgooi van daardie mense sodat die agterblewenes kan oorleef op 'n boot wat andersins sou sink. Konsekwensialisme is dus 'n situasie-etiek waarin die morele kwaliteit van 'n

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bepaalde handeling kan verskil van situasie tot situasie. Dis natuurlik in direkte konflik met reëlmoraliteit.

Nie-absolutistiese beredenering

Waar reëlmoraliteit absolutisties bepaal wat moreel reg of verkeed is, werk konsekwensialisme met gevolge wat teenstrydig mag wees en dus beredenering binne die konteks van wins-en-verliesberekening vereis om te bepaal wat die beste gevolge sal hê en dus moreel reg is binne 'n spesifieke situasie.

Kwantitatiwiteit

Ongeag die probleem van watter maatstaf gebruik sal word om die goedheid of slegtheid van gevolge te bepaal, moet enige sodanige maatstaf nie soos reëlmoraliteit toelaat vir kwalitatiewe verskille by konsekwensies nie. Dit word bloot gekategoriseer as goed of sleg en die maatstaf konsekwent toegepas. Dus: Lys handelingsopsies, stel gevolge vas, klassifiseer hulle volgens die maatstaf. (Daar is natuurlik probleme op elke stadium. Dit gaan egter hier nou bloot om die kwantitatiewe karakter van konsekwensialisme).

Onpersoonlikheid, gemeenskaplikheid

Die maatstaf by konsekwensialisme word konsekwent toegepas, ongeag vir wie die gevolge goed of sleg is (Brody, 1983: 18). Dit gaan om die somtotaal van alle goeie of slegte gevolge en elke mens dra ewe veel gewig as enige ander. Geen uitsondering word gemaak vir persoonlike verhoudinge of verpligtinge, soos ten opsigte van familie of vriendskap nie, vir persoonlike omstandighede soos armoede of siekte nie, of vir individuele regte soos eiendomsbesit of begrippe soos geregtigheid nie. Dit gaan uitsluitlik om wat moreel reg of verkeerd is in terme van die beste gevolge, bereken op 'n gemeenskaplike basis in 'n berekening waarin almal van gelyke belang is (Brody, 1983: 18-20).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Soorte konsekwensialisme

Ten spyte van die feit dat dieselfde logika te vinde is in alle konsekwensialistiese benaderings tot moraliteit, kan daar tog tussen variante van konsekwensialisme onderskei word, afhangende van watter inhoud gegee word aan die *maatstaf* vir die bepaling van goeie gevolge, afhangende van *wie se ervaring* van gevolge in ag geneem word, en afhangende van die vraag of die gevolge van *handelinge* of van algemene *reëls* beoordeel word. Vir 'n goeie begrip van konsekwensialisme is dit belangrik om nou aan hierdie onderskeidinge aandag te gee.

Hedonisme en utilitarisme

Brody (1983: 13) opper twee fundamentele vrae oor gevolge, te wete:
Watter standaard word gebruik?
Wie se belange is deurslaggewend?

As net gevolge in ag geneem word en niks intrinsiek reg of verkeerd is omtrent die handeling self nie, moet daar 'n maatstaf wees om te bepaal welke gevolge is goed, welke sleg. Sodanige maatstaf moet gevolge konsekwent kan evalueer, anders sal gevolge bloot arbitrêr gelys word. Verskillende vorme van konsekwensialisme hang saam met die formulering van die sentrale maatstaf.

Praktiese probleme kompliseer die toepassing van 'n standaard: Dis moeilik, soms onmoontlik, om alle handelingsopsies te identifiseer en met sekerheid alle gevolge te voorsien. Die vergelyking van uiteenlopende gevolge is ook problematies. Konsekwensialisme maak egter nie aanspraak op 'n moeitevrye metode nie, dog wel op die aanbod van 'n rasionele metode om morele kwessies mee aan te pak (Vergelyk Brody, 1983: 18). Voorts is subjektiewe konsepsies van wat goed is inhoudelik uiteenlopend, nie net ten opsigte van individuele item ni , m ar ook ten opsigte van kategorieë daarvan (soorte sport, godsdiens, literatuur, ensovoorts). In algemene terme, egter, beskou mense as goed dit wat hulle genot, bevrediging, vervulling bied, ongeag of dit nou op fisiese, sosiale, estetiese, intellekt le of ander

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

terreine plaasvind. Teenoorgesteld: Dit wat pynig, belemmer, frustreer, en dies meer, word universeel beskou as sleg. 'n Verskeidenheid subjektiewe konsepsies van die goeie kan dus wel almal onder een objektiewe konsep van die goeie, in terme van 'n funksionele maatstaf, tuisgebring word. Nadere formulerings verskil en karakteriseer dan soorte konsekwensialisme.

Wat standaard betref, sê Brody, is die klassieke dié van die hedonisme. Dis reeds hierbo na verwys (p 118-20). Die hedonistiese standpunt beklemtoon dat genot spruit uit die bewuste vervulling van die begeertes van individue. Geen kwalitatiewe verskille word by vorme van genot of pyn onderskei nie, slegs kwantitatiewe verskille in terme van aantal individue en ervarings, en die intensiteit, duur en nabyheid van laasgenoemde. (Vergelyk Bentham, soos aangehaal in Borchert en Stewart, 1986: 188-190). Morele probleme kan dus in spesifieke en konkrete terme ontleed word. Nie-hedoniste wat teen die voorafgaande objekteer, is van twee soorte, volgens Brody (1983: 13). Een groep beweer gevolge wat begeertes bevredig, mag van waarde wees selfs as ons nie bewus is van die vervulling nie. Die tweede groep beweer dat die vervulling van begeerte soms nie van waarde is nie, selfs al is ons bewus dat die begeerte vervul is.

Die eerste geval word gewoonlik geïllustreer met die voorbeeld van die sterfbed-belofte (Vergelyk Brody, 1983: 13-14). Moet 'n belofte aan 'n vriend op sy sterfbed om sy besittings, wat jyself as waardeloos ag, te versorg nagekom word, siende dat die gestorwene na sy dood nie bewus kan wees van enige begeertevervulling nie en dus geen genot kan ervaar nie? Tegelyk het die betrokke lewende (jyself) geen begeerte om items wat jy as waardeloos beskou, te versorg nie. Dis egter duidelik dat sorg aan die besittings die vriend se begeerte sal bevredig, hoewel dit vir niemand genot meebring nie. 'n Konklusie kan dus wees dat hedonisme (die aandrang op die bewuste vervulling van begeerte) verkeerd is en dat konsekwensialisme in stede van die maksimalisering van genot, eerder die bevrediging van begeerte as standaard moet neem. Die bevrediging van sadistiese, masogistiese of ander onaanvaarbare begeertes, egter, word gewoonlik nie as van waarde beskou nie, maar hedonisme neem die bevrediging van alle begeertes in ag,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

solank dit bewustelik geskied - 'n argument daarteen dus.

Standaarde vir die evaluering van gevolge kan dus wees (Brody, 1983: 14):
Genot daardeur meegebring.
Begeertebevrediging daardeur meegebring.
Bevrediging van betaamlike begeertes meegebring.

Volgens Brody (1983: 14) neig die meerderheid moderne konsekwensialiste na die standaard wat die bevrediging van begeertes gebruik om gevolge te evalueer. Ruimer terme as net genot of pyn word aangedui. Die verskillende vorme van utilitarisme gebruik die bevrediging van begeertes as indeks. (Vergelyk byvoorbeeld die bespreking van Omgewingsekonomie (p166-67)). Williams (1985: 80) verkies om nie die soorte waarde te spesifiseer as genot, bevrediging of geluk nie, maar liewer die ekonome se terminologie van die vermeerdering of vermindering van utiliteit te gebruik.

Dis moontlik gepas om hier te verwys na daardie nie-hedonistiese konsekwensialisme wat Popkin en Stroll (1986: 55) noem agatistiese konsekwensialisme, soos by GE Moore. Hy beskou byvoorbeeld "goed" as 'n unieke, nie-natuurlike eienskap. Die reg- of verkeerdheid van 'n handeling hang daarvolgens af van die hoeveelheid goedheid wat 'n handeling produseer. Popkin en Stroll meen dus hierdie beskouing is 'n vorm van konsekwensialisme.

Egoïsme en altruïsme

Die vraag na wie se belange om in ag te neem by die keuse van 'n handeling word uiteenlopend, egoïsties of altruïsties, beantwoord (Brody, 1983: 14-15). Klassieke egoïsme (vergelyk Borchert en Stewart, 1986: 8-28) vereis 'n keuse volgens eiebelang. Moraliteit word verklaar in terme van eiebelang en die oënskynlike konflik tussen moraliteit en eiebelang word voorgehou as slegs konflikte tussen verskillende aspekte van eiebelang, indirek teenoor direk, of langtermyn teenoor korttermyn (vergelyk Flew *et al* 1984: 11). Rasionele egoïsme sal dan ander mense

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bevoordeel, maar uiteindelik net omdat dit tot eie voordeel strek: Alle bates vir die individu spruit uit die bestaan van 'n stabiele samelewing waarvoor gehoorsaamheid aan morele reëls 'n noodsaaklike voorvereiste is. Die self word dus bevoordeel deur die handhawing van die morele sosiale orde.

Die altruïs wys op die ooglopende defek in dié argument - dit bewys net die individu baat daarby dat andere die morele reëls gehoorsaam, nie dat hy self baat as hy dit gehoorsaam nie, aldus Flew *et al* (1984: 11). Die sentrale eis van die egoïsme is negatief. Moraliteit word nie verklaar deur die reduksie daarvan na eiebelang nie. Die meeste konsekwensialiste het dus die tese van egoïsme verwerp, aldus Brody (1983: 15). Die belange van ander mense om hul eie ontwil is noodsaaklik vir moraliteit.

Altruïsme is daardie vorm van konsekwensialisme wat glo 'n handeling is reg as dit lei tot die beste gevolge vir alle mense. Brody (1983: 15) noem sekere probleme hieromtrent:

- Wie is "alle mense"? Net reeds geborenes? Ook fetusse? Toekomstige geslagte? Wat van bewuste diere? Die antwoorde het ooglopende implikasies vir bewaring ten bate van toekomstige mense en vir die hantering van sekere sosiale probleme.
- Hoe vergelyk 'n mens die winste van sommige en die verliese van andere, die bevrediging van party en die frustrasie van andere se begeertes? (Dis die probleem van die tussenpersoonlike vergelyking van utiliteit en van die eis om ekwiteit).

Hierdie vrae is 'n aanduiding dat een eksklusiewe etiese benadering nie altyd toereikend mag wees nie en dat konsekwensialisme wel deeglik aangevul mag word deur reëlmoraliteit, wat begrippe soos regte en verpligtinge insluit.

Handelings- en reëlkonsekwensialisme

Hierdie saak is reeds aangeroer by die bespreking van utilitarisme, as 'n vorm van

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

konsekwensialisme (vgl p120) hierbo. 'n Paar eksponente van die twee standpunte is ook daar aangedui.

Die onderskeid tussen handelings- en reëlkonsekwensialisme hang daarvan af of beoordeling geskied in terme van die gevolge van 'n bepaalde handeling, of in terme van die nakoming van 'n reël (vgl Brody, 1983: 28). In die geval van handelingskonsekwensialisme sal iemand byvoorbeeld in 'n bepaalde situasie die gevolge oorweeg van die vertel van 'n leuen in daardie situasie. As 'n leuen tot die "beste" gevolge lei, dan is dit in die betrokke situasie moreel reg, hiervolgens.

Reëlkonsekwensialisme sê weer die korrektheid van 'n besondere handeling is geleë in sy ooreenstemming met 'n morele reël wat saamhang met die waarde van gevolge. Dié reël oorweeg gevolge oor die algemeen, wat meestal gebeur. Het die vertel van die waarheid of die vertel van 'n leuen gewoonlik die beste gevolge? Watter ookal, daardie beste handeling moet dan in alle situasies gevolg word, ongeag wat in 'n spesifieke situasie gebeur.

Dit is duidelik dat reëlkonsekwensialisme veel minder van 'n situasie-etiek is as handelingskonsekwensialisme. By laasgenoemde verskil die moraliteit van 'n spesifieke handeling van situasie tot situasie, afhangende van die bepaalde gevolge daarvan. By reëlkonsekwensialisme is die vraag egter wat die gevolge sal wees van die *reël* dat, byvoorbeeld, beloftes altyd gehou moet word, of van die *reël* dat beloftes verbreek mag word, waar nodig. Daardie een van die twee reëls waarvan die nakoming die beste gevolge sal hê, bepaal die moreel regte ding om te doen.

Dis ook duidelik dat, soos reeds op p112 aangedui, reëlkonsekwensialisme nie 'n voorbeeld is van reëlmoraliteit nie. Die blote feit dat morele reëls gevolg word, beteken geensins dat dit om reëlmoraliteit gaan nie. Die feit dat gevolge uiteindelik bepalend is, dui aan dit gaan om 'n konsekwensialistiese benadering. As dit later sou blyk dat die reël nie goeie gevolge het nie, sou die moraliteit daarvan vir reëlkonsekwensialisme verval. In reëlmoraliteit is nie die situasie nie, maar die reël self bepalend van wat moreel reg of verkeerd is.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Sterk en swak punte van konsekwensialisme

Brody (1983: 15-20) lys wat hy beskou as die sterk en swak eienskappe van konsekwensialisme. Wat betref die positiewe kenmerke, lys Brody die vier vernaamstes as volg:

1. Mense voel instinktief moraliteit is 'n belangrike dimensie van hul lewens. Konsekwensialisme kan 'n verklaring hiervoor aanbied: moraliteit is nie bloot gehoorsaamheid aan onduidelike of ongemotiveerde reëls nie, maar morele handelinge wat lei tot die vervulling van begeertes. Konsekwensialisme verduidelik aldus mense se gunstige gesindheid en die belang van moraliteit.
2. Konsekwensialisme bied 'n relatief duidelike prosedure vir morele besluitneming: lys alternatiewe handelinge, bepaal gevolge en evalueer laasgenoemde in die lig van hul implikasies vir alle betrokkenes. Ten spyte van probleme en onsekerhede word darem 'n riglyn gebied, wat Brody glo 'n moreel-teoretiese voordeel is.
3. Konsekwensialisme bied 'n antwoord wanneer tradisionele reëlmoraliteit tekort skiet, byvoorbeeld die verbod op die marteling van 'n terroris wat 'n bomstelling geheim hou en daardeur duisende lewens bedreig. Die konsekwensialistiese siening van reëls as praktiese riglyne eerder as onwrikbare gebooie maak uitsonderings moontlik. Dit bied dus groter buigsaamheid wanneer die relatiewe gevolge van onwrikbaarheid dit regverdig.
4. Die potensiaal vir die resolusie van reëlkonflik is groter, deur vergelyking van die gevolge van verskillende opsies. Vir konsekwensialisme is reëlkonflik 'n aanduiding van uitsonderlike omstandighede. 'n Voorbeeld is die botsing tussen die reg tot persvryheid van 'n koerant en die beskuldigde in 'n hofsaak se reg op 'n regverdige verhoor. Weereens bied konsekwensialisme 'n riglyn - die keuse volgens beste gevolge.

Die probleme met konsekwensialisme (Brody 1983: 18-20) wentel almal om 'n veels te monolitiese siening van moraliteit. Dit sou net om die bevrediging van begeertes wentel. Die voorstanders wil handelinge slegs met die een kriterium, gevolge,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

evalueer, terwyl kritici baie faktore oorweeg. Teen daardie agtergrond word die volgende besware gelys:

1. Die beswaar vanuit spesiale verpligtinge: Konsekwensialisme gee geen rekenskap van spesiale verpligtinge teenoor sekere mense, soos familie of vriende nie, of mense wat ons tevore gehelp of aan wie ons beloftes gemaak het nie. Sodanige verpligtinge laat die belange van sekere mense gewoonlik "swaarder weeg". By 'n keuse tussen twee handelinge wat voordele aan twee groepe mense laat toekom, sal konsekwensialisme daardie een as reg beskou wat die grootste voordeel meebring, ongeag vir wie. Dié eienskap word gesien as 'n gebrek van konsekwensialisme as morele teorie. Dit is egter presies op hierdie punt dat reëlmorele benaderings sterk staan.

2. Die beswaar vanuit regte: Die reg tot eienaarskap van 'n objek bring bepaalde aansprake mee, byvoorbeeld eksklusiewe gebruik en die uitsluiting van gebruik deur andere ongeag enige voordele vir hulle of die omvang daarvan. Konsekwensialisme vereis egter dat andere so 'n objek mag gebruik as dit die voordele van gebruik deur die eienaar oorskry. Dit bots met aanvaarde opvattings, tensy die sosiale behoefte so dwingend is dat dit prioriteit ontvang bo die individuele behoefte van die eienaar. Dieselfde geld vir ander individuele regte tot besluit oor morele kwessies, soos die reg tot lewe, tot liggaamlike integriteit, tot privaatheid, en dies meer. Tradisionele moraliteit, egter, sluit ander aansprake uit by individuele regte, selfs ten koste van sosiale voordele. Konsekwensialisme laat nie reg geskied aan hierdie aspek van moraliteit nie.

3. Die beswaar vanuit geregtigheid: Beloning en straf staan gewoonlik in verhouding tot verdienste volgens ons opvattings van geregtigheid. Dit verteenwoordig fundamentele opvattinge oor geregtigheid en strydige optrede ontlok ernstige emosies van verontwaardiging en protes. (Vgl straf van 'n groep oor die oortredings van enkelinge, byvoorbeeld). Konsekwensialisme sou egter geredelik van byvoorbeeld kollektiewe straf gebruik kon maak vir groot voordelige gevolge. Deur beklemtoning van net een maatstaf laat konsekwensialisme weereens 'n ander belangrike faktor buite rekening, iets wat nie die geval is in tradisionele, reëlbaseerde benaderings nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Borchert en Stewart (1986: 198) se algemene kommentaar op die gebreke van konsekwensialisme is dat dit tekort skiet aan Kant se vereistes van universaliteit en noodsaak, dat dit gewone morele gevoelens skend en dat dit die gepaste verhouding tussen etiek en geluk omswaai. As 'n rasionele onderneming moet etiek beginsels neerlê wat *altyd* geld vir *almal* en wat *noodsaaklikerwys* waar is. Konsekwensialisme slaag nie daarin nie want dit berus op empiriese veralgemenings, wat ten beste waarskynlikhede is. 'n Handeling is reg of verkeerd in terme van projeksies gebaseer op vorige ervaring en wat dus nooit absoluut seker kan wees nie. Hierdie onsekerheid is onversoenbaar met die voornoemde eise wat Kant neerlê vir die beginsels van wetenskap en etiek.

Borchert en Stewart (1986: 198) sê verder konsekwensialisme kan handelinge soos slawerny, wat algemeen as immoreel beskou word, wel regverdig. Die ontoereikendheid van konsekwensialisme word ook gereflekteer deur die feit dat ons regstelsel veel meer as net gevolge in ag neem, soos motief, bedoelings, moedswil. (Vergelyk byvoorbeeld strafoorweging in die gevalle van moord en manslag). Konsekwensialistiese teorieë glo verder etiese lewe lei tot geluk. Vir Kant is die basiese vraag nie "Sal my handeling my gelukkig maak?" nie, maar "Sal my handeling my waardig maak vir geluk?". Dit klop met ons spontane afkeur wanneer 'n bose persoon groot geluk geniet.

Die reaksie van konsekwensialisme op hierdie besware is tweërlei, volgens Brody (1983: 20):

1. Konsekwensialisme akkommodeer nie tradisionele response nie, maar ons normale morele bewussyn is die produk van verkeerde morele oorweging en opvoeding.
2. Die skynbare konflikte tussen konsekwensialisme en normale morele bewussyn kan opgelos word deur volledige oorweging van al die gevolge van handelinge. Verontagsaming van spesiale verpligtinge, individuele regte en geregtigheid het op sigself subtiele maar baie skadelike gevolge. As dié in ag geneem word, verdwyn die konflik.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is gepoog om twee dominante strominge op waardegebied in die Suid-Afrikaanse samelewing, die deontologiese, wat veral in godsdiens tot uiting kom, en die konsekwensialistiese, wat veral tot uiting kom in utilitaristiese ekonomiese beredenering, te beskryf. Daar is gewys op kenmerke en probleme. By utilitarisme word morele waarde afgelei van nie-morele oorwegings om die "beste" handeling onder die omstandighede te kies, terwyl deontologie aanvaar moraliteit is belangrik, as sodanig (Brody, 1983: 33). Wat ookal die probleme en gebreke, voorsien veral dié twee verwysingsraamwerke die prominente invloed waarvolgens waardes beredeneer en besluite oor handelinge geneem word.

Om te praat van die "versoening" van twee sulke wesensverskillende benaderings het min sin. Altwee het egter die potensiaal om by te dra tot besluite. Die haas eindelose veld van argumente oor waardes en etiese besluitneming val buite die bestek van die onderhawige ondersoek. Na hierdie poging tot verheldering van dominante aspekte van die Suid-Afrikaanse sosiale waardekonteks en interpretasieraamwerk, kan dit egter nut hê om 'n meta-etiese perspektief te ontwikkel op die verloop van etiese beredenering en argumente. Dit is belangrik, want uiteindelik moet die waardes beliggaam in wetgewing en beleid deur die owerheid en individu beredeneer en evalueer word binne die verband van rasionele argument en praktiese omstandigheid. Deur dergelike beredenering op owerheidsvlak en in sosiale en persoonlike verband kry bewaringswaardes uiteindelik gestalte in konkrete optrede. Hierdie meta-etiese perspektief word in die volgende hoofstuk aangepak.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 4

WAARDEBEREDENERING EN ETIESE BESLUITNEMING

In die Inleiding is reeds aangetoon dat bewaringsoptrede vereis dat owerhede en besluitnemers die waardes vervat in wetgewing en beleid moet evalueer teenoor hul eie basiese morele opvattings. Owerhede moet, eerstens, wetgewing en beleid daarstel in terme waarvan, tweedens, die burgery moet optree. Verder moet, byvoorbeeld, die waardes beliggaam in ekonomiese oorwegings en moraliteit teenoor mekaar opgeweeg word vir prioriteitsbepaling, waar persone waardes uit elke veld nastreef. Uiteindelik moet beredenering en gevolglike besluite uitloop op praktiese bewaringshandeling. In hierdie hoofstuk word gepoog om te fokus op wat, in algemene terme, plaasvind as waardes beredeneer word en wat die redelike eise, vereistes en oogmerke is wat daaraan gestel kan word.

Omdat daar in hierdie eeu groot verskuiwings was in die filosofiese beskouinge oor die aard en doel van etiek en dus in die eise wat gestel is aan etiese denke en beredenering, is dit wenslik om ten aanvang die hooftrekke van standpunte tot op hierdie stadium kortliks te skets. Daarna word die belang van redes en argumente in morele besluite bespreek, waarna die moontlikhede van bydraes daartoe deur etiese teorieë, beginsels, intuïsie en praktiese redenasie ondersoek word. Die beginsels ter sprake uit individuele en sosiale morele oogpunte word daarna van nader bekyk omdat beide ter sprake is by morele besluite in omgewingsverband. Uiteindelik word daar, vanuit oorskouende, meta-etiese oogpunt, gepoog om 'n helder beeld te verkry van die logika betrokke by waardeberedenering en spesifiek evaluasie.

Vir 'n agtergrondsperspektief word nou eers gelet op die verloop van etiese beskouinge in hierdie eeu.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ENKELE OPMERKINGS OOR 20STE EEUSE BENADERINGS

Opmerkings soos hierdie is moeilik in die sin dat die voorafgaande verloop grootliks onvermeld bly, terwyl filosofie 'n aaneenlopende proses is. Skorupski (in Bunnin en Tsui-James 1996: 198) sê: "In radically different ways, philosophers from Socrates to Wittgenstein have found in ethics a source of deep perplexion." Analitiese filosofie, as die huidige dominante wyse van filosofering in die Engelssprekende wêreld en Skandinawië en toenemend ook in Duitsland, Frankryk, Italië en Latyns-Amerika, het self sy wortels in vroeëre tye en stam veral uit die empirisisme van Locke, Berkeley en Hume (17de tot 18de eeu); die transendentale filosofie van Kant (18de eeu); en Frege se werk in die 19de eeu, aldus Searle (in Bunnin en Tsui-James 1996: 1-2). Searle sê voorts : "..... analytical philosophy attempts to combine certain traditional philosophical themes with modern techniques," en hy noem Moore, Wittgenstein en die logiese positiviste van hierdie eeu as prominente invloede. Al drie kom hieronder ter sprake, maar van voorafgaande verwikkelinge op etiese gebied word bloot hier kennis geneem.

Benaderings en teoretiese uitgangspunte in verband met waardes is uiteenlopend. In 'n oorsig van die etiek van die eerste sestig jaar van hierdie eeu sê Warnock (1960: 1) aan die begin van die eeu was etiek grootliks metafisies en was die doel om etiek tuis te bring binne teorieë oor die aard van die totale werklikheid en die mens se plek daarbinne. 'n Stryd is voortgesit teen alle vorme van naturalisme, wat gesien is as die vereenselwiging van etiese konsepte soos goedheid en plig met nie-etiese konsepte soos utiliteit of genot.

In 1903 is Moore se *Principia Ethica* gepubliseer en dit het 'n baie groot invloed uitgeoefen op daaropvolgende etiek (Warnock 1960: 11). Veral wou Moore onderskei tussen etiese oordele wat berus op bewyse, en oordele wat nie daarop berus nie. In sy ondersoek na wat Moore sien as die mees fundamentele vraag in etiek, naamlik die definisie van die term "goed", ontwikkel hy die term "naturalistic fallacy". Vir hom dui "goed" op 'n enkelvoudige eienskap en nie op 'n ontleedbare

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kompleks van eienskappe nie. As 'n persoon dus "goed" ontleed in terme van natuurlike (empiriese) of metafisiese eienskappe, begaan hy so 'n naturalistiese denkfout. Warnock (1960: 17) verduidelik: Thus if I try to define good as, let us say, self-realisation, Moore's objection is that it is still significant to ask whether self-realisation is self-realisation, which it would have to be if the original definition had been correct". Aldus kan "goed" nooit dieselfde betekenis hê as enige nie-etiese term nie, volgens hierdie "ope vraag"-argument.

David Hume het vroeër reeds gesê daar is geen logiese argument van "is" na "behoort" nie (Urmson (red) 1975: 157). Die term "naturalistic fallacy" is dus al gebruik om te verwys na pogings om etiese in terme van nie-etiese terme te definieer, sowel as na pogings om waarde-oordele uit feite-oordele af te lei. Hierdie saak kom weer ter sprake in die verdere bespreking.

Moore het geglo "goed" is, soos byvoorbeeld die kleur geel, 'n enkelvoudige, onontleedbare eienskap wat, hoewel nie sintuiglik waarneembaar nie, tog wel ge-intuïteer kan word. 'n Hele groep 20ste eeuse filosowe sluit aan by hierdie benadering en kan saam as intuïsioniste bestempel word (Warnock 1960: 39). Waardes is vir hulle objektiewe (nie-natuurlike) eienskappe wat deur middel van intuïsie vasgestel word. Hierdie benadering kon egter nie afdoende rekenskap gee van die objektiwiteit van waardes en die feit dat evalueringskwessies diskutabel is nie.

In die dertigerjare is Ayer se *Language, Truth and Logic* gepubliseer. Die siening oor etiek daarin was 'n duidelike weergawe van die beredenering wat die logiese positiviste vanaf die Twintigerjare ontwikkel het. Daarvolgens is daar net twee kategorieë van betekenisvolle oordele, te wete die analitiese, waarvan die waarheid afhang van die definisie van die terme daarvan (bv. wiskunde) en die sintetiese, wat empiries verifieerbaar is (soos by natuurwetenskappe). Etiese oordele is geeneen van die twee soorte nie. Etiese konsepte is dus "pseudo-konsepte" en sonder sin (vgl Warnock 1960: 50-58). Alle waarde-oordele word aldus ontleed. Hulle is dus

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

nie diskuteerbaar nie en word beskou as blote uitdrukkings van gevoel. (Metafisiese en godsdienstige oordele is daarvolgens ook sinloos). Volgens Warnock (1960: 61) was hierdie verifikasiebeginsel oormatig eng en beperk.

Samehangend met die onderskeid tussen analitiese en sintetiese proposisies, was dié tussen beskrywende ("misdaad neem toe") en evaluerende ("steel is verkeerd") oordele. Die taak van filosofie is ook deur die positiviste gesien as navorsing om begronding te vind vir problematiese verskynsels soos kennis, betekenis, waarheid, ensovoorts, aldus Searle (1996: 3).

Ayer het ook die term "naturalistic fallacy" verder gepopulariseer en feitlik sinoniem gemaak met emotivistiese standpunte. Anders as Moore, wie se hoofdoel was om te bepaal watter dinge op sigself goed is, het Ayer die taak van morele filosofie gesien as, eerstens, die aantoon dat die oordele daarvan nie wetenskaplik is nie en, tweedens, die ontleding van die terme daarvan. Hierdie taakomskrywing van etiek het vir baie lank Engelse en Amerikaanse morele filosofie oorheers (Warnock 1960: 63-64). Dit het gepaard gegaan met die standpunt dat die uiteensetting van 'n morele kode of die bevordering daarvan nie 'n filosoof se taak is nie (vgl aanhaling in Warnock (1960: 92-93).

In 'n verfyning van emotivisme het Stevenson (Warnock 1960: 67-71) gewys op die komplekse aard en gebruik van etiese woorde en veral gewys op hul funksie van die beïnvloeding van gedrag, terwyl die beskouinge oor die "naturalistic fallacy" verder verfyn is. Die standpunt dat etiese taal nie in nie-etiese taal weergegee kan word nie, is die mees fundamentele beginsel van die emotiewe teorie en daar was in die daaropvolgende tyd 'n byna obsessiewe anti-naturalistiese veldtog by Engelse filosowe, aldus Warnock.

Warnock sê verder (*op cit:* 81) die latere werk van Wittgenstein het, onder meer, gelei tot 'n veranderde benadering in morele filosofie. Dit was nie meer genoeg om net te sê wat 'n sekere belangrike filosofiese konsep was nie. Die werklike en

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

moontlike voorkoms daarvan in taal moes ondersoek word. Dit vereis gedetailleerde beskrywing van die moontlike gebruike daarvan. Daardeur is kompleksiteite na vore gebring en die fokus ook wyer verbrei na meer terme as net "goed".

Die belangrikste fokus van die eerste sestig jaar van hierdie eeu was volgens Warnock (1960: 142) 'n sentrale vraag: Wat is 'n morele oordeel? Ayer en die logiese positiviste het hulle basies met dieselfde vraag besig gehou. Hulle werk het oorgegaan in die na-oorlogse linguïstiese analise, veral aan Oxford. Gemoeidheid is steeds anti-naturalisties, maar morele en nie-morele oordele word nou onderskei deur die logika van die woorde in elke soort oordeel, en etiese oordele word bloot 'n sub-klas van waarde-oordele oor die algemeen. Die vraag word "Wat beteken dit om dinge te evalueer?" en "Wat is die verskil tussen evaluasie en beskrywing?"

Searle (1996: 3) glo een manier om die ontwikkeling van analitiese filosofie oor die laaste dertig jaar te beskou, is in terme van die geleidelike verwerping van die twee onderskeidings (analities/sinteties en evaluerend/beskrywend), en van die siening van die hooftaak van filosofie as 'n soeke na begronding ("foundationalism").

Hoewel 'n duidelike onderskeid tussen beskrywende en waarderende taal nog deur iemand so invloedryk as Wittgenstein[40] beklemtoon is, is 'n ondermyning van hierdie verskil lank reeds aan die gang. Warnock (1960: 76) haal van vroeë pragmatistiese kant James se werk uit 1898 aan, wat beweer dat oordele, ook waarde-oordele, middele tot 'n doel uitdruk. Om te sê iets is rooi of iets is goed word as waar toegelaat as dit die bevrediging van verskillende doelwitte bevorder. Dié siening vernietig die onderskeid tussen feite- en waarde-oordele. Searle (1996: 8) opper ook die twyfel wat Austin in 1962 uitgespreek het oor sowel die analities-sintetiese as die waarderend-beskrywende onderskeidings. Austin het 'n alternatiewe begrip van taal ontwikkel en daarop gewys dat daar hoogs betekenisvolle oordele bestaan (soos "ek belowe om jou te besoek" of, "ek verklaar julle tot man en vrou") wat nie probeer om

[40] Wittgenstein, L. "Lecture on Ethics" *Philosophical Review* 74 (1965: 11)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

óf waar óf vals te wees nie. Sekere oordele beskryf of stel nie, maar verteenwoordig handelinge, nie waar of vals nie, maar toepaslik of ontoepaslik. (Hoewel al Austin se menings nie steek gehou het nie, het dit wel gelei tot 'n algemene teorie van spraakhandelinge, wat bygedra het tot die siening van die filosofie van taal as 'n vertakking van die filosofie van handeling, aldus Searle. Searle (1996: 12) opper in hierdie verband ook Wittgenstein se waarneming dat baie filosofies verwarrende konsepte moontlik nie 'n sentrale kernbetekenis het nie, maar 'n verskeidenheid gebruike wat net verbind word deur wat hy noem "familie-ooreenstemming".

Darwall *et al* (1992: 115) spreek twyfel oor die duursaamheid en waarde van Moore se ope vraag-argument uit. Hulle vermeld (1992: 121-122) Quine en Goodman se ondermyning van vertroue in die analities-sintetiese onderskeid en hul aanmoediging van 'n siening van die taak van filosofie waarvolgens dit minder nodig is om òf die preskriptiewe òf die deskriptiewe inhoud van morele oordele as primêr te beskou. Hulle meen ook dit is toelaatbaar om die verhouding daartussen eerder te beskou volgens die onderhawige skema en omstandighede.

Darwall *et al* (1992: 122-123) vermeld ook 'n herlewing, gaandeweg, van die konsep van objektiwiteit in etiek op grond van die beginsels van praktiese beredenering, onder aansporing van Baier, Toulmin en andere. Mettertyd ontstaan 'n ryke verskeidenheid van idees. Veral in die VSA het Rawls[41] se metode van "reflective equilibrium" 'n verwysingspunt geword. Die eng linguïstiese agenda van analitiese meta-etiek is gaandeweg heeltemal verplaas, nie soseer vanweë weerlegging nie, maar uit ongemak oor die opvattinge van "betekenis" en "analitiese waarheid", en omdat Rawls se metode die substantiewe eerder as die meta-etiese aspek van morele probleme toegelig het.

Warnock (1960: 144) sê tereg een gevolg van die beskouing dat etiek net bestaan uit die analise van etiese taal was 'n toenemende trivialisering van die vak. Dit

[41] Rawls, J *A Theory of Justice (1971: 46-53)*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

negeer die praktiese werklikhede van menslike bestaan, onderlinge menslike verhoudinge en menslike invloed op die wêreld. Borchert en Stewart (1986: 235) bevestig ook 'n verskuiwende fokus, veral in die VSA, van meta-etiek na "normatiewe probleme". Een belangrike motivering is die praktiese morele probleme van die laaste helfte van die 20ste eeu, veral in die sakewêreld, op mediese gebied en in die hier ter sprake velde van omgewingsprobleme en bewaring. Van Willigenburg (1991: 23) sê hoewel die etikus nie noodwendig 'n morele ekspert is nie, is dit waarskynlik dat etiese kundigheid sal lei tot 'n mate van morele kundigheid en hy beklemtoon (1991: 40) die etikus se gemoeidheid met metodes van morele denke eerder as morele wysheid.

Hierdie voorafgaande oorsig bied die agtergrond vir die hieropvolgende poging om die insigte van verskillende outeurs te benut om 'n beeld te vorm van hoedanig praktiese etiese beredenering as aanloop tot handeling benader kan word.

DIE BELANG VAN ARGUMENTE IN MORELE BESLUITNEMING

Doel en implikasies

"Argumente" in hierdie konteks dui op beredenering om tot 'n spesifieke morele standpunt te kom in terme waarvan oorgegaan kan word tot handeling. Volgens Borchert en Stewart (1986: 1-2) word morele argumente aangebied in antwoord op wat hulle noem *die* etiese vraag, naamlik "Wat behoort ek te doen?" Verder wys hulle daarop dat sulke argumente minstens vyf kenmerke van die menslike toestand veronderstel, te wete:

1. Daar is alternatiewe toekomsmoontlikhede.
2. Ons is verplig om een te kies. (Die keuse van geen optrede is steeds 'n keuse).
3. Een van die toekomsmoontlikhede is verkieslik bo die ander, maar ons weet nie watter een nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4. Die verkieslikste alternatief is sodanig vanweë sekere objektiewe kenmerke, wat identifiseerbaar is.
5. Ons is verplig om die meer verkieslike toekoms na te streef.

In 'n morele verband impliseer die vraag "Wat behoort ek te doen?" dat ons vry is en in staat is tot morele kennis. Sekere teoretiese meta-etiese standpunte bevraagteken hierdie veronderstellings (Borchert en Stewart 1986: 2-3). Die psigologiese egoïsme beweer byvoorbeeld dat alle mense te alle tye selfsugtig optree, wat die grense van menslike vryheid inperk tot 'n suiwer selfsugtige perspektief. Determinisme, in sy ekstreme vorm, beweer mense is hoegenaamd nie vry nie en maak die etiese vraag dus betekenisloos. 'n Deterministiese herformulering daarvan sou lui: Wat gaan ek doen, in die lig van my oorerflike kenmerke en omgewingsfaktore? Etiese relativisme weerspreek weer die gewone betekenis van morele kennis deur die aanspraak dat sulke kennis kultureel gekondisioneerd en kultuurspesifiek is (vgl Hoofstuk 2, p 126-131 hierbo). Daarvolgens bestaan daar geen tussenkulturele norme vir die morele beoordeling van die gedrag van mense in alle samelewings nie. Die etiese vraag kan dan net relatief tot die standaarde van 'n bepaalde groep verstaan word. Emotivisme beweer weer dat morele terme en sinne slegs 'n spreker se emosies uitdruk en moontlik ook 'n eenderse respons by toehoorders wil ontlok. Dit veronderstel nie die besit en uitdrukking van morele kennis nie.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word die standpunte van psigologiese egoïsme, ekstreme determinisme, etiese relativisme en etiese emotivisme nie verder ondersoek nie, omdat dit een van die mees fundamentele aannames van die morele praktyk ontken, naamlik die menslike vryheid om hom deur sy morele insigte te laat lei, of nie. Die morele praktyk veronderstel dat ons volgens ons morele kennis *kan* handel as ons wil, maar dat ons dit nie hoef te doen as ons nie wil nie. Presies hierdie punt roep egter 'n ander aspek van die morele praktyk na vore, naamlik morele verantwoordelikheid. Juis *omdat* ons vry is om morele kennis in die wind te slaan, word ons in die praktyk gedurig gekonfronteer met die eis om 'n *regverdiging*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vir ons keuses of oordele aan te bied. Om iemand in die morele konteks tot *verantwoording* te roep, is dus om daardie persoon uit te daag om 'n rede aan te voer vir 'n sekere keuse of oordeel.

Die belang van redes

Kurt Baier (1958: 296-7) sê dat, hoewel morele optrede gewoonlik as "natuurlik" beskou word in 'n ondersoek na menslike gedrag, daar 'n punt bereik word waar "being moral calls for an explanation." Dit het nie betrekking op intuïtiewe, impulsiewe, instinktiewe of gekondisioneerde gedrag nie, maar op die tipe verduideliking wat verwys na dit wat onderskeidend is ten opsigte van mense, naamlik optrede in terme van hul redes vir handeling. Mense het wel instinkte en dergelike meer, maar kan ook optree in terme van deliberasie. Redes om moreel te wees is dan net 'n spesiale geval van redelik wees, een waar die gewigtigste morele redes die koers vir handeling aandui. Die verklaring, sê Baier, is dat die meeste van ons geleer is om morele redes as superieur bo alle ander te beskou.

Aansluitend vra Baier dan (1958: 92, 298) na "die mees fundamentele vraag van almal", naamlik Waarom volg ons die rede? Baier (1958: 89) sê in ooreenstemming (of teenstrydig) met die rede beteken dieselfde as in ooreenstemming (of teenstrydig) met die beste redes. Sekere feite word redes of oorwegings ten gunste van 'n handeling deur sekere oortuigings oor die feite. Hy beklemtoon (1958: 94-5 en 299) wat hy noem "consideration-making beliefs", wat funksioneer as hoofpremisse in praktiese argumente wat vrae wil beantwoord soos "Wat moet ek doen?" of "Wat is die beste beskikbare gedragslyn om te volg?" Hierdie "oorwegingmakende oortuigings" kom voor in ons gemeenskap en word geleer deur opvoeding. Ons leer dit as "feite" en kom eers later agter dis slegs groepoortuigings wat verkeerd mag wees. Hulle rig handelinge en afleidings in sekere situasies. Feite word deur hierdie oortuigings relevante oorwegings. 'n Rede vir my is dus nie noodwendig 'n rede vir jou nie. Ons glo nie dieselfde en heg nie dieselfde waarde aan bepaalde feite nie. Hierdeur word die hek egter nie weer oopgemaak vir etiese

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

relativisme nie. Hierdie verskille beklemtoon eerder die belang van debatvoering en deliberasie, waardeur eenstemmigheid oor die waarde-aanslag van feite bereik kan word.

Charles Taylor (1989: 19) praat weer van motiewe vir 'n morele reaksie as "kwalitatiewe onderskeidings", of "hipergoedhede" (p 63). Bak (1997: 12) wat Taylor navolg, noem dit "onderskeidings van waarde" (OVW), waarvolgens ons 'n wyse van optrede as beter of meer vervullend as 'n ander kan beoordeel. Hierdie OVW is standaarde, onafhanklik van (maar nie onverbonde nie aan) ons neigings, keuses, begeertes, sodat laasgenoemde in terme van hierdie standaarde beoordeel kan word. Ons is egter nie altyd van hierdie verwysingspunte bewus nie. OVW kan georden word as belangriker of onbelangriker, om te diskrimineer tussen goedhede en die deurslaggewendes te bepaal. Dit impliseer die opweging van redes teenoor mekaar.

Die opweging van redes teenoor mekaar

By die opweging van relevante feite gebruik Baier (1958: 99-101) weer oortuigings oor die superioriteit van redes - reëls van superioriteit vir die opweging teenoor mekaar van redes van 'n bepaalde soort en vir die opweging van soorte teenoor mekaar. Dinge gedoen om genieting (soos hengel of tennis) kan dus teenoor mekaar opgeweeg word, maar ook oorwegings van byvoorbeeld genot teenoor oorwegings van plig. Baier sê almal glo oorwegings van eiebelang is superieur teenoor die van blote genot; redes van langtermyn belang weeg swaarder as die van korttermyn belang en redes van regs-, godsdienstige en morele belang weeg swaarder as eiebelang. Daar is egter groot onsekerheid oor relatiewe superioriteit by die opweging van die reg teenoor moraliteit, godsdiens teenoor die reg en moraliteit teenoor godsdiens. Morele redes het egter baie hoë prioriteit.

Om redelik te wees is dus volgens Baier (1958: 301) om gepaste oorweging te skenk aan daardie rigtingwysers wat ons glo mees waarskynlik 'n gedragslyn die beste

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

onder die omstandighede sal maak. Ons doel met beredenering, voeg hy by, is om satisfaksie te maksimaliseer en frustrasie te minimaliseer. Die teenoorgestelde sou indruis juis teenoor daardie doel waarom ons delibereer en voor- en nadele opweeg.

Baier (1958: 315-6) noem ook gevalle van nie-redelike handeling, geloof of gevoelens, soos irrasionaliteit (bewuste optrede teen goeie redes in), onredelikheid (buitensporigheid van eise of versoeke), inkonsekwentheid ('n beroep op beginsels of aansprake wat eintlik teenoorgestelde handeling of uitspraak vereis) en onlogiesheid (keuse van 'n gedragslyn wat ooglopend nie suksesvol kan wees nie). Redelike optrede is die "wat enigeen sou saamstem" mees waarskynlik suksesvol sou wees.

Olen en Barry (1996: 3) sê, ooreenstemmend met Baier, morele redenering is nie redenering op 'n spesiale manier nie. Dis die oorweging van bepaalde soorte redes, te wete morele redes, wat die rigting aandui wat ons moreel behoort te volg. 'n Handeling kan immers op verskillende maniere reg of verkeerd wees, soos esteties, finansieel, medies. In die geval van morele optrede is die riglyn optrede gesteun deur die beste morele redes. Hierdie outeurs noem ook konflik tussen redes, waar ons op die aangewese soort moet besluit. Hulle sê wanneer alle oorwegings op hierdie manier in ag geneem word, is ons gewoonlik baie toeskietlik. Rookgenot mag prioriteit kry bo gesondheidsoorwegings, 'n goedbetaalde werk bo 'n genietlike een. Gewoonlik gee dit wat vir ons die meeste saak maak die deurslag. Ten spyte van toeskietlikheid verwag ons egter dat morele redes 'n hoë prioriteit kry, sê Olen en Barry ook, en waar morele oorwegings baie belangrik is, verwag ons dat die absoluut hoogste prioriteit daaraan verleen word. Dit gaan in hierdie verband immers om die eise van samewerking wat 'n samelewing van mense moontlik maak; dit gaan hier om sake soos eerlikheid, vertroue en lojaliteit.

In ooreenstemming met die bogemelde outeurs se onderskeiding van beter en slegter redes, onderskei Bak (1997: 14) tussen swakker en sterker onderskeidings van waarde (OVW), na die mate waartoe hulle meer sentraal is aan ons menswees.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Bak (1997: 18) wys ook daarop dat, vanweë ons verbondenheid aan verskeie stelle van OVW's (politieke, ekonomiese, godsdienstige, ensovoorts) wat nie met behulp van 'n netjiese hiërargie harmonieer nie, ons soms botsende standpunte inneem. Daar moet dus primêr gefokus word op 'n duidelik geartikuleerde OVW, as oriëntasiepunt. Waar verskillende OVW's egter in botsing kom, word verdere rekenskap vereis.

Omdat die probleem van botsende morele vertrekpunte, meer bepaald die konsekwensialistiese ekonomiese en die reëlmorele "respek vir lewe"-benadering, by herhaling in hierdie studie na vore kom en spesifiek in Hoofstuk 6 onder oë geneem word, is dit raadsaam om op hierdie stadium net kortliks te let op hoe Bak sodanige botsende standpunte hanteer.

Bak (1997: 22) glo MacIntyre se benadering is 'n gids tot arbitrasie tussen botsende morele standpunte, en sy lig die volgende betekenisvolle aspekte uit (waarmee, vir haar doel, uiteenlopende regverdigings vir omgewingsopvoeding beoordeel word).

- Daar is geen moraliteit as sodanig nie. Enige aanspraak geskied op grond van 'n bepaalde morele raamwerk, dit wil sê, binne 'n konteks.
- Daar is geen absolute en vaste kriteria nie. Soos kontekste verander, verander standaarde.
- Beoordeling verloop volgens algemeen aanvaarde standaarde van rasionaliteit, byvoorbeeld samehangendheid en konsekwentheid.

Die mees rasionele standpunt, daardie een wat die ander se beperkinge oorkom, is die beste. 'n Rekenskap moet dus die geskiedenis van onderhawige debatte binne 'n bepaalde konteks nagaan en die kenmerke van 'n situasie en redes vir die aanvaarding van 'n standpunt vasstel. Dus: "Beste rede tot dusver", nie "absolute beste" nie.

Taylor bespreek dieselfde punte in sy ontwikkeling van 'n "Beste Rekenskap"-beginsel, wat nie net die onderliggende hipergoedheid wil artikuleer nie, maar ook die toereikenheid van redes wil vasstel. Waar MacIntyre klem lê op *konteks* en

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

rasionaliteit, beklemtoon Taylor weer *praktyk* en "*heldersiendheid*", 'n verduideliking van die praktyk sodanig dat mense redes helderder kan sien, binne die verband van die sinvolheid van die lewe. Bak trag om hierdie twee outeurs se metodes saam te vat as "praktiese redenering".

Taylor (1989: 72) verstaan praktiese redenering as 'n proses van die progressiewe uitskakeling van foute, kontradiksies en verwarring, vanaf een standpunt tot 'n ander, "epistemies voordeliger" een met minder foute. Gewoonlik word nie twee duidelik geartikuleerde posisies vergelyk nie, maar oordele in terme van winste en verliese is wel moontlik. Bykomstig by fout-uitskakeling let Taylor egter ook op watter posisie, teorie, standpunt die meeste sin aan ons lewe verleen. "Rede" het vir hom dus twee betekenisse en twee soorte "goed" is ter sprake: Goeie motivering vir handeling, en aspekte van die goeie lewe. Daar is dus sowel redenasie- as lewensgebruike opgesluit in 'n rekenskap.

Bak bring so 'n wyer siening van praktiese redenering tuis binne die Aristoteliese begrip van "praktiese wysheid", en in Hoofstuk 6 word hierdie benadering verder gevoer as korrektief op 'n te eng, instrumentele interpretasie van rasionaliteit. Bak gebruik voorts die begrip in-stemming ("attunement") om die spanninge in 'n beredenering te oorkom, wat ontstaan wanneer pogings aangewend word om opvattings van menslike welsyn en lewensgehalte te verryk deur aansprake op universele kenmerke van menslik florering, in Aristoteliese sin. Dit word ook in Hoofstuk 6 verder ondersoek. Dus: Die superioriteit van een posisie teenoor 'n ander vereis praktiese redenering en die idee van Beste Rekenskap. Daardeur word implisiete onderskeidings van waarde beken en geartikuleer en vasgestel hoe dit meer sin gee aan ons lewens deur die kwaliteit van praktyke te verbeter en beredeneerde doelwitte te bereik deur vorige denkfoute te verminder.

Baier (1958: 101) sê omdat morele redes meer gewig dra as ander soorte, word dikwels 'n morele status opge-eis vir redes wat glad nie moreel is nie, soos eiebelang, selfs bygeloof. Korrekte evaluering van die populêre oortuigings oor die superioriteit van redes is egter moontlik net as daar helderheid is oor die kriteria wat 'n rede tipeer. Dit is die tema wat in die volgende afdeling ondersoek word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

TEORIE, BEGINSEL, INTUÏSIE EN MORELE REDENASIE

Enkele standpunte oor die plek en rol van etiese teorieë, beginsels, intuïsies en die verloop van denke in morele besluitneming word kortliks hier aangestip ter wille van 'n perspektief op moontlike benaderings. Daarin word grootliks gesteun op die werk van Van Willigenburg (1991).

Borchert en Stewart (1986: 234) vermeld sommige mense se begeerte om etiese teorieë te gebruik vir die oplossing van praktiese probleme. Dit geld veral utilitariste se steun vir die hedonistiese kalkulus. Van Willigenburg (1991: 32-33) bespreek die moontlikhede hiervan en sê etiese teorieë voorsien 'n noodsaaklike grondslag. Hy betwyfel egter hul situasiespesifieke nut omdat hulle te uiteenlopend en konflikterend is. Hy sê verder (1991: 196-7) omvattende teorieë soos utilitarisme en kontraktarianisme faal in hierdie opsig omdat hulle te veel vrae wil beantwoord, 'n uiteindelike appelhof wil wees in gevalle van konflik en as vertrekpunt vir morele denke wil dien, terwyl die waarde van konkrete morele ervaring misken word. Teorieë gee wel strategiese agtergrondinligting, lig begrippe toe en dui metodes, paradigmas en scenario's vir probleemoplossing in 'n bepaalde domein aan. Etiese kundigheid vereis egter meer as teoretiese kennis. Uiteindelik beklemtoon Van Willigenburg (1991: 221) die belang en waarde in morele beredenering van rasionaliteit, wat twee verwante eise insluit, te wete uitdruklikheid van redes, en die metode van denke en beredenering.

Van Willigenburg ondersoek die moontlike redeneerprosesse van 'n etiese kundige wat advies oor morele probleme wil lewer. Hy beoog 'n model van beredenering vanuit 'n gevalgeoriënteerde benadering (1991: 14). Hy volg wat hy noem 'n subsimerende metode (1991: 41) deur 'n geval onder 'n reël of beginsel tuis te bring. Die regverdiging van morele oordele is dan geleë, via morele reëls en beginsels, uiteindelik in die etiese teorie. Hy beklemtoon ook (1991: 26) soos Olen en Barry (sien verderaan) dat morele besluitneming veel meer as individuele denke en besluite behels en ook die sosiale verband betrek.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In die redeneerproses is daar twee probleme wat vir Van Willigenburg uitstaan (1991: 43):

- Meer as een beginsel mag geld en dui op verskillende konklusies.
- Die sigbaar maak van die morele dimensies van die "rou" data.

Dit vereis ingewikkelde beredenering en reëlinterpretasie, die bepaling van dominante relevansies, interaksie tussen feite en beginsels en veel meer (vgl Van Willigenburg 1991: 47).

Van Willigenburg (1991: 57-8) opper Toulmin se benadering. Toulmin wil 'n beginsel regverdig of twee beginsels opweeg deur daarop te wys dat 'n beginsel geld in 'n bepaalde gemeenskap. Dié benadering is dus deontologies en konvensiegebonde. Tweedens wil Toulmin konsekwensialisties en liniêr konvensies regverdig vanaf 'n basiese beginsel waarvolgens mense, waar moontlik, lyding sal vermy. Van Willigenburg se besware is dat die basiese beginsel te vaag is (Wat is lyding? Wat is vermybaar?) en dat nie aangedui word hoe die basiese beginsel self geregverdig word nie.

Vervolgens opper Van Willigenburg (1991: 58-9) Hare se onderskeid van twee moontlikhede in morele beredenering:

- 'n Intuïtiewe vlak wat geld vir praktiese gebruik in die meeste situasies en bestaan uit die eenvoudige toepassing van algemene *prima facie* of intuïtiewe reëls wat ons in opvoeding en ervaring geleer het.
- 'n Kritiese vlak van denke om intuïtiewe beginsels te kies, te regverdig of te weerlê, of om konflikte tussen twee beginsels op te los. Geen beroep op intuïtiewe reëls is hier toelaatbaar nie. Die enigste beperking is dié van morele diskoers, naamlik voorskriftelikheid en universaliseerbaarheid. (Die oordeel moet geld vir almal in soortgelyke situasies).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Van Willigenburg (1991: 59) voorsien egter probleme met die ekstreme individualiteit van Hare se standpunt. Nuwe beginsels ontstaan eerder uit openbare debat en ontspring uit morele besluitneming. Hare sien ook ge-universaliseerdheid as 'n suiwer logiese kenmerk van morele proposisies, eerder as 'n regverdigende beginsel.

Van Willigenburg glo dus beide Toulmin en Hare se benaderings skiet tekort. Toulmin is te vaag oor die in werking stel van die basiese beginsel en regverdig dit nie. Hare se "kritiese vlak" negeer weer morele ervaring en tradisie en analiseer nie denke op intuïtiewe vlak nie. Hy integreer ook nie die twee vlakke suksesvol nie. Sy belangrike insig is in die onpartydige standpunt via die universaliseerbaarheidsbeginsel.

Gevolglik ondersoek Van Willigenburg (1991: 69-92) die moontlikhede van John Rawls se reflektiewe ekwilibrium-metode (REM) vir die hantering van die twee uitstaande praktiese probleme (beginselkonflik, en die verbinding van 'n beginsel met gevalfeite). Rawls se REM word deur homself voorgestaan vir sowel die vorming van 'n etiese teorie as vir spesifieke probleemoplossing.

Die REM vertrek nie van die toepassing van 'n beginsel nie. Dit is egter ook beginselgeoriënteerd. Rawls onderskei dus drie stadia[42] in 'n besluitprosedure: Die isolasie van 'n stel morele data; die ontdekking en formulering van 'n stel paslik verduidelikende beginsels; 'n bespreking van redes vir die aanvaarding van die beginsels as rasioneel geregverdigd. (Besonderhede rondom die prosedure is nie hier ter sake nie). Die gebruiker van die REM balanseer relevante feite en oorwoë oordele en beginsels totdat 'n ekwilibrium bereik word waarvolgens 'n morele besluit dan geneem word. Die proses verloop non-liniêr - 'n komplekse wedersydse aanpassing en regverdiging tussen elemente, wat Van Willigenburg noem 'n nie-hiërargiese amalgaam van interverwante aktiwiteite. Eie oordeel lei tot 'n keuse van relevante feite. Dit bevorder die seleksie van beginsels. Dié fokus weer op nuwe

[42] Rawls, J 1951: 177-197

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

feite. Dié bring weer 'n heroorweging van beginsels mee. Uiteindelik lei oorweging na 'n balanssituasie, 'n koherente stel wedersyds ondersteunende oorwegings wat saam 'n goeie rede uitmaak.

Van Willigenburg (1991: 91) sê die REM lewer 'n besondere bydrae deurdat dit oorwoë oordele opper as 'n informatiewe element in morele beredenering, en deur die idee van regverdiging as 'n proses waarin baie oorwegings mekaar wisselwerkend ondersteun. Dis egter 'n hoogs ontoereikende rekenskap van die struktuur van morele beredenering omdat dit nie duidelik kan verklaar wat inisiële intuïsies en oordele is en wat die beredeneringstappe is om 'n reflektiewe balans te bereik nie. Die REM erken wel die gaping tussen beginsels en praktiese gevalle, maar sê nie hoe dit oorbrug kan word nie. Van Willigenburg probeer dan self die gebreke aanvul met sy gevalgeoriënteerde benadering.

Vir Rawls dien intuïsies om verskillende basiese beginsels teenoor mekaar op te weeg. Van Willigenburg beskryf intuïsies in terme van patroonherkenning (1991: 127) en sien dit as blote inisiële interpretasies van 'n geval, 'n skielike herkenning van 'n betekenisvolle patroon. Wat betref die balanseerproses wat lei na balans voer Van Willigenberg aan dat morele beoordeling 'n proses van multidimensionele evaluasie is van talle vasgestelde faktore wat mekaar wedersyds beïnvloed. Dit word beken op grond van vorige ervaring met soortgelyke gevalle, wat morele insig verleen, ook ten opsigte van die opweging van morele dimensies teenoor mekaar. Van Willigenburg (1991: 128) beklemtoon die belang van detail in die oplossing van dilemmas. Hy sê spesifieke evaluasie word nie gelei deur morele beginsels nie. Dié is te algemeen. Beginsels som egter wel strategiese inligting oor sentrale aspekte en hul relatiewe impak op.

Die gevalgedrewe benadering van Van Willigenburg (1991: 150-1) sien die verloop van die morele redeneerproses as 'n ketting van interpretatiewe patrone, 'n reeks denkspronge gevolg deur kontrolerings in woorde, tot by 'n intermediêre konklusie, heroorweging daarvan en voortsetting van die hele proses tot by 'n verdedigbare

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

beskouing, wat 'n antwoord op die morele probleem insluit. "Langs die pad" word aanvullende en ondersteunende oorwegings geakkumuleer, nie soos skakels in 'n ketting nie, maar soos vesels in 'n tou. Hoewel daar nie onafhanklike standaarde is om die korrektheid van die konklusie te beoordeel nie (1991: 152), word die beweging van die konklusie langs 'n kontinuum van "mening" na "kennis" bepaal deur die gehalte van morele redenering en daaropvolgende argumente. Die lokus van sekerheid is egter nie geleë in 'n stel beginsels nie, maar in die gedetailleerde akkuraatheid waarmee die geval aangeslaan word, asook die ooreenstemmings en verskille met voorbeelde en nuwe gevalle.

Morele beginsels is dus vir Van Willigenburg grootliks van strategiese waarde, deurdat dit vrugbare benaderings en 'n omvattende geheelbeeld van die situasie aandui (1991: 180). Dit som ervaring van morele evaluasie op en bevorder 'n onpartydige standpunt. Hieronder word nou 'n aanduiding gegee van prominente beginsels ter sprake by etiese besluitneming.

BEGINSELS VIR MORELE BESLUITNEMING

Olen en Barry (1996: 4) sê besluite oor 'n aangewese handeling vereis dat individue dinge sal oorweeg soos eie eerlikheid, verpligtinge, lojaliteite, almal van belang vir ons selfbeeld as morele skepsels. Ons leef egter in 'n gemeenskap en ons handelinge affekteer baiemaal andere direk, wat sosiale moraliteit ter sprake bring. Pornografie mag moontlik nie die individu benadeel nie, maar sosiale gevare inhou. Antwoorde aan individuele kant los dus nie noodwendig die sosiale probleem op nie. Daarteenoor behoort owerheidsregulering van gedrag nie te verloop sonder oorweging van aspekte van individuele moraliteit nie. Algemene beginsels vir die leiding van morele gedrag in sosiale verband en in die geval van individuele gedrag in besondere omstandighede is dus nodig en word hieronder bespreek. Daarna word kortliks aangetoon dat sowel individuele as sosiale beginsels ter sprake is by omgewingsmoraliteit.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Beginsels van individuele moraliteit

Olen en Barry (1996: 6) sê moraliteit word maklik gesien as die nakoming van 'n stel reëls, soos moenie steel of lieg of doodmaak nie, en die mening is ewe maklik dat die reëls net daardie is wat ons geleer het (vgl Baier p 146 hierbo). Olen en Barry (1996: 6) sê egter dis 'n ondiens daaraan om moraliteit so eng en arbitrêr te beskou, as net reëls of net ons eie reëls. Dit sou onnadenkende, redelose reëlnavolging impliseer, terwyl die rede soms vereis dat ons anders optree. Also vind morele veranderinge plaas, soos byvoorbeeld die verandering in die rolle van vroue in die huis en beroepswêreld, meegebring deur oorwegings van billikheid. Moraliteit impliseer dus nie net reëls nie, maar ook beginsels, algemene standaarde waardeur ons alle gedrag en reëls evalueer. In die gewone lewe vind ons dit ook soms nodig om strydig met 'n reël op te tree, byvoorbeeld as hulp aan A vereis dat ons 'n belofte aan B verbreek, of omgekeerd. Op alle reëls is daar soms uitsonderings nodig, of onaanvaarbare situasies sou opduik.

Voorkeur aan 'n reël word moontlik deur 'n beroep op 'n meer algemene beginsel. Beginsels maak dit ook moontlik om 'n reël te kies, waar meer as een ter sprake is, soos waar 'n lydende pasiënt pleit om genadedood.

Olen en Barry (1996: 7-14) lys dan die volgende beginsels van individuele moraliteit:

1. Utiliteit: In Hoofstuk 3 is reeds verwys na hierdie beginsel, waarvolgens gestreef word na die maksimalisering van geluk of genot of utiliteit, en wat toegepas kan word op individuele handelinge. So 'n toepassing is egter te tydrowend, wat weer daartoe lei dat die beginsel volgens reëls toegepas word. Volgens hierdie beginsel kan dus daardie morele reëls verkies word wat byvoorbeeld utiliteit of geluk sal maksimaliseer.

Olen en Barry (1996: 6-7) sê utiliteit is 'n redelike beginsel, want die gevolge van ons

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gedrag is hiervolgens vir andere van groot morele belang. Sulke gevolge beperk hierdie beginsel en dit kan dus nie die finale arbiter wees van alle morele besluite nie. Die maksimalisering van eie geluk kan byvoorbeeld nie bepaal of ons aan 'n vriend 'n lening sal terugbetaal nie. Ons eie en naasbestaandes se geluk weeg gewoonlik veel swaarder as dié van andere. Onnoodsaaklike presentjies aan naasbestaandes is soms vir ons veel belangriker as die nood van onbekende armes. Die beginsel van utiliteit regverdig ook soms onbillike reëls. Mediese eksperimentering op 'n paar mense mag die totale geluk van die mensdom grootliks verhoog, maar steeds moreel onaanvaarbaar wees.

Hoewel die beginsel van utiliteit dus nie die een deurslaggewende morele beginsel is nie, is die gevolge van ons handelinge en van morele reëls nietemin 'n belangrike morele oorweging.

2. Billikheid: Dis dikwels deurslaggewend in morele redenering, maar nie altyd voor die hand liggend nie. Dit kom veral ook ter sprake by sosiale moraliteit. Sekere riglyne is die volgende:

- Die "goue reël". Dit lui: Doen aan andere soos jy verlang hulle teenoor jou sal doen. Vir meeste van ons beteken dit nie soseer ons behoort op te tree soos ons *verkies* andere teenoor ons sal optree nie, as dat ons behoort op te tree soos ons dink andere *behoort* teenoor ons op te tree. Hierdie reël beklemtoon dat dieselfde morele standaarde vir almal geld, hoewel nie presies gespesifiseer word watter standaarde nie. Hierdie reël, of sy negatiewe weergawe (moenie andere behandel soos jy verlang hulle sal nie teenoor jou optree nie) vereis 'n konteks van ander reëls en beginsels vir hul toepassing, want ons opvattings van onaanvaarbare gedrag verskil. Party mense verkies 'n leuen aan hulle bo 'n onaangename waarheid (byvoorbeeld oor 'n ongeneeslike siekte). Dit beteken egter nie daardie mense mag 'n waarheid van andersdenkendes weerhou nie.
- Respek vir persone. Die laaste sin hierbo is geldig, omdat andere se wense gerespekteer moet word. Baie morele filosowe beskou respek vir persone as die morele beginsel, want dit geld altyd. Ter sprake is Kantiaanse respek, wat beteken

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

mense moet behandel word as doel op sigself, nooit slegs as middel tot 'n doel nie. Om 'n kok vir bediening van jou kos of 'n bankteller vir bediening van jou kontant te gebruik, maak hulle wel middele tot 'n doel, maar nie slegs dit nie. Hulle dien ook hul eie doel, sodat vermelde optrede teenoor hulle moreel is.

Kantiaanse respek hang nou saam met die erkenning van die outonome waarde van persone, waardevol op sigself, wie se motiewe vir handeling dieselfde respek as ons eie verdien. Om 'n leuen te vertel, of weerhouding van die volle waarheid, is om iemand te manipuleer, te laat optree soos jy verlang.

Hoewel Kant geen uitsonderings toelaat ten opsigte van leuens, weerhouding van die waarheid of die breek van beloftes nie, glo die meeste van ons uitsonderings is geregverdigd onder sekere omstandighede, soos byvoorbeeld om 'n lewe te red. Uitsonderings kan gesien word as dit wat vir 'n groep redelike mense ewe aanvaarbaar sou wees as die reëls wat hulle wel aanvaar, aldus Olen en Barry (1996: 10).

Hoewel Kantiaanse respek redelik is en kragtige gronde vir beredenering voorsien, verskaf dit nie riglyne vir die behandeling van (nie-outonome) diere en fetusse nie, terwyl dit praktyke toelaat wat sommige beskou as immoreel, soos homoseksualiteit tussen instemmende volwassenes, of genadedood aan terminale siek pasiënte. Baie Christene, byvoorbeeld, beskou sulke praktyke as strydig met Bybelse voorskrifte. Vir sommige skiet die beginsel dus steeds tekort.

Respek vir mense bevorder dus billikheid maar, soos utiliteit, is dit ook nie die enigste morele beginsel nie.

3. Gepaste menslike voortreflikhede: Dit verwys na kenmerkend menslike trekke en aktiwiteite wat saam 'n goeie menslike lewe verteenwoordig. Aristoteles het voortreflikhede aan menslike artefakte gekoppel volgens hul doel, en aan mense volgens hul rolle en aktiwiteite. Daar is egter sekere voortreflikhede wat geld vir alle

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

mense in enige rol of aktiwiteit, naamlik deugde soos eerlikheid, lojaliteit, en dies meer. Die mens se doel is *eudaimonia*, of volslae welsyn, sê Aristoteles.

Afgesien van hul sosiale ("politieke") rolle, het Aristoteles geglo die mens se mees kenmerkende trek is behoorlike gebruik van die rede, wat sal neerkom op die beoefening van deugde tot die gepaste graad. Sodanige praktiese wysheid, of *phronésis*, is vir hom die vermyding van uiterstes. Afgesien van praktiese wysheid, is die mens ook in staat tot diepe insig in die wêreld.

Praktiese wysheid is deur Aristoteles beskou as 'n baie belangrike deug omdat dit die ander deugde onderlê. Sekere moderne outeurs, waaronder Bent Flyvbjerg (1993) en John O'Neill (1993), glo dat 'n Aristoteliese benadering tot waarde-rasionaliteit en -praktyk aangewese is, eerder as 'n wetenskaplik-instrumentele benadering, omdat dit die potensiaal het om meer en teenstrydige waardes te akkommodeer en omdat dit 'n meer bevredigende siening van menslike welsyn inhou as die eng ekonomiese. (Hierdie saak word verder ondersoek in Hoofstuk 6, wanneer die praktiese beredenering van waardes in bewaringsverband bespreek word).

Olen en Barry (1996: 12) is van mening dat respek vir ander spesies sekerlik ook vandag gesien kan word as gepaste menslike voortreflikheid wat tot uiting kom in optrede bevorderlik vir menslike welsyn, oftewel lewensgehalte.

Aquinas se argumente oor seksuele moraliteit (geslagsorgane is net daar vir voortplanting) het aangesluit by Aristoteles se siening van doel in die natuur. Die vermelde standpunte van Aristoteles en Aquinas is kontroversieel. Van belang is egter die siening dat etiese denke deugde sowel as verpligtinge teenoor andere insluit.

4. Die wil van God: Vir baie mense verteenwoordig dit die finale uitsluitsel in morele probleme. Vir Aquinas was daar 'n natuurwet deur God in die natuur en in menslike

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

rede gesetel. Natuurwette is dus die wet van God sowel as van menslike rede, waardeur ons dit kan blootlê (vgl p 106 hierbo). 'n Ander siening maak God nie soseer die oorsprong nie, as die beste gesag oor moraliteit (Olen en Barry 1996: 13). Waar moraliteit as 'n versameling feite gesien word, is God die alwetende kenner van feite; waar oordeel ter sprake is, is God die volkome ingeligte, onpartydige, ideale waarnemer.

Daar is voorheen (p 113-119) gewys op die probleme en teenstrydige antwoorde rondom vasstelling van die wil van God. Boonop bevat die samelewing baie agnostici, ateïste en mense wat hul eie gewete tot riglyn neem. Dit alles wys op die beperkinge vir morele argumente wat berus op godsdienstige geloof. Die argumente verval vir hulle wat nie die geloof deel nie. Baie morele filosowe neig dus om hierdie rede om te steun op argumente wat nie berus op oordele oor die wil van God nie. Sedert Aristoteles het filosowe egter menslike gedrag verdeel in die natuurlike en die onnatuurlike, sonder verwysing na God, sodat argumente wat verwys na natuurwette of die menslike natuur meer geredelik aanvaar word. In 'n situasie soos die Suid-Afrikaanse, waar 'n bepaalde godsdiens domineer en oorvleuel met andere, is verskille rondom sulke probleme minder, maar nie afwesig nie.

Beginsels van sosiale moraliteit

Volgens Olen en Barry (1996: 12) kan kollektiewe optrede, soos waar owerhede wette maak of ooreenkomste sluit, ook moreel of immoreel wees. Beginsels is dikwels dieselfde as by individuele optrede, soos ten opsigte van utiliteit, billikheid, respek vir persone en die aard van die samelewing. Een besondere probleem is egter dat by kollektiewe optrede daar meningsverskil voorkom. Waar owerhede wette uitvaardig, is diegene wat nie daarmee saamstem nie, nogtans daardeur gebonde. Regerings is dus wesentlik ko-ersief. Dit bring mee dat sosiale moraliteit verdere beginsels vereis. Hierdie outeurs meld (1996: 14-22) die onderstaande beginsels:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1. Sosiale geregtigheid. Almal stem saam dat moraliteit geregtigheid vereis. Mense met dieselfde beginsels van individuele moraliteit stem egter moeilik saam oor beginsels van sosiale geregtigheid, juis vanweë die dwangelement in 'n wetgewende situasie. Die onderstaande beginsels van sosiale geregtigheid toon waarom.

2. Individuele regte. 'n Grondwet, of 'n Verklaring van Regte, kan individuele vryhede, soos van spraak, aanbidding, vergadering, ensovoorts, waarborg. Verskille in interpretasie word deur die hof besleg. So ook verskille oor implikasies (soos byvoorbeeld ten opsigte van die reg tot privaatheid). As genoeg mense verskil van 'n wet, word dit gewysig. So nie, lê die wet perke op die tipe en aard van owerheidsregulering. By vrae daaroor, is die volgende ter sake:

2.1 Natuurlike regte: Locke[43] en Nozick[44] glo natuurlike regte is op lewe, vryheid en eiendom: Jefferson (in die Amerikaanse Declaration of Independence), sê dis op lewe, vryheid en die strewe na geluk. Niemand kan inbreuk maak op iemand anders se natuurlike regte nie. Dis regte waarmee hy gebore word. 'n Regering ontleen sy regte aan sy onderdane, wat niks kan oordra wat hulle self nie het nie. Maar die reg om eie natuurlike regte (op lewe, vryheid en eiendom) te beskerm, besit mense wel en kan dus oorgedra word. 'n Regverdige regering kan dus nie inbreuk maak op onderdane se natuurlike regte nie, maar kan wel namens hulle wette maak en toepas om hul regte te beskerm. Olen en Barry (1996: 16) glo so 'n standpunt sou nie rasse-diskriminasie op private eiendom kan verbied nie, en ook nie regstellende aksie-programme en fondse-oordrag aan armes magtig nie. Hieroor bestaan egter meningsverskil.

2.2 Algemene instemming "agter 'n gordyn van onkunde": Sommige filosowe, soos Locke, glo natuurlike regte is godgegewe. Moderne filosowe benader soms die saak anders. Vir Rawls[45] is 'n regverdige samelewing een waarin niemand onregverdig

[43] Laslett, P (red) (1960) in *John Locke. Two Treatises of Government.*

[44] Nozick, R (1974) *Anarchy, State and Utopia.*

[45] Rawls, J (1971) *A Theory of Justice.*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bevoordeel word nie, deur die nakoming van sekere fundamentele beginsels. Dis beginsels waartoe mense rasioneel sal instem wanneer hulle weet wat die uitwerking sal wees, maar onkundig is hoe spesifieke persone, ook hulself, beïvloed sal word daardeur. Rasionele mense sou immers nie instem tot beginsels wat hulself mag benadeel nie. Sodanige instemming sal geld vir die volgende:
Die *gelykheidsbeginsel*: Elkeen het die reg tot die maksimum basiese vryheid versoenbaar met gelyke vryheid vir almal.
Die *verskil-beginsel:* Alle sosiale en ekonomiese ongelykhede moet aan twee eise voldoen. Eerstens, dit moet vir almal voordelig wees, byvoorbeeld dat medici meer verdien as ongeskoolde werkers. Finansiële voordele verseker dan dat genoeg mense die koste, inspanning en tyd spandeer om, tot almal se voordeel, as medici te kwalifiseer. Tweedens, die ongelykhede moet gekoppel wees aan posisies toeganklik vir almal.

Die eerste beginsel gee ons baie van die vryhede wat Locke en Nozick stipuleer, maar die tweede bepaal individuele regte nie deur hulle gestipuleer nie. Daardeur beperk dit eersgenoemde, veral eiendomsregte.

Die verskilbeginsel gee aan baie arm mense die reg tot 'n minimum inkomstevlak. 'n Laer inkomste vereis dat die owerheid verplig is om dit te verhoog met behulp van geld uit belastings. Natuurlike regte-voorstanders beskou dit as 'n onregverdige beperking van andere se eiendomsregte, deurdat dit handelinge na goeddunke met hul geld toelaat. Die beginsel alleen kan dus nie altyd 'n antwoord bied nie.

3. Gelykheid. Almal stem saam die samelewing moet regverdig wees. Dit vereis gelyke behandeling van almal. Nie almal stem egter saam oor wat regverdigheid en gelykheid presies vereis nie. Benaderings tot regstellende aksie dien as goeie voorbeeld. Vir sommige mense vereis gelykheid geen diskriminasie nie, en dit word verkry deur meriete te neem as die maatstaf vir, byvoorbeeld, studie- en werkgeleenthede. Andere dring aan op wetlik gedrewe regstellende aksie na vorige diskriminasie. Nog andere vereis gelyke resultate. Hulle meen omdat almal nie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gelyke geleenthede gehad het nie, moet die bates van die gemeenskap gelykop verdeel word volgens behoefte. Rawls verkies gelyke verdeling, tensy almal bevoordeel word deurdat sommiges meer het. Marx sê weer "van elkeen volgens sy vermoëns, aan elkeen volgens sy behoeftes."[46] Dit is duidelik dat daar in hierdie verband ook verskille is in standpunte en geen voor die hand liggende oplossing deur middel van blote beginseltoepassing nie. Meer hieroor verderaan.

4. Algemene welsyn. Die verskillende vlakke van regering moet die algemene welsyn of openbare belang bevorder. Dit geld nie-kontensieuse sake soos skole, paaie, mediese navorsing, ens. Ander welsyngekoppelde sake is meer kontroversieel. Dit mag byvoorbeeld gaan oor die omvang en ligging van noodsaaklike maar ontwrigtende skemas soos fabrieke, of die aard daarvan, soos kernreaktore. Soms raak dit ernstige sake soos aborsie, pornografie, die doodstaf of genadedood. Meningsverskil mag ook bestaan oor wat die aard van welsyn is en die perke van regeringsoptrede in dié verband.

Algemene welsyn verwys vir die meeste mense ook na 'n gesonde morele omgewing. 'n Deel daarvan is openbare sedes. Daarom bestaan daar wette teen onwelvoeglike ontbloting, seksdade of drankmisbruik in die openbaar, ten opsigte van optredes wat betaamlik mag wees in privaatheid. Sommige mense begeer ook groter beheer oor private gedrag, byvoorbeeld homoseksualiteit en pornografie. Beginsels waarop voorstanders van sulke beheer hulle beroep is:

- Paternalisme: JS Mill het onderskei tussen deugde en ondeugde na gelang dit betrekking het op die self of andere. Vraatsug is selfbetreklik. Argumentbeslegting deur geweld betrek andere. Die regulering van ondeugde met betrekking tot andere word algemeen aanvaar, maar nie ten opsigte van daardie ondeugde wat net die self betrek nie. Dit maak immers nie inbreuk op andere se regte nie. Regverdiging van beheer oor hierdie "private ondeugde" word dus soms gesoek in 'n beginsel van paternalisme. Die regering moet daarvolgens, soos 'n ouer, mense beskerm teen

[46] Besonderhede en voorbeelde word uitvoerig bespreek in Arthur, J (red) (1981: 258-349).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

skade deur hulself. Dit het implikasies vir persoonlike vryheid (sien verderaan).

- Beskerming van openbare sedes: Mill se onderskeid gaan oor direkte skade aan andere. Selfbetreklike ondeugde mag egter wel ook indirekte skade aan andere meebring. Vraatsug mag 'n hartaanval bevorder, met gepaardgaande leed vir 'n eggenoot en kinders. Dergelike indirekte morele skade aan andere is ook al aangevoer ten opsigte van homoseksualiteit en pornografie, omdat verdraagsaamheid daarteenoor sulke gedrag mag bevorder. Inperking van toeskietlikheid tot volwassenes beteken ook nie noodwendig minderjariges se toegang tot middele (vgl pornografie) word uitgesluit nie. Redelik algemene erkenning van owerhede se reg om openbare sedes te beskerm, loop dus soms uit op paternalistiese verbiedinge ten opsigte van optredes wat deur baie mense beskou word as 'n selfbetreklike private aangeleentheid, waarin 'n verbod hul persoonlike vryheid belemmer. Die presiese graad van toeskietlikheid is dus 'n groot praktiese probleem.

- Voorkoming van indirekte sosiale kostes: Dit geld byvoorbeeld waar verkeerde eetgewoontes 'n hartaanval meebring, sodat familie van welsynsdienste afhanklik word; of rook, wat verlore werktyd, mediese diens en versekeringspremies beïnvloed.

Baie mense sê dergelike oorwegings regverdig nie paternalistiese optredes nie en verwerp uit beginsel paternalisme en die beskerming van openbare sedes, vanweë die ingrype op persoonlike vryheid en omdat dit te ver gevoer mag word. Besware berus dus op die natuurlike reg tot vryheid (om outonoom self te besluit) of op die beswaar dat algemene welsyn nie bevorder mag word ten koste van die individuele vryheid om skadelose praktyke te beoefen nie. Beswaarmakers glo voorkomende optrede moet eerder geskied deur gepaste opvoeding of strafmaatreëls, waar skade wel voorkom.

Brody (1983: 174-5) sê die debat van paternalisme *versus* outonomie is wesentlik

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

'n debat oor wie besluite neem vir wie. Utilitarisme sien twee relevante temas, te wete wat is die relatiewe bevoegdheid van besluitnemers (byvoorbeeld kinders teenoor volwassenes) en wat is mense se begeertes rakende outonome besluite. Utilitaristiese gronde kan selfgerigte besluite deur volwassenes, wat niemand anders affekteer nie, aan hulself oorlaat. Mense begeer ook om hul eie besluite te neem, selfs al mag dit hulle benadeel, soos by die weerhouding van mediese sorg aan terminale siekes wat begeer om te sterf. Brody (1983: 183-4) sê hoewel utilitarisme besluit op grond van gevolge, kan dit in die geval van intense begeerte soos geloofsgronde, of waar daar rede is om te glo die individu is in die beste posisie om te oordeel, tog wel outonome besluite toelaat, ten spyte van skadelike gevolge. Soms, soos waar subjektiewe oordeel egter wantrou word, ondersteun utilitarisme paternalistiese optrede deur die samelewing.

Deontologiese beredenering benader hierdie probleem deur mense se regte tot outonome besluitneming op te weeg teenoor die verpligting van die samelewing om sy lede te ondersteun. Waar besluite berus op die fundamentele waardes van 'n persoon en op sorgvuldige oorweging deur hom, neig deontologie om individuele besluite te respekteer. Waar besluite egter berus op tydelike situasies of irrasionele oorwegings, ondersteun deontologie paternalistiese optrede, aldus Brody (1983: 197).

Benader vanuit voormelde twee oogpunte, (utilitaristies of deontologies) mag konklusies dus dieselfde wees, maar daar is verskille. Deontoloë sou byvoorbeeld die keuse op geloofsgronde van geen mediese sorg deur bloedoortapping vir mense soos Johova se Getuies respekteer, selfs al lei dit tot die dood, sê Brody.

5. Pluralisme en vryheid: Die vorige gedeelte het in beginsel bespreek op grond waarvan regeringsoptrede ondersteun kan word. Hierdie afdeling doen die teenoorgestelde, oftewel, argumenteer in beginsel ten gunste van pluralisme.

'n Pluralistiese samelewing het baie onafhanklike magsentra, met geen institusie in

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

'n onbeperkte magsposisie oor die ander nie. Hoe meer onafhanklik en verskillend die institusies, hoe meer pluralisties is dit; hoe meer beperkinge daar is op die sterkste institusie, hoe meer pluralisties is die samelewing. Onafhanklike sentra van mag is die gesin, pers, godsdiens, sake- en arbeidsorganisasies, opvoedkundige inrigtings, en dies meer. Groepe heg uiteenlopende waarde aan pluralisme, wat juis gereflekteer word deur die huidige Suid-Afrikaanse debatte or taal en regulering van die ekonomie.

Pluralisme is op tweërlei wyse aan persoonlike vryheid verwant:

- Na die mate dat 'n regering institusies (familie, pers, wetenskaplike gemeenskap, ens) aan hulself oorlaat, geld dieselfde gewoonlik ten opsigte van individue daarbinne.
- Hoe meer onafhanklike magsentra daar in 'n samelewing voorkom en hoe meer onafhanklik daardie sentra, hoe meer buffers is daar teen owerheidsbeperkinge op persoonlike vryheid. Die pers, byvoorbeeld, veg gewoonlik vir almal se vryheid.

Onafhanklike institusies mag ook vryhede bedreig. Sakemonopolieë is 'n voorbeeld.

Net soos 'n regering, benodig alle institusies perke aan hul magte. Die graad en aard van beperkings is egter dikwels kontroversieel. Watter presiese perke onder bepaalde omstandighede op besluit word, hang af van watter institusie ter sprake is. Ook is sekere algemene beginsels, soos billikheid, persoonlike regte en algemene welsyn van belang. Omdat regeringsoptrede dit mag affekteer, is situasie-spesifieke oorweging aangewese.

Persoonlike vryhede word bekom as natuurlike regte en vereis geen verdere regverdiging nie. Vir Mill[47] is die regte vryhede daardie wat menslike geluk maksimaliseer. Die enigste een wat dit nie doen nie, is die vryheid om andere te

[47] Uit Mill, J S (1988) *Utilitarianism.*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

benadeel. Ondeugde wat andere betrek, is vir hom oorlaatbaar aan regeringsbeheer, maar nie selfbetreklikes nie. Twee algemene argumente van Mill in hierdie verband is hier van belang:

- Individue weet beter as paternalistiese regerings wat hulle gelukkig maak. Hieroor sal hulle dus minder dikwels fouteer, vanweë selfkennis en vanweë uitsonderings nie gedek deur die veralgemenings deur regerings nie.
- Betreffende die verband tussen openbare sedes en algemene welsyn glo Mill die beste lewenswyse moet altyd bevraagteken bly. Niemand het sekerheid nie en verbiedinge voorkom morele eksperimentering. Waar ons taamlik seker is 'n lewenswyse is slegter, sal 'n verbod daarteen nogtans nie geluk maksimaliseer nie. Almal leer bowendien uit swak voorbeelde. 'n Oormatig inskiklike burgery sal minder waarskynlik geluk maksimaliseer. Dit geld ook vir institusies.

In alle gevalle van die toepassing van voormelde beginsels bestaan daar dus soms meningsverskil oor gepaste oplossings. Olen en Barry (1996: 23) sê botsings in standpunte kan dus uitloop op morele skeptisisme, oftewel die siening dat teenstrydige antwoorde net standpunte is en nie morele kennis nie, sodat die strewe na 'n antwoord eenvoudig prysgegee word. Die saak is egter te belangrik daarvoor. Selfs al is ons antwoorde opinies, is nie alle opinies ewe goed nie. Party is beter en loop uit op beter wyses van optrede. Afgesien van goeie morele beginsels, is daar dus ook ander belangrike oorwegings, soos die beste feite oor 'n saak en versigtige en deeglike beredenering - dus begronde en geldige argumente. Hieroor verderaan meer. Eers moet egter kortliks iets gesê word oor die beginsels van omgewingsmoraliteit.

Beginsels van omgewingsmoraliteit

Die voorafgaande bespreking van die beginsels van individuele en sosiale moraliteit suggereer ook die vraag na of en hoedanig dit verskil van enige beginsels van

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

omgewingsmoraliteit. Hoewel die kwessie van omgewingswaardes reeds aangeraak is in die bespreking oor 'n nuwe etiek in Hoofstuk 1, is dit nietemin raadsaam om duidelikheidshalwe 'n paar feite hier uitdruklik te stel. Daarna kom omgewingswaardes weer ter sprake in Hoofstuk 6, wanneer praktiese beredenering en besluite in omgewingskonteks ondersoek word.

Aan die begin van hierdie hoofstuk is aangedui dat waardeberedenering onderneem word deur individue, openbare liggame, owerheidsinstansies en vele meer in die samelewing. Omgewingsake en bewaring betrek medemense, ander lewensvorme, natuursisteme en dus ook die nie-lewende deel van die omgewing. Dit is egter van pas om op hierdie stadium uit te wys dat daar, in 'n sekere sin, nie sprake is nie van afsonderlike *beginsels* van omgewingsmoraliteit, los van en langsaan bovermelde beginsels van individuele en sosiale moraliteit. Juis daarom kon die Etiek vir Volhoubare Bestaan vra (p 26 hierbo) dat bestaande moraliteit aangewend word om, deur nuwe insigte vanuit ekologiese kennis, morele probleme in omgewingsverband te help oplos. Ook juis daarom is daar soveel standpunte in die omgewingsetiese debat wat bloot 'n uitbreiding van bestaande moraliteit beskou as afdoende morele ontwikkeling vir die oplossing van omgewingsprobleme (p 36 en verder hierbo). Die beginsels bly dieselfde, dog insigte in die behoefte vir en die wyse van hul toepassing is nuut.

Selfs net 'n oppervlakkige ondersoek van bogenoemde individuele en sosiale beginsels van moraliteit bevestig hul relevansie in omgewingsverband. Individuele en sosiale beginsels verwys byvoorbeeld beide na utiliteit en billikheid, altwee beginsels aan die kern van omgewingsekonomiese beredenering, wat streef na die maksimalisering van utiliteit, maar ook klem lê op die regverdigheid van hulpbronverdeling. Hoogs relevant is ook die benaderings tot paternalistiese owerheidsoptrede ten einde menslike en ander lewensvorme se leefomgewing te beskerm. Dit sluit aan by die verwysing van Mill na die ontoelaatbaarheid van die vryheid om andere te benadeel (p 165 hierbo) en word onderlê deur die Suid-Afrikaanse grondwetlik omskrewe reg tot 'n beskermde, nie-skadelike leefomgewing

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(vgl Hoofstuk 5 verderaan).

Ekologiese insigte het gelei tot kennis van die interaksie en interafhanklikheidsverhouding tussen lewe en nie-lewe, tussen verskillende sisteme en tussen mens en omgewing. Daardeur kon ons bewus word van die implikasies, spesifiek ook die morele implikasies, van handelinge in omgewingsverband, ook die wat toekomstige menslike lewe benadeel, sodat feitlik elke optrede in omgewingsverband 'n morele implikasie het.

Uit die relevansie van ander lewensvorme en selfs die nie-lewende omgewing by optrede in omgewingsverband is dit egter ook duidelik dat daar 'n ander, nuwe dimensie van moraliteit ter sprake kom, met 'n ander fokus en klemtone as die tradisionele. Juis dit word betrek in die omgewingsetiese debat oor die toereikendheid van bestaande etiek. Sou dit nuwe etiese beginsels toevoeg tot die bestaande, sou dit, meta-eties beskou, egter geen verskil maak aan die *logiese* hantering van daardie beginsels nie. Nie inhoud nie, maar vorm, is daar ter sprake.

Hierdie afdeling het beginsels van individuele en sosiale moraliteit bespreek. Daardie beginsels bots egter baiemaal en loop gevolglik uit op moeilike keuses en besluite. Ten spyte van dilemmas is besluite egter steeds nodig, sê Olen en Barry (1996: 23), want dit beïnvloed die soort samelewing waarin ons leef en die aard van ons lewens daarbinne. Oordele begrond op beginsels is belangrik en onvermybaar en goedberedeneerde debatte noodsaaklik. Soos op bladsy 150 hierbo aangedui, vereis moraliteit die evaluasie van gedrag en reëls teenoor beginsels en dis dus gepas om 'n mate van aandag te gee aan die logika van evaluasie. Dit word hieronder gedoen na aanleiding van Paul W. Taylor, een van die soort filosowe vermeld op bladsy 141 hierbo, wat etiese oordele beskou as 'n sub-klas van waarde-oordele.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Taylor (1961) se analise sluit aan by 'n benadering van Urmson[48] en ook Stevenson, deur Warnock (1960: 84-89) altwee afgekraak as skuldig aan ekstreme oorvereenvoudiging van lewensbesluite (p 90:"almost ludicrous oversimplification"). Sy beklemtoon die kompleksiteit van taal en etiese taal en wys daarop (1960: 99) dat daar feitlik geen nie-evaluerende gebruik van taal is nie. Filosowe soos Taylor beklemtoon die logiese kenmerke van een algemene tipe funksie wat taal mag hê en die kort opsomming hieronder van sy mening van evaluasie word bloot aangebied ter wille van meer insig in die evaluatiewe funksie, en nie as volledige weergawe van wat gebeur by etiese besluitneming nie. Dit word dan opgevolg met 'n meer algemene bespreking van die logika van morele argumente.

DIE LOGIKA VAN MORELE BEREDENERING

Evaluasie

Taylor (1961: vii) gebruik die algemene begrip van "normatiewe diskoers." Sleutelbegrippe vir hom is dié van 'n "goeie ding", 'n "regte handeling", 'n "behoort te". Hy onderskei verder reëls waarvolgens normatiewe diskoers verloop, reëls wat ons volg wanneer ons 'n aanspraak maak dat iets goed is, dat 'n handeling die regte een is, wat ons wil regverdig. Hierdie reëls onderskei evaluatiewe diskoers van ander soorte diskoers. As sodanig word evaluatiewe diskoers onderverdeel in die morele, die estetiese, die logiese, en dies meer. Taylor sê wanneer ons 'n bepaalde standpunt inneem ons 'n bepaalde normatiewe taal aanvaar en ons verbind tot 'n bepaalde stel reëls van relevansie vir die regverdiging van ons evaluasies en voorskrifte.

In die bespreking hieronder word 'n fundamentele, normgewende etiese standpunt, soos die reëlmorele godsdienstige of die utilitaristiese ekonomiese, beskou as gegewe. Die vraag op 'n metavlak is dan hoedanig beredenering mag verloop na

[48] Urmson, J O (1950). "On Grading" *Mind* Vol LIX Nr 234: 145-69.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aanvaarding van enige sodanige standpunt. Die fokus is dus op algemene vorm eerder as spesifieke inhoud en die regverdiging van norme word dus ook nie hier in diepte bespreek nie. Die plek daarvan word net aangedui.

Taylor (1961: 3-5) gee die volgende uiteensetting van wat hy noem die "proses van evaluasie":

Elemente van evaluasie

Evaluasie is gemik op die neem van 'n besluit. Dis 'n proses wat eindig in 'n produk, 'n waarde-oordeel, aldus Taylor. Die proses het die gradering of rangordening van iets ten doel. Daardie iets noem Taylor 'n evaluatum. Elke sodanige proses het vyf elemente:

1. 'n *Vergelykingsklas*, waarvan die lede die evaluatum is en alles in vergelyking waarmee die evaluatum georden of gegradeer word.
2. 'n *Norm of stel norme* waarvolgens die ordening of gradering plaasvind.
3. 'n *Vir- of teen- of neutrale houding* van die waardeerder.
4. *'n Stel goed- of slegmakende kenmerke* van die evaluatum.
5. 'n *Oogpunt* waarvanuit die ordening of gradering plaasvind.

Die evaluasieproses het die formulering van 'n oordeel, dat die evaluatum aan die norme voldoen of nie voldoen nie, ten doel. Die proses verteenwoordig die logiese metode wat 'n rasionele persoon sou volg om 'n versigtige, oorwoë besluit oor die waarde van iets te neem. 'n Beroep op hierdie proses vorm deel van die metode om 'n waarde-oordeel te regverdig. Die gebruik van die proses impliseer kontekstueel dat die norme gepas en geldig is. 'n Evaluasie maak 'n dubbele aanspraak:

- Eksplisiet dat die evaluatum aan gegewe norme voldoen of nie.
- Implisiet dat dit geldig of gepas is om die gegewe norme toe te pas.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Goeie redes vir hierdie aansprake is dus nodig.

Daar is twee soorte evaluasie, na gelang die norme waarop 'n beroep gemaak word standaarde of reëls is. Waar norme standaarde is, bestaan evaluasie òf uit gradering, òf uit rangordening. Waar norme reëls is, is alle evaluasie graderings. Taylor (1961: 9-41) sit die hooftrekke van evaluasie dan as volg uiteen:

Evaluasie volgens standaarde

Gradering en rangordening

Gradering probeer bepaal of iets goed of sleg, begeerlik of afstootlik, waardevol of waardeloos is. Rangordening bepaal of iets beter of slegter as iets anders is. In beide gevalle is 'n oogpunt ter sprake. Iets is goed of sleg, beter of slegter, uit 'n oogpunt. 'n Motor is byvoorbeeld uit 'n meganiese, 'n estetiese of 'n ekonomiese oogpunt goed of sleg. Sonder kennis van die oogpunt is evaluasie onmoontlik. Verskillende oogpunte hang saam met verskillende norme of standaarde.

'n Oogpunt word ingeneem ten opsigte van alle lede van 'n vergelykingsklas, wat gespesifiseer word. 'n Oogpunt (sê, die ekonomiese) mag konstant bly, terwyl die vergelykingsklas (sê, verskillende fabrikate) verander. Andersins mag die verwysingsklas dieselfde bly, terwyl oogpunte verander, soos wanneer een fabrikaat motor uit 'n estetiese of 'n ekonomiese oogpunt beoordeel word.

Wat die verskil tussen gradering en rangordening aanbetref: Om te sê iemand is 'n goeie onderwyser, is om te sê hy voldoen aan sekere standaarde gestel vir alle onderwysers; om te sê iemand is 'n beter of 'n slegter onderwyser, is om te sê iemand voldoen aan sekere standaarde tot 'n grotere of 'n mindere mate as ander onderwysers van 'n gespesifiseerde groep. In die tweede geval (van ordening) mag die onderwyser ook "goed" genoem word, maar dan beteken "goed" "vergelykenderwys goed".

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die onderskeid tussen waarde-ordening en waardegradering is onafhanklik van die oogpunt. Afrikaanse onderwysers kan byvoorbeeld georden of gegradeer word uit morele, intellektuele of ekonomiese oogpunte. Elke oogpunt benut ander standaarde maar bepaal nie of ordening of gradering moet plaasvind nie.

Die logika van die evaluasieproses

Evaluasie impliseer beredenering volgens 'n reeks logiese stappe:

1. Aanvaarding van 'n standaard of stel standaarde vir evaluering (gradering of rangordening) van die evaluatum.
2. Operasionele verheldering van die standaarde. Dis 'n reeks stellinge wat spesifiseer dat as objek O kenmerke K openbaar dit aan 'n sekere standaard S tot 'n sekere mate M voldoen; as O kenmerke K′ besit, dit tot 'n groter (of kleiner) mate M′ aan S voldoen, ensovoorts.
3. Spesifikasies van die vergelykingsklas wat vergelyk word met die standaarde.
4. Bepaling van die goed- of slegmakende kenmerke van die vergelykingsklas (relatief tot die standaarde). Dis 'n empiriese kwessie.
5. Afleiding, van (2) en (4), tot watter mate die evaluatum voldoen of nie voldoen nie aan die standaarde. (Vir waardeordening sal dit, ideaal gesproke, vir elke lid van die verwysingsklas gedoen word).

Voltooiing van dié vyf stappe bied 'n antwoord op die vraag "Wat is die waarde van X?" Die antwoord is 'n waarde-oordeel oor die evaluatum.

Vir- en teen-houdinge

Sodanige houdinge hang saam met voldoening van die evaluatum aan 'n gegewe standaard. Dit verander in sterkte volgens die graad van voldoening en die relatiewe voorrang van die standaard. Evaluasie van 'n vakansie gaan gepaard met 'n pro-houding volgens die graad van voldoening aan elke goedmakende, en teen-houding volgens die graad van voldoening aan elke slegmakende kenmerk.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Daarvolgens hou ons van en keur ons goed of af. Die woord "goed" reflekteer 'n vir-houding, "sleg" 'n teen-houding en woorde soos "redelik", "so-so", "nie sleg nie" 'n naastenby neutrale houding. Uiteindelike kommentaar reflekteer die balans van houdinge teenoor die vakansie as geheel. In rasionele terme hang die sterkte van houdinge saam met die voorrang wat ons toeken aan 'n standaard en die mate wat die evaluatum daaraan voldoen.

Dergelike evaluering geld ook by waarde-ordening, maar daar is meer ter sprake, te wete die goed- en slegmakende kenmerke van ander lede van die vergelykingsklas in verhouding waarmee die evaluatum ge-orden word. "Goed op sigself" mag beteken "sleg in vergelyking met", en omgekeerd. Dus, 'n gradering volgens gegewe standaarde van die evaluatum "as geheel" (alles daaromtrent in ag genome) word beskou saam met dieselfde gradering ten opsigte van elke lid van die vergelykingsklas. "Beter as" of "goed in vergelyking met" mag nogtans nie goed genoeg wees nie, dit wil sê nie 'n pro-houding reflekteer nie. Dis eers nodig om die vergelykingsklas as geheel te beoordeel. Slegs 'n gradering reflekteer definitief 'n vir- of teen-houding.

Dis gepas om hier te verwys na wat Toulmin (1968: 70-72) aanvoor ten opsigte van houdinge, of gesindhede. Hy sê waar emotivisme aanvaar evaluatiewe uitsprake is bloot uitdrukkings van gevoel en derhalwe nie diskutabel nie, is dit eerder die uitdrukking van gerundivum-gesindhede. Hierdie term gerundivum reflekteer 'n aanspraak dat dit 'n gepaste gesindheid is. Sulke uitdrukkings deur verskillende persone kan dus teenoorgesteld wees sonder om logies teenstrydig te wees. Toulmin meen die diskutabiliteit van teenoorgestelde evaluatiewe uitsprake lê in hul ge-universaliseerde gerundivum-aard, wat aanspraak maak daarop dat dit 'n gepaste gesindheid is. Hierdie universalisering het sekere implikasies:

- Die gesindhede word aanvaar teenoor klasse van dinge en besondere items omdat, en tot die mate dat, hulle lede van 'n bepaalde klas is. Hierdie standpunt mag natuurlik verander.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Dis moontlik om redes te vra en te ontvang waarom 'n gesindheid gepas is, byvoorbeeld omdat objek X bepaalde empiriese eienskappe het. Dit maak evaluasies tweërlei diskutabel: Het objek X die bepaalde goed- of slegmakende eienskappe? Is die spreker geregverdigd om hierdie eienskappe as goed- of slegmakend te beskou?

Taylor (1961: 17) wys voorts op die belangrike punt dat 'n neutrale gradering nie gelykstaan aan 'n blote feite-oordeel nie. By laasgenoemde is geen vir- of teen-houdinge ter sprake nie. 'n Neutrale houding is die resultaat van evaluering, nie blote waarneming nie. Gradering en ordening volgens standaarde verskil dus van vergelyking en klassifisering volgens kriteria. By laasgenoemde is "goed", "sleg" en "beter" nie ter sprake nie.

Intrinsieke en ekstrinsieke waarde

Taylor (1961: 19) klassifiseer standaarde as standaarde van intrinsieke of ekstrinsieke waarde. Laasgenoemde verdeel hy weer in standaarde van inherente, instrumentele en bydraende waarde. Hy wys daarop dat sommige ander outeurs uitdrukkings van intrinsieke waarde nie sien as waarde-oordele en dus die resultaat van evaluering nie. Hulle glo dis die blote uitdrukking van goedkeuring of voorkeur of 'n pro-houding. Sy eie vertolking is dat 'n stelling ten opsigte van die waarde van iets met intrinsieke waarde die gevolg is van die waardeerder se evaluasie dat die evaluatum intrinsieke waarde het. Die pro-houding verteenwoordig nie die waarde nie.

Ruimte ontbreek vir 'n volledige weergawe van die debat in hierdie verband.[49] Dis egter nodig om hier klem te lê op die standpunt dat evaluasie (waardebepaling) die

[49] Taylor (1961: 19-20) se volledige bespreking geskied na aanleiding van C A Baylis (1958) se "Grading, Values and Choice" (*Mind* LXVII, 268: 485-501). Ander standpunte is te vinde in: C I Lewis (1946) *An Analysis of Knowledge and Valuation* en J Dewey (1939) "Theory of Valuation" *International Encyclopedia of United Science* Vol II No 4.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

rasionele gronde vir waardering verskaf. Dit bring 'n verskil tussen standaarde en houdinge na vore. Houdinge word geregverdig op grond van evaluasie, en evaluasie vereis die aanvaarding van standaarde. Om te sê iets word waardeer deur iemand beteken nie daardie iets het waarde nie. Laasgenoemde kan net deur evaluasie vasgestel word. Vir Taylor is die oordele "X is intrinsiek goed" en "X is ekstrinsiek goed" altwee die resultaat van beoordeling volgens standaarde van intrinsieke of ekstrinsieke waarde.

Evaluata wat beoordeel word, kan enigiets wees ten opsigte waarvan dit moontlik is om 'n vir- of teen-houding in te neem.

Die essensiële verskil tussen standaarde van intrinsieke en ekstrinsieke waarde is die verskil tussen die nie-afgeleide en die afgeleide goeie. Standaarde van intrinsieke waarde:

- word gebruik slegs in die evaluasie van direk ervaarde eienskappe van die eie ervaring.
- moet standaarde wees van nie-afgeleide waarde.

Iets ('n eienskap, objek, persoon, handeling) het volgens Taylor (1961: 23) afgeleide waarde as die waarde daarvan afhang van die (intrinsieke of ekstrinsieke) waarde van iets anders. Iets het intrinsieke waarde, en is waardevol op sigself, as die waarde daarvan van geen ander waarde afhang nie. Dis waardevol omdat dit is soos dit is.

Vier kombinasies van positiewe en negatiewe waarde is moontlik:

- 'n Ervaring mag intrinsieke sowel as ekstrinsieke waarde hê, soos die luister na musiek vir genieting sowel as ontspanning.
- 'n Ervaring mag intrinsiek en ekstrinsiek negatiewe waarde hê, soos lelike musiek wat boonop te hard gespeel word en hoofpyn veroorsaak.
- 'n Ervaring mag intrinsiek waardevol wees maar ekstrinsiek negatiewe waarde hê,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

soos mooi musiek wat meebring dat iemand laat is vir 'n afspraak.

'n Ervaring mag intrinsiek negatiewe waarde hê maar ekstrinsiek waardevol wees, soos lelike musiek wat gespeel word om die baba te laat slaap of inbrekers af te skrik.

Normaalweg sê Taylor (1961: 24-25) is daar net een standaard van intrinsieke waarde, te wete bevrediging deur of genieting van die ervaarde eienskap. By 'n gradering van intrinsieke waarde het die waardeerder 'n vir-houding na gelang die evaluatum oor die algemeen aan sy standaarde van genieting voldoen, en 'n teen-houding vir sover dit daaraan tekort skiet.

Intrinsieke waarde is primêr in die sin dat die ekstrinsieke waarde van iets oorsaaklik verbind is met die waarde van 'n ander item, terwyl intrinsieke waarde van 'n item nie oorsaaklik afhang van die waarde van iets anders nie. Ekstrinsieke waarde mag afgelei word van die ekstrinsieke waarde van 'n ander item, en dié weer van die waarde van 'n verdere item, maar uiteindelik word ge-eindig by iets waarvan die waarde van niks anders afhang nie, dit wil sê wat intrinsieke waarde het.

Taylor onderskei drie soorte ekstrinsieke waarde (1961: 26-32):

Inherente waarde: Die inherente goedheid van iets is vir Taylor die kapasiteit daarvan om 'n ervaring van intrinsieke goedheid by enigeen te ontlok. Gradering sal hierdie kapasiteit vergelyk met dié van ander objekte. Alle inherente waarde is ekstrinsiek, want dit hang af van die intrinsieke waarde van iemand wat daarop reageer se ervaring. 'n Skildery mag byvoorbeeld as inherent goed beskou word omdat dit meer dikwels as aangenaam eerder as onaangenaam deur mense ervaar word as ander lede van 'n gegewe vergelykingsklas.

Instrumentele waarde verskil van bruikbaarheid of utiliteit. 'n Item is bruikbaar as dit 'n gegewe doel bevorder. Net as daardie doel enige waarde het, het die item ook instrumentele waarde. 'n Doelwit het positiewe waarde as dit iets bevorder of skep

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wat enige soort waarde het, of iets vernietig of belemmer wat negatiewe waarde het. So ook het 'n doelwit negatiewe waarde as dit iets wat negatiewe waarde het skep of bevorder, of as dit iets wat waarde het, vernietig of belemmer. Evaluering volgens standaarde van instrumentele waarde kom neer op die gradering of ordening van iets as 'n middel tot 'n doel van positiewe of negatiewe waarde. 'n Evaluatum is instrumenteel goed vir sover dit bruikbaarder is (meer utiliteit het) as ander lede van 'n vergelykingsklas, en *vice versa.*

Bydraende waarde kom voor by iets wat deel uitmaak van 'n geheel met enige soort waarde. Die graad hang saam met die omvang van die bydrae.

Evaluasie volgens reëls

Hierdie vorm van evaluasie benut reëls as norme van regte of verkeerde gedrag of denke. Dit mag reëls wees van taal, 'n spel, estetiek, gesondheid, 'n sosiale instelling, besigheid, ens. Die tipiese waarde vir die uitdrukking van evaluasie volgens standaarde is "goed" of "sleg". Vir evaluasie volgens reëls is dit "reg" of "verkeerd." Omdat daar nie grade van reg of verkeerd is nie, is alle evaluasie volgens reëls graderings (klassifikasies). Iets voldoen aan 'n standaard tot 'n sekere mate, maar dit gehoorsaam of verbreek 'n reël. Gemeet teen 'n reël is twee items ewe reg of ewe verkeerd.

Daar is drie soorte reëls: Bevele of vereistes, vergunnings of opsies, en verbiedinge. 'n Handeling is reg as dit 'n reël gehoorsaam wat daardie handeling vereis, toelaat of verbied. ('n Handeling word ook soms reg genoem as dit nie verkeerd is nie). 'n Handeling is verkeerd as dit nie 'n reël gehoorsaam nie. Om nie iets te doen nie wat toegelaat word, is nie verkeerd nie.

Keuses wat handelinge is, word ooreenstemmend en direk volgens reëls beoordeel. Keuses wat besluite is, word indirek beoordeel, vir sover dit besluite is wat op handelinge betrekking het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

By evaluasie volgens reëls funksioneer reëls as norme, net soos standaarde. Die uiteinde is 'n waarde-oordeel dat iets reg of verkeerd is. Die proses vereis dat vasgestel word of die evaluatum onder 'n reël val en of dit strydig of in ooreenstemming met die reël is. Reëls spesifiseer aard, omstandighede en toepassingsveld.

Wanneer 'n evaluatum (handeling) volgens 'n reël beoordeel word, verbind die beoordelaar hom tot 'n vir-houding teenoor reëlgehoorsaming en 'n teen-houding teenoor reëlverbreking. Die sterkte van die houding hang saam met die strengheid of belang van die reël. Dié twee aspekte word beoordeel deur middel van die evaluasie van 'n reël volgens standaarde van ekstrinsieke waarde. Die reël is dan 'n evaluatum. Beoordeel volgens 'n utilitaristiese standaard, byvoorbeeld, word die instrumentele waarde van die reël as 'n middel vir die bevordering van algemene menslike geluk beoordeel. Daarvolgens is "moenie beloftes verbreek nie" veel belangriker en streng as "borsel jou tande gereeld."

'n Reg- of verkeerdmakende kenmerk van 'n evaluatum is enige kenmerk waarvolgens dit 'n reël gehoorsaam, of nie. Of die handeling reg- sowel as verkeerdmakende kenmerke het, hang daarvan af hoe kompleks die handeling is (vergelyk byvoorbeeld 'n enkele stelling met 'n hele advertensiekampanje) en hoe goed 'n reël geformuleerd is. 'n Oogpunt is ewe toepaslik by evaluasie volgens reëls as by evaluasie volgens standaarde. Die oortreder wat skulpvis stroop, tree verkeerd op uit 'n bewaringsoogpunt. As dit sy enigste opsie is om 'n honger kind te voed, handel hy moontlik reg uit 'n morele oogpunt. Groot openbare uitgawe aan 'n pad mag reg wees uit 'n politieke oogpunt, dog verkeerd uit 'n bewaringsoogpunt. Dieselfde daad mag dus reg en verkeerd wees, beoordeel vanuit byvoorbeeld ekonomiese, politieke, estetiese of bewaringsoogpunte. Of dit "oor die algemeen" reg of verkeerd is, hang af van die prioriteit van reëls. Daardie prioriteit word in 'n rasionele konteks deur deliberasie vasgestel, en dit is dus nodig om iets meer te sê oor deliberasie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Deliberasie

Hare (1952: Hoofstuk 4) tref 'n onderskeid tussen besluite oor handeling op grond van beginsels, en besluite oor watter beginsels van handeling mens sal aanvaar. Ooreenstemmend onderskei Taylor (1961: 41) twee soorte deliberasie: Oor handelinge en oor standaarde en reëls.

Deliberasie oor handelinge

Hare benut die voorbeeld van die beginsels van motor bestuur. Dit lei optrede in die meeste relevante praktiese situasies. Dis egter onmoontlik om beginsels te formuleer vir alle praktiese situasies. Derhalwe ontwikkel 'n bestuurder beginsels wat hy self formuleer en leer hy ook hoe om uitsonderings te maak op aangeleerde beginsels. Laasgenoemde is 'n beginselbesluit en beteken 'n modifikasie van die beginsels. In meer radikale gevalle is 'n verwerping van die beginsel en substitusie deur 'n nuwe een moontlik geregverdigd. Soortgelyk is standaarde en reëls beginsels wat gedrag lei.

Deliberasie oor gepaste handeling vereis (LW ideaal gesproke) 'n reeks evaluasies. Daarvolgens word alle alternatiewe gegradeer as reg of verkeerd volgens toepaslike reëls. As die reëls alle alternatiewe dek en dit blyk net een alternatief is reg, is deliberasie klaar. Daardie alternatief is die beste onder omstandighede. As meer as een alternatief of almal reg is, of almal verkeerd, of as die reëls nie alle alternatiewe dek nie sodat sommige nòg reg nòg verkeerd is, is 'n volgende stap nodig. 'n Evaluasie volgens aanvaarde standaarde dui dan aan welke alternatief is beter, dit wil sê ordening geskied vanaf die mees waardevolle of begeerlikste alternatief na die mindere.

Dis moontlik dat die eerste stap kon aandui alle alternatiewe is verkeerd. Die tweede stap dui nogtans die mees verkiesbare aan (die minste sleg van almal). Dis dan die aangewese alternatief, hoewel dit nie reg of goed is nie. Dis 'n verkeerde

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ding, maar nogtans die regte ding om te doen. (L W as alle alternatiewe verkeerd is, is een nie die minste verkeerd nie. Verkeerd is absoluut, sê Taylor). Veronderstel byvoorbeeld 'n baie arm persoon sonder geld of enige kos hoegenaamd en met 'n kind op die punt om te sterf van honger. Veronderstel verder sy enigste opsie om vinnig kos te bekom, is diefstal van 'n meer bevoorregte persoon. So 'n armlastige sal waarskynlik dan besluit om wel die nodige kos te steel ('n verkeerde optrede) in stede van niks te doen, sodat die kind omkom (ook

'n verkeerde optrede). Onder dergelike omstandighede is diefstal, hoewel steeds verkeerd, vir daardie persoon die regte ding om te doen.

Deliberasie oor reëls of standaarde

Dit vereis dat reëls of standaarde ge-evalueer word in terme van hoër standaarde, dit wil sê standaarde wat voorrang geniet, om te kan besluit wat is die beste reëls of standaarde om te aanvaar, vir gedragsleiding en as norme vir evaluasies. Dit kan genoem word tweede-orde standaarde. Die evaluasie van reëls in terme daarvan beoordeel die gevolge van die toepassing van reël-alternatiewe om te bepaal tot watter mate hul aanvaarding aan die tweede-orde standaarde voldoen. Dis bekend as "beperkte utilitarisme" en kan deur wetgewers benut word om te kies tussen ou en nuwe wette (wat reëls is) byvoorbeeld.

Dieselfde prosedure word gevolg by die evaluasie van standaarde, wat ge-orden word volgens die mate wat die toepassing van elkeen voldoen aan die tweede-orde standaarde.

Die twee soorte deliberasie verskil dus wat betref hul vergelykingsklasse en die norme wat hulle gebruik. Verder stem hulle ooreen, ook met enige ander vorm van evaluasie.

Wat betref evaluasie as sodanig kan hier herhaal word wat Taylor ook beklemtoon:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Dit word nie geïmpliseer dat elke morele besluit die eksplisiete toepassing van komplekse logiese evaluasie-prosedures behels nie. Die voorafgaande uiteensetting reflekteer, na Taylor se mening, die logika onderliggend aan sulke besluite. Om Taylor (1961: 43) se woorde te gebruik: dis nie 'n sielkundige beskrywing van hoe mense dink nie, maar 'n uiteensetting van die logika van hul denke wanneer dit ideaal rasioneel is. Dit kan dus uitgespel word, wanneer nodig in die praktyk.

Hierdie helder uiteensetting van evaluasie deur Taylor sluit baie goed aan by wat Olen en Barry (1992: 49) te sê het wanneer hulle, onder meer, klem lê op die "patroon van beredenering". Hieronder word kortliks gelet op hul praktiese benadering tot morele argumentering oor die algemeen.

Morele argumente

Argumente in die sin vermeld op p 143 poog om vanuit redes te beredeneer na 'n morele konklusie (vgl Olen en Barry 1996: 49). Hierdie redes, ook genoem premisse, getuienis, gronde, dui aan dat dit redelik is om die konklusie as waar te aanvaar. Van deurslaggewende belang is die waarheid van premisse en die geldigheid van beredenering.

Toulmin (1968: 71) sê hierdie waarheid en geldigheid geld vir die premisse of argument ongeag wie so glo. Die proposisie op sigself moet geloofwaardig wees, die argument op sigself moet aanvaarding waardig wees en daar moet redes wees wat hierdie "waardig wees" onderlê. Die waarheid van premisse is van belang by die evaluering van argumente, maar ook die premisse se relevansie, volledigheid en toereikendheid.

Baie belangrik is logika, die patroon van beredenering van premisse na konklusie. Flew *et al* (1983: 208) sê in die breedste sin het logika te doen met die struktuur en beginsels van gegronde argumente en daardie verhoudinge waarvolgens gesê kan

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

word een ding volg uit 'n ander. Twee soorte logika word onderskei, volgens die soort beredenering en die soort sinne waarvolgens dit verloop. By beredenering wat die waarheid van proposisies wil vasstel, is die hoofonderskeiding tussen deduktiewe en induktiewe logika.

Deduktiewe argumente

Flew *et al* (1983: 85) definieer deduksie as 'n geldige argument waarin dit onmoontlik is om die premisse te stel en die konklusie te ontken sonder selfkontradiksie. Ooreenstemmend sê Copi (1968: 123): "A deductive argument is one whose premisses are claimed to provide conclusive evidence for the truth of its conclusion."

'n Logies geldige argument hoef natuurlik nie ware proposisies te benut nie. As premisse nie waar is nie en die argument geldig, is daar geen verpligting om die konklusie te aanvaar nie (Copi 1968: 209). 'n Geldige argument vestig sy konklusie net voorwaardelik - op voorwaarde dat die premisse waar is. Die outeurs sê verder die wette van logika is reëls vir die beoordeling van argumente, onafhanklik van die onderwerp waaroor die argument handel. Dit gaan oor die vorm van die argument, nie sy inhoud nie. So 'n teoretiese benadering tot die beginsels van 'n argument vereis die ontwikkeling van maniere om die logiese vorm of struktuur van die argument weer te gee.

Olen en Barry (1996: 49-50) onderskei tussen 'n geldige (in die sin van verloop volgens geldige reëls) deduktiewe argument en 'n gegronde deduktiewe argument. Gegronde argumente het twee vereistes. Dit moet geldig wees en die premisse daarvan moet waar wees. Dan is die konklusie noodwendig waar. Die outeurs sê daar is talle reëls vir geldige beredenering,[50] maar suggereer 'n korter manier om geldigheid te bepaal, te wete die metode van teenvoorbeeld. 'n Argument lui:
As A, dan B

[50] Vgl byvoorbeeld Copi J M (1968): Hoofstuk 5.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

A is onwaar
Dus, B is onwaar.

'n Teenvoorbeeld is 'n argument met ware premisse wat hierdie reël volg en eindig met 'n vals konklusie:
As iemand 'n man is, het hy ooghare
Sarie is nie 'n man nie
Dus, Sarie het nie ooghare nie.
Die konklusie is onwaar, dus is die reël ongeldig.

'n Ander voorbeeld:
Geen A is B nie
X is nie A nie
Dus, X is nie B nie.

Teenvoorbeeld:
Geen honde is katte nie
Fielie is nie 'n hond nie
Dus, Fielie is nie 'n kat nie.

Dit mag makliker wees om net addisionele inligting te bekom rondom die eerste premisse. (As Fielie nie 'n hond is nie, wat is hy wel?). Die waarheid van premisse is deurslaggewend. (Vgl ook die afdeling oor morele argumente op p 186 en verder hieronder).

Induktiewe argumente

Dis 'n metode van beredenering wat 'n algemene beginsel aflei van waargenome besondere gevalle (Flew *et al* 1983: 171). Volgens Olen en Barry (1996: 51) is gewone redenering meestal nie deduktief nie, want ondersteunende stellings, selfs as dit waar is, waarborg nie die konklusie nie. Dit bevestig eerder dat dit meer redelik is om die konklusie te aanvaar as nie. Die ondersteunende stellings van

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

induktiewe argumente word genoem redes, getuienis of gronde, eerder as premisse en 'n goeie induktiewe argument is geregverdigd, in stede van gegrond.

Argumente van oorsaak na gevolg, of omgekeerd, is gewoonlik induktief, sê Olen en Barry voorts. 'n Skielike knal in die straat sal mees waarskynlik vertolk word as 'n motor wat terugplof. Omdat ander verklarings vir so 'n knal egter moontlik is, is die konklusie nie die resultaat van deduktiewe redenering nie. Die meeste gevalle van veralgemening is voorbeelde van induktiewe redenering. 'n Monster uit 'n groter bevolking word ondersoek, sekere trekke wat gedeel word deur 'n sekere persentasie van die monster word vasgestel en daarna word besluit dat dieselfde, of amper dieselfde, patroon gedeel word deur die bevolking as geheel. Volgens waarskynlikheidsleer kan die statistiese kanse van die korrektheid van die konklusie beraam word. Omdat daar steeds 'n kans is, hoe klein die waarskynlikheid ookal, dat die groter bevolking anders daar uitsien, is sulke beredenerings induktief.

Flew *et al* (1983: 172) wys daarop dat, met die groei van natuurwetenskap, dit duideliker besef is dat 'n deduktiewe argument slegs blootlê wat implisiet is in die premisse en dat toenemend daarop aangedring is dat nuwe kennis afhang van 'n vorm van induksie.

Die gehalte van induktiewe redenering word bevorder deur sekere kriteria van evaluasie normaal in natuuurwetenskappe. Die belangrikstes hang saam met oorsaaklike veralgemenings (Olen en Barry 1996: 52-53). Die monster moet groot genoeg wees, moet verteenwoordigend wees en daar moet 'n eksperimentele sowel as 'n kontrolegroep wees. Sorg is egter steeds nodig, want faktore wat geassosieerd is, is nie noodwendig oorsaaklik verbonde nie.

Alledaagse argumente steun op meer wetenskaplike bevindinge maar verloop gewoonlik minder formeel. Nietemin moet gepoog word om so wetenskaplik moontlik te wees, deur baie en verteenwoordigende gevalle te oorweeg en steeds te onthou dat dit gaan oor waarskynlikhede, nie feite nie. Daar is grade van regverdiging. Die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

besef daarvan maan tot versigtigheid.

Morele argumente

Dergelike argumente benut die beginsels van reëlmoraliteit of utilitarisme of altwee en verloop as deduktiewe sowel as induktiewe beredenering. Olen en Barry (1996: 53) sê gewoonlik word uitgegaan vanaf 'n algemene morele beginsel en geredeneer na 'n spesifieke morele konklusie. Hierdie outeurs meen die beste metode van evaluasie van sulke argumente is om hulle te behandel as verkorte deduktiewe argumente. Dit vergemaklik die evaluasie, want teenstrydige argumente kan duidelik gestel word, beredenering daaragter word beter verstaan, premisse kan geïsoleer word en elkeen se waarheid kan gekontroleer word. Die argument waarvan die premisse meer waarskynlik waar is, word dan aanvaar.

Dergelike evaluasie behels twee sub-take:

Rekonstruksie van die argument as 'n geldige argument.

Ondersoek na die waarheid van premisse.

Rekonstruksie van die argument

In alledaagse beredenering word meermale sekere premisse verswyg of veronderstel as algemeen aanvaard en dus nie uitdruklik vermeld nie. In ander gevalle word premisse onvolledig gestel of bloot geïmpliseer. Rekonstruksie vereis dat dergelike versweë of implisiete of verkorte relevante premisse eerstens eksplisiet uitgespel word. Daar moet seker gemaak word dat alle relevante premisse ter sprake kom. Daarna kan die geldigheid van die argument ondersoek word, met behulp van die relevante reëls van deduktiewe logika (vgl Olen en Barry 1996: 56-57). Die volgende reëls, oftewel voorbeelde van deduktief geldige argumente, word deur hulle vermeld:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1. As A, dan B
   A
   Dus B

2. A of B
   A is onwaar
   Dus B

3. As A, dan B
   B is onwaar
   Dus A is onwaar

4. Alle A is B
   C is A
   Dus, C is B

5. Alle A is B
   C is nie B nie
   Dus C is nie A nie

6. Geen A is B
   C is B
   Dus C is nie A nie

By wyse van voorbeeld kan die volgende alledaagse stelling beskou word as 'n onvolledig gestelde deduktiewe morele argument:
Mense wat rommel strooi, is selfsugtig.

Dit veronderstel 'n hele aantal premisse:

1. Daar is ander wyses van rommelhantering as verstrooiing, wat voordeliger is vir almal.
2. As enigeen rommel strooi, word dit reg gestel deur middel van belastingbesteding
3. Geld uit die belastingpoel, waartoe alle belastingbetalers bydra, kom hoofsaaklik van ander mense as enige individu. Oftewel, belastingbesteding benadeel hoofsaaklik andere.
4. Enigeen wat andere onnodig benadeel tot groter mate as homself, is selfsugtig.

Simbole kan aan betekenisse toegeken word, as volg:

A: Iemand strooi onnodig rommel.
B: Iemand noodsaak belastingbesteding.
C: Iemand benadeel medemense meer as homself.
D: Iemand is selfsugtig.

Gereduseerd verteenwoordig die oorspronklike stelling dan die volgende deduktiewe argument:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

As A dan B
As B dan C
As C dan D
A
Dus D

As riglyne vir welke premisse om toe te voeg, meld Olen en Barry (1996: 58-60) die volgende:

1. Kies premisse wat gebruik kan word met geldige deduktiewe reëls, byvoorbeeld die eis "homoseksualiteit is verkeerd want dit is onnatuurlik" vereis 'n premisse "alle of enige onnatuuurlike gedrag is verkeerd".
2. Premisse moet algemeen genoeg wees om te lyk na morele beginsels en nie persoonlike vooroordele nie. Die terme "alle" en "enige" in die homoseksualiteit-voorbeeld verbreed die toepassing tot maksimale veralgemening.
3. Daar moet genoeg premisse wees om die argument geldig te maak. Reëls vir geldigheid kan net effektief toegepas word op grond van 'n toereikende getal premisse.
4. Opponente moet gekrediteer word met die meeste moontlike geloofwaardigheid van premisse. Anti-aborsie argumente, wat die vrou se reg tot moord van die fetus as 'n pro-aborsie premisse veronderstel, is hoegenaamd nie toeskietlik nie.
5. Daar moet verseker word dat toegevoegde premisse klop met die geloof van die voorstander van die argument. Konsekwentheid ten opsigte van ander sinne in die uiteensetting is 'n goeie maatstaf.
6. Moenie aanneem wat bewys moet word nie, dit wil sê die konklusie gebruik as premisse nie, soos in:

'n Boer se optrede op sy plaas benadeel niemand anders nie.
Jag vind binne die grense van 'n eiendom plaas.
Dus: 'n Boer behoort die reg te hê om enige wild na goeddunke te jag.

7. Haarklowery of dubbelpratery moet vermy word, soos wanneer verskillende betekenisse van dieselfde woord uitgebuit word. "Onnatuurlik" mag beteken"pervers" of "ongewoon". Die luister na boeremusiek is ongewoon vir die meeste mense, dog nie daarom onnatuurlik en daarom pervers nie. Waar

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

dubbelsinnigheid aan die kern van 'n argument lê, is die argument ongeldig en rekonstruksie onmoontlik.

Ondersoek na die waarheid van premisse

Om 'n geldige argument 'n gegronde een te maak, vereis ware premisse. Vanselfsprekend moet alle premisse dus gekontroleer word vir waarheid. Algemene premisse moet eerste ondersoek word, want volgens Olen en Barry (1996: 60) is dit mees waarskynlik daar waar vrae sal ontstaan. Woorde soos "alle" of "enige" en "elke" waarborg nie waarheid nie. Stellings soos "honde is soogdiere" impliseer die woord "alle" en moet so verstaan word, tensy die teendeel of uitsonderings gespesifiseer word.

Teenvoorbeelde word soms ge-opper teen veralgemenings, soos die "wit leuen" teenoor die beginsel "alle leuens is verkeerd." Almal aanvaar die geldigheid van wit leuens om mense se gevoelens te konsidereer, maar die prys van die ophef van die waarheidbeginsel sou te hoog wees. Teenvoorbeelde is egter 'n geldige wyse om algemene premisse mee te toets. 'n Ander wyse is ondersoek van die aannames waarop dit berus. (Vgl die uiteenlopende aannames oor die persoon-status van 'n fetus in aborsie-argumente). Baiemaal is sulke aannames morele aannames, wat aanleiding gee tot botsings gegrond op 'n konflik in morele intuïsies (in die sin van weloorwoë oortuigings). Dit gebeur byvoorbeeld wanneer een party prioriteit gee aan utiliteitsoorwegings, 'n ander aan respek vir lewe. Ook wanneer partye dieselfde beginsel, sê van geregtigheid, wil nakom op uiteenlopende wyses. Resolusie van dergelike konflikte is uiters moeilik, sê Olen en Barry (1996: 61). Dis oortuigings wat as waar aanvaar word, hoewel onbewysbaar. Nogtans kan dit bevraagteken, bespreek en selfs verander word op grond van redelike argumente.

Omdat soveel morele intuïsies berus op 'n relatief beperkte aantal gevalle en moontlik oorhaastige besluite, glo die outeurs kritiese ondersoek van sowel aannames as intuïsies is geregverdigd wanneer morele aannames in konflik kom

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

met intuïsies. 'n Verskeidenheid gevalle, sommige selfs vergesog, moet liefs oorweeg word.

Oorsaaklike veralgemenings vereis ook sorgvuldige ondersoek, omdat so baie daarvan berus op diepgewortelde maar onkritiese of oorhaastige aannames, soos oor die afskrikwaarde van die doodstraf of die invloed van pornografie, volgens Olen en Barry (1996: 62-63). Daar moet nagegaan word of beskikbare toepaslike studies toereikend vir 'n ferm standpunt is. Mag aanvaarding van stawende getuienis ons uiteindelik beland in 'n vergesogte situasie wat nie nou voorsien word nie (die sogenaamde "slippery slope"-argument)? Allerbelangrik is ook die redes wat 'n bepaalde optrede mag regverdig. Ook gevaarlik is wat die outeurs noem "hand-waving", dit wil sê veralgemenings "omdat almal tog weet". By menslike gedrag is dit altyd 'n vraag of enigeen, wat nog te sê almal, werklik weet iets is waar. Onkunde oor die teendeel, naamlik of dit vals is, is geen regverdiging vir die aanvaarding van iets as waar nie. Die moontlike gevolge van 'n verkeerde konklusie moet altyd voor oë gehou word. Oorsaaklike veralgemenings mag berus op induktiewe argumente gebaseer op feite wat wel bekend is, maar waar goed ontwerpte eksperimente nie ter sprake is nie kan sulke argumente ten beste lei tot redelike aannames in terme van wat ons wel weet, wat heeltemal te min mag wees. Deeglike studies is verkieslik.

Twee verdere algemene premisse waaroor Olen en Barry (1996: 63) kommentaar lewer, is die volgende:

- Veralgemenings oor die argumenteerder se ondersteuners en opponente. Dis onaanneemlik. As aangevoer word aannames berus op uitvoerige navorsing, hoewel laasgenoemde nie uitgespel word nie, is dit aanvaarbaar, mits die aangehaalde instansie respektabel is en gesaghebbend oor die bepaalde saak.
- 'n Premisse soos "Argumente deur onbetroubare persone is ongegrond" mik op die persoon (*ad hominem* - argumente) en is onaanvaarbaar. Die evaluasie slaan op die argument, nie die persoon nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Ondersoek na alternatiewe premisse

Soms is 'n premisse opvallend twyfelagtig of vals. Die argument word dan nie noodwendig sonder meer verwerp nie, uit hoofde van die beginsel van toeskietlikheid. Vir die oplossing van morele probleme word gesoek na sterk argumente en heroorweging en herformulering slyp, verfyn en fokus standpunte.

Relevansie van premisse

Olen en Barry (1996: 65) beklemtoon die groot belang van die relevansie van premisse. Implisiete algemene premisse moet uitgespel en ge-evalueer word. Wanneer hulle vals blyk te wees, is die oorsaak gewoonlik irrelevansie van die eksplisiete premisse. Baie emosionele beroepe in die pers is gewoonlik van hierdie soort. Dis skuifmeul-foefies om die aandag af te lei. Hierdie outeurs wys daarop dat emosie 'n onafskeidbare deel is van morele debat as gevolg van die aard van baie ter sake onderwerpe, soos byvoorbeeld vrugafdrywing, genadedood en ernstige misdaad. Die vraag is na die rol van emosie in die debat. Is dit werklik ter sake en 'n onvermybare onderdeel van 'n onderhawige onderwerp, of dien dit om op te stook, sentiment by te haal of aandag af te lei van werklik relevante feite en oorwegings soos regte en verpligtinge. 'n Ander irrelevansie is die strooipop, die ontroue weergawe van die argument wat deur kritici afgetakel word, in stede van die ware weergawe.

Drogredenasies

Dit verwys na ongeldige wyses van argumentering. Olen en Barry (1996: 66) sê in formele sin verwys dit na die ongeldige toepassing van deduktiewe reëls. In informele sin verwys dit na uiteenlopende ontoelaatbare strategieë, soos die voornoemde *ad hominem*-argument, haarklowery, die strooipop, "hand-waving", die aanname van wat nog bewys moet word, die "slippery slope"-argument en die skuifmeul. Daarby kom foutiewe analogieë (die eis dat dinge ooreenstem in meer

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

as die waargenome opsigte); 'n beroep op twyfelagtige outoriteite; oorhaastige veralgemening vanaf 'n te klein monster; 'n beroep op onkunde (aanspraak op waarheid by gebrek aan getuienis tot die teendeel); en *post hoc ergo procter hoc*, oftewel, 'n aanspraak op veroorsaking as gevolg van opeenvolging.

SAMEVATTING

Teen die agtergrond van sekere prominente strominge in 20ste eeuse westerse etiese benaderings ter sprake in die vorige hoofstuk oor Suid-Afrika, is gepoog om in hierdie hoofstuk te fokus op die belang en aard van redes vir, en geldige beredenering in, etiese besluitneming. Sekere individuele en sosiale beginsels wat in ag geneem behoort te word en kan help om rigting te gee aan etiese argumente is aangedui, terwyl die logiese eise gestel aan etiese beredenering beklemtoon is. Daar is verder uitgewys dat, benewens streng logiese maatstawwe, daar in morele beredenering ook 'n wyer konsipiëring van rasionaliteit voorgestaan word wat die morele sin van die lewe ter sprake bring.

Hierdie aanbieding rondom die vereistes gestel aan die beredenering van waardes, spesifiek etiese waardes, met die oog op konklusies wat kan lei tot besluite en optrede deur individue, groepe en owerhede, voorsien nodige agtergrond vir die verdere bespreking in Hoofstuk 6 oor morele standpuntinname in omgewingsverband op 'n wyse wat botsende waardes uit verskillende waardedomeine, soos dié aangedui in Hoofstuk 3, ter sprake bring. Spesifiek word daarin gewys op 'n toenemende aandrang onder omgewingetici dat rasionele beredenering ruimte moet laat vir ryker waardering, dit wil sê vir meer redes, as dié aangebied deur ekonomiese koste-voordele-analise.

Verder is in hierdie hoofstuk gelet op 'n prosedure by die vorming van 'n helder beeld van alle bydraende komponente, ook die versweë, verskuilde en geimpliseerde premisse van 'n aangebode etiese argument of aanspraak. Dit verskaf die aanknopingspunt vir die volgende hoofstuk, waarin gefokus word op die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

belangrikste etiese waardes eksplisiet of implisiet vervat in bepaalde belangrike bestaande en voorgenome Suid-Afrikaanse bewaringsbetreklike wetgewing en beleid, wat die formele uitgangspunte definieer vir bewaringsbesluite en -optrede.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 5

DIE ETIESE INHOUD VAN SUID-AFRIKAANSE BEWARINGSWETGEWING EN -BELEID

Bewaringswetgewing en -beleid bevat voorskrifte en riglyne vir handeling. Dit vergestalt daardie waardes wat deur die owerheid as belangrik geag word en behoort, in 'n demokratiese opset, die waardebeskouinge van die samelewing te weerspieël. Dit kan dus beskou word teen die agtergrond van die etiese riglyne aangewys vanaf internasionale kant in die vorm van die Etiek vir Volhoubare Bestaan (vgl Hoofstuk 1), teenoor die waarde-inhoud van omgewingsekonomie (vgl Hoofstuk 2) en binne die konteks van die dominante waardestrominge in Suid-Afrika (vgl Hoofstuk 3). Omdat die waardes vervat in wetgewing en beleid baiemaal nie eksplisiet gestel is nie, vereis enige vergelykende oorweging egter eers nadere ondersoek van die onderhawige wetgewing en beleid.

Soos hieronder sal blyk, is bewaringswetgewing gefragmenteerd en verspreid oor soveel owerheidsvlakke en -strukture dat dit binne die bestek van hierdie ondersoek onmoontlik volledig aandag kan ontvang. Dit is dus nodig om te fokus op net daardie wetgewing en beleid wat 'n meer eksklusiewe bewaringsgemoeidheid verteenwoordig en wat van genoegsame belang en bestek is om die aanname te regverdig dat dit 'n verteenwoordigende weergawe is, of behoort te wees, van die bewaringswaardes vaardig in die samelewing. Die seleksie van dergelike wetgewing moet dus eers beredeneer word. 'n Probleem word egter meegebring deur die feit dat Suid-Afrika in 'n staatkundige oorgangstadium van betreklik ingrypende aard verkeer. Eerstens mag relevante wetgewing aangeneem en beleid geformuleer gewees het deur die vorige regering, waarvan die optredes nie paslik uitdrukking gegee het aan die waardeprioriteite van die breëre samelewing nie. Andersinds mag 'n mate van spekulasie onvermybaar wees, omdat die voorgenome vervangende wetgewing en beleid nog nie van genoegsame finale gestalte is nie, sodat sekere aannames onvermydelik is. Nietemin kan bestaande aanduidings van ander klemtone benut word vir hierdie ondersoek.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In hierdie hoofstuk word nou gepoog om, na 'n kort oorsig van die historiese agtergrond van die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse bewaringswetgewing, verteenwoordigende wetgewing te selekteer. Dié sal dan van nader beskou word, vir beoordeling soos hierbo aangedui, met die belangrikste klemtoon op bepaling van ooreenstemming met die waarderiglyne van die Etiek vir Volhoubare Bestaan (EVB). Daarna kan bespreking van waarskynlike nuwe bewaringswetgewing en -beleid dan aansluit hierby, spesifiek by enige gebreke en leemtes in bestaande wetgewing, en sodat in die laaste hoofstuk gepoog kan word om dit tuis te bring binne samelewingsverband en ontwikkelingsprioriteite. Vir 'n wyere perspektief word egter nou eers kortliks gelet op die geskiedkundige agtergrond.

HISTORIESE AGTERGROND VAN BEWARINGSWETGEWING

Fuggle en Rabie (1992: 11-25) gee 'n betreklik omvattende oorsig van die groei van 'n gesteldheid van besorgdheid oor die omgewing. Dit is 'n goeie aanvulling van Rabie (1976: 1-9) se uiteensetting van die historiese verloop van bewaringswetgewing in die land. Fuggle en Rabie (1992: 13) glo immers die wet is moontlik die beste aanduier van openbare besorgdheid oor die omgewing.

Saamgevat in historiese perspektief onderskei Schwella en Muller (1992: 72-75) die volgende evolusionêre fases in omgewingsbestuur in Suid-Afrika:

1. Die preservering van spesies deur wetgewing (1655 - 1875) .
2. Die institusionalisering van die bewaringsfunksie (1875 - 1960).
3. Die behoefte aan 'n omvattende benadering (1960 - 1980).
4. Die soeke na 'n omgewingsbeleid en -strategie (1980 - 1990).
5. Verenigde omgewingsbestuur (1990 -). Die term "geïntegreerde omgewingsbestuur" is meer gebruiklik).

Hoewel geïsoleerde bevele en opdragte om misbruik van die omgewing te beheer reeds sedert Bybelse tye voorgekom het, het etiese norme en spesifieke wetgewing in omgewingsverband stadig ontwikkel, eintlik eers oor die laaste driehonderd jaar

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(Fuggle en Rabie 1992: 11). Tot die laat 19de eeu was die benadering nog gefragmenteerd gemik op net aspekte van die natuurlike omgewing, veral rakende lug- en waterbesoedeling en die reservering van soorte en gebiede vir jagdoeleindes. In Suid-Afrika het dergelike optredes plaasgevind reeds kort na die landing van Jan van Riebeeck in die vorm van, byvoorbeeld, die voorkoming van waterbesoedeling in 1665 en beperkinge op jag in 1667 en 1668 (Rabie 1976: 131-2, 53) en 1669 (Hey 1977: 135). In 1837 is jagwette aangeneem in die Vrystaat en in 1846 in Transvaal (Hey 1977: 135).

Die openbare verantwoordelikheid vir die bewaring van natuurgebiede is slegs implisiet gevestig deur regerings in die laat 19de en vroeg 20ste eeue, met die proklamering van die eerste nasionale parke, aldus Fuggle en Rabie (1992: 11). Volgens hierdie outeurs het Suid-Afrika bewaring as 'n openbare verantwoordelikheid aanvaar met die Wet op Nasionale Parke in 1926 en was dit eers teen die middel van die 20ste eeu in die Weste die algemene beskouing dat owerhede die omgewing kan en moet reguleer vir bewaring sowel as sosiale doeleindes. Wetlike beheermeganismes vir omgewingsprobleme is dus nog baie jonk en baie gebreke is deur die vyftiger- en sestigerjare bemerk. Daar was probleme gekoppel aan die feit dat institusionele reëlings meer geskik was om eksploitasie as beskerming van die omgewing te beheer en owerhede het opgetree as regter tussen benuttingsaansprake, eerder as bewaarder. Optrede is ook eerder gemik op afsonderlike hulpbronne en was nie holisties in benadering nie. Die verhoudinge tussen probleme is geïgnoreer en nasionale fasiliteite gemoeid met oorhoofse en totale omgewingsbestuur is nie geskep nie, aldus hierdie outeurs.

'n Goeie voorbeeld in hierdie verband is beheer oor riviere, waar verskillende staatsdepartemente ongekoördineerd verskillende wetlike verantwoordelikhede moes nakom, tot nadeel van die sisteem. Die Departement Bosbou het byvoorbeeld wateropvanggebiede verdroog deur die aanplanting van uitheemse boomsoorte vir houtproduksie en die toelaat van die onbeheerde proliferasie van indringersoorte; natuurbewaringsowerhede, wat inheemse fauna en dus ook vissoorte moes beskerm, het sistematies riviersisteme met uitheemse visspesies bevolk, op plekke

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

tot die punt van vernietiging van inheemse bevolkings; die Departement van Landbou, wat die grondbewaringswet moes toepas, het die onbeheerde benutting van rivieroewers en wateropvanggebiede toegelaat, met gevolglike erosie en verslikking van riviere; terwyl die Departement van Waterwese, wat vir beheer oor waterbenutting verantwoordelik was, gronde laat verbrak en riviersisteme ontwrig het met nuwe damme wat die ekologiese implikasies van wateropgaring en verdamping geïgnoreer het.

Fuggle en Rabie (1992: 12) sê 'n keerpunt het gekom in 1970, met die aanvaarding in die VSA van 'n nasionale wet op omgewingsbeleid, waardeur aanvaar is dat mens-omgewingsverhoudinge nie op 'n *ad hoc*-grondslag bedryf kan word nie. Daardeur is 'n dekade van omgewingsbewustheid op owerheidsvlak en wetgewing vir omgewingsbeskerming ingelui. Hierdie wetgewing was natuurlik 'n respons op bykans 'n dekade van druk uitgeoefen deur omgewingsgroepe en aktiviste, wat ingelui is in 1962 met die alarmistiese veroordelings van landbouchemikalieë deur Rachel Carson in haar boek *Silent Spring*. Prosedures vir die evaluasie van die omgewingsinvloed van planne en projekte en die oorweging daarvan deur besluitnemers, groter deursigtigheid van owerheidsoptrede en openbare deelname daaraan het ontstaan en toegeneem.

In Suid-Afrika het omgewingsbeheer op nasionale vlak vir die eerste keer in 1912 voorgekom, met wetgewing op waterbewaring en besproeiing, terwyl die Boswet van 1913 later op reservaatstigting uitgeloop het, aldus Fuggle en Rabie (1992: 15). Hierdie outeurs noem ook kultuurbewaringsoptrede in die vorm van nasionale monumente-wetgewing in 1934, en wetgewing op seestrande in 1935.

Belangrike omgewingskwessies in die vroeë dae van uniale geskiedenis het veral gewentel om grondbewaring, as gevolg van die ekonomiese verliese van boere te wyte aan gronderosie en droogtes. Dit word bevestig deur twee beroemde verslae, dié van die Gekose Komitee op Droogtes, Reënval en Gronderosie van 1914, en dié van die Kommissie van Ondersoek na Droogtes van 1923 (Fuggle en Rabie 1992: 16). Die omvattende Grondbewaringswet Nr 45 van 1946 is veral

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vermeldenswaardig, want dit het die toenemende kommer dat droogtes en gronderosie veroorsaak en vererger word deur oorbeweiding en wanbestuur van hulpbronne gereflekteer. Dit het ook 'n spesifieke poging verteenwoordig om die boeregemeenskap betrokke te maak by plaasbeplanning en bewaringsmaatreëls deur middel van plaaslike grondbewaringskomitees.

In die vroeë dae van die Unie is op provinsiale vlak veral aandag gegee aan ordonnansies op vis- en wildbewaring. In die sestigerjare het die meeste provinsies hul natuurbewaringswetgewing gekonsolideer in enkele ordonnansies en is 'n nuwe wet op nasionale parke, 'n nuwe boswet en 'n nuwe nasionale monumentewet aangeneem (Fuggle en Rabie 1992: 17).

Laasgenoemde outeurs sê verder die aanvang van die omgewingsera in 1970, na die bovermelde Amerikaanse stimulus, het in baie lande gelei tot omgewingswetgewing en ook uitgeloop op 'n konferensie oor die menslike omgewing in 1972 van die Verenigde Nasies Organisasie. Dit was ook die jaar waarin die bekende publikasie van die Club of Rome" getiteld *The Limits to Growth* verskyn het. In Suid-Afrika is 'n nasionale konferensie met die titel Die Mens en sy Omgewing in 1972 op Stellenbosch gehou. Aandag aan besoedeling en omgewingsbewaring op regeringsvlak sedert 1971 het uitgeloop op 'n permanente kabinetskomitee op omgewingsbesoedeling in 1972, wat geadviseer is deur wat in 1975 die (nie-statutêre) Raad vir die Omgewing geword het (Fuggle en Rabie 1992: 19). In 1973 is die Departement Beplanning herbenaam tot die Departement van Beplanning en die Omgewing. Die Wet op Fisiese Beplanning (Nr 88/1967) is in 1975 gewysig en herbenaam na die Wet op Omgewingsbeplanning, om omgewingsfaktore onder oorweging te bring by grondgebruiksbeplanning.

Na verskeie veranderinge en rasionalisasies van die staatsdiens het die Departement van die Omgewing uiteindelik in 1984 tot stand gekom,[51] met jurisdiksie oor verskeie ter sake wette en met verantwoordelikhede oor omgewingsbeleid. Dit

[51] Departement van Omgewingsake (1993) : Witskrif.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

moes aktiwiteite koördineer en riglyne verskaf vir verskeie omgewingsgerigte owerheidsfunksies en administratiewe take (Fuggle en Rabie 1992: 19).

Afgesien van omvattende omgewingswetgewing, het oor die sewentigerjare ook steeds wysigende of vervangende wetgewing oor aspekte van die omgewing voorgekom. Volgens Fuggle en Rabie (1992: 20-23) dek dit sake soos landbou en grondbewaring, onkruide, die kus- en marine-omgewing, geraas, vaste afval, bestraling, water- en lugbesoedeling en nie-hernieubare hulpbronne.

'n Regerings -"Witskrif" in 1980 het gepoog om omgewingsbeleid te formuleer oor verskeie omgewingsake en uitgeloop op die Wet op Omgewingsbewaring, Nr 100 van 1982, en die daarstelling in 1983 van die Raad vir die Omgewing as 'n statutêre adviesliggaam vir die betrokke minister. Hierdie Raad het mettertyd 'n konstruktiewe proses, bekend as Geïntegreerde Omgewingsbestuur (GOB) ontwerp vir die leiding en dokumentering van ontwikkelingsbesluite (Preston, Robins en Fuggle 1992 : 749). Van verdere belang in die tagtigerjare was die publikasie van twee verslae deur die Beplanningskomitee van die Presidentsraad.[52] 'n Nuwe Wet op Omgewingsbewaring (Nr 73 van 1989) word deur Fuggle en Rabie (1992: 23) beskou, hoewel betwisbaar, as die belangrikste enkele bestaande voorskrif in omgewingsverband in Suid-Afrika. Dit magtig, onder meer, die bepaling van bindende omgewingsbeleid en die aanstelling van adviserende liggame vir die betrokke minister en direkteur-generaal.

Van belang by owerheidstandpunte oor bewaring by die aanvang van die negentigerjare was die 1991-verslag van drie komitees van die Presidentsraad oor *'n Nasionale Omgewingsbestuurstelsel (PR1/1991)* en die Departement van Omgewingsake se 1993-Witskrif getiteld *Beleid oor 'n Nasionale Omgewingsbestuurstelsel vir Suid-Afrika*. Van oorheersende belang is egter die tot standkoming van 'n heeltemal nuwe regering, in die vorm van 'n "Regering van

[52] 1. Natuurbewaring in Suid-Afrika (PR2/1984).
2. Prioriteite tussen Bewaring en Ontwikkeling (PR5/1984).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Nasionale Eenheid", aanvanklik saamgestel uit die belangrikste politieke groeperings, en tans feitlik uitsluitlik uit verteenwoordigers van die ANC-party.

In Mei 1995 is 'n proses geïnisieer wat waarskynlik verskuiwings in standpunte en klemtone sal meebring.[53] 'n Besprekingsdokument is opgestel[54] wat moet lei tot 'n nuwe "Witskrif", waaruit nuwe omgewingswetgewing, beheerstelsels en ko-ordinerende strukture op alle regeringsvlakke mag voortspruit. Op 8 Mei 1996 is ook 'n nuwe Grondwet aanvaar, met beperkte wysigings op 11 Oktober 1996. Die finale produk vervat 'n verklaring van menseregte wat, onder meer, ook waardestandpunte en doelstellings met betrekking tot die omgewing beliggaam.

'n Nadere perspektief op bewaringswetgewing is nou hier nodig, ten einde spesifieke wetgewing te selekteer vir nadere ondersoek.

BEWARINGSWETGEWING

Aard en Strekking

Rabie (in Fuggle en Rabie 1992: 83) wys daarop dat die term omgewing voor 1970 feitlik ongehoord was in regstaal, maar dat wetlike maatreëls oor omgewingsprobleme vinnig toegeneem het oor die laaste twee dekades. Die term "omgewing" is maar na 1970 aan relevante vroeëre wette geheg en daar is nog baie onsekerheid oor presies wat omgewingswet is, vanweë onduidelikheid oor wat die begrip omgewing beteken en oor presies watter omgewingsbetrokke reëls omgewingswet verteenwoordig. Tradisioneel is komponente van die omgewing wetlik apart gehanteer. Namate omgewingsprobleme meer holisties benader is en veral na die aanvaarding van 'n omgewingsbeleid en die prosedures van

[53] Vergelyk Hart (1992: 53) *Socio-Political Factors* (in Fuggle en Rabie *Environmental Management in South Africa* 1992: 53-63) .

[54] Departement van Omgewingsake en Toerisme (April 1996) *Towards a New Environmental Policy for South Africa*.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

omgewingsinvloedstudies[55] en geïntegreerde omgewingsbestuur[56] word 'n wyer omgewingsoriëntasie noodsaaklik. Die Wet op Omgewingsbewaring (Nr 73 van 1989) verteenwoordig egter die eerste wetgewende poging in Suid-Afrika om die begrip omgewing te definieer.

Rabie (1992: 89) sê 'n allesomvattende begrip van omgewing, hoewel waarskynlik bevredigend uit taalkundige oogpunt, is onaanvaarbaar as 'n bruikbare grondslag vir die bepaling van die omvang en inhoud van omgewingswet. Dit sou dit onmoontlik maak om omgewingswet as 'n aparte vertakking van die reg te beskou, want die allesinsluitende aard van die begrip omgewing sou beteken feitlik alle wette is omgewingswette. Baie kommentators staan dus in hierdie verband 'n beperking van die omvattende definisie van "omgewing" voor. Aan die ander kant is dit onrealisties om die begrip te beperk tot die suiwer natuurlike omgewing, omdat dié reeds grootliks gemodifiseer is. Natuurlikheid op sigself is vir Rabie ook nie 'n genoegsame rede vir die beskerming van iets soos byvoorbeeld 'n virus of bakterie nie.

Rabie (1992: 90-92) noem vervolgens 'n aantal benaderings en standpunte, insluitende uitbreiding van die begrip omgewing, om die kultuurhistoriese in te sluit. Hy sê in die laaste instansie is menings uiteenlopend en opvattings oor wat presies bedoel word met "omgewingsbewaring" en "omgewingswet" verskil. "Die evolusie van die parameters van die konsep is onvoltooid." Daar is egter waarskynlik algemene instemming dat die kern van die term omgewing verwys na die aarde se natuurlike hulpbronne, hernieubaar en nie-hernieubaar. Dis daardie hulpbronne waarop huidige bewaringspogings en besoedelingsbeheer mik en dit is hoofsaaklik ten opsigte van hulle wat bewaring en ontwikkeling versoen moet word.

Volgens Rabie (1992: 92) is 'n omgewingswetlike norm een wat verwys na die omgewing en omgewingswet vereis dat sulke norme ten doel het of gebruik word om

55 Departement van Waterwese, Bosbou en Omgewingsbewaring (1980) *Witskrif oor 'n Nasionale Beleid insake Omgewingsbewaring*.

56 Raad vir die Omgewing (1989) *Geïntegreerde Omgewingsbestuur in Suid-Afrika*.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die omgewing te bewaar. Verder stel hy dit dat omgewingsbewaring mik op die bewaring van natuurlike hulpbronne en die beheer van omgewingsbesoedeling. (Hierdie benadering van Rabie klop met die beginsels en prioriteite geformuleer deur die Wêreld-Bewaringstrategie (vgl CFE : 3)). Rabie sê voorts dat die moderne term wat daardie handelinge reflekteer, maar tegelyk 'n beter weergawe is van 'n noodsaaklike versoening met ontwikkeling, die term omgewingsbestuur is.

Soos voorheen aangedui en soos weer hierbo deur Rabie bevestig, is daar 'n proliferasie van omgewingsbetreklike wette in Suid-Afrika. Die doeleindes van hierdie ondersoek noodsaak dus seleksie, waaraan nou eers aandag gegee word.

Seleksie van wetgewing vir etiese ondersoek

Rabie (1992: 92-95) onderskei grade van relevansie waarvolgens wetgewing kwalifiseer vir die status van omgewingswet, te wete eksklusiewe omgewingswetgewing, wetgewing wat oorwegend omgewingspesifieke norme bevat, en wetgewing wat toevallig omgewingspesifieke norme bevat. Slegs een van hierdie graderings is van toereikende bestek by die seleksie van bewaringswetgewing vir die doeleindes van hierdie studie, naamlik die kategorie *eksklusiewe omgewingswetgewing*. Die ander kategorieë reflekteer almal minder intense grade van bewaringsgemoeidheid en -intensie, of is van 'n té beperkte fokus.

Onder die gradering *eksklusiewe omgewingswetgewing* onderskei Rabie (1992: 93) die volgende drie kategorieë van wetgewing:

1. Bewaring van Natuurlike Hulpbronne

   Die Wet op Nasionale parke Nr 57 van 1976.

   Die Wet op die Bewaring van Landbou-hulpbronne Nr 43 van 1983.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2. Besoedelingsbeheer

Diverse nasionale en provinsiale wette.

3. Algemeen

Die Wet op Omgewingsbewaring Nr 73 van 1989

Teen die agtergrond van die riglyne vir omgewingswetgewing gespesifiseer deur die Wêreld-bewaringstrategie (CFE: 68-69) kan die Wet op Omgewingsbewaring, Nr 73 van 1989, beskou word as die mees gepaste Suid-Afrikaanse weergawe beskikbaar vir nadere ondersoek. (Vergelyk ook weer Fuggle en Rabie (1992: 23) se standpunt dat hierdie wet die belangrikste bestaande omgewingswet is).

Die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne Nr 43 van 1983 spesifiseer op p 3 homself as 'n wet om voorsiening te maak vir (hier verkort) : Beheer oor die benutting van die natuurlike landbouhulpbronne, ten einde die bewaring van daardie hulpbronne te bevorder. Die instrumentalistiese vertrekpunt is in die oog lopend. Dit gaan immers hier in die eerste plek oor landboukundige benutting, sodat bewaring hier uiteraard sal mik op die behoud van bates as benutbare hulpbronne.

Uit die aard van die praktiese situasie, waarin 'n funksionele verdeling tussen verskillende bewaringsowerhede voorkom, kom sieninge oor ander spesies en die hantering van natuursisteme veral ter sprake in wetgewing meer spesifiek gemik op die natuuromgewing. In Suid-Afrika berus dit veral by die provinsies, elk waarvan in die vorige staatkundige bedeling sy eie natuurbewaringsordonnansie gehad het. Omdat die meeste "nuwe" provinsies op hierdie stadium nog nie eie natuurbewaringswetgewing gefinaliseer het nie en omdat wetgewing op nasionale parke uitdrukking verteenwoordig op die mees oorkoepelende gesagsvlak in hierdie verband, is dit redelik om ook die Wet op Nasionale Parke Nr 5 van 1976 en bestaande natuurbewaringsordonnansies van nader te beskou.

Saam met elke wet word ook oorweging geskenk aan gepaardgaande "witskrifte" (1993: *Beleid oor 'n Nasionale Omgewingsbestuurstelsel vir Suid-Afrika*) en

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

beleidsformulerings (Kennisgewing 51 van 1994 : *Algemene Omgewingsbeleid* en die *Beleidsverklaring van die Raad van Kuratore vir Nasionale Parke* van 1986). Hierdie "witskrifte" vervat immers die rasionaal vir die wetgewing wat daaruit voortvloei, of daarmee in verband gebring word.

Binne die konteks van staatkundige oorgang, wat nuwe beskouinge en nuwe wette na vore bring, kan die fokus dan verskuif word na dokumente soos die Departement van Omgewingsake se Gespreksdokument van April 1996 wat mik op 'n nuwe omgewingsbeleid, na die nuwe grondwet van 1996 en relevante dokumente gepaard daarmee en na relevante beginsels en doelwitte van die regering se Herkonstruksie en Ontwikkelingsprogram.

Na hierdie aanduiding van die mees geskikte wette vir hierdie ondersoek, word elkeen nou meer spesifiek bekyk, in 'n poging om te bepaal wat die etiese grondslae daarvan is en hoedanig dit klop, indien hoegenaamd, met die Wêreld-Bewaringstrategie se Etiek vir Volhoubare Bestaan.

DIE WET OP OMGEWINGSBEWARING NR 73 VAN 1989

Hoewel standpunte oor waardes onvermydelik by talle van hierdie wet se bepalings veronderstel word of inbegrepe is, handel die meeste bepalings in die eerste plek oor praktiese uitvoering en wentel dit om administratiewe reëlings, omskrywings van prosedure, verbiedinge, verpligtinge en dies meer, om prakties gestalte te gee aan die oogmerke en bedoelinge van die wet. Die blootlegging van etiese inhoud vereis dus dat veral toegespits word op Deel 1 (Art 2) van die wet, wat die mag van die Minister van Omgewingsake vir die bepaling van beleid met die volgende doelwitte (hier enigsins bondiger gestel) spesifiseer:

1. Die beskerming van ekologiese prosesse, natuurlike stelsels en natuurskoon, sowel as die behoud van biotiese verskeidenheid in die natuurlike omgewing.
2. Die bevordering van die volgehoue benutting van spesies en ekosisteme en die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

doeltreffende aanwending en hergebruik van natuurlike hulpbronne.
3. Die algemene beveiliging van die omgewing teen skade as gevolg van menslike handelinge of produkte.
4. Die manipulasie (skepping, instandhouding, verbetering) van omgewings om 'n aanvaarbare lewenskwaliteit van die inwoners van die land te bevorder.

Hierdie uiteensetting wys die onderwerpe uit wat waardevol genoeg geag word vir bewaring, te wete ekologiese prosesse, natuurlike stelsels (ekosisteme), biotiese verskeidenheid (dit wil sê diversiteit van en binne spesies en stelsels), natuurlike hulpbronne en natuurskoon. Geen duidelike skeiding word bepaal tussen die natuurlike en gewysigde natuurlike nie.

Verder spesifiseer die wet 'n aantal handelinge waarin waardestandpunte opgesluit lê, te wete die beskerming en beveiliging van waardevolle items, en handelinge wat waardevol is omdat dit vir die mens voordelige implikasies het. Laasgenoemde word verteenwoordig deur die benutting van spesies, ekosisteme, hulpbronne ("volgehoue" aksentueer bloot hierdie konsekwensialistiese waarde) en die manipulasie van omgewings ter wille van 'n "aanvaarbare" lewenskwaliteit.

In die wet word, benewens die breë doelformulering (p 3 : "om voorsiening te maak vir die doeltreffende beskerming en beheerde benutting van die omgewing en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan") geen motiverende uitsprake, wat aandui *waarom* die beleidsmikpunte goed en reg sou wees, eksplisiet aangedui nie. (Soos verderaan blyk, skep die nuwe grondwet met sy verklaring van menseregte 'n verskillende situasie). Dit skyn egter nie onredelik nie om aan te neem dat die wet items doeltreffend wil beskerm *ter wille van* beheerde benutting, oftewel konsekwensialistiese waarde. Omdat die wet nie eksplisiet is nie, moet veronderstellings dus noodwendig uit die woordomskrywings in die wet en uit die bovermelde doelwitte van beleid afgelei word. Daarmee saam kan die inhoud van beleid wat uit die wet voortspruit as sodanig onder oë geneem word.

Die datum van hierdie wet dui aan dat dit gebruik kon maak van die eerste Wêreld-

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bewaringstrategie van 1980 en die daaruit voortspruitende publikasies en besprekings, waaronder die verslag *Our Common Future* (vgl p 8-9) waarin die verband tussen ekonomie en die omgewing behandel is. Dit is opvallend dat die Wêreld-bewaringstrategie van 1991 (CFE) se doelwitte (vgl p 12) ten opsigte van die bewaring van natuursisteme, -verskeidenheid, -prosesse, -skoonheid en ten opsigte van volhoubare hulpbrongebruik en die nastrewing van lewenskwaliteit, direk tot uiting kom in die hierbo vermelde doelstellings vir beleid. Kennisgewing Nr 51 van 1994[57] oor algemene omgewingsbeleid ingevolge hierdie wet kon natuurlik ook reeds die Wêreld-bewaringstrategie van 1991 benut en spel 'n aantal "veronderstellings en beginsels" uit. Klem word hier gelê op die tydsperspektief, want inhoudelike ooreenkomste tussen die wet en CFE maak ook ooreenkomste in etiese uitgangspunte waarskynlik. So 'n aanname is van hulp waar die etiese aanbod in wet- en beleidsformulering gebrekkig of versweë is.

Ooreenstemming met die Etiek vir Volhoubare Bestaan

Voormelde beleidsdoelwitte in die wet (Artikel 2) en die "veronderstellings en beginsels" van die beleid kan nou opgeweeg word teenoor die etiese inhoud van die Wêreld-bewaringstrategie, oftewel die Etiek vir Volhoubare Bestaan (EVB), soos weergegee op pp 20-24 hierbo. Hierdie "veronderstellings en beginsels" van omgewingsbeleid kom neer op die volgende:

1. Die reg van elke (by implikasie menslike) inwoner van die land op 'n veilige, produktiewe, gesonde, esteties en kultureel aanvaarbare leefomgewing, gekoppel aan die verantwoordelikheid om dieselfde reg van medemense te respekteer.
2. Die verpligting van elke geslag om as trustee van sy natuuromgewing en kultuurerfenis in belang van komende geslagte op te tree.
3. Die verantwoordelikheid van elke burger om sy gesinsaanwas te reël in ooreenstemming met beskikbare hulpbronne.
4. Die verantwoordelikheid van die staat, persone en regspersone om die invloed

[57] Departement van Omgewingsake (1994): Kennisgewing 51 van 1994. Algemene Beleid Ingevolge Die Wet op Omgewingsbewaring 1989 (Wet no 73 van 1989). Staatskoerant 15428, 21 Januarie 1994.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van hul handelinge op die omgewing in ag te neem en in belang van die natuur en die menslike leefomgewing te reguleer.

5. Die behoud van natuurlike stelsels en ekologiese prosesse en die beskerming van alle spesies en verskillende habitatte en landvorme, ter wille van die sinvolle voortbestaan van alle lewe op aarde.

6. Die behoorlike beplanning en bestuur vir volhoubaarheid van hernieubare hulpbronne en die oordeelkundige benutting en maksimale hergebruik van nie-hernieubare hulpbronne.

7. Volhoubare ontwikkeling as die rigtinggewende beginsel vir omgewingsbestuur. Die belang van opvoeding word beklemtoon ten opsigte van menslike getallebeheer, ontwikkeling en ekonomiese groei, met die oog op beter menslike lewensstandaarde en sosiale welstand.

8. Samewerking tussen die regering, nie-regeringsinstansies oor 'n wye spektrum en die internasionale gemeenskap in die nastrewing van omgewingsdoelstellings.

Die kern-inhoud van die EVB word in Tabel 1 hieronder opgesom en in verband gebring met beleidsdoelwitte in die wet en met beleid self, soos hierbo aangedui, ten einde met 'n oogopslag 'n indruk te vorm. Dit word daarna aangevul met verdere bespreking.

TABEL 1....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

TABEL 1: Dekking van die Etiek vir Volhoubare Bestaan deur die beleidsdoelwitte van die Wet op Omgewingsbewaring Nr 73/1989 en beleid in terme van daardie wet.

"ELEMENTE" EN "KRITERIA" VAN DIE EVB (Vgl Hoofstuk 1, p 20-24)	DEKKING DEUR	
	Beleidsdoelwitte in wet (Paragraafnr op p 202 -3)	Veronderstellings en Beginsels van Beleid (Paragraafnr op p 204 -5)
1. Respek en sorg vir die gemeenskap van lewendes, insluitende toekomstige mense en ander lewensvorme, ongeag nutwaarde.	Niks eksplisiet 1 en 3 by vae implikasie	Niks eksplisiet 5 by vae implikasie
2. Erkenning van menseregte, spesifiek 2.1 die reg tot genoegsame hulpbronne 2.2 binne die perke van die aarde en 2.3 verantwoordelikheid vir die beskerming van die regte van ander (mense)	Niks eksplisiet 4 by implikasie 2 by implikasie	1 1 by implikasie 3,5,6,7 by implikasie 1 2,3,4 by implikasie
3. Weerhouding van bedreiging vir 3.1 die oorlewing van ander soorte of 3.2 die integriteit van die natuur	1 en 3 by implikasie	4 4,6 by implikasie
4. Vermyding van wreedheid teenoor of lyding of onnodige dood van ander lewens	Niks eksplisiet 3 by vae implikasie	Niks eksplisiet 4 by vae implikasie
5. Beskerming van ekologiese prosesse en natuurverskeidenheid	1	5
6. Volhoubare gebruik van hernieubare hulpbronne	2	6,7 2-5 by implikasie
7. Minimalisering van die gebruik van nie-hernieubare hulpbronne	2 by implikasie	6
8. Redelike verdeling van hulpbronne tussen individue, groepe, streke en generasies		Niks eksplisiet 1,7 by implikasie 2 ten opsigte van generasies

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die mees opvallende indruk by die eerste oogopslag is die feit dat die EVB se grondbeginsel van respek en sorg vir lewendes (element 1 in Tabel 1) geen eksplisiete vermelding in die wet of beleidsbeginsels ontvang nie. Element 3 in die tabel handel oor die oorlewing van ander soorte as die mens en oor die baie relevante "integriteit van die natuur" (wat impliseer dat die natuur as 'n doel op sigself, dus met respek, behandel moet word). Dit word ten beste in baie algemene terme in die beleidsdoelwitte aangeraak (1 behoud van die biotiese verskeidenheid en 3 algemene beveiliging van die omgewing) en nêrens met spesifieke vermelding van respek nie. Uitdruklike beleidsformulering hieroor ontbreek ook. Paragraaf 4 van die beleidsbeginsels spesifiseer wel verantwoordelikhede om handelinge "in belang van die natuur" te reguleer. Paragraaf 5 praat van "die beskerming van spesies". Nóg die wet, nóg die beleidsbeginsels laat dus reg geskied aan hierdie grondliggende aspek van die EVB. Dit hang moontlik saam met die problematiese konflik wat CFE voorsien (CFE : 15) tussen menslike welsyn, enersyds, en die volgehoue gebruik van ander soorte of menslike beskerming teen hulle, andersyds, 'n konflik waarvoor geen etiese resolusie aangebied is nie.

Moontlik gekoppel aan die voorafgaande word die "vermyding van wreedheid teenoor of lyding of onnodige dood van ander lewendes" (element 4 in Tabel 1) wat gewoonlik geassosieer word met diere, veral soogdiere, ook nie uitdruklik genoem in die beleidsdoelstellings in die wet of beleidsbeginsels in terme daarvan nie. Dit kan ten beste by implikasie blyk uit doelwit 3, wat die algemene beveiliging van die omgewing nastreef. Dit noem egter nie lyding spesifiek nie. Ook die eerste doelwit van omgewingsbeleid (beskerming van die natuurlike omgewing) en die derde een (beveiliging van die omgewing teen skade as gevolg van menslike optrede) mik skynbaar op "omgewing" in 'n neutrale sin, sonder 'n spesifieke fokus op lewe.

Die voorafgaande mag daaruit spruit dat die opvatting van die wetgewer was dat ander, meer spesifiek natuurgerigte wetgewing, soos natuurbewaringswetgewing of wetgewing wat handel oor wreedheid teenoor diere, toereikend aandag gee aan die saak. Vir die "belangrikste" omgewingswet, in soverre dit die kabinet en

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

staatsdepartement vir omgewingsake in hierdie opsig moet lei, en vir die mees omvattende omgewingswet van die land wat moet uitdrukking gee aan internasionale direktiewe, word dit egter gesien as 'n leemte. Dit bring mee dat die uiting van respek teenoor lewe en die voorkoming van lyding by diere in wetgewing oor parke en natuurbewaring, of in ander verbande, van groter belang word vir hierdie bespreking en vir algemene bewaring. Die tweede beleidsdoelwit in die wet (oor onder meer die bevordering van die volgehoue benutting van spesies en ekosisteme) en die vierde (die manipulasie van aspekte van die omgewing om menslike lewenskwaliteit te bevorder) maak dit egter taamlik duidelik dat, soos by CFE (vgl p 24 hierbo), dit hier veral gaan om gebruik van die omgewing vir volgehoue bestaan en 'n aanvaarbare lewenskwaliteit vir die mens.

Die erkenning van 'n mensereg tot genoegsame bestaanshulpbronne (element 2 in Tabel 1) word in beleidsdoelwitte geïmpliseer en uitdruklik gestel in paragraaf 1 van die beginsels vir omgewingsbeleid, wat ook estetiese en kulturele, dit wil sê eksklusief menslike, waardes opper en 'n omgewing vir bewoning, werk en ontspanning spesifiseer. Ook spesifiseer dit die verantwoordelikheid om hierdie reg van medemense te respekteer. Die gepaardgaande kwalifikasie van die EVB in terme van die perke van die aarde en die vereistes vir volhoubaarheid kom tot uiting in beleidsbeginsels in paragrawe 3 (beperking van bevolkingsaanwas volgens beskikbare hulpbronne), 5 (behoud van die natuuromgewing vir die sinvolle voortbestaan van alle lewe), 6 (volhoubaarheid en oordeelkundige gebruik van hulpbronne) en 7 (volhoubaarheid as rigtinggewende beginsel vir omgewingsbestuur).

Element 5 in Tabel 1 (die beskerming van ekologiese prosesse en natuurverskeidenheid) word uitdruklik gedek deur beleidsdoelwit 1 en paragraaf 5 van die beleidsbeginsels. Dieselfde geld vir elemente 6 en 7 (volhoubare gebruik van hernieubare en minimalisering van die gebruik van nie-hernieubare hulpbronne) by wyse van beleidsdoelwit 2 en paragrawe 6 en 7 van die beleidsbeginsels.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die element van EVB wat handel oor die redelike verdeling van hulpbronne tussen mense (nommer 8 in Tabel 1) kom nêrens uitdruklik in beleidsdoelwitte ter sprake nie. In die beleidsbeginsels (paragraaf 2) word wel 'n verpligting om as trustee van die natuuromgewing en kultuurerfenis in belang van volgende geslagte op te tree, vermeld. Die beleid self bring egter (p 4) uitdruklik "omgewingshulpbronekonomie" ter sprake "om aan alle groepe billike toegang tot hulpbronne te verseker, sonder om die belange van toekomstige geslagte in gevaar te stel". Ander redes word ook bygehaal, soos die ondersteuning van ekonomiese groei en maatskaplike welstand sonder skade aan die omgewing, die internalisering van omgewingskostes en die vermindering van afval en besoedeling.

Dis uit die voorafgaande duidelik dat die wet self en die wetgewer se bedoeling daarmee heeltemal versoenbaar is met die omgewingsekonomiese siening van bewaringsprobleme in terme van mens-hulpbronverhoudinge, met menslike bestaanseise en lewenskwaliteit as primêr. Dit stem ooreen met Tribe (1974: 315 - 316) se stelling oor die moderne benadering tot omgewingsbeleid as 'n benadering in terme van menslike behoeftes en ekonomiese norme.

Na aanleiding van die aanhef van die wet verstaan Rabie (1992: 99) die verklaarde doel "... om voorsiening te maak vir die doeltreffende beskerming en beheerde benutting van die omgewing ..." op 'n tweesinnige wyse as, enersyds, 'n nie-utilitaristiese en ekosentriese perspektief (vanweë die "doeltreffende beskerming") en andersyds as 'n utilitaristiese en antroposentriese klemtoon (vanweë die "beheerde benutting"). Rabie fundeer hierdie standpunt op 'n beredenering van Glavovic (1990: 107-8). Glavovic glo blykbaar dat 'n doelwit van doeltreffende beskerming *op sigself* 'n ekosentriese perspektief weerspieël. Daarmee kan egter nie sonder meer saamgestem word nie. Wat sou immers enige beskerming as "doeltreffend" kwalifiseer, in 'n konteks waarbinne die sigbare dryfvere vir beskerming ontleen word aan volhoubare menslike voortbestaan? Soos Tabel 1 aantoon, kom weinig meer van die ekosentriese perspektief ter sprake as die blote vermelding van beskerming en behoud (in beleidsdoelwit 1 in die wet en die vyfde beginsel in beleid). Absoluut geen riglyne van relatiewe waarde of prioriteite word

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

voorsien nie. Beskerming en "verbetering" van die omgewing word in dieselfde asem genoem. Die woordvoorkeur verleen aan "verbetering" bo byvoorbeeld "verandering" suggereer 'n vertolking van "manipulasie volgens menslike behoefte".

Die vierde beleidsbeginsel beklemtoon menslike verantwoordelikheid om sy invloede op die omgewing te oorweeg, maar aanvaar tegelyk die voormelde "verbetering" van die natuuromgewing, wat onvermydelik waardekonflikte meebring. Die vyfde beleidsbeginsel stel die behoud van die natuurlike as noodsaaklik vir die sinvolle voortbestaan van alle lewe op aarde. Die EVB se onvermoë om die belange van lewendes op te weeg en daaraan relatiewe waardes toe te ken (vgl CFE: 15) is ter sake by die bepaling van "sinvolle" voortbestaan.

Die ander ses beleidsbeginsels wentel almal meer uitdruklik rondom menslike behoeftevervulling. Die verreweg oorwegende fokus van beleidsbeginsels en -doelwitte is dus op die volhoubare benutting van die omgewing deur die mens vir sy voortbestaan en op reëlings daaromheen. Daar kan dus min twyfel wees oor watter lewensvorm se behoeftes deurslaggewend sal wees. Rabie en Glavovic se karakterisering as 'n "ekosentriese perspektief" in die doelformulering van die wet lyk dus oordrewe en ooroptimisties.

Stawing van hierdie vertolking van die waardeprioriteite in die wet is geleë in standpunt-innames in die Witskrif[58] wat hierdie bovermelde formulering van beleidsbeginsels voorafgegaan en gemotiveer het. Daarin (p 8) word uitdruklik gekonstateer : "Uiteindelik moet die volhoubare benutting van bronne afgestem wees op die mens se welsyn...".

Samevattend kan dus gesê word dat die beleidsdoelwitte in die wet en die beginsels van beleid wat uit die wet voortspruit goeie dekking gee aan CFE se oogmerke en die EVB se inhoud betreffende die bewaring, oftewel bestuur vir volhoubare benutting, van menslike bestaanshulpbronne en die menslike reg daartoe. Die

[58] Departement van Omgewingsake (1993) Beleid oor 'n Nasionale Omgewingsbestuurstelsel vir Suid-Afrika.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

onderliggende etiese "waarom?" waarvoor CFE beantwoording voorstel vanuit plaaslike kultuur, word egter nie uitdruklik aangespreek nie, in elk geval nie tot so 'n mate dat relatiewe prioriteite ten opsigte van waardes anders as die homosentriese na vore kom nie. Dieselfde geld vir die kwessie van respek vir lewe en ander lewensvorme en dus die vermyding van wreedheid teenoor en lyding deur hulle. Daarby word die kwessie van die of en hoe van hulpbronverdeling afgemaak met 'n verwysing na omgewingsekonomie (met sy inherente normkonflikte – vergelyk Hoofstuk 3) terwyl die beheer van gesinsgrootte ge-opper word, maar die onder meer etiese probleme in verband daarmee geen aandag ontvang nie. In essensie kom dit daarop neer dat sekere waarde-aannames vermeld of geïmpliseer word, maar geen grondliggende etiese fundering aangedui word nie. Gekoppel daaraan is die feit dat geen etiese kriteria voorsien word nie, vir begrippe soos "sinvolle lewe" (vir die nageslag), "sinvolle voortbestaan" (van alle wedersyds benuttende lewensvorme en verskillende menslike kultuurgroepe) "genoegsame hulpbronne" en "onnodige dood". Dit stem ooreen met soortgelyke leemtes en terminologie in CFE. Hierdie wet is dus opgestel om te funksioneer binne 'n bestel waarin sekere waardes operatief is. Die wet self poog egter nie om 'n gepaste waardestelsel te identifiseer of te definieër nie. Dit identifiseer bloot sekere waardes, wat soms in konflik sal kom, in die omskrewe beleidsdoelwitte.

Dit bring 'n mens natuurlik voor die vraag te staan of daar in die Wet op Omgewingsbewaring genoegsaam voorsiening gemaak word vir die artikulering en bespreking van gepaste waardes vir omgewingsbesluitneming.

Geleenthede vir etiese bydraes deur die publiek

Rabie (1992: 110) sê die bedoeling van die wet skyn te wees om nie handelinge skadelik ten opsigte van die omgewing absoluut te verbied nie, maar om te verseker dat hul uitvoering met die nodige respek teenoor die omgewing verloop, deur middel van die regte beleid en administratiewe reëling en deur verpligte omgewingstudies, waarvoor die wet magtiging verleen.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Glavovic (1990: 108-9) glo 'n goeie geleentheid is verlore deurdat die wet nie self reeds omgewingsbeleid inkorporeer nie, maar die Minister van Omgewingsake daartoe magtig en dan eers na ingewikkelde konsultasies. Waar beleid 'n deel uitmaak van 'n bindende wet, vestig dit 'n bewaringsetiek wat kan dien as wetgewende gids tot interpretasie en administrasie vir howe en owerheidsliggame en is dit meer doeltreffend en blywend, sê Glavovic.

Die goeie bedoelings van die wetgewer deur Rabie genoem en soos CFE ook begeer, sal op die een of ander wyse, deur etiese bydraes vanuit die gemeenskap tydens beleidsformulering en wetsuitvoering en -toepassing tereg moet kom. Die vraag ontstaan dus : Watter geleenthede daartoe bied die wet? En daaruit spruitende: Watter geleenthede daarvoor sal enige vervangende omgewingswetgewing en -beleid bied?

Oor openbare deelname aan besluitneming en administratiewe reëlings wys Rabie (1992: 100) op die, vir Suid-Afrika, buitengewone geleentheid vir openbare deelname wat aanname van die wet voorafgegaan het. Hy sê dat die wet ruim voorsiening maak vir artikulasie van die publiek se belange. Hy vermeld Artikel 32 (1), waarvolgens 'n konsepkennisgewing in die Staatskoerant of die betrokke Offisiële Koerant nodig is, as die Minister van Omgewingsake en Waterwese of 'n administratiewe of enige plaaslike owerheid 'n regulasie of voorskrif kragtens die wet wil uitvaardig of selfs beleid in terme van hierdie wet wil bepaal. Die doel van die konsepkennisgewing is om kommentaar van die publiek te ontlok. Glavovic (1990: 112) glo hierdie bepaling gaan nie ver genoeg nie. Voorsiening is nodig vir groter deelname deur openbare vertoë en verhore en geregtelike hersiening.

Deel II van die wet maak voorsiening vir die instelling van 'n Raad vir die Omgewing om die Minister te adviseer oor beleid en ander sake. Lede van die Raad word blykbaar na goeddunke deur die Minister aangestel, maar verteenwoordig wel 'n geleentheid vir bydraes, ook van etiese aard, deur kundiges uit die publiek. Glavovic (1990: 100) glo hierdie metode van aanstelling skep 'n geleentheid vir nepotisme en die wet moes aangedring het op aanstellings uit die private sektor.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Bydraes sal natuurlik beperk wees tot die persoonlike oortuigings van lede, tensy hulle groepe verteenwoordig. Artikel 15 (2) maak ook voorsiening vir vertoë aan die Raad deur enige persoon. Rabie (1992: 104) sê enige kommentaar deur die Raad en ander liggame deur die wet aangedui, is bloot adviserend, met geen verpligting dat dit aanvaar word nie. Wanneer beleid egter reeds neergelê is, kom dit neer op ondergeskikte wetgewing, met min ruimte vir hersiening op omgewingsgronde.

In Artikel 12 van die wet word ook voorsiening gemaak vir 'n Komitee vir Omgewingsbestuur, aangestel deur die Minister, om die Direkteur-Generaal van die Departement van Omgewingsake te adviseer oor omgewingsake en toepassing van die wet. Afgesien van lede uit die staatsamptenary en provinsiale administrasies, word hier ook voorsiening gemaak vir verteenwoordiging vanaf die Nasionale Parkeraad, die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en ander statutêre rade, asook 'n persoon uit enige nasionale liggaam vir omgewingsbewaring. Ongelukkig is daar, op die Raad sowel as die Komitee, geen spesifieke voorsiening gemaak vir omgewingsetiese kundigheid nie.

Artikel 15 van die wet maak verder voorsiening vir die aanstelling, na behoefte, van ondersoekrade bestaande uit 'n regskundige kern plus lede met kundigheid oor die onderhawige saak. Rabie (1992: 14) glo dat die wet eerder voorsiening moes maak vir 'n ware *omgewingstribunaal* vir die hersiening van administratiewe optredes wat die omgewing raak, in stede van die ondersoekrade, omdat laasgenoemde bloot in reaksie op klagtes oor bewaringsoptrede in werking kom. Glavovic (1990: 110) sien dit ook negatief, dat hierdie rade slegs bystand lewer, terwyl deurslaggewende aksie berus by die Minister self. Klagtes deur bewaarders oor belange van die publiek word verder beperk deur 'n tradisionele siening van *locus standi*. Daarvolgens is net 'n individu met 'n persoonlike belang en betrokkenheid geregtig om te klae.

Artikel 21 van die wet maak voorsiening daarvoor dat die Minister sekere handelinge wat die omgewing kan benadeel as sodanig identifiseer. Daardie handelinge word dan verbied, totdat 'n betrokke owerheid dit toelaat, wat net kan plaasvind na oorweging van voorgeskrewe omgewingsinvloedstudies en volgens voorwaardes wat

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

daardie owerheid dan raadsaam ag. Volgens Artikel 26 moet dergelike studies onder meer relevante sosiale en ekonomiese belange wat beïnvloed mag word, identifiseer en die aard en omvang van die invloed beraam. Volgens die motiverende witskrif (Departement van Omgewingsake 1993: 9) wat op die hierbo bespreekte omgewingsbeleid van 1994 uitgeloop het, is omgewingsinvloedstudies 'n onderdeel van die Geïntegreerde Omgewingsbestuursprosedure (GOB), wat as bestuurshulpmiddel aanvaar word (Departement van Omgewingsake 1993: 7). Volgens Preston, Robins en Fuggle (1992: 749) se uiteensetting van die GOB is 'n ope, deelnemende benadering 'n basiese kenmerk daarvan, sodat insette deur belanghebbende en geaffekteerde instansies noodsaaklik is. Sodanige prosedures lewer dus 'n uitstekende geleentheid vir die waarde-opvattings van deelnemers om tot uiting te kom.

Aan die negatiewe kant, wat betref openbare bydraes, sê Rabie (1992: 107) dat die Raad vir die Omgewing se hegte verbintenis met die Departement van Omgewingsake die siening sal bevorder dat dit net 'n mondstuk van die regering is. Daarby geskied die resolusie van konflikte deur die Komitee vir Omgewingsbestuur "agter geslote deure", met geen openbare kontrole nie. Rabie (1992: 101) se indruk is egter dat dit twyfelagtig is of enige Suid-Afrikaanse wetgewing meer uitgebreide geleenthede bied vir die publiek om deur kommentaar en vertoë administratiewe besluitneming te beïnvloed.

Daar is hierbo (p 209) aangevoer dat dit moontlik is dat sekere ekologiese en ander waardes, wat nie toereikend gedek word deur nasionale omgewingswetgewing nie, wel in ander bewaringswetgewing, soos dié spesifiek gemik op natuurbewaring, tot uiting mag kom. Derhalwe word nou eers daaraan aandag gegee.

NATUURBEWARINGSWETGEWING

Die Wet op Nasionale Parke Nr 57 van 1976

Artikel 4 van hierdie wet stel die oogmerk met die instelling van 'n park as 'n

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

handeling "tot voordeel en genot van besoekers". Volgens die Beleidsverklaring van die Raad van Kuratore van Nasionale parke (1986: 2) word die IUCN-definisie van bewaring onderskryf. Daarvolgens is "bewaring" die bestuur van menslike gebruik van die biosfeer ter wille van die grootste moontlike volgehoue voordele vir huidige geslagte, met behoud van die potensiaal om in die behoeftes van komende geslagte te voorsien. Die CFE se definisies en "gees van die aanbevelings" word deur die Raad uitdruklik menssentries vertolk : "Bewaring is 'n menslike handeling wat verrig word tot voordeel van die mens" (p 2). Die Beleidsverklaring sê egter ook (p 5) hierdie oogmerk in Artikel 4 is "n erkenning van die *unieke en intrinsieke waarde* van 'n park."

Normaalweg sou "intrinsieke waarde" vertolk word as waarde wat op sigself bewaring regverdig en nie op grond van mensebelange nie. Wat gestel word, impliseer dus: Bewaring tot voordeel van die mens is ook 'n erkenning van die intrinsieke waarde van die bewaarde item. Dit klink teenstrydig en vind in elk geval fundering in menslike voordeel. Die Parkewet en -beleid vervat dus 'n prinsipiële teenstrydigheid. Die menssentriese vertrekpunt word egter baie uitdruklik beklemtoon. Wanneer daar dus in die Beleidsverklaring (1986: 5) aangevoer word dat die Parkewet behoorlike voorsiening maak vir, onder meer, die "integriteit van hierdie parke", verwys "integriteit" eerder na die wetlike status as park en nie soseer na enige etiese onderskeiding nie.

Handelinge toelaatbaar binne parke en spesifiek ten opsigte van bewaarde natuurlewe sal 'n refleksie wees van die respek waarmee daardie lewe bejeën word. Artikel 12 spesifiseer handelinge in parkebestuur en 12 (2) (b) (ii) sê die Raad kan "stappe doen wat die veiligheid van die diere- en plantelewe in die park en die diere en plantegroei daarin in 'n natuurlike staat sal verseker...". Uit algemeen bekende beleid en optredes van die Raad in die verlede met betrekking tot veldbrand en diere-uitdunning (wat die soort se getalle verminder sodat die soort en die sisteem behoue kan bly) is dit duidelik dat die Raad die veiligheid van lewensvorme vertolk in terme van die behoud van spesies en die relatiewe korter termyn stabiliteit van ekosisteme, eerder as in terme van die onaantasbaarheid van lewende individue van

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

enige soort.

Die strafbepalings gekoppel aan die oortreding van die wet kan moeilik dien as aanduiding van 'n toekenning van intrinsieke waarde aan soorte omdat sommige (soos olifante en renosters) om ekonomiese redes meer bedreig word as ander en 'n hoër ekonomiese straf regverdig. Dis moeilik om te sien hoedat hierdie klem op soort en sisteem prysgegee kan word sonder om die stabiliteit van die bewaringspoging op te offer, terwyl vertoë gemik teen uitdunning deur die voorstanders van diere -"regte" dringender word. Volgens persberigte is oor die laaste jaar eerder olifante verskuif as gedood, maar in die praktyk is die potensiaal daarvoor baie beperk. Pogings tot geboorteregulering kan moontlik plaasvind, maar meer navorsing word nog vereis.

Die inherente waarde van die soort geniet dus tot dusver prioriteit bo oorwegings van die lyding en voortbestaan van individue. Respek vir lewe manifesteer in parkebestuur dus eerder in die algemene sin en in beginsels as in daardie besondere sin wat byvoorbeeld ten opsigte van menslike individuele lewens geld. Daarom laat Artikel 12 (3) van die Parkewet die verkoop, verruil of skenking van eksemplare van natuurlewe toe, met ander woorde, die hantering daarvan as blote besittings. Die tipies antroposentriese uitgangspunt van ekonomiese beredenering (vgl p 62-3) is dus hier van krag.

Bothma en Glavovic (1992: 259) bevestig hierdie standpunt ten opsigte van wilde diere in Suid-Afrikaanse eiendomsreg – onbesitte items in hul natuurlike staat, wat wel in besit geneem kan word. Hul wetlike status is dié van objekte, nie dié van subjekte met regte nie. Hulle geniet geen beskerming in privaatreg nie, *tensy as 'n besitting van iemand*. Die wet laat ook nie tussenkoms in hul belang deur besorgde persone toe nie, uit hoofde van reëls oor *locus standi*. Sonder spesifieke bewaringswetgewing is wilde diere op sigself dus sonder enige wetlike beskerming.

Afgesien van wilde diere in die natuur is dit in hierdie verband interessant om daarop te let dat die Dierebeskermingswet Nr 7 van 1962, wat nie 'n bewaringswet in die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gewone sin is nie, wel beskerming bied teen individuele lyding aan alle huisdiere en aan wilde diere en voëls *in gevangenskap of onder beheer van 'n persoon* (vgl Rabie, Loots, Lyster en Erasmus 1992: 137).

Die leemte van die Wet op Omgewingsbewaring met betrekking tot behandeling met respek van, en die voorkoming van lyding deur, individuele diere word dus nie volledig gekomplementeer deur die Parkewet nie. Dit is heel waarskynlik die geval omdat alle hantering van diere in parke in die praktyk deur die Parkeraad self of deur kontrakteurs onder hulle beheer onderneem word en die Parkewet beperk is tot parke. Dis dus raadsaam om te let op daardie wetgewing wat op natuurlewe buite parke van toepassing is, te wete provinsiale ordonnansies op natuurbewaring. Dit word vervolgens hieronder bespreek.

Provinsiale ordonnansies op natuurbewaring

Volgens Bothma en Glavovic (1992: 260) berus die wetgewende verantwoordelikheid vir die beskerming van (inheemse) fauna en flora en die beheer oor jag by die provinsies. In die vorige staatkundige bedeling het elke provinsie sy eie toepaslike ordonnansie gehad en, soos reeds aangedui, het die "nuwe" provinsies in die meeste gevalle nog nie hul eie wetgewing nie. Daarby dui Bothma en Glavovic (1992: 261) aan dat daar veel meer ooreenkomste as verskille tussen bestaande ordonnansies is. Gevolglik word kommentaar oor ordonnansies hier meestal "oor die algemeen" gelewer.

Anders as die Wet op Omgewingsbewaring, bevat die ordonnansies op natuurbewaring nie duidelik geformuleerde doelwitte wat waarde-opvattings kan reflekteer nie en moet laasgenoemde uit die algemene strekking of uit beleid- en missieverklarings afgelei word. Ordonnansies op natuurbewaring handel oor die daarstel van natuurreservate en oor die bewaring van inheemse plante en diere en tot 'n groot hoogte oor die organisasie, infrastruktuur en administrasie daaromheen. Met ander woorde, dit magtig 'n verskeidenheid situasies en handelinge in verband

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

met die uithaal, vervoer en besit van plante, jag en die aanhou van diere en die bewaring van spesies en ekosisteme. Die vraag verskuif dan na welke spesifieke handelinge voorgeskryf of toegelaat word in die praktyk en watter waardes dit toebedeel.

Bothma en Glavovic (1992: 251, 275) sê vir die meeste mense is die verskeidenheid en hoeveelheid invertebrata van geen belang nie en dat die ordonnansies nie beskerming aan hulle voorsien nie. (Daar is egter wel beperkte uitsonderings, byvoorbeeld ten opsigte van Lepidoptera). Ook sê hulle (1992: 271) dat in Suid-Afrika die fokus in natuurbewaringswetgewing grootliks op diere was, veral die groot land-soogdiere.

'n Belangrike maatstaf van waarde in natuurbewaringsbesluite oor jag en oor die graad van beskerming verleen aan diere en plante, is vir die ordonnansies geleë in die mate waartoe 'n soort se voortbestaan bedreig word.[59] Bothma en Glavovic (1992: 257) noem dit "skaarsheidswaarde". Wetlike kategorieë van "gewone wild", "beskermde wild" en "beskermde wilde diere" in die Transvaalse Ordonnansie Nr 12 van 1983 hang daarmee saam. So ook die wetlike kategorieë van "bedreigde" en "beskermde" wilde diere en flora in die Kaapse Ordonnansie Nr 19 van 1974. Hiervolgens kan meer waarde, in terme van boete vir 'n oortreding, geheg word aan 'n bedreigde plant of skilpad as aan 'n beskermde primaat. Komplisering van hierdie benadering deur suiwer ekonomiese waarde is reeds genoem. Hierdie benadering kan gefundeer word in die waardering van biodiversiteit, in terme van die funksionele waarde van verskeidenheid vir sisteme en in terme van die waarde van spesies as spesies. Die straf het dus nie soseer betrekking op optrede teenoor plante- en diere-individue nie, as teenoor optrede wat die ekologiese integriteit van stelsels en die genetiese reserwes van soorte aantas (vgl Bothma en Glavovic, 1992: 257, paragraaf 12.5.1).

Die samevatting van die redes vir natuurbewaring aangehaal deur Bothma en

[59] Bothma en Glavovic (1992: 252) dui die definisies van IUCN-kategorieë van bewaringstatus aan.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Glavovic (1992: 257, voetnota 37) lys die gewone nutwaardes, soos die bevordering van ekologiese stabiliteit en genetiese diversiteit, opvoeding, navorsing, omgewingsmonitering, ontspanning en ekonomiese waarde. Verder volstaan dit met vermelding van kulturele en estetiese waarde oor die algemeen, asook sekere ongespesifiseerde morele en etiese redes. "Geestelike vervulling in wildernisgebiede" word spesifiek vermeld, maar ook in die sin van menslike benutting van 'n natuurlike hulpbron. Dit help dus weinig om meer insig te verkry in die etiese redes, anders as die instrumentalistiese, rondom natuurbewaring.

In die ordonnansies, of regulasies in terme daarvan, bestaan egter uitvoerige voorskrifte en spesifikasies ten opsigte van jag en "probleem"-dierbeheer en die vang, vervoer, aanhouding en versorging van diere in gevangenskap. Alle dergelike maatreëls gee uitdrukking aan opvattings en gevoelens van sorg teenoor diere en erkenning van hul kapasiteit tot lyding. Tot watter mate sorg in gevangenskap ook respek reflekteer, is nie sonder meer duidelik nie. Die voorsiening van fisiese ruimte aan ingehokte diere hang soms saam met fisiese grootte van die dier, eerder as sy intelligensie. Oorwegings van aktiwiteitsgraad en -geneigdheid van die soort speel ook 'n rol. Ongeag dergelike oorwegings, word streng minimum-standaarde voorgeskryf om die lyding van individuele gewerwelde diere oor 'n breë spektrum te probeer bekamp, wanneer sulke diere individueel of in kleiner groepe direk hanteer, ingeperk of gedood word.

Die Missieverklaring van die Natalse Parkeraad (1992: 1) konstateer uitdruklike onderskrywing van die beginsels van die IUCN en erkenning aan die Wêreld-Bewaringstrategie. Die Missieverklaring van die Kaaplandse Natuurbewaring en Museums (ongedateerd, circa 1993) sluit eweneens aan by CFE en konstateer 'n missie van bewaring "vir die voordeel, welsyn en genot van huidige en toekomstige geslagte". Omdat Suid-Afrikaanse natuurbewaringsorganisasies dus 'n uitgesproke ondersteuning van die beginsels van CFE aandui, kan verwag word dat die wetgewing en beleid mank sal gaan aan dieselfde etiese gebreke en konflikte as die EVB (vgl p 24, hierbo). 'n Mens vind dan ook dat die Wet op Nasionale Parke praat van intrinsieke waardes in die natuur, maar menssentriese vertrekpunte

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

beklemtoon (vgl p 217 hierbo). Provinsiale missieverklarings noem waardes uit elke veld, maar weeg hulle nie op teenoor mekaar nie. Daar word gepraat van etiese redes vir natuurbewaring, maar missieverklarings dui ook op menslike voortbestaansbelange as die grondliggende motivering.

Gedagtig aan die ekologiese verweefdheid van menslike lewe by dié van ander lewensvorme, is só 'n situasie waarskynlik onvermydelik. Die mens se biologiese aard dikteer dat veel in die natuur in die eerste plek hulpbronne vir menslike bestaan sal wees.

'n Redelike benadering tot natuurlewe en -hulpbronne en menslike behoeftes suggereer dat bewaring van natuurbronne nie beperk hoef te word tot eng gebruikswaarde nie. Daar is immers niks wat verhinder dat natuurlewe, selfs al het dit in terme van die wet die status van blote besittings, behandel sal word as objekte wat in party gevalle tot lyding in staat is en wat respek verdien nie, soos wat die EVB voorstaan en soos wat tot 'n groot mate gestalte kry in provinsiale voorskrifte oor dierehantering. Enersyds is dit duidelik dat oormatige klem op diere -"regte" en 'n primêre maatstaf van die vermyding van lyding deur individuele diere konflikte mag meebring met die waardes toegeken aan dierespesies en aan die stabiliteit van ekosisteme en dus, uiteindelik, met die bewaring en voortbestaan van daardie diere. Dis egter ook duidelik dat bestaande omgewingswetgewing, ten spyte van gestelde oogmerke, op sigself nie 'n volledige uitdrukking van 'n gesindheid van respek teenoor natuurlewe verteenwoordig nie. Uiteindelik sal daarvoor geput moet word uit die etiese omgewing waarbinne bewaringswette tot uiting kom.

OORSIGTELIKE KOMMENTAAR OP BESTAANDE OMGEWINGSWETGEWING

By wyse van 'n oorsig kan dus gesê word dat die doelwitte geformuleer in die Wet op Omgewingsbewaring en die beginsels aangedui in beleid wat uit die wet voortspruit, goeie dekking blyk te gee aan die Wêreld-Bewaringstrategie se oogmerke van bestuur met die oog op volgehoue benutting deur die mens van sy

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

omgewing, wat wesentlik beskou word as 'n versameling menslike bestaanshulpbronne, dit wil sê in ekonomiese terme. 'n Verbondenheid aan omgewingsekonomiese beginsels word vermeld, maar norme vir hulpbronverdeling kom nêrens ter sprake nie. Die kwessie van respek en sorg vir die gemeenskap van lewendes word ook nie ge-opper nie, hoewel die behoud van biodiversiteit en natuurlike stelsels en prosesse wel in algemene terme ter sprake kom. Daar is gevolglik gepoog om vas te stel of spesifieke natuurbewaringswetgewing meer aandag aan die EVB se grondbeginsel van respek en sorg vir lewendes gee, want 'n uitdruklike prinsipiële onderskrywing van CFE kom algemeen voor by die "ou" provinsies.

'n Redelik algemeen toepaslike kommentaar op bestaande Suid-Afrikaanse natuurbewaringswetgewing en -beleid is dat die intrinsieke waardes van ekosisteme en biodiversiteit waarop CFE aandring, erkenning kry deur voorsiening vir die daarstelling van parke en natuurreservate en die wetlike beskerming verleen aan soorte plante en diere, veral gewerwelde diere. Provinsiale natuurbewaringsordonnansies vervat ook uitvoerige voorskrifte oor die hantering van individuele gewerwelde diere, om lyding te probeer voorkom of beperk by diere in gevangenskap of tydens aanhouding of jag. Uiteindelik bly individuele eksemplare van fauna en flora egter vir die wet slegs gebruiks- en verbruiksartikels waarvan die ekonomiese waarde belangrik is, sodat uitinge van respek teenoor hulle grootliks bepaal sal word net deur die relevante etiese oortuigings vaardig in die gemeenskap en aangehang deur betrokke persone.

Die etiese tweeslagtigheid van die EVB tevore geopper (p 24) waarvolgens dit die omgewing wil bewaar ter wille van menslike voortbestaan (dit wil sê om konsekwensialistiese redes) en tegelyk die lewende deel van daardie "hulpbronne" wil behandel met respek (dit wil sê volgens reëlmorele oorwegings, hoewel mense dit in sekere gevalle moet verorber of dood), kom ook in hierdie wetgewing tot uiting. Eweneens word geen aanduiding gegee van hoe om waardekonflikte op te los nie en moet ingeval word by CFE se soeke na resolusie volgens plaaslike etiese beskouinge.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Na hierdie oorsig van etiese leemtes in bestaande omgewingswetgewing is dit aan die konstruktiewe kant egter ook nodig om te bepaal watter moontlikhede daar bestaan om foute reg te stel of leemtes aan te vul. Dit word hieronder ondersoek.

DIE ETIESE STREKKING VAN BEPLANDE VERANDERINGE AAN OMGEWINGSWETGEWING EN -BELEID

Daar is reeds gewag gemaak van die feit dat die vorige regering onverteenwoordigend van die hele Suid-Afrikaanse samelewing was en dus ook nie in wetgewing en beleid paslik aan die behoeftes, prioriteite en waardes daarvan uitdrukking kon gee nie. In die buitengewoon komplekse Suid-Afrikaanse gemeenskap sal volledige verteenwoordigende uitdrukking van die waardes van alle groepe in wetgewing en beleid bes moontlik vir lank nog 'n probleem bly. Hierdie studie vind ook plaas midde-in 'n oorgangstyd van verandering en vervloeiing, voordat 'n duideliker, meer algemene morele gestalte nog vorm kon aanneem. Daar moet dus onvermydelik uitgegaan word van daardie gemeenskapskenmerke wat nou reeds by 'n redelike meerderheid van die bevolking onderskeibaar is en wat na verwagting taamlik stabiel sal bly met tydsverloop. In hierdie verband kan aangesluit word by Hoofstuk 3, waarin gepoog is om prominente ter sake etiese hoofstrome te onderskei, spesifiek rondom die waardes opgesluit in Christelike beskouings oor die omgewing, en rondom waardes opgesluit in ekonomiese beredenering. Daarbenewens kan sekere indikasies benut word wat reeds in die nuwe politieke bedeling, dit wil sê na die laaste verkiesing, in omgewingsverband na vore gekom het, al sou in baie gevalle nog net formele voorstelle vir besprekings beskikbaar wees. Riglyne word in hierdie opsig gebied deur die onlangs aanvaarde nuwe grondwet en beredenerings en owerheidsvoorstelle betreffende nuwe omgewingsbeleid.

Teen die agtergrond van die nuwe politieke situasie is die vraag dus nie of veranderinge raadsaam is nie, maar wel hoe reeds aangekondigde pogings tot veranderinge bekende of vermeende bestaande etiese leemtes in bewaringswetgewing behoort te benader en watter veranderinge daaraan sal inpas

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

by vasstelbare waardeneigings en planne, voorstelle en besprekings.

As aanknopingspunt kan wat beskou word as die essensie van etiese gebreke in bestaande beleid kortliks uitgelig word (Dit geskied in aansluiting by Tabel 1 op p 206 en die daaropvolgende bespreking).

Etiese gebreke in bestaande omgewingswetgewing en -beleid

1. Daar is in bestaande omgewingswetgewing 'n gebrek aan eksplisiete uiting van die EVB se grondbeginsel van respek en sorg teenoor lewe en die voorkoming van lyding deur lewendes. Die klem val tans op die konsekwensialistiese nutwaarde van omgewingshulpbronne in menslike voortbestaansverband, terwyl beskerming van die omgewing en ekologiese prosesse net in algemene terme vermeld word (vgl p 212-3 hierbo).

2. Daar is ook 'n afwesigheid van eksplisiete morele fundering in terme waarvan waardes en waardeberedenering geregverdig word en waardekonflikte opgelos kan word (vgl p 205 hierbo). 'n Menslike reg tot genoegsame bestaanshulpbronne word in die Wet op Omgewingsbewaring net geïmpliseer, maar in beleid uitdruklik vermeld (p 204 hierbo). Uiteraard verteenwoordig dit 'n homosentriese fundering, wat nie aan die respek-en-sorg-direktief van die EVB uitdrukking gee nie.

3. Wat betref hulpbronverdeling word in omgewingswetgewing geen spesifieke verbruiksriglyne aangedui nie. Daar is net die aandrang dat volgens die beginsels van "omgewingshulpbronekonomie" opgetree word wat, soos aangedui in Hoofstuk 2 (vgl pp 58 en 79) self met normkonflikte te kampe het.

4. 'n Fokus op natuurbewaringswetgewing toon dat Nasionale Parke-wetgewing ook mensgerigte oordele en waardes aksentueer (p 217 hierbo) terwyl dit die beveiliging van lewensvorme wil bereik deur beklemtoning van die waarde van soorte en natuurlike sisteme en prosesse (p 218 hierbo). Individuele wilde diere word egter dikwels as objekte en besittings in terme van gebruikswaarde behandel.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Provinsiale natuurbewaringsordonnansies vervat ook geen eksplisiete funderende riglyne nie, sodat handelinge voorgeskryf of toegelaat in terme daarvan moet dien as aanduiding van waarde-toebedeling (vgl p 219 hierbo). Ook hier is die ekologiese integriteit van stelsels, genetiese reserwes en "skaarsheidswaarde" oorheersende oorwegings, terwyl instrumentalistiese klemtone merkbaar is.

Natuurbewaringsordonnansies en -regulasies gee wel erkenning aan sommige lewendes se kapasiteit tot lyding deur die stipulasie van maatreëls om hulle individueel te beskerm en te versorg hoewel hulle, selfs vir blote menslike ontspanning, gedood mag word. Duidelike morele waardeonderskeidings tussen lewensvorme ontbreek egter. Die dominante bekenbare grondliggende motivering, soos aangedui in missieverklarings van provinsies (p 221 hierbo), is menslike voortbestaansbelange.

5. Geleenthede vir (onder meer ook etiese) bydraes deur die publiek tydens sowel die formulering as die uitvoering en toepassing van bewaringswetgewing is van belang. So 'n reëling kan veel bydra om CFE se aandrang dat plaaslike kultuur etiese fundering verskaf vir bewaringswaardes te verwesentlik. Terwyl die groot etiese stelsels eers onlangs begin het met die vertolking van hul beginsels in praktiese bewaringskonteks (vgl p 30 hierbo) en selfs gespesialiseerde omgewingsetiek in baie gevalle nog nie gereed is vir die oplossing van hedendaagse omgewingsprobleme nie (vgl p 29), kan 'n stimulus van wetlike kant vir die ontwikkeling van bewaringsetiese denke bevorderlik wees. Dis dus wenslik dat wetformulering en wetgewing geleenthede hiertoe sal bied. Relevant hier is die volgende:

5.1 Glavovic (1990: 112) is van mening dat wetlike voorsiening nodig is vir groter openbare deelname, deur middel van vertoë en verhore en geregtelike hersiening, as wat tans die geval is. Hy glo ook dat die wet moet aandring op die aanstelling van lede uit die private sektor op advies- en bestuursrade (vgl p 214 hierbo).

5.2 Die deelnemende benadering wat die GOB-prosedure kenmerk, is hoogs ter

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

sake en regverdig voortsetting (vgl p 216 hierbo).

6. Die beperkinge rondom die begrip van *locus standi* geopper deur Bothma en Glavovic (p 218 hierbo) regverdig heroorweging en verruiming ten einde wetlike optrede deur mense in belang van natuurobjekte te vergemaklik.

Hierdie aangeduide etiese leemtes in bestaande bewaringswetgewing lei tot die vraag na die mate waartoe bestaande of beplande veranderinge op hierdie gebied daardie leemtes ondervang. Dit word hieronder ondersoek.

Nuwe omgewingswetgewing

Die Nuwe Grondwet

In 'n vooruitskouing na die inkorporasie van omgewingsrelevante bepalings in 'n nuwe Suid-Afrikaanse grondwet wys Glazewski (1991: 171-2) op die geleidelike uitbreiding van menseregte in die reg. Hy onderskei tussen eerste, tweede en derde generasie regte. Eerste generasie ("blou") regte verwys na die burgerlike en politieke regte van individue, wat sedert die Amerikaanse en Franse revolusies toenemend vervat is in baie lande se grondwette. Tweede generasie ("rooi") regte verwys na sosiale, ekonomiese en kulturele regte en neig om positiewe optrede deur die staat te vereis. Dit wortel in die Universele Deklarasie van Menseregte van 1948. Eers oor die laaste sowat 25 jaar het derde generasie regte na vore gekom. Dis al genoem "People's or Solidarity Rights". Hulle kan nie uitgeoefen word deur individue nie, maar net as groepregte. Omgewingsregte behoort tot hierdie groep, gepas benaam "groen" regte. Dikwels bevestig dit 'n openbare omgewingsbelang oor individuele private regte. Hierdie groep sluit ook die reg tot ontwikkeling in.

Glazewski (1991: 172-3) wys op aansienlike teenkanting vanuit die regs- en politieke gemeenskap teen die insluiting van tweede en derde generasie regte in 'n grondwet, vanweë moeilike wetlike uitoefening. Rabie (1991: 210-11) wys byvoorbeeld op die wesentlike relatiwiteit van so 'n reg, wat geweeg moet word teen ander toekennings

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van die staat. Uiteindelik is dit 'n kompromis tussen verskeie belange. Dis nogtans deur meer as dertig lande gedoen. Drie klemtone word onderskei in omgewingsverband:

1. Die toekenning van 'n menslike omgewingsreg.
2. Die oplegging van 'n verpligting op die staat om hulpbronne en die omgewing te beskerm.
3. Die oplegging van 'n verpligting op 'n land se burgers om die omgewing te beskerm.

Glazewski (1991: 176) sê daar is ook al beweer openbare besit kan nie onderwerp word aan individuele regte nie. Die tradisionele onderskeid tussen die drie generasies regte is boonop dikwels onduidelik. Meganismes waardeur probleme oorkom kan word, is egter moontlik. Indië en Namibië onderskei` byvoorbeeld altwee tussen "Fundamentele Regte" en "Beginsels van Regeringsbeleid". Dit kom neer op regte wat op sigself funksioneer, teenoor regte wat die gesag en tussenkoms van die staat vereis. Hierdie twee tipes regte vul mekaar aan, maar mag ook bots. Die tweede groep se toepassing word in Namibië bevorder deur wetlike voorsiening vir 'n ombudsman.

'n Nuwe Grondwet van Suid-Afrika is onlangs aanvaar.[60] Dit vervat 'n Handves van Menseregte, waarvan Artikel 24 as volg lui:

"Everyone has the right (a) to an environment that is not harmful to their health and well-being; and

(b) to have the environment protected, for the benefit of present and future generations, through reasonable legislative and other measures that

(i) prevent pollution and ecological degradation;

(ii) promote conservation; and

[60] Constitutional Assembly, Republic of South Africa 1996. Act 108 of 1996: The Constitution of the Republic of South Africa as adopted on 8 May 1996 and amended on 11 October 1996.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(iii) secure ecologically sustainable development and use of natural resources while promoting justifyable economic and social development."

Dis duidelik dat sowel 'n individuele reg as 'n verpligting van die staat uitgespel word. Laasgenoemde sluit gepaste wetgewing in, wat weer verpligtinge aan landsburgers kan oplê, sodat al drie die bovermelde klemtone geakkommodeer kan word.

Artikel 184 van die Grondwet maak voorsiening vir 'n Kommissie van Menseregte om na die nakoming van regte om te sien, terwyl Artikel 104 elke provinsie toelaat om 'n eie grondwet op te stel, sodat aanvulling van die nasionale wetgewing oor die omgewing moontlik is.

In terme van bogenoemde omgewingsreg in die Grondwet is wetlike en ander maatreëls ter beskerming van die omgewing moontlik. Die belange van toekomstige geslagte word gedek, asook volhoubare ontwikkeling en hulpbrongebruik.

Ander omgewingsrelevante regte in die Handves is dié tot gelykheid (Artikel 9), toegang tot genoegsame voedsel en water (Artikel 27), toegang tot inligting (Artikel 32) en die afdwing van regte (Artikel 38). Verder voorsien die Grondwet in Skedule 4 onder meer vir optrede deur provinsies met betrekking tot die omgewing, natuurbewaring, besoedelingsbeheer, bevolkingsontwikkeling, landbou, inheemse bosse en grondbewaring.

Hierdie formulering van 'n omgewingsreg in die nuwe grondwet is duidelik vanuit 'n menslike belange-oogpunt, wat die omgewing beskou as daar vir die mens. Hoewel benutting ekologies volhoubaar moet wees en bewaring bevorder moet word, word ekologiese perke skynbaar erken ter wille van volhoubare gebruik en nie intrinsieke etiese omgewingswaardes nie. Die formulering sentreer primêr om 'n mensereg, nie omgewingswelsyn nie.

Aan CFE se aandrang op akkommodasie van sy beginsels in die Grondwet is dus

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

net gedeeltelik voldoen. 'n Mensereg tot volhoubare hulpbrongebruik en vereistes rondom die uitoefening daarvan, insluitende wetgewing, is gespesifiseer. Ook is die belange van toekomstige menslike geslagte aangestip. Die grondbeginsels en basis van respek en sorg vir alle lewe word egter nie in die Grondwet genoem nie.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die Grondwet wel vir bewaringsoptrede fundering en 'n verwysingsraamwerk bied in terme van menseregte rondom volhoubare hulpbrongebruik en die gelykheid van menslike aansprake daarop. Die meeste van die beginsels van die EVB (vgl Tabel 1, p 208) kom egter nie ter sprake nie en sal, om aan die oogmerke van die wêreld-strategie te voldoen, in ander nasionale wetgewing geakkommodeer moet word. Vir sovêr dit die omgewing aanbetref, voorsien die Grondwet self blykbaar net vir utilitaristiese beredenering en moreel vir gelyke aansprake by hulpbronverdeling.

Wat die beperkinge rondom en verruiming van die *locus standi*-begrip aanbetref, bied die Grondwet wel dekking, in die uiteensetting van die omgewingsreg in Artikel 24 (b) (iii), maar ook en veral deur Artikel 38, subparagrawe (c) en (d). Artikel 38 lui as volg:

"38. Anyone listed in this section has the right to approach a competent court, alleging that a right in the Bill of Rights has been infringed or threatened, and the court may grant appropriate relief, including a declaration of rights. The persons who may approach a court are

(a) anyone acting in their own interest;
(b) anyone acting on behalf of another person who cannot act in their own name;
(c) anyone acting as a member of, or in the interest of, a group or a class of persons;
(d) anyone acting in the public interest; and
(e) an association acting in the interest of its members."

Hierdie formulering magtig dus optrede onder meer ook namens andere, byvoorbeeld die slagoffers van spesifieke besoedeling wat oor nóg kennis, nóg die nodige middele vir wetlike optrede beskik (paragrawe (b) en (c)). Waar

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

omgewingskade tot die nadeel van mense strek, word enigeen, en nie spesifiek net omdat persoonlike skade gely is nie, gemagtig om wetlike stappe te neem (paragrawe (c) en (d)). Hierdie saak moet natuurlik nog in die hof getoets word, maar optrede namens natuurlewe word skynbaar nie gedek nie.

Die Nuwe Omgewingswet

Die Groenskrif oor Omgewingsbeleid

Die Besprekingsdokument hierbo vermeld (p 200) is reeds in 1995, voor aanvaarding van die nuwe grondwet, aangevoor as die begin van 'n uitvoerige proses van konsultasie ter hersiening van bestaande omgewingsbeleid en -wetgewing. 'n Poging is aangewend om deelname deur alle vertakkinge van die regering en alle sektore van die bevolking te verkry (vgl Departement van Omgewingsake en Toerisme, April 1996: Voorwoord en p 1-2). Hierdie *Besprekingsdokument* is opgevolg met 'n Groenskrif[61] wat die konsultasieproses voortsit en, na openbare verhore vroeg in 1997, moet uitloop op 'n formele Witskrif en moontlik nuwe omgewingsbetreklike wetgewing (vgl *Besprekingsdokument*: Voorwoord). Hierdie Groenskrif oor omgewingsbeleid lê besondere klem op openbare deelname en raadpleging (vgl pp 1,3,8,11) by beleidformulering. Dit wil alle belanghebbende en geaffekteerde partye betrek, veral voorheen verwaarloosde groepe, en ook vroue. Dit skenk spesifiek aandag (Groenskrif p 15-17) aan "kapasiteitsbou", dit wil sê die verbetering van mense se vermoëns tot deelname aan die proses van volhoubare hulpbrongebruik, deur middel van opvoeding, die verskaffing van inligting, navorsing en middele.

Hierdie klem op mense se vermoë tot deelname het min sin as die geleentheid daartoe nie ook in nuwe wetgewing voorsien word nie. Staatsbestuur wil dus mik (vgl Groenskrif p 37) op deelnemende besluitneming en ontwikkeling van die nodige strukture, meganismes en vermoëns daartoe. Regering, besluitneming, beleid,

[61] Departement van Omgewingsake en Toerisme (Oktober 1996): *An Environmental Policy for South Africa. Green Paper for Public Discussion.*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wetgewing en standaarde word spesifiek genoem, en ook (p 38) inligting, deursigtigheid, bemiddeling en konflikresolusie. Hoewel die Groenskrif hierdie sake op hierdie stadium net as opsies kan vermeld, is wye openbare deelname so 'n dominante toon in die reeds aangevoorde proses dat dit min twyfel laat oor waarop afgestuur word. Geïntegreerde Omgewingsbestuur, waardeur belanghebbendes betrek word, word dan ook spesifiek beklemtoon as voorvereiste (p 71).

Daar kan dus aanvaar word dat die gebreke betreffende openbare deelname in bestaande bewaringswetgewing wat op p 215 hierbo vermeld is, reggestel gaan word. Die doel is immers, onder meer, "people-driven resource management..." (Groenskrif p 36), terwyl die hersiening van bestaande omgewingswetgewing uitgelig is as prioriteit (Groenskrif p 35). Daar sal dus waarskynlik ruim geleentheid aan die publiek gebied word om hul waardes te opper. Gedagtig aan die mensgerigte klemtone in die Grondwet, is daar egter twyfel oor die mate waartoe "omgewingswaardes" tereg sal kom.

Daar is hierbo aangevoor (p 228) dat nasionale omgewingswetgewing moontlik kan dien ter aanvulling van die Grondwet, waar aangewese. Met die groot aksent van die Grondwet en Handves van Menseregte op gelykheid en van die Groenskrif oor Omgewingsbeleid op billikheid (vgl p 1 en 10 - 11) kan aanvaar word dat die kwessie van hulpbronverdeling noukeurig aandag sal ontvang. Openbare deelname aan omgewingsbestuur waardeur die publiek se waardes tot uiting kan kom, is hierbo genoem terwyl verruiming van die *locus standi*-begrip deur die Grondwet wel plaasvind. Die enigste belangrike etiese leemtes in bestaande wetgewing wat tot dusver nog glad nie ter sprake was in sowel die Grondwet as die Groenskrif oor Omgewingsbeleid nie, is die negering van die EVB se grondbeginsel van respek vir lewe.

Die bovermelde Groenskrif doen 'n beroep (p 1) op die beginsels van die sogenaamde *Agenda 21*, 'n produk van die UNCED-konferensie in Rio de Janeiro

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

in 1992.[62] Daar is reeds in die Inleiding hierbo aangedui dat 'n outeur soos Achterberg (1994: 30) die Rio-verklaring as 'n terugwaartse stap beskou, relatief tot die *World Charter for Nature* van 1982 en die Wêreld-bewaringstrategie van 1991. Sy rede is die eksklusief mensgerigte motief vir volhoubare hulpbrongebruik in *Agenda 21*. In Suid-Afrika is die materiële bestaansnood van 'n groot deel van die gemeenskap boonop 'n dominante oorweging, sodat volhoubare ontwikkeling perspektiwies ingetrek word tot 'n onderdeel van die Regering se Herkonstruksie- en Ontwikkelingsprogram (HOP) (vgl voormelde Groenskrif, p 1). So 'n benadering loop gevaar om ekwiteit binne een geslag en een land te oorbeklemtoon, relatief tot die intergenerasionele en die internasionale, terwyl dit nie uit die wyer verband ontkoppelbaar is nie (Achterberg 1994 : 40).

Die indruk wat ontstaan uit die waardeprioriteite ter sprake in hierdie Groenskrif en uit die hantering van besware oor verwaarloosde omgewingswaardes daarin en in die voortvloeiende 1997-Witskrif[63], is dat daar eers en veral omgesien moet word na die behoeftes van die sosio-ekonomies agtergeblewe deel van die Suid-Afrikaanse

[62] Quarrie J (Ed) (1992) *Earth Summit '92: The United Nations Conference on Environment and Development*.

[63] Hierdie Witskrif oor Omgewingsbeleid vir Suid-Afrika (Departement van Omgewingsake en Toerisme, 1997) het na die skrywe van die voorafgaande kommentaar hierbo verskyn. Die algemene indrukke van 'n multi-dissiplinêre groep (volgens 'n ongepubliseerde 1997-verslag van die Eenheid vir Omgewingsetiek aan die Universiteit van Stellenbosch) beklemtoon onder meer die volgende daaroor:

1. 'n Antroposentriese etiek word aanvaar en menslike waardes word die enigste kriterium van arbitrasie in omgewingskwessies, met geen erkenning dat menslike waardes gerelativeer kan word deur, of selfs ondergeskik gestel kan word aan natuurwaardes nie. Laasgenoemde word beklemtoon slegs insoverre dit menslike belange dien, terwyl dié tog soms marginaal of selfs irrelevant mag wees.

2. Die gestelde visie en beginsels bevestig die voormelde indruk van 'n omgewingsbeleid wat net wentel om sosiale sake en eintlik net 'n vae sosiale handves verteenwoordig. Mensverwante waardes, spesifiek kwaliteit van lewe, gelyke toegang tot grond en hulpbronne, ekonomiese ontwikkeling, sosiale geregtigheid, volhoubare hulpbrongebruik en openbare deelname word uitdruklik vermeld, maar nie die ewe belangrike bewaring van biodiversiteit onder natuurlike omstandighede of wildernisgebiede nie. Volhoubaarheid is egter onmoontlik daarsonder.

3. Die indruk van mensgerigtheid word versterk deur die definisie van "omgewing", waarin ekosisteme as die draers van lewe groter prominensie kon kry; die eensydige definisie van "ontwikkeling" slegs in terme van die hertoewysing van hulpbronne; en die beskrywing van die bewaring van biodiversiteit slegs as *ondersteunende doelwit* binne 'n raamwerk van volhoubare hulpbrongebruik.

4. Die feit dat die Herkonstruksie en Ontwikkelingsprogram (RDP) en die Groei, Indiensneming en Herdistribusieprogram (GEAR) die vernaamste rol in ontwikkeling in die land gaan speel, noodsaak voorsorg dat ontwikkeling nie ten koste van die hulpbronbasis sal verloop nie, as gevolg van oormatige klem op ontwikkeling en te min klem op volhoubaarheid. Vanuit daardie perspektief het die Witskrif die intrinsieke waarde van die natuur en natuurlike prosesse verwaarloos.

Die feit dat daar geen doelstellings, fokus of belangetoekenning is wat toereikende in agname van die waarde van nie-menslike lewe sal bevorder in wetgewing en besluite nie, is reeds uitgewys in kommentaar op die Groenskrif, maar is tot dusver verontagsaam.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

samelewing deur verdere, onvermydelik omgewingskadelike, ekonomiese ontwikkeling in 'n reeds erg benadeelde omgewing, voordat daardie omgewing self die volle aandag kan ontvang. Hierdie benadering lyk na 'n voortsetting van die denke van Huntley, Siegfried en Sunter se hantering van die omgewing as 'n ekonomiese hulpbron, met verhoogde ekonomiese groei as die oplossing tot, onder meer, omgewingsprobleme in Suid-Afrika (Huntley *et al* 1989: 79-86).

Die "Visie" in die 1997-Witskrif dui wel op 'n strewe na harmonie met die omgewing, maar dan 'n omgewing wat bestaan *vir die mens* en nie een met waarde op sigself en waarvan die mens net 'n onderdeel is nie. Soos bevestig deur die bespreking in Hoofstuk 6 van die dikwels onherroeplike aard van omgewingsrisiko, kan dié "onderdeel" nie anders nie as om al die waardes in die omgewing reeds by elke ontwikkelingsbesluit ten volle in ag te neem, vanweë die moontlike implikasies vir die omgewing, vir ander lewensvorme en vir die voortbestaan en lewenskwaliteit van al die mense van vandag en môre. Die besondere belang van enige ekonomies agtergeblewe mense moet altyd erken word, maar dan op 'n wyse wat die waardes opgesluit in die enigste leefomgewing waarop hulle en alle ander mense aangewese is, nie op enige stadium, self tydelik, opsy sal skuif of gering sal skat nie. Die negering van omgewingswaardes in beleid, skep egter daardie gevaar.

Twee sake van kardinale belang kom uit die voorafgaande bespreking na vore:

1. Die noodsaak om in enige nuwe omgewingswetgewing in Suid-Afrika erkenning te gee aan nie-mensgerigte etiese omgewingswaardes. Dis in vorige omgewingswetgewing verwaarloos en deur die 1996-Groenskrif en 1997-Witskrif oor Omgewingsbeleid nie genoem in verband met moontlike nuwe omgewingswetgewing nie, maar is nietemin noodsaaklik om die morele inhoud van die wet tot sy reg te laat kom en te laat klop met die direktiewe van die Wêreld-bewaringstrategie.

2. Soos in CFE, word in Suid-Afrika twee teenstrydige etiese hoofstrominge aangetref (vgl Hoofstuk 3 hierbo). Dis die reëlmorele godsdienstige en

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

konsekwensialistiese ekonomiese benaderings. Reeds in die Inleiding (p 12) is die wêreldwye stryd vermeld tussen instrumentele ekonomiese waardes betrokke by bestaansnood en deontologiese ekologiese waardes wat die natuurlike ag as waardevol op sigself, ongeag nutwaarde. Erkenning van altwee soorte waardes kompliseer die problematiek en beredenering betrokke by bewaringsbesluite en omgewingsbestuur.[64] Die twee soorte waardes is nie reduseerbaar na 'n gemeenskaplike maatstaf ter wille van opweging teenoor mekaar vir relatiewe waardebepaling nie. Dis egter 'n feit dat altwee ter sprake is by menslike interaksie met die omgewing en dat altwee bydra tot bestuursbesluite en uiteindelike optrede.

Met die hieropvolgende bespreking van meer toereikende erkenning aan omgewingswaardes in nuwe omgewingswetgewing word die bespreking oor omgewingswetgewing nou eers voltrek. Daarna word die kwessie van etiese standpuntinname teen die agtergrond van botsende uitgangspunte, met die oog op sinvolle bewaringsberedenering en besluitneming, in die volgende en finale hoofstuk ondersoek.

Erkenning aan etiese omgewingswaardes in nuwe wetgewing

Die moderne soeke na nie-mensgerigte etiese uitgangspunte in optredes betreffende die omgewing is reeds onder oë geneem (sien veral p 36-46 hierbo). 'n Oordeel oor 'n gepaste omgewingsetiek is nie hier en nou ter sprake nie. Wel moontlik ter sake is dat invloedryke omgewingsfilosowe soos Boersema (vgl p 36 hierbo), Passmore (p 37 hierbo) en Attfield (p 37-8 hierbo) almal uitgesproke steun verleen aan 'n uitbreiding van bestaande Westerse etiese beskouinge as toereikende grondslag vir omgewingsbewaring, terwyl ander ewe invloedrykes soos Singer en Stone, hoewel minder uitgesproke, ook daaraan meedoen (vgl p 41 hierbo). In aansluiting hierby is dus van groot belang die mate waartoe prominente standpunte in Suid-

[64] Gillroy (1993: 3) stel dit positief: "..... with the introduction of values into policy decision making, complexity is added to the choice, but a complexity that reflects the intricacy of humanity and nature, the result of which may be better collective choices and principles."

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Afrika hulle leen tot 'n akkommodering van die nie-mensgerigte omgewingswaardes wat hierbo (vgl p 20-1) as noodsaaklik geïdentifiseer is vir 'n Etiek vir Volhoubare Bestaan.

Soos reeds by herhaling vermeld, word 'n pragmatiese beroep deur die Wêreld-bewaringstrategie gemaak dat fundering vir aangeduide waardes in plaaslike kultuur binne elke land gesoek sal word. By implikasie dus: Dis vir die Strategie onbelangrik met watter motivering sy waardes onderskryf word, solank dit wel gedoen word. CFE vind dus "Deep Ecology" se toekenning van intrinsieke waarde aan lewe, natuurverskeidenheid en soorte (vgl p 40) ewe aanvaarbaar as byvoorbeeld 'n godsdienstige rentmeesterskap-beskouing wat daardie items ag as Godsbesit en dáárom moreel respekteerbaar (vgl Nürnberg 1987: 46). CFE se houding mag moreel sinies voorkom, maar is tog verstaanbaar in 'n situasie van bedreigde menslike voortbestaan. 'n Oordeel oor CFE se moraliteit is ook nie hier aan die orde nie. Sekere waardes is deur CFE gesaghebbend geïdentifiseer as belangrik in die konteks van omgewingsbestuur. Die ter sake vraag is bloot: Hoedanig kom daardie waardes tereg, of kan dit beter geakkommodeer word, deur deurlopende uitbreiding van die reeds bestaande etiese hoofstroom in Suid-Afrika, te wete formele godsdiens, veral die dominante Christelike?

Die gewenste motivering vir godsdiens kan nie geïnterpreteer word as 'n aandrang om godsdiens te laat pas op die diktate van die EVB nie. Veel eerder sou motivering vir plaaslike godsdiens wees om as lewenskragtige etiese stelsel antwoorde te soek op geïdentifiseerde werklike etiese probleme rondom daaglikse menslike bestaan in bewaringskonteks. Soos Kritzinger (1991: 16) dit stel: "Missionaries should become involved with environmentalists in die salvation of our planet."

Die toereikendheid van die siening van die dominante (p 50 hierbo) Christelike godsdiens om bewaringsgedrag te motiveer, is reeds aangedui (p 105-6 hierbo) terwyl gemeenskaplike gronde met ander plaaslike godsdienste soos Islam, Hindoeïsme en Judaïsme ook genoem is (p 106-7 hierbo).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

As die oorgrote meerderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking se formele etiese stelsels die waardes onderskryf, om watter rede ookal, wat CFE van bewaringswetgewing vereis, sou voortgesette negering daarvan in wetgewing 'n miskenning wees wat beslis tekort skiet aan die bovermelde Groenskrif se gestelde ideaal van 'n verteenwoordigende uitdrukking van die openbare mening. In hierdie geval kom daardie mening, van al die groot godsdienste van die land, neer op die eksplisiete erkenning van die ideaal van respek en sorg vir ander mense en ander lewensvorme, nou en in die toekoms. Daar kan wel, soos in die EVB, erken word (CFE: 15-16) dat etiese konflikte onafwendbaar is. Om dié egter te systap deur verswyging, sou beteken omgewingswetgewing word verskraal tot eng instrumentele ekonomiese waardes, waardeur nie gebalanseerd uitdrukking gegee word aan die morele ideale van die Suid-Afrikaanse samelewing nie. Iets van hierdie pogings om te ontsnap van die beperkinge van 'n streng instrumentele perspektief is oënskynlik te vinde in die Groenskrif oor Biologiese Diversiteit. By nadere beskouing blyk dit egter dat die instrumentalistiese perspektief ook hier tot 'n groot mate 'n oorheersende rol speel.

Die Groenskrif oor Biologiese Diversiteit

Gelyktydig met die reeds bespreekte Groenskrif en konsultasieproses is openbare raadpleging oor 'n tweede "Groenskrif oor Biodiversiteit" geloods.[65] (Die titel daarvan word hierna afgekort na GBD). Dit spruit voort uit die 1992 - VN Konferensie (en Konvensie) oor Biologiese Diversiteit. 'n Besprekingsdokument het in Suid-Afrika voortgevloei in Maart 1996 en 'n nasionale konferensie het plaasgevind in Mei 1996 (GBD: viii). Dit vorm 'n onderdeel van die breëre raadplegingsproses oor omgewingsake (GBD: v) en beoog self nie primêre wetgewing nie, dog wel 'n parlementêre Witskrif in 1997 om beleid oor bio-diversiteit duidelik te stel (GBD: ix) soos vereis deur die bogenoemde Konvensie (GBD: 2).

Die eerste paragraaf van die aanhef van die *Konvensie oor Biologiese Diversiteit*

[65] Departement van Omgewingsake en Toerisme (Oktober 1996): *Green Paper on the Conservation and Sustainable Use of South Africa's Biological Diversity.*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

begin as volg (GBD: 74) : "Conscious of the *Intrinsic Value* of biological diversity and of the ecological, genetic, social, economic, scientific, educational, cultural, recreational and aesthetic values of biological diversity and its components ..." (my beklemtoning). Ooreenstemmend lui die eerste twee "leidende beginsels" van die GBD (p 9):

"2.3.1 Intrinsic Value. All life forms and ecological systems have intrinsic value.

2.3.2 Duty of Care. All people and organisations have a responsibility to act with care to conserve and avoid negative impacts on biodiversity, and to use biological resources efficiently, equitably and sustainably."

Die volgende stellings word ook in hierdie Groenskrif gemaak (GBD: 6):

"Underpinning all of these initiatives is South Africa's new Constitution ...", en "The Constitution accords national and provincial government concurrent legislative competence in terms of most functions of relevance to biodiversity conservation."

Die fundering vir beleid oor biodiversiteit sal dus geleë wees in die Grondwet en in die nuwe wet op die omgewing. Die leemte in terme van die EVB wat hierbo aangestip is by voorgenome omgewingswetgewing word dus aangevul in die beoogde beleidstelling oor biodiversiteit se "leidende beginsels", maar nie in die beoogde omgewingswetgewing self nie, vir sovêr laasgenoemde aangedui word deur die Groenskrif oor Omgewingsbeleid. CFE se aandrang (CFE: 16) was egter dat die etiese beginsels daarvan vervat word in grondwette of ander nasionale wetgewing. Insluiting in die nuwe wet is daarom aangewese, terwyl provinsies ook inkorporering mag oorweeg in eventuele grond- of omgewingswette.

Die bewoording soos deur hierdie Groenskrif gesuggereer, klop met die EVB. Daarby kan 'n rentmeesterskap-beginsel of verantwoordelikheid teenoor ander lewensvorme en *ander natuurlike bates as die biologiese* 'n etiese motivering vir volhoubaarheid uitspel, bykomend tot die grondwetlike beklemtoning van 'n individuele reg van huidige en toekomstige mense en bykomend tot die klem op

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

biologiese hulpbronne in hierdie Groenskrif. (Vanselfsprekend sluit ekosisteme die abiotiese in, maar 'n duidelike aanduiding dat die abiotiese van onmisbare belang is, is wenslik). 'n Rentmeesterskap-beskouing (vgl p 25 hierbo) is immers nie eksklusief aan godsdienstige moraliteit nie en CFE het ook geen godsdiens as vertrekpunt geneem nie. Inteendeel. So 'n rentmeesterskap-beginsel word eweneens net in die *Groenskrif oor Biodiversiteit* aangedui (p 30).

Eksplisiete natuurgerigte etiese motivering in die wet self sal bydra tot groter erkenning daaraan in die bewustheidsprogramme, opleiding en opvoeding wat beoog word deur die Groenskrif (vgl p 47-8). Dit sal ook verwysingspunte verskaf vir die etiese komponent van bewaringsargumente en -besluitneming. So-iets sou natuurlik vereis dat hierdie aspek volledig in die 1997-Witskrif oor omgewingsbeleid gedek moes word, wat nie gebeur nie (vgl voetnota 63 op p 233).

Enkele verdere aspekte van die GBD wat hier vermelding regverdig, is die volgende:

1. "Bewaring" word gedefinieer (p 71) as: "Die bestuur van die menslike gebruik van die biosfeer om die grootste voordeel vir huidige generasies te lewer, terwyl die potensiaal om in die behoeftes en aspirasies van toekomstige generasies te voorsien, gehandhaaf word. Bewaring sluit dus in volgehoue gebruik, beskerming, instandhouding, rehabilitasie, restourasie en verheffing van die natuurlike omgewing."

Hierdie definisie is net in terme van bestuur, vir menslike gebruik, van die biosfeer. "Bewaring" sluit *om daardie rede* ("Conservation thus includes...") beskerming van die natuuromgewing en ander optredes ten opsigte daarvan in. Intrinsieke waarde van die natuurlike is dus nie 'n motiverende aanleiding in die definisie nie. Inteendeel. Hierdie omskrywing van bewaring pas volledig in binne 'n instrumentalistiese raamwerk.

Hoewel die intrinsieke waarde van alle vorme van lewe en ekosisteme en 'n plig van sorg eksplisiet gestel word (GBD: 9) beteken "sorg" 'n "verantwoordelikheid om te

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bewaar" (vgl die omskrywing van die "Duty of Care" op p 238 hierbo). In terme van die definisie van "bewaring" beteken dit dus "'n plig van sorg om te bestuur vir menslike gebruik". Langs die weg van die definisie en gebruik van die begrip "bewaring" word die betekenis van die gestelde intrinsieke waarde van lewensvorme en ekosisteme dus gereduseer na gebruikswaarde. "Sorg" impliseer "bewaring" impliseer "gebruik".

Die doelstellings van die *Konvensie oor Biologiese Diversiteit* is, onder meer (GBD: 12):

- Die bewaring van biologiese diversiteit.
- Die volhoubare gebruik van biologiese hulpbronne.

Met die voormelde definisie van "bewaring" het altwee doelstellings dieselfde betekenis en het aparte vermelding geen sin nie.

Daar sal dus in toekomstige omgewingswetgewing aandag gegee moet word aan die definisie van "bewaring" as die eksplisiet geformuleerde beginsels van "intrinsieke waarde" en "plig van sorg" die betekenis moet behou wat klaarblyklik beoog is deur die samestellers van hierdie "groenskrif" en wat aangedui word deur die EVB. Op p 13 dui die GBD juis aan dat die *Konvensie oor Biologiese Diversiteit* die begrip "bewaring" dubbelsinnig gebruik om te verwys na "bewaring" sowel as "volhoubare gebruik" (en ander begrippe te doen met menslike manipulasie van die natuurlike). As die twee begrippe dieselfde beteken, is dié bewering onsinnig. As die doel is om "beskerming" en "gebruik" altwee te assimileer onder "bewaring" "to underscore the importance of sustainable use" (GBD: 13), negeer dit heeltemal die betekenis van intrinsieke natuurwaarde. Die onderskeid lê dan slegs tussen "onbeheerde gebruik" en "volhoubare gebruik". Dit sou egter bots met die hele gees van die uiteensetting van die Suid-Afrikaanse benadering (vgl GBD : 13). So 'n instrumentalistiese, mens-sentriese benadering, bots met die GBD se strewe na erkenning aan die intrinsieke waarde van die nie-menslike (vgl GBD: 13). Vir sover die GBD self in sekere opsigte sterk instrumentalistiese klemtone laat val, vertoon

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

dit 'n ernstige probleem van innerlike teenstrydigheid.

Heroorweging van die omskrywing van etiese terme in die GBD is dus noodsaaklik. Spesifiek behoort daar uitgebreide etiese inhoud gegee te word aan die begrip "bewaring".

2. Dit val ook op dat die GBD "intrinsieke waarde" toebedeel (GBD: 9) aan lewensvorme sowel as ekosisteme. Dit sluit aan by die benadering te onderskeie by natuurbewaringsowerhede soos die Nasionale Parkeraad (vgl p 216 hierbo) en vorige provinsiale departemente (vgl p 217 hierbo) wat ekologiese status hoog ag by soorte. Indien die voorgestelde omgewingswet beleidsriglyne neerlê waarby alle bewaringsowerhede moet aansluit, is die kwessie van die voorkoming van lyding by individuele organismes met 'n kapasiteit daartoe egter beslis vermeldenswaardig in die wet.

Die konflik tussen ekonomiese en etiese bewaringswaardes vermeld op p 234-5 hierbo word na vore gebring deur die uitdruklike erkenning van intrinsieke natuurwaarde, wat 'n uiting van reëlmoraliteit is. Dit geld spesifiek wanneer dit met die volgende in die GBD in verband gebring word:

P12 : Die stelling van die Suid-Afrikaanse Regering se "oorheersende" drie prioriteite van die uitwissing van armoede, volhoubare ekonomiese ontwikkeling en sosiale menslike ontwikkeling. Die verwesenliking van die doelstellings van die Konvensie sal net binne daardie konteks oorweeg word.

P12 : Die Regering se verbondenheid om ekonomiese aktiwiteit nie "onnodig" te beperk nie. (Dis nie duidelik wat met "onnodig" bedoel word nie. Ekologiese waarde en wetmatigheid definieer immers die grense van die raadsame, definieer wat nodig is vir volhoubaarheid. Verheffing van prioriteite tot "oorheersende" status laat 'n indruk van 'n kort termyn benadering, al kos dit ook wat).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

SAMEVATTING

Na 'n kort oorsig oor die historiese agtergrond van die ontwikkeling van bewaringswetgewing is, vanweë die wye bestek van omgewingsverwante wette en verantwoordelikhede, in hierdie hoofstuk meer spesifiek gefokus op verteenwoordigende wetgewing met 'n eksklusiewe bewaringstrekking. Spesifiek is die Wet op Omgewingsbewaring Nr 73 van 1989, die Wet op Nasionale Parke Nr 57 van 1976 en die provinsiale natuurbewaringsordonnansies geselekteer en nader ondersoek.

Hierdie hoofstuk verteenwoordig 'n poging om helderheid te verkry oor die grondliggende en soms verskuilde etiese inhoud vervat in belangrike Suid-Afrikaanse omgewingswetgewing. Enersyds was die mikpunt om te toon hoedanig dergelike etiese waardes aansluit by en uitdrukking gee aan prominente etiese hoofstrome in Suid-Afrika (vgl Hoofstuk 2 en Hoofstuk 3). Andersyds is gepoog om 'n perspektief te verkry op die waardestandpunte in omgewingswetgewing waarvandaan die etiese beredenering en besluitneming (volgens die vereistes bespreek in Hoofstuk 4) van Suid-Afrikaanse bewaringspraktyk en omgewingsbestuur uitgaan. Op hierdie wyse word gepoog om die verskillende aspekte van hierdie ondersoek byeen te bring tot 'n helder agtergrond vir die bespreking in die laaste hoofstuk van bewaringsberedenering wat verloop op 'n wyse wat die potensiaal het om die aangeduide leemtes en gebreke in omgewingsdenke te ondervang.

Die ondersoek na bestaande omgewingswetgewing het 'n oormatige beklemtoning aan die lig gebring van die instrumentele waarde van die omgewing vir voorsiening in menslike behoeftes, wanneer opgeweeg teenoor die reëlmorele intrinsieke waardes opgesluit in die omgewing. Ten spyte van 'n meer gebalanseerde beskouing van omgewingswaarde in beleid rakende ander lewensvorme, gaan voorgenome nuwe algemene omgewingsbeleid en -wetgewing steeds mank aan die ontoereikende uiting van respek teenoor lewe, terwyl die uiting van menslike lewenskwaliteit grootliks in ekonomiese terme vertolk word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die doel van die Wêreld-bewaringstrategie was om bewaring en ekonomiese ontwikkeling te integreer (CFE: 3). Dit beteken nie soortgelykstelling van waardes uit twee wesensverskillende velde nie. Dit sou uiteraard onmoontlik wees. Wel kan egter gestreef word na die verfyning van beredenering gemik op bewaring en volhoubare gebruik op 'n wyse wat waardes uit elke veld erken en in ag neem. Die mens se biologiese aard maak hom fisies deel van natuurlike sisteme en vereis dat hy die natuurlike sal benut. Die mens se etiese aard bring egter mee dat hy meer ideale het as blote voortbestaan. 'n Bespreking van bewaringsberedenering wat moet uitloop op praktiese besluitneming en optrede, gee vervolgens in die finale hoofstuk aandag aan die kwessie van etiese standpuntinname teen die agtergrond van teenstrydige vertrekpunte en ook aan die wydverspreide neiging om lewenskwaliteit hoofsaaklik of uitsluitlik te beredeneer in terme van ekonomiese koste-voordele-analise.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 6

BEWARINGSWAARDES IN DIE SUID-AFRIKAANSE SAMELEWING: 'N BENADERING TOT BELEID EN BESLUITNEMING

Dit word duidelik uit die voorafgaande besprekings oor die etiese inhoud en ontwikkelingsoogmerke van die Wêreld-bewaringstrategie van 1991; uit die standpuntinname in 1986 by Assisi van die groot godsdienste van die wêreld; uit die argumente van omgewingsekonomie; uit die maatskaplike klemtone van die Suid-Afrikaanse regering en uit etiese waardes in voorgestelde bewaringsbeleid, dat enige besluite op bewaringsgebied te doen sal hê met reëlmorele etiese waardes en konsekwensialistiese ekonomiese beredenering. Daar is reeds aangedui dat dit twee wesensverkillende waardedomeine verteenwoordig en dat hulle nie opweegbaar of versoenbaar is deur middel van herleiding na gemeenskaplike gronde nie. Nietemin het elkeen die potensiaal vir betekenisvolle benutting by bewaringsbesluite. Ekonomiese beredenering is die aanvaarde en gevestigde (Gillroy 1993: 2; Stauth en Baskind 1992: 29), terwyl omgewingswaarde veg om gevestig te word in beleidsdiskoers (vgl Bosso, in Gillroy 1993: 73). Ook Medina (in Gillroy 1993: 61) onderskei 'n morele konflik tussen die maksimalisering van wins en plesier, enersyds en bevordering van 'n gesonde omgewing, andersyds.

Die vraag, op hierdie punt in die ondersoek, is dus nou na 'n gesteldheid, 'n denkstrategie, waarin bydraes uit elke domein tereg kan kom. Die strewe hier is na 'n strategie waarin die reëlmorele primêr staan, maar gepaard met 'n besef van die onvermybaarheid van ekonomiese teikens, sodat maatskaplike beregtiging kan geskied.

In Hoofstuk 2 (p 62 ff) hierbo is reeds probleme, gebreke en besware in verband met ekonomiese maatstawwe en metodes geopper. 'n Goeie perspektief daarop is nodig wanneer ander waardes ter sprake kom. Dis dus wenslik dat sekere wanbegrippe en -voorstellings in gewone ekonomiese denke en beredenering net weer kortliks na vore gebring word, ter wille van 'n duideliker teenstelling en perspektief op die ware

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

potensiaal en morele gebreke van ekonomiese bydraes in besluitneming. Daarna sal ook 'n kort opsomming van die belang van (intrinsieke) omgewingswaardes gegee word, alvorens afgesluit word met 'n oorsig van 'n Aristoteliese denkstrategie wat albei van hierdie aan mekaar teengestelde waardedomeine op 'n toereikende manier kan hanteer in die praktyk van alledaagse besluitneming.

Die ekonomiese paradigma

O'Neill (1993: 1) som dit op deur te sê die standaard neo-klassieke ekonomiese paradigma se vertrekpunt is menslike welsyn, gekaraktiseer in terme van die bevrediging van begeerte en voorkeure. Hoe groter die voorkeur, hoe groter die welsyn. Sterkte van begeerte word gereflekteer deur marginale prys en die beste institusionele raamwerk vir die bevrediging van begeerte is die mark. Omdat ideale markte nie bestaan nie, dien koste-voordele-analise (KVA) as meganisme om gebreke te korrigeer. KVA verstaan egter steeds welsyn in terme van die bevrediging van voorkeure en wil dit maksimaliseer.

Gillroy (1983: 8) gee 'n soortgelyke samevatting en sê kostes en voordele word dus gedefinieer in terme van voorkeursatisfaksie. Private voorkeure en kostes staan gelyk aan die gesamentlike, of sosiale, sodat 'n doeltreffende mark dus net hoef te mik op private, vrywillige handel. Wanneer kollektiewe goedere egter die private vervang, misluk markte. Prysesternaliteite (vgl Hoofstuk 2 hierbo) veroorsaak kostes en voordele groter as wat aangedui word deur individuele produkpryse, terwyl daar ook onwillekeurige en onbewuste verhandeling plaasvind. KVA is dan die gebruiklike meganisme om markfunksie aan te vul en kostes en voordele te herintegreer. Vertaling van waardes na monetêre terme maak dit moontlik, sodat omgewingsgoedere onderwerp word aan vrywillige oordrag, aangedui deur gewilligheid om te betaal. Omdat sosiale en private kostes dieselfde is, sal 'n persoon byvoorbeeld besoedel tot by die punt waar persoonlike kostes die voordele van nie-besoedeling oorskry. Die regering bepaal die voorwaardes vir hierdie integrasie van die eksternaliteit deur middel van KVA. Regeringsintervensie by individuele voorkeuruitoefening word egter beperk tot die minimum. KVA is dus

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

eerder 'n besluit- as 'n analiseprosedure met die doel om individuele keuse te volvoer terwyl deurlopende welsynverbeteringe teweeggebring word, aldus Gillroy.

Teenoor of langs hierdie waardedomein, wat die omgewing as 'n versameling menslike hulpbronne benader, staan omgewingsetiese benaderings wat ander waardes daarop nahou en teenoor die ekonomiese opgeweeg of daarmee in verband gebring moet word in politieke en bewaringsoorweging (vgl Hoofstuk 1). Vervolgens word dus ook kortliks weer gelet op die aard daarvan.

Omgewingswaardes, as teendeel van die ekonomiese

O'Neill (1993: 2) opper die "diep ekologie"-standpunt as teenvoeter vir ekonomiese denke, wat laasgenoemde beskou as antroposentries en "vlak", deurdat dit aan die nie-menslike wêreld slegs instrumentele waarde vir menslike bestaan toeken, terwyl die intrinsieke waarde van nie-menslike entiteite vir "diep ekologie" erkenning vereis. Dergelike entiteite sluit sommige of almal van die volgende in: Nie-menslike diere, plante en ander nie-bewuste lewende items, die kollektiewe waaraan hulle behoort soos spesies en ekosisteme, en soms ook nie-lewende entiteite soos riviere en berge.

'n Meer eksplisiete lys van omgewingswaardes word gebied deur Paehlke.[66] Gillroy (1993: 2) sê daar is 'n redelike konsensus oor hierdie waardes, hoewel daar nie een

---

[66] Paehlke (1989: 144-5) lys die volgende omgewingswaardes:

"1. An appreciation of all life forms and a view that the complexities of the ecological web of life are politically salient.
2. A sense of humanity regarding the human species in relation to other species and the global ecosystem.
3. A concern with the quality of human life and health, including an emphasis on the importance of preventative medicine, diet, and exercise to the maintenance and enhancement of human health.
4. A global rather than a nationalist or isolationist view.
5. Some preference for political and/or population decentralisation.
6. An extended time horizon - a concern about a long-term future of the world and its life.
7. A sense of urgency regarding the survival of life on earth, both long-term and short-term.
8 A belief that human societies ought to be reestablished on a more sustainable technical and physical basis and an appreciation that many aspects of our present way of life are fundamentally transitory.
9. A revulsion toward waste in the face of human need. (In more extreme forms this may appear as asceticism.)
10. A love of simplicity, although this does not include rejection of technology or "modernity".
11. An aesthetic appreciation of season, setting, climate, and natural materials.
12. A measure of esteem, including self-esteem and social merit, in terms of such nonmaterial values as skill, artistry, effort or integrity.
13. An attraction to autonomy and self-management in human endeavors and, generally, an inclination to more democratic and participatory political processes and administrative structures."

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gesaghebbende stelsel van omgewingswaarde is om beleid te lei nie. Hy glo egter dis nie *instrumentele doeltreffendheid* wat die belangrikste moet wees vir besluite in omgewingskonteks nie, maar die *intrinksieke waarde* van mense en omgewingstelsels.

O'Neill (1993: 8-10) sê "intrinsieke waarde" word in drie betekenisse gebruik:

1. As sinoniem vir nie-instrumentele waarde, soos in Naess se "diep ekologie". Iets met intrinsieke waarde is daarin nie 'n middel tot 'n doel nie, maar 'n doel op sigself.

2. Waar die term verwys na die waarde van 'n objek op grond van die intrinsieke eienskappe daarvan, soos gebruik deur GE Moore.

3. As sinoniem vir objektiewe waarde, dus onafhanklik van waardering deur enigeen. Dis nie etiese nie, dog 'n meta-etiese stelling.

O'Neill (1993: 9) beweer dat omgewingsetici die eerste standpunt daarop nahou. Dis ter sake om uit te wys dat respektering van die omgewing en omgewingsitems as God se eiendom en opdrag dieselfde effek mag hê as die toekenning van intrinsieke waarde aan daardie items, maar nie in betekenis daaraan gelykstaan nie. Dit sou nietemin CFE se pragmatiese instrumentele doelwitte bevredig (vgl p 226 hierbo).

Laastens wys O'Neill (1993: 12) ook weer uit dat meta-etiese standpunte logies onafhanklik is van die etiese. Geen meta-etiese standpunt word vereis deur 'n omgewingsetiek in die basiese sin nie. In omgewingsetiek in die basiese, praktiese sin van die woord gaan dit immers om die bereiking van spesifieke etiese doelwitte, soos byvoorbeeld bewaring. Vir die regverdiging van hierdie doelwit het ons net intrinsieke of ekstrinsieke waardes nodig, terwyl meta-etiek eintlik op 'n verdere vlak van abstraksie lê vir soverre dit waardetoekennings in die morele praktyk beredeneer. As sodanig beïnvloed of verander meta-etiek nie juis die praktyk van instrumentalistiese of intrinsieke waardetoekennings nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Teen die agtergrond van veral hierdie twee waardetoekennings aan die omgewing, te wete die instrumentele en die intrinsieke, moet bewaringsbeleid geformuleer word en bewaringshandelinge geskied. Dit is dus nodig dat nou aandag gegee word aan *beredenering* wat daarmee saamhang.

WAARDEBEREDERING VIR BEWARINGSBESLUITNEMING

Paehlke (1993: 44-5) beklemtoon die noodsaak van ooreenstemming oor fundamentele waardes in 'n tweeparty parlementêre stelsel. Hy onderskei 'n toenemende waardekloof van 'n nuwe soort in die Weste, deur die ontstaan van omgewingsbewustheid as 'n sosio-politieke krag wat wortel in 'n waardetransformasie. Dit is, met ander woorde, nie in reaksie op spesifieke probleme nie, maar 'n verskuiwing in wat mense sien as die vernaamste beleidsprioriteite. So, byvoorbeeld, gee omgewingsgesindes die hoogs moontlike prioriteit aan waardes wat gewoonlik geïgnoreer word deur tradisionale politieke denkers en leiers. Dis waardes soos 'n goeie gehalte habitat vir ander soorte lewe, of die langtermyn beskikbaarheid van veilige energiebronne. Ook verwerp omgewingsgesindes dikwels doelwitte soos groei, onoordeelkundige tegnologiese vooruitgang en sekuriteit in terme van 'n groter bevolking of militêre mag, terwyl hulle gebruik maak van beleidsinstrumente van "links" (belasting, regulasie, openbare besit) sowel as "regs" (gebruikerfooie, ondernemerskap, subsidie-verwydering).

Wat staan dus 'n besluitnemer in bewaringsverband in Suid-Afrika te doen? Die waardeteenstelling hierbo aangedui, word ook hier weerspieël. Daar is reeds uitgewys dat, grondliggend, godsdienstige, veral Christelike waardes domineer. Hierdie reëlmorele konteks sal uiteraard 'n ondertoon bied. Die werk van Nürnberger (1987), Olivier (1987), Kritzinger (1990, 1991), Loader (1987, 1991) en andere dui aan dat Christelike bewaringsdenke in Suid-Afrika reeds heelwat aandag ontvang het van teologiese kant. Die ontwikkelingsprioriteite van die Regering in die vermelde "groenskrifte" skets weer 'n praktiese konteks en prioriteite. Teen hierdie breë waarde-agtergrond sal elke individu moet beredeneer hoe om in bepaalde situasies op te tree. Van oorheersende belang is egter ook owerheidsoptrede, want

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

uiteindelik het ons te doen met 'n kollektiewe handeling-probleem wat sentrale koördinasie vereis, aldus Gillroy (1993: 33).

Uitvoerige bespreking van dergelike beredenering in die ruimte hier beskikbaar is uiteraard onmoontlik. Daar is reeds daarop gewys dat herleiding na gedeelde gronde van die waardes hier ter sprake uitgesluit is. Sulke gronde bestaan nie. Tog moet praktiese besluite geneem word. Dis opmerklik dat verskillende skrywers vir die oplossing van hierdie probleem aansluiting soek by Aristoteles.

Hieronder word nou, ter oriëntasie, aan die hand van Flyvbjerg kortliks sekere kardinale trekke in so 'n praktiese benadering omlyn. Daarna word Gillroy se beklemtoning van die krisisaard van omgewingsrisiko voorsien, as motivering vir ingrypende optrede. Dit word gevolg deur die bespreking van sekere ideaalgefundeerde standpunte, ook met die denke van Aristoteles as riglyn en alternatief vir instrumentele ekonomiese beredenering.

Aspekte van 'n Aristoteliese benadering tot praktiese besluitneming

Bent Flyvbjerg (in Winkler en Coombs 1993: 11-27) se standpunte word hieronder saamgevat. Hy wys op die "moderne onvermoë" om waarde-rasionele vrae te hanteer en sê ook dat uiteenlopende denkers soos Weber, Foucault en Habermas glo waarde-rasionaliteit is vir meer as twee eeue oorheers deur 'n instrumentele rasionaliteit in 'n Westerse beskawing van "means without ends". Spesifiek lewer dit probleme in omgewingsverband, deur miskenning van intrinsieke natuurwaardes.

Flyvbjerg sê dat Aristoteles in die *Nicomachean Ethics* op drie intellektuele deugde, *epistémé, techné* en *phronésis*, gefokus het. Volgens Aristotelis was al drie hierdie deugde noodsaaklik vir 'n gelukkige bestaan en harmonie in die lewe van individue en state. Die eerste twee leef steeds voort in taal (vgl "epistemologie", "tegnologie") maar die derde het verdwyn. Die behoue twee is sentraal in wetenskaplike en instrumentele rasionaliteit, terwyl die verlore deug, *phronésis*, die een is wat betrekking het op waarde-rasionaliteit en -praktyk. *Phronésis* (*wysheid*) was egter

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vir Aristoteles die belangrikste, omdat die besit daarvan 'n samevatting en afronding is van die ander twee. Flyvbjerg wil dus uit die verlede put om die moderne konsep van rasionaliteit te herformuleer en uit te bou.

Flyvbjerg omlyn voorts 'n toegepaste etiek vir die volhoubare ontwikkeling voorgestaan in omgewingsverband. Hy sluit aan by die funksie van sosiale wetenskappe, wat hy glo nie epistemiese wetenskappe, dit wil sê abstrakte, teoretiese ondernemings kan wees nie. 'n Poging om hulle nogtans sodanig te beskou, het na sy mening gelei tot 'n verwaarlosing van 'n rasionele ondersoek na waarde en 'n oorbeklemtoning van instrumentele rasionaliteit. Hy meen egter sosiale wetenskap moet die praktyk, dus ook omgewingspraktyk, lei en fungeer as 'n soort toegepaste etiek.

Flyvbjerg se ondersoek van die *Nicomachean Ethics* toon Aristoteles se definisie van *epistémé* as ewige, universele kennis, bewysbaar vanaf eerste beginsels. Dit kom neer op "suiwer" wetenskap, 'n tweeduisend jaar oue ideaal van absolute, vaste, seker kennis. Hierdie sekerheid is omver gewerp, ook in die natuurwetenskappe, "eerste deur Kuhn se ontdekking van 'n universele hermeneutika in die produksie van wetenskaplike kennis, en sedertdien deur die chaos-teorie van fisika" (Flyvbjerg 1993: 13).

Anders as in moderne wetenskap het Aristoteles egter nie sy begrip van waarheid tot *epistémé* beperk nie. *Techné* (kuns en vernuf) en *phronésis* (etiek) was vir hom twee addisionele dimensies van waarheid. Volgens hom gaan *techné* oor die veranderlike, nie die vaste nie. Dit het te doen met produksie. *Phronésis*, weer, verwys na handelinge met betrekking tot goeie en slegte dinge. Dit vertrek van 'n analise van waardes en hul implikasies vir handeling. Dit voorsien die soort kennis en redenering nodig vir die praktyk. Sowel *techné* as *phronésis* fokus op die spesifieke en veranderlike, wat deliberasie en oordeel vereis. *Phronésis* vereis veral ervaring en gesonde verstand. Aristoteles beklemtoon hiermee dus die besondere, situasie-spesifieke aard van *phronésis*, en die belang van die konkrete en praktiese, bo die teoretiese.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Aristoteles tref ook 'n onderskeid tussen wetenskappe wat natuurlike objekte en dié wat die mens en samelewing bestudeer. Flyvbjerg glo die geskiedenis het sulke verskille bevestig en sosiale wetenskappe sal nooit wetenskaplik wees in dieselfde sin en bestaan uit voorspellingsteorie soos die natuurwetenskappe nie. Hul objek, die mens, is self-interpreterend en bevindinge hang af van die navorser sowel as die bestudeerde. By natuurwetenskap is net die navorser ter sprake. Voorspellingsteorie vereis konteks-onafhanklikheid en is reëlgebaseerd. Self-interpretasies deur bestudeerde mense is altyd konteks-afhanklik en onvoorspelbaar en nie reduseerbaar na reëls nie. Sosiale teorie kan dus nie konteks-onafhanklik wees nie, *kan* nie dieselfde resultate as natuurwetenskap hê nie. Die epistemiese ideaal moet dus laat vaar word, terwyl liewers gesoek moet word na 'n kontemporêre interpretasie van *phronésis*. Aristoteles sê spesifiek politieke wetenskappe is 'n soort wysheid en gesonde wetenskappe op daardie gebied kan nie op *epistémé* berus nie. Hoewel mense vermoëns ontwikkel in meet- en wiskunde is dit nog nie wysheid nie.

Aristoteles glo die rol van politieke wetenskap is om waardes en belange toe te lig en vandaar te beredeneer na wat goed is vir die mens en samelewing. Ooreenstemmend wil Flyvbjerg (1993: 17) dus sosiale wetenskap en filosofie laat streef na *phronésis*. In daardie rol kan hulle eenvoudige waarde-rasionale vrae stel en ontleed soos:

Wat is die doel?
Wie baat, wie verloor?
Is dit wenslik?
Wat behoort gedoen te word?

Hierdie vrae sal betrekking hê op bepaalde teikens in ekonomie, ekologie en dies meer. Also word sosiale wetenskap en filosofie toegepaste etiek, en dit juis op 'n stadium waarop natuurwetenskappe min kan bydra tot waarde-rasionele analise, vanweë hul fokus eksklusief op instrumentele rasionaliteit. Hierdie toegepaste etiek kan dus ontgin word in bewaringsberedenering vir die bybring van nie-instrumentele

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

omgewingswaardes.

Sosiale en natuurwetenskappe se sterk en swak kenmerke lê langs verskillende dimensies en hulle moet nie vergelyk word langs die enkele dimensie van *epistémé* nie, aldus Flyvbjerg. Dus kan die vrugtelose pogings laat vaar word om sosiale wetenskappe epistemies te maak, terwyl hulle as *phronésis* baie kan bydra op ekonomiese, politieke, kulturele en sosiale gebied. Die potensiaal op ekologiese terrein word spesifiek ook deur Flyvbjerg vermeld. Natuurwetenskappe het 'n goeie rekord met epistemiese resultate, maar min te bied as *phronésis* met betrekking tot die knelpunte van die dag, wat meermale die gevolg is van natuurwetenskap wat instrumenteel word in tegnologieë, met negatiewe gevolge vir die natuur en gemeenskap.

Hoewel navorsers in sosiale wetenskap selde teen die agtergrond van bogemelde onderskeidings eksplisiete waarderasionele navorsing onderneem het en dus eintlik nie metodologiese riglyne hiervoor ontwikkel het nie, vereis hul aangeduide rol dat sodanige riglyne wel ontwikkel word. Flyvbjerg soek dus riglyne in "*phronésis*-agtige" navorsing in die werk van Foucault, Dreyfus, Geertz en Bellah. [67]

---

[67] Daarvolgens word 'n fokus vereis op die volgende:

Waardes:
Die basiese doel is om instrumentele rasionaliteit te balanseer deur verryking van die kapasiteit tot waarde-rasionele handeling deur mense en gemeenskappe. Die vrae hierbo genoem is ter sake.
Mag:
Vrae na bevoordeeldes en verloorders, relevante meganismes van mag (ook aan die kant van toegepaste etiek self) en moontlikhede van verandering van bestaande meganismes, is ter sake.
Nabyheid:
Intieme betrokkenheid by die studiemateriaal en -konteks, in studie, bekendmaking van resultate en gevolge daarvan, is aangewese.
Besonderhede:
Daar moet van "klein vrae" vertrek word en beskrywings moet in detail geskied. Dis onkonvensioneel, maar lê alles bloot, want groot gevolge kan klein begin.
Praktyke:
Navorsing moet fokus op praktiese aktiwiteit en kennis in alledaagse situasies. Praktiese rasionaliteit in aksie word beskou as meer fundamenteel as objek as diskoers en teorie.
Konkrete gevalle:
Phronésis berus op praktiese rasionaliteit en oordeel en dié kan net geleer word deur die studie van praktiese gevalle.
Konteks:
Toegepaste etiek is hier altyd situasie-spesifieke etiek.
Hoe-vrae:
Dis belangriker as waarom-vrae. Verstaan, eerder as verklaar. Dinamiek van die proses is van belang.
Verhaal/Geskiedenis:
Dis van belang in die sin van 'n vertelling oor gebeure en persone, en in die sin van 'n rekord van historiese ontwikkeling.
Akteur/Struktuur:
Navorsing moet op altwee fokus sonder om vasgevang te word in dualismes van akteur-struktuur, hermeneutika-strukturalisme en voluntarisme-determinisme.
Dialoog:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Toepaste etiek wat volgens hierdie riglyne werk, voldoen volgens Flyvbjerg aan die vereistes van progressiewe *phronésis*. Dis progressief omdat dit kontemporêr is en magskwessies insluit. Laasgenoemde is 'n uitbreiding van die denke van Aristoteles, wie se omstandighede nie magsoorweging vereis het nie, wat egter onvermybaar word onder hedendaagse toestande. Foucault se konsekwente beklemtoning van magskwessies maak dus sy werk hoogs relevant. 'n Algemene taak van hierdie soort toegepaste etiek is dus om konkrete voorbeelde te gee van wie mag verwerf en gebruik en vir watter doel, en om voor te stel hoe andere dit kan bekom en gebruik vir ander doeleindes. Verheldering moet alternatiewe aandui en geskied met die wete dat finale antwoorde onbereikbaar is.

Hierdie oriëntasie ten opsigte van die aansluiting van bewaringsberedenering by die denke van Aristoteles impliseer 'n meer fundamentele aanpassing rondom die ekonomiese benadering as hulpbronekonomie se internalisering van eksternaliteite en die bybring van egalitariese en temporale perspektiewe, wat bloot die onderhawige beredenering uitbrei, maar dit nie wesentlik verander nie. Praktiese wysheid sal nie net beteken dat meer mense of lewensvorme instrumenteel oorweeg word nie, maar dat ander oorwegings as die suiwer instrumentele ter sprake kom.

'n Spesifieke en verdere impuls vir hierdie Aristoteliese heroriëntasie is te vinde in die konsep van "omgewingsrisiko". Reeds in die Inleiding (p 1-5 hierbo) is aangedui dat die moderne omgewingsituasie krisisproporsies aanneem. Die dringendheid van 'n heroorweging van prioriteite en besluitprosedures word na vore gebring deur die aard en omvang van hierdie krsis. Dit word die beste geïllustreer deur die kenmerke van omgewingsrisiko.[68] Gillroy (1993: 14) sê omgewingsrisiko is van strategiese belang, het morele implikasies en stel bestuursvereistes van radikale aard aan politieke instellings. 'n Kort bespreking van die kenmerke daarvan lig dit toe.

In Aristoteliese denke word die openbare sfeer meer vertrou as die gesag van wetenskap. In navorsing wat wil bydra tot die praktyk via openbare dialoog, is minstens vier vlakke van dialoog nodig: Met betrekking tot die bestudeerde, tot medenavorsers, tot beleidmakers en tot die algemene publiek.

68 Page (1978: 207) sê: "A new type of environmental problem is emergring which differs in nature from the more familiar pollution and resource depletion problems. This type of problem, which may be called environmental risk, has rapidly increased in importance over the last few decades and may indeed become the dominant type of environmental problem"

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die unieke kenmerke van omgewingsrisiko

Talbot Page (1978: 207-244) se seminale artikel lys nege kenmerke van omgewingsrisiko. Vier het te doen met die onsekerheid daarvan:

1. Gebrekkige kennis oor die ontstaan en oordrag is kenmerkend. Tradisionele besoedeling word redelik goed verstaan en gepaste response is bekend. By omgewingsrisiko (verbonde byvoorbeeld aan gifstowwe in grondwater, die generasie van kernkrag, die hantering van kernafval, die hantering van sintetiese chemikalië of genetiese eksperimentering) bestaan individuele of gekombineerde resultate wat selfs die kennersoog ontwyk en kennis daaroor is so gebrekkig dat Page (1978: 209) die bestuur daarvan beskryf as "decision-making under pervasive uncertainty".

2. Die potensiaal vir katastrofiese kostes. "Slegste moontlike" scenario's is by omgewingsrisiko onbepaalbaar. Die sintetiese aard van stowwe, moontlike sinergisme en groter gevare gekoppel aan kleiner dosisse suggereer moontlike katastrofes. Dit het 'n kruipende, alles-of-niks karakter wat gevolge onherstelbaar mag maak. Beleid moet daarmee rekening hou.

3. Relatief beskeie voordele. Hoewel die voordele van kernkrag, sintetiese stowwe, pestisiede en genetiese herkombinasie aansienlik is, is dit beskeie gemeet teenoor potensiële langtermyn skade aan menselewe en die omgewing.

4. Lae subjektiewe waarskynlikheid. Gebrekkige kennis maak objektiewe bepaling van die waarskynlikheid van 'n katastrofe onmoontlik. Subjektiewe bepaling gebaseer op beskikbare kennis dui gewoonlik 'n lae waarskynlikheid aan.

Rakende institusionele beheer, lys Page vyf kenmerke van omgewingsrisiko:

1 en 2 verwys na die eksterne oordrag van voordele en kostes. Die klein voordele uit die aanvaarding van die risiko (groter winste, groter verbruikersatisfaksie) word

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

toegewys deur die markte betrokke by die ontwikkeling, produksie en bemarking van tegnologiese innovasie. Kostes, i.e. eksternaliteite, word eerder deur die omgewing oorgedra. Hulle is kollektief van aard en oordrag is onwillekeurig. Gillroy (1993: 16) noem dié "dobbelspel, afforseer op die bevolking deur 'n klein groepie", 'n "zero-infinity" dilemma. Dit het baie hoër potensiële kostes wat gedra moet word deur mense wat dit nooit verkies het nie.

3. Die kollektiewe aard van die risiko. Verspreidende gevolge maak tradisionele maniere om individue te beskerm (versekering, aanspreeklikheidsreg, edm) ontoereikend by miljoene geaffekteerders (Page 1978: 213). Vanweë potensiële hoë kostes meen Page voortydige beskerming en regverdige risiko-verspreiding is noodsaaklik. Markkonsepsies van "sosiaal beter" beskerm nie, dog trag na-tydige regstelling. Dergelike omstandighede kan slegs kollektief en deur politieke instellings en tydige optrede regverdig hanteer word. Dit vereis nie-doeltreffendheid-gefundeerde waardes en word ondersteun deur die laaste twee kenmerke van omgewingsrisiko.

4 en 5. Verborgenheid en onomkeerbaarheid. Daar is 'n groot vertraging tussen inisiëring van baie omgewingsgevare en die manifestering daarvan, soveel so dat die risiko dikwels onwetend aanvaar word (Page 1978: 213). Vergelyk die effek op die liggaam van toksiene wat kumulatief werk. Langdurige verborgenheid mag ook meebring dat effekte deur ander faktore versluier word. Dit mag strek oor geslagte, waama genetiese mutasies sigbaar mag word. Vanweë langdurige verskuiling kan gevolge dus onomkeerbaar wees.

Page (1978: 214) glo die kollektiewe aard van hierdie kenmerke het diepgaande etiese en institusionele implikasies. Gillroy (1993: 17) sê hierdie vraagstukke gaan oor morele beginsels, stelsels van waardering en die behoorlike regverdiging van politieke instellings.

Gillroy (1993: 18-21) bestempel dus omgewingsrisiko as 'n gesamentlike aksie probleem te kampe met potensiële onomkeerbare katastrofes waaraan selfs die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

skerpsinnige enkeling min kan doen. Hy noem die enkeling in hierdie verband 'n gevange meeloper ("imprisoned rider"). Hy glo slegs moreel-geregverdigde sentrale politieke owerhede beskik oor die organisasie, mag en hulpbronne om optrede te koördineer en skade aan almal te voorkom. Gillroy meen ook die KVA-benadering tot beleidformulering, wat mik op die voorkoming van instrumentele monetêre koste vir die ekonomie as enigste en permanente gemoeidheid, is diep verbonde aan 'n morele intuïsie dat die maksimalisering van rykdom in handel ook dit voorsien wat goed is vir die gemeenskap. Gillroy stel dan die vraag of monetêre kostes die enigste is by omgewingsrisiko, of die belangrikste, of die mees kritiese.

Sy vertrekpunt vir koste-analise by omgewingsrisiko neem Gillroy (1993: 21) as die kapasiteit van mense en ekosisteme om voort te bestaan en hulle volle potensiaal te bereik binne hulle sosiale en/of natuurlike omgewings. Dis die integriteit van mense en die ekosisteme waarbinne hulle bestaan, die intrinsieke waardes en morele kapasiteite van die mensdom en die funksionele kapasiteite van die natuurlike omgewing, wat ter sprake is. Toksiene, radio-aktiewe materiaal en nuwe stamme van sintetiese siektes kan versprei deur die hele leefomgewing en selfs 'n bedreiging word vir die vermoë van mense om te dink en 'n persoonlikheid te hê.

Gillroy (1993: 22) beskou die woord "koste" hier as onvanpas en verkies die woord "skade" in die sin van: Die negatiewe resultaat van omgewingsrisiko wat die intrinsieke kapasiteite van die mens en natuurlike ekosisteme affekteer. In hierdie definisie het die term 'n morele konnotasie. Dit verleen ook 'n asimmetriese gewig aan die voorkoming van 'n oortreding relatief tot die voorsiening van 'n voordeel, in welvaartterme. Besoedelingskade sou dus byvoorbeeld eerder voorkom word, as dat na-tydige vergoeding betaal word. Dit verskil van die koste-voordeel simmetrie van KVA. Gillroy sê: "Harm to integrity is the critical consideration; it is separate and more important than costs to the economy or any individual in the market... ." Dit sluit aan by Fried (1977: 185-88) wat sê: "Capacity is prior to preference in that without a self preferences cannot be created, and without conscious capacity there is no defined self."

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Dit is dus menslike bestaan *as mense* wat vir hierdie outeurs ter sprake is (eerder as die uitoefening van mensevoorkeure wat selfs hul voortbestaan mag bedreig, bygesê). Met hierdie perspektief op omgewingsrisiko is 'n radikale heroorweging van die gebruiklike markgebaseerde ekonomiese benadering in omgewingskonteks geregverdig. Daarom glo Gillroy (1993: 23) 'n sentrale gesag is nodig vir regulering van gedrag.

Nie almal deel sulke globaal ekstreme verwagtinge as Gillroy nie. Henderson (1993: 94-110) wys op die moderne onsekerhede rondom wetenskaplike voorspellings en ook mense se uiteenlopende hantering van risiko-voorspellings. Hy sê verder (1993: 104): "The public should understand that decisions must be based on moral and ethical rather than purely scientific grounds. The public needs a context for moral and ethical judgements."

Vanuit hierdie agtergrond van menslike bestaansrisiko en van bewyse van funksionele gebreke en morele tekortkominge van die markgeoriënteerde instrumentele denke oor omgewingsprobleme, kan dit nou waarde hê om die soeke na 'n denkstrategie te fokus op die denke van 'n paar outeurs, as voorbeelde van 'n Aristoteliese benadering tot waarderasionele besluitneming in 'n praktyk waarin instrumentaliteit ook 'n rol speel, maar nie domineer nie.

Ideaal-oorwegenede standpunte

Hiersonder word, eerstens, die hooftrekke uitgelig van die denke van John O'Neill. (Alle bladsyverwysings is na O'Neill, 1993). Daarna word Nelleke Bak se strategie vir praktiese wysheid bespreek.

O'Neill verwerp in omgewingskonteks sowel die hoofstroom ekonomiese benadering wat mik op menslike welsyn in terme van deur-die-mark-bepaalde voorkeurvervulling, as "diep" ekologie waarvolgens menslike welsyngerigtheid antroposentries is.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Enersyds ontwikkel O'Neill 'n Aristoteliese begrip van welsyn wat dit karakteriseer in terme, nie van voorkeursatisfaksie soos moderne welvaartekonomie nie, maar in terme van 'n stel objektiewe waardes of goedhede ("goods") soos vriendskap, die kontemplasie van skoonheid, ontwikkeling van jou potensiaal, en dies meer.

Andersyds toon O'Neill dan 'n verband tussen besorgdheid oor nie-menslikes, toekomstige geslagte en aspekte van die eie welsyn, en beklemtoon hy die rol van wetenskap en kuns in die ontwikkeling van dergelike besorgdhede. Hy glo 'n besorgdheid oor menslike welsyn is versoenbaar met erkenning van en sorg vir die nie-menslike wêreld. Anders gestel: As 'n begeerte tot sorg vir toekomstige mense *en ander lewensvorme* menslike welsyn bevorder, kan hierdie welsynstrewe nie na eng antroposentrisme gereduseer word nie.

O'Neill se kritiek op die ekonomiese benadering:

Standpunte hier fokus veral op KVA. Hierdie saak is reeds bespreek en O'Neill se beredenering sluit aan by die voorheen vermelde standpunte van Kelman, Leonard en Zeckhauser, Sagoff en Tribe, wat almal glo eng ekonomiese beredenering is eensydig en moreel ontoereikend (vgl p 75-81 hierbo). Slegs 'n paar sleutelaspekte van O'Neill se kritiek word hier vermeld, met 'n aanduiding van sy aansluitende kommentaar:

1. KVA word aangebied as 'n bepaalde konsep van rasionaliteit wat hom voordoen as 'n gemeenskaplike maatstaf om opsies mee te vergelyk. Besware daarteen word beskou as irrasionaliteit (p6). Omgewingsbeleid vereis egter die oorweging van verskeie onvergelykbare waardes. O'Neill sê erkenning van die bestaan van laasgenoemde impliseer nie irrasionaliteit nie, maar dui eerder op die ontoereikendheid van "algoritmiese opvattings" van praktiese rasionaliteit, soos KVA. Hierdie aanname van waarde-vergelykbaarheid by KVA is vir O'Neill ongeldig want dit misken die *sosiale* betekenis van ruiltransaksies en verraai 'n wanbegrip van etiese verbondenheid ("commitment"). Insig daarin sou verklaar en regverdig waarom mense weier om 'n ekonomiese prys op omgewingsgoedere te plaas.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2. O'Neill se kritiek teen die aanvaarding van blote begeerte as grondslag by die regverdiging van beleid, prosedures en instellings (p 64) sluit aan by argumente daarvoor. Dis drieërlei:

2.1 Meta-eties sou 'n subjektivistiese waardeteorie 'n mens verbind tot begeerte-oorweging. Waarde-uiting is daarvolgens slegs die uitdrukking van voorkeur en geen stel voorkeure mag bo ander bevoorreg word nie. Beleid moet dus net voorkeur op die doeltreffendste wyse vasstel. "Waardevrye ekonomie" sou neutraal wees tussen keuses en net gerig op doeltreffendheid (vgl p 61 hierbo).

O'Neill sê (p 64) die verskuiwing vanaf subjektivistiese meta-etiek na standaard ekonomiese doeltreffendheid is ontoelaatbaar want hierdie ekonomiese beginsels vervat self eerste-orde waardeverpligtinge. Voorkeur-aggregasiebeginsels se begronding lê nie in meta-etiek nie, maar in eerste-orde etiese beginsels.

2.2 Regverdiging van die begeertegrondslag vanuit welsyn (p 65) konstateer dat voorkeur aandui wat welsyn sal bevorder. Enersyds word welsyn dus gedefinieer in terme van voorkeursatisfaksie. Andersinds word aangeneem voorkeure is 'n aanduiding van wat waarskynlik welsyn sal bevorder. Daar is twee weergawes van die "aanduiding"-standpunt (p 66):

- Die subjektiewe staat-posisie: Welsyn is 'n sielkundige staat soos genieting en 'n persoon se voorkeur dui dit betroubaar aan.

- Die objektivistiese standpunt: Welsyn bestaan uit die realisering van sekere objektiewe goedhede, soos die ontwikkeling van kapasiteite, vriendskap en dies meer. Voorkeur dui 'n persoon se oortuiging hieromtrent aan. Welsyn is dus nie die bevrediging van bestaande voorkeure nie, maar van 'n stel ideale voorkeure. (O'Neill self staan so 'n standpunt voor).

Blote voorkeuroorweging is blootgestel aan die kritiek dat daar ooglopende teenstrydigheid kan voorkom tussen voorkeursatisfaksie en welsyn. (Vergelyk

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ongesonde voorkeurkos). 'n Verfynde standpunt vereis dus bevoegde en ingeligte voorkeure. O'Neill glo egter heromskrywing in terme van ingeligte begeerte is onstabiel (vgl p 262 verderaan). Hy vra: Waarom begeerte bybring by verklaring as direk gemik kan word op die begeerde kwaliteite en objekte?

O'Neill se kernbeswaar teen KVA sluit hierby aan (p 67). KVA behandel alle voorkeure as irrasionale begeertes. Politieke debat word dus vervang deur 'n surrogaat markmeganisme wat veronderstel word om die ideale mark na te boots. Hy sê enige aandrang op 'n behoorlike rol vir beredenering sou voorkeursatisfaksie vervang met die objekte van voorkeur, sou eindig in 'n objektivistiese, ideaal-oorwegende rekenskap van welsyn, soos dit hoort. Wanneer redes op die spel kom, mik beleid egter nie op die aggregering van voorkeure nie, maar op watter voorkeur 'n mens behoort te hê. Daar word onvermybaar beweeg na ideaal-oorwegende beginsels van keuse. Daar is 'n verskil tussen wat ons wil hê en wat ons glo goed is. Begeertes word gelei deur goedere. Keuses tussen teorieë word gelei deur waardes, soos waarheid. 'n Mens moet aantoon realisering van 'n ideaal is nie net goed *van* 'n persoon nie, maar is ook goed *vir* hom, verbeter sy lewe. Verbondenheid aan sekere goedhede en ideale is intern gekoppel aan 'n agent se welsyn (p 72).

'n Deel van alle goedheid van iemand se lewe lê in die ontwikkeling van kenmerkend menslike kapasiteite (p 73). Laasgenoemde staan in 'n noodsaaklike verhouding tot sy ideale en word gespesifiseer deur verwysing na voortspruitende waardes. Die ideaal van 'n wetenskaplike en esteties bewuste lewenswyse verryk deur biologiese en ekologiese diversiteit word byvoorbeeld onderlê deur 'n toekenning van intrinsieke waarde aan lewensvorme en hul ondersteunende natuurlike sisteme en prosesse. Welsyn is gekoppel aan die realisering van ideale en die ingeligte en bevoegde persoon is meer in staat om waarheid te vind.

O'Neill (p 73-4) wys op die besware van sommige ekonome teen hierdie verbreding van die welsyn-begrip. Hulle tref 'n eng onderskeid tussen persoonlike welsyn en verbondenheid aan groter doelwitte, sê gesondheid teenoor kunsbeoefening. O'Neill

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

sê sekere waardes is nodig vir 'n minimum goeie lewe. Estetiese prestasie is nie daarom ekstern tot 'n goeie lewe nie. Soms word soortgelyk onderskei tussen "ekonomiese welsyn" en "totale welsyn", maar die standpunt wil nogtans alle welsyn by die ekonomiese kategorie insluit met die vraag "wat sal jy daarvoor betaal?" 'n Geldwaarde op vriendskap verraai onbegrip van wat dit behels. Dieselfde geld vir omgewingswaardes. Dit illustreer egter hoe die mark, as institusie, se weergawe van 'n persoon se belange bots met die weergawe in ander institusionele kontekste. Daar is geen regverdiging vir verabsolutering van die mark-interpretasie nie.

O'Neill wys ook uit (p 55-61) dat enige verwysing na die voorkeure van diere en andere wat nie kan kommunikeer nie, sinloos is. Wel ter sake is hul behoeftes en dus nie-subjektiewe kriteria van welsyn. "A het 'n behoefte aan X" sou beteken "X is nodig vir A om te gedy" ("flourish").

2.3 'n Regverdiging van begeerte-oorweging vanuit liberalisme doen 'n beroep op die wenslikheid van politieke neutraliteit tussen die waardestandpunte van die burgery (p 65 en 83-5). Moderne liberalisme word gedefinieer as neutraal tussen 'n veelheid konsepsies van die goeie. KVA sou hierdie neutraliteit erken en neutraal staan daarteenoor. Dit verander nie standpunte nie, dog reageer net daarop. Die argument lui dat 'n afwyking weg van behoefte-oorwegende beginsels onliberaal is en 'n klassieke politiek veronderstel wat mik op 'n bepaalde "korrekte" konsepsie van die goeie.

O'Neill ontken hierdie aansprake, want dit verwar blote lewe met goed lewe (p 171). 'n Beskouing van die omgewing slegs as 'n bestaanshulpbron is verkeerd ook teenoor jouself, deur 'n redusering van die beleefbare rykdomme van die lewe, wat ook skoonheid en verwondering inhou. O'Neill kritiseer die definisie van liberalisme as prosedurele neutraliteit en ondersteun 'n diversiteit van lewenswyses as die teiken van politiek. (Sien in hierdie verband ook p 265-7 hieronder).

3. Aansluitend by die opmerkings hierbo oor die mark-meganisme as 'n surrogaat vir debat, oor voorkeur teenoor rede, verwys O'Neill (p 76-81) na

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Omgewingsekonomie se skaduprys-tegnieke, om omgewingswaardes te internaliseer en also standaard ekonomiese analise omgewingsvriendelik te maak. Hy sê dit hang daarvan af of die tegniek 'n sterk omgewingsvoorkeur sal "optel". Maar sê nou mense verkies marinas bo moddervleie, Disneyland bo vleiland? Dan het voorkeure omgewingskade tot gevolg en sal geen skadupryse omgewingsvriendelike resultate hê nie. Die prosedure as sodanig mag dus (uit 'n omgewingsoogpunt) swak resultate oplewer. O'Neill sê selfs al lewer dit goeie resultate, is dit verkeerd, want dit berus op 'n mistasting. Alle voorkeure word beskou as identies, behalwe ten opsigte van intensiteit. Dus, intensiteit van 'n voorkeur tel, redes daarvoor tel nie. Wetenskaplike, estetiese en historiese oordele oor 'n terrein "staan gelyk aan voorkeur vir 'n roomysgeur". Almal word saam geweeg en geprys. KVA voorsien dus beleid sonder debat, en gevolglik word politiek 'n surrogaat-mark wat die "ideale" markfunksie voortsit.

Die standaard reaksie van diegene wat begeertevervulling as enigste grondslag vir besluite beskou, is die reeds vermelde verskuiwing vanaf ware voorkeure na die voorkeure van ingeligtes en bevoegdes. Slegs dié moet beleid rig (p 79). Die argument is dat inligting en opleiding nuwe belangstellings en voorkeure ontwikkel. Die ingeligte sou dan 'n groter kwaliteit plesier hê en kan ook altwee subjektiewe state (ingelig en oningelig) beoordeel, die oningeligte net een. O'Neill sê egter (p 80) dis 'n ontoelaatbare bybring van 'n kriterium van voortreflikheid (kwaliteit van genot) wat onafhanklik is van genot self. Die enigste geloofwaardige redes om van 'n ingeligte se voorkeure te vertrek, is dié wat direk verwys na daardie onafhanklike kriteria van voortreflikheid self. Die voorkeure van ingeligtes tel omdat hulle meer bevoeg is om oordele uit te spreek, maar sensitief is vir objekte in 'n bepaalde studieveld. Dit geld ook vir ekologiese insig, sodat waardes gekoppel kan word aan ekologiese ryk omgewings, ewe-as waarde gekoppel word aan 'n mooi landskap, sodat ons beleid kan formuleer. O'Neill glo dergelike verbondenhede kan nie geskei word van menslike welsyn nie en dit geld spesifiek ook ten opsigte van omgewingswaardes.

Sowel wetenskap as kuns ontwikkel 'n onbetrokke perspektief wat vermoëns tot

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

persepsie uitbrei. Die ekoloog sien nie net onkruide, ongediertes en ongedreineerde potensiële landerye nie, maar spesifieke natuurlike wesens met 'n bepaalde lewensgeskiedenis in 'n bepaalde habitat. So 'n uitbreiding van persepsie ontwikkel kenmerkend menslike vermoëns en vermeerder welsyn. 'n Verbondenheid aan omgewingswaardes is dus nie onafhanklik van menslike welsyn nie.[69]

4. Die verrekening van toekomswaardes deur KVA word deur O'Neill verwerp (p 49-59). Omdat huidige voorkeure hoër aangeslaan word, meen O'Neill dat die kortingsprosedures vir toekomstige waardes deur KVA voorsien bloot 'n rasionaal is vir die verskuiwing van omgewingsprobleme na die toekoms. Wat betref etiese verpligtinge rakende toekomstige geslagte, noem O'Neill (p 26) twee tipes teorie:

- Waar verpligtinge bestaan net teenoor hulle met wie ons gespesifiseerde soorte omkeerbare verhoudinge het.

- Waar teorieë van 'n suiwer persoonlike perspektief uitgaan.

O'Neill behandel nie die ingewikkeldhede van hierdie debat nie, maar konsentreer eerder (p 28-36) op probleme rondom die algemene veronderstelling dat ons toekomstige mense kan benadeel, maar hulle nie vir ons nie. Hy glo dit beklemtoon 'n spesifiek moderne houding teenoor die verlede en toekoms, 'n "temporaal

---

69 Die verhouding tussen menslike welsyn en ons kapasiteit om die natuur te bewaar, word goed na vore gebring deur die vroeë werk van Marx, waarin hy praat van die "humanisering van die sintuie" deur kuns en wetenskap (Marx, 1844: 353-4). Daarin word op die eienskappe van natuurobjekte gereageer onafhanklik van bevoordeling. 'n Reaksie net op nutwaarde was vir Marx "dehumanisering van die sintuie", wat nie kenmerkend menslike vermoëns ontwikkel nie. Dit sou gereflekteer word wanneer 'n veeboer roofdiere beskou as (net) ongediertes, die landbouer na plante verwys as (net) onkruide, en die natuurlike gereduseer word na 'n objek ter bevrediging van eng belange.

Eweneens het Marx (1844: 329) geglo menslike produksie, anders as by diere waar dit net gerig is op behoeftes van die spesie, kan verloop volgens die behoeftes van enige spesie, die inherente kapasiteit van objekte en die wette van skoonheid. Kapitalisme dehumaniseer deurdat mense gedwonge produseer, as middel tot 'n doel, nie as doel op sigself nie.

O'Neill (1993: 61) betwyfel of 'n ekologies simpatieke interpretasie van Marx se werk volhoubaar is, maar glo die bogenoemde Aristoteles-geneigde standpunt het meriete in eie reg. Dit bring die intellektuele deugde van 'n wetenskaplike opvoeding na vore en toon die verband met etiese waardes aan. O'Neill (162-5) wys egter ook op moontlike gevare rondom wetenskap, soos waar die verhouding tussen kennis en objek omgedraai word en laasgenoemde net 'n instrument word om die begeerte na kennis te vervul. Hy vermeld Augustinus se verwysing na wat die Bybel (1 Joh. 2: 16, ou vertaling) noem, op Engels "lust of the eyes". Ter sake ondeugde by sowel wetenskap as kuns is hier 'n gebrek aan matigheid en praktiese wysheid en die redusering van iets na 'n blote instrument vir begeertevervulling. Waar kuns en wetenskap egter reg verloop, "humaniseer" hulle die sintuie tot buite die eng instrumentele perspektief, op 'n wyse wat welsyn anders bevorder.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

plaaslike perspektief", wat aan die hart lê van omgewingsprobleme. Dit is 'n moderne verlies aan gemeenskapsgevoel teenoor ander geslagte wat spruit uit die algemene subjektivistiese opvatting van welsyn waarvolgens ons net benadeel kan word deur dit waarvan ons weet. Hy gee dan *prima facie*-voorbeelde om te toon dat ons benadeel kan word deur wat na ons dood gebeur (vergelyk konsepte soos reputasie en eer) en ondersoek en kritiseer die redes vir ons wanopvattings. Hy let spesifiek op hoe die mark bydra tot die "temporaal plaaslike perspektief". Hy plaas Hardin se "tragedy of the commons" (maksimalisering van eie utiliteit ten spyte van kollektiewe benadeling) in temporale perspektief. Dit bly geldig, ten spyte van private eienaarskap. O'Neill glo vorige geslagte het nietemin nie wetend hulpbronne uitgeput nie. Grond was oor geslagte die gemeenskaplike besit van families of gemeenskappe. Daar was kontinuïteit.

Die rasionele, bewuste self-maksimalisering van die huidige geslag word deur O'Neill (p 39-42) beskou as markverwant. Familiebesit is vervang deur korporatiewe besit en toenemende mobiliteit in grondbesit. Dit verwyder die gevoel van verbondenheid met toekomstige eienaars. Intergenerasionele identiteit word verder ondermyn deur die mobiliteit van arbeid. Die mark vereis werkers moet bereid wees om van plek en okkupasie te verander om die markprys vir hul arbeid te behaal. Hierdie mobiliteit bots met 'n self geïdentifiseer deur bande met 'n plek, familie, beroep. Die sin van identiteit wat strek oor geslagte verval dus.

Die voorafgaande dui vir O'Neill (p 42-3) op 'n behoefte aan 'n verbreding van ons sin vir identiteit deur onsself in 'n wyer tydsperspektief te plaas. Dit vereis deelname aan iets wat samewerking oor geslagte benodig, 'n deel word van tradisie. Hy meen dit is noodsaaklik vir 'n ekologies-rasionele sosiale orde, wat egter ondermyn word deur oordeelsdagvoorspellings wat vir ons geen toekoms meer voorsien nie.

Verdere uiteensetting van O'Neill se Aristoteliese standpunte

Enkele verdere opmerkings uit O'Neill word hier aangedui vanweë hul relevansie vir omgewings- en bewaringsberedenering in die hantering van sekere besware teenoor

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

'n Aristoteliese denkwyse en in die hantering van sekere probleme:

1. O'Neill (19-22) ontleen sekere terme aan biologie. Hy sê om te lewe is om dit te realiseer wat in biologiese sin as "goed" beskryf kan word. Ooreenstemmend word terme soos "siek" of "florering" of "bloei" gebruik. Hy sê die "biologiese gebruik" van die terme "goed vir" en "goed van" is sentraal aan 'n Aristoteliese etiek. "Goed vir" het betekenis in instrumentele sin. "Goed van" het betekenis waar gepraat word van die goedheid van lewende skepsels wat die kapasiteit het tot bloei of florering, tot lyding of geluk. Die onderskeid word na vore gebring in die sin "kos is goed vir X se staat van gesondheid". Kos dui op iets wat goed is *vir* X. Gesondheid het te make met goed *van* X.

In bewaringsverband is belangrike vrae: Watter soort wesens kan goedheid (waarde) hê? Wat van kollektiewe, soos huishoudings, spesies of ekosisteme, wat ook kan gedy of beskadig word? O'Neill (p 21-2) sê hulle het net lewe in metaforiese sin, maar ontbeer die kenmerke van biologiese lewe, soos groei, reproduksie, kapasiteit tot lyding, en so meer. Dis ook duidelik dat wat goed is vir die samestellende eenhede van kollektiewe, nie noodwendig goed is vir die kollektief self nie, of omgekeerd. Die welsyn van sisteme mag byvoorbeeld die dood van individue vereis. "Watter soort dinge kan goedheid hê?" is dus identies aan die vraag "Watter soort dinge kan gedy in *nie-metaforiese* sin?" Dit verwys na die konkrete, biologiese sin van die woord.

Hierdie beredenering van O'Neill is veral ook ter sake by wetgewing oor natuurlewe. Soos aangedui in Hoofstuk 5 was ekosisteme tot dusver daar die belangrikste fokus, eerder as lewende individue self, wat deur O'Neill as die fokus van waarde beskou word.

2. Waarde-meervoudigheid: Aristoteles (1948: Boek II, Hoofstuk II) beweer die polis bestaan ter wille van die goeie lewe en is wesentlik meervoudig in waarde-opvatting. Dit word eers 'n polis wanneer die assosiasie groot genoeg is om selfstandig te wees. Daarvoor moet dit interne pluraliteit hê (O'Neill 1993: 85-6).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Eudaimonia (geluk of bloei) is vir Aristoteles 'n selfstandige en volkome goedheid. In die huishouding en dorp verkry die individu benodighede vir blote lewe, in die polis vir 'n goeie lewe. 'n Florerende menslike lewe vervat 'n verskeidenheid intrinsieke goedhede wat nie na mekaar reduseerbaar is nie. Verhoudinge met ander mense maak 'n verskeidenheid waardes toeganklik, terwyl die individuele lewe beperk word deur kapasiteit, tyd en hulpbronne, sodat keuses onvermybaar is. 'n Samelewing het ook perke, maar keuses is wyer. (*Ek* kan nie, maar *ons* kan). Vanweë botsende strewes na waardes ("gesondheid is goed, maar so ook kuns") is opweging nodig in die allokasie van middele, soos by 'n begroting. Hierdie opweging is 'n kwessie van *praktiese wysheid*, sonder 'n algoritmiese berekeningsprosedure (Aristoteles 1985: 1096b 23 ff; 1097b 14 ff. Vgl. ook p 86-90 en nota 14 in O'Neill 1993: 191, oor sy inklusiewe vertolking van *eudaimonia*).

O'Neill (p 90) sê 'n liberalistiese beswaar teen die voorafgaande mag lui: Aristoteles se strewe na die goeie lewe mag meervoudig wees, maar is slegs een persepsie wat met andere meeding. O'Neill se reaksie is dat daar geen noodsaaklike verband bestaan tussen 'n klassieke opvatting van politiek en die onderdrukking van meervoudigheid nie. Eerder het bepaalde eenduidige opvattings van die goeie lewe pogings om die klassieke beskouing toe te pas, verongeluk. Die probleem is nie die siening van politiek nie, maar van wat die goeie lewe is. Hy glo (p 90-92) die beswaar misluk vanweë 'n dubbelsinnige gebruik in die liberalistiese argument van die term meervoudigheid. Sy analise toon enersyds dat waar "kulturele diversiteit" verwys na verskille in artistiese, kulinêre, sport en dergelike aktiwiteite, dit klop met die Aristoteliese opvatting van die goeie. As egter, andersyds, verwys word na oortuigings oor wat goed is, weerspreek die liberalis wat streef na neutraliteit die Aristoteliese posisie. Volgens die liberale benadering steun Aristoteles diversiteit net vir sovêr dit saamval met sy eie opvatting van die goeie.

O'Neill (p 92) onderskei gevolglik tussen twee logies onafhanklike vrae:

- Is pluralisme in oortuigings omtrent die goeie op sigself goed?
- Moet politiek neutraal staan tussen verskillende dergelike oortuigings en die lewenswyses wat daarmee saamhang?

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hy ontken dan die eerste vraag en beskou neutraliteit tussen oortuigings as 'n bekrompe ("cramped") siening van politieke argument. Deugde met betrekking tot oortuiging is vir hom eerder die intellektuele deugde van verdraagsaamheid, dit wil sê erkenning van eie feilbaarheid en openheid vir ander standpunte. Meervoudigheid in oortuiginge dui die meriete van dergelike standpunte aan, maar is nie op sigself goed nie. Meervoudigheid is hoogstens iets wat goed is vir *eudaimonia* in die staat; dit het instrumentele waarde.

O'Neill sê die klassieke liberalisme van die 19e eeu en J.S. Mill definieer nie liberalisme in terme van neutraliteit in opposisie tot klassieke standpunte oor politiek nie. Hoewel Mill afwyk van Aristoteles, gebruik Mill sy argumente en glo hy in dieselfde pluralistiese weergawe van die goeie lewe. O'Neill meen dus die klassieke rekenskap van politiek voorsien die beste grondslag vir sowel sosialistiese as liberale tradisies. Met daardie vertrekpunt en die verwerping van die begeerte-oorwegende beginsels van moderne liberalisme, word die verdedigers van omgewingswaardes dus nie verbind tot onliberale (d.w.s. outoritêre of selfs fascistiese) politiek nie.

3. Kommensurabiliteit en vergelykbaarheid: O'Neill se bespreking hiervan (1993: Hoofstuk 7) onderskei kommensurabiliteit in 'n kardinale (sterk) interpretasie (absolute ordening volgens 'n enkele superwaarde) en 'n ordinale (flouer) interpretasie (ordening in range, as eerste, tweede, ensovoorts).

KVA aanvaar daar is 'n enkele maatstaf wat eksak meet en ekonomie sien dit as die enigste rasionele benadering. O'Neill (p 103-4) sê swakker kommensurabiliteit vereis nietemin sterk vergelykbaarheid van waardes wat impliseer dat, hoewel daar nie 'n enkele superwaarde is om objekte en toestande te rangskik nie, daar nogtans 'n waardeterm is om hulle mee te orden.

Evaluasie geskied altyd onder 'n beskrywing, byvoorbeeld 'n terrein ge-evalueer as landskap, vuilgoedhoop, habitat, vleiland, ensovoorts. 'n Terrein mag 'n goeie A, maar 'n swak B wees. Dikwels word egter 'n waardeterm gebruik wat nie bo-oor

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verskillende beskrywings oorplaasbaar is nie. Vergelyk byvoorbeeld "dramatiese landskap" met "dramatiese habitat". Elke waardering roep 'n stel praktyke na vore, soos die estetiese teenoor die wetenskaplike en geassosieerde kriteria van waardering, en voorveronderstel meervoudigheid van waarde, aldus O'Neill (p 107). Die vertrekpunt van vergelyking binne een of bo-oor meer perspektiewe is altyd belangrik. Ook binne een is daar pluraliteit. In estetiese perspektief is daar byvoorbeeld sprake van kleur, vorm, tekstuur. Die bestaan van 'n stel vergelykende terme maak sterk vergelyking binne een perspektief moontlik. Tussen verskeie perspektiewe en praktyke is egter slegs flou vergelykbaarheid moontlik.

'n Vergelyking van 'n terrein, esteties as landskap teenoor wetenskaplik as habitat, sal dus 'n beoordeling van die waarde van die onderskeie perspektiewe vereis, dit wil sê 'n oordeel vanaf 'n hoër vlak. Maar so 'n vraag, sê O'Neill (p 107) is nie eintlik sinvol nie. (Vgl A is, wetenskaplik beoordeel, ryker aan soorte, maar B is, esteties beoordeel, mooier. Watter een is dus verkiesbaar?). Geen verdere vergelykende stellings is moontlik nie. Voorkeuroorweging registreer bloot ons oordele, maar voorsien nie 'n hoër waarde nie. Dit kan nie waarde-pluraliteit oplos nie, waar waardes "in verskillende rigtings trek".

Rawls en ander prominente teoretici wou die probleem oorkom met behulp van prioriteitsreëls wat waardes orden. By konflik word die een met die hoogste prioriteit dan verkies. O'Neill (p 112-3) verwerp hierdie reëlgebaseerde benadering omdat dit fouteer op twee wyses, deurdat dit reëls verklaar, en deurdat dit die drogrede begaan van die skeidbaarheid van waardes. Om meer algemene reëls te formuleer, beteken net dat laasgenoemde ook in konfliksituasies kan beland. In stede van verdere reëls word eerder die uitoefening van praktiese oordeel vereis.[70] 'n Prioriteitsbeginsel vir die hantering van waardekonflik impliseer ook dat elke waarde as diskrete item beskou en dat sy bydrae afsonderlik van die van ander waardes beoordeel kan word. Skeibaarheid word noodwendig veronderstel (p 114), wat 'n valse aanname is. Verskillende politieke en etiese waardes kan nie in 'n bepaalde

[70] Aristoteles (1985: 114b 15 ff) sê: "Intelligence is (not) about universals only, since it is concerned with action it is about particulars."

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

situasie in isolasie van mekaar toegepas word nie. Praktiese oordeel word vereis om die spesifieke vermenging te probeer peil.

Rawls formuleer sy prioriteitsbeginsels in opposisie teenoor wat hy noem intuïsionisme, wat hy kenmerk deur die bestaan van waardepluraliteit en die vereiste dat praktiese oordeel noodwendig enige konflikte moet oplos.[71] Praktiese oordeel is egter presies wat O'Neill voorstaan. Ten spyte van O'Neill (p 117) se besware teen ekonomie en omgewingsekonomie ontken hy nie 'n rol vir algemene beginsels of tegniese reëls nie. Reëls, standaardprosedures en institusionele reëlings wat sonder langdurige oorweging toegepas kan word, spaar tyd en middele en het 'n besliste plek in besluitneming, maar moet self krities ondersoek word, want dit mag magsgroepe verteenwoordig. Praktiese wysheid verteenwoordig egter nie die teenoorgestelde van reëls in die vorm van naïewe intuïsie nie, maar veronderstel kennis vanuit ervaring en opleiding en vermoëns tot waarneming.

O'Neill haal ook Sagoff se kommentaar (p 86-7 hierbo) aan oor die verskillende waardes aangehang deur dieselfde mense, wanneer hulle optree as verbruikers, of as burgers. Hy vind egter 'n verklaring daarvoor in die sosiale betekenis van die onderhawige handelinge. As voorbeeld noem hy Judas se prys van 30 silwerlinge om soldate na Christus te neem (Mattheus 26: 14-16). Die daad was nie verkeerd omdat die prys verkeerd was nie, maar omdat dit verraad verteenwoordig en verbondenheid behandel as verhandelbare item. Verbondenhede aan vriende, familie of, les bes, omgewingswaardes, bestaan uit 'n weiering om dit as handelsartikels te behandel. Dit is eties gesond, maar die aandrang op 'n geldprys aan dergelike waardes dui op die beperkinge van die mark.

Marx (1974: 109) glo die aanname in klassieke utilitarisme van 'n enkele waarde waarheen alle ander herlei kan word, kry geloofwaardigheid uit die bestaan van 'n geldwaarde vir alle goedere. Aristoteles (1985: 133b 19) merk op dat dinge wat nie werklik kommensurabel is nie, deur uitruiling daardie indruk skep. O'Neill meen daar

---

[71] Vergelyk die kommentaar van O'Neill (1993: 195, nota 22) oor hierdie ongewone karakterisering van intuïsionisme, of oordeel, wat Rawls uiteindelik erken nooit heeltemal ontwyk kan word nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

is, vanweë markwerking, 'n ontoelaatbare verskuiwing vanaf *prys*vergelyking na *waarde*vergelyking en ekonomie is blind vir die sosiale betekenis van ruiltransaksies. Wanneer die mark egter skade meebring, moet dit beperk word of, selfs meer radikaal, deur ander instellings vervang word.

4. Probleme rondom gesag en demokrasie in omgewingsverband.

Gesag:

O'Neill (p123) wys daarop dat die kompleksiteit van besluite en beperkinge op eie tyd en vermoëns die gebruik van slegs eie redenering en praktiese oordeel ontoereikend maak. Noodwendig moet mens gesaghebbendes benut. Die probleem is die peiling van hul betroubaarheid.

Twee vorme van gesag word onderskei (p 126). Sosiaal gevestigde praktyke verloop volgens standaarde van uitnemendheid. Deelname aan so 'n praktyk vereis dat die gesag van die standaarde daarvan aanvaar word en eie oordeel sal lei. Dit impliseer meermale aanvaarding van die gesag en oordeel van 'n persoon opgelei en ervare in daardie praktyk. Dit noem O'Neill "gesag intern tot die praktyk", of "interne gesag". Die gesaghebbende se status is irrelevant en die gesag is onpersoonlik.

"Eksterne gesag" weer, is ontleen aan eksterne waardes soos rykdom, mag en status, wat onafhanklik van enige praktyk beken word. 'n Aandrang dat advies aanvaar word uit hoofde van 'n persoon se posisie, is 'n beroep op eksterne gesag.

Posisies van gesag en mag rondom sosiale praktyke word dikwels gevul deur mense sonder enige interne gesag, terwyl interne gesaghebbendes dikwels nie posisies van eksterne gesag beklee nie. Die enigste rasionele gronde vir 'n oordeel is egter interne gesag.

O'Neill (p 131-5) noem twee probleme rondom gesag met betrekking tot demokrasie:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4.1 In die utilitaristiese tradisie moet dikwels algemene reëls gevolg word, omdat mense nie self oor tyd of middele beskik om die waarskynlike gevolge van elke handeling te bepaal nie. Maar die gevolge van handeling volgens elke reël (soorte handeling) is ook nie vooraf duidelik nie. Noodwendig is mens dus aangewese op andere wat wel wetenskaplike peilings kan onderneem. Die probleem is regverdiging van onderwerping aan die gesag van hierdie elite en peiling van hul betroubaarheid.

Polities is die probleem volgens Austin (1954: 16) dat 'n besluit dan nie volg uit 'n ooreenkoms tussen baie mense nie. Vir utilitarisme dien demokrasie dan as kontrole om te sorg dat gesaghebbendes die belange van die burgery dien. O'Neill (p 133) sê hierdie rol rig steeds vandag beleidswetenskap en spesifiek KVA. Die gesag van die beleidswetenskaplike is in hierdie geval ondeursigtig net in die oppervlakkige sin dat beperkinge van tyd en tegniese kennis die gronde van oordele versluier. Dit kontrasteer met die Aristoteliese standpunt hieronder.

4.2 Vir Aristoteles (1948: 1281b 39 ff: 145) is die ondeursigtigheid van gesag groter. Hy glo die professionele persoon het kennis van algemene reëls, maar kan ook oordeel in spesifieke gevalle. Die gronde vir sy oordele is ontoeganklik vir mense sonder skoling in die kuns (vernuf/vak) en sonder ervaring en waar die publiek moet oorweeg en besluit, is daar gevolglik probleme. Selfs politieke kundiges is dan nodig om openbare ampsdraers aan te stel.

O'Neill se reaksie hierop (p 134-5) is tweeledig: Wat betref politieke gesag, aanvaar hy die premisse dat politieke oordeel deelname vereis. In stede van dit egter te reserveer vir kundiges, glo hy almal moet deelneem en also politieke oordeel ontwikkel. Demokrasie is dus goed en die beste oordele word bereik deur deelname aan openbare debat. Die burger is dan nie slegs 'n objek vir analise nie, maar 'n subjek wat beredeneer en oordele vorm deur oorweging. O'Neill erken hierdie benadering mag geld in politieke verband, maar nie vir deelname aan alle praktyke waaroor politieke besluite gaan nie (vgl die mediese, wetenskaplike, artistiese). 'n Beroep op gesag moet dan rasioneel regverdigbaar wees en die perke van gesag

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

en sosiale omstandighede in ag neem.

O'Neill se kommentaar oor hierdie saak (vgl p 135-144) word illustreer deur die volgende voorbeeld: Baie mense beskou natuurbewaring as 'n stem van die wetenskaplike en elite kultuur, wat hul belange opponeer en oor rykdom, mag en status beskik. Die interne gesag van 'n ekspert word dus gekompromitteer deur assosiasie met eksterne goedere, met gevolglike skeptisisme. O'Neill sê die beste sosiale toestand vir rasionele gesag is waar interne en eksterne bronne van gesag geskei is, dus benaderde sosiale gelykheid. Dit bevorder duidelike onderskeiding. Skeptisisme volg waar mag en rykdom hulle op bronne van interne gesag beroep.

Opleiding in 'n praktyk waarborg nie goeie oordeel nie. Ook mag menings verskil en oordele bots. O'Neill glo nietemin die universele beginsels van rasionaliteit, logika en geldige argumentering kan baie bydra tot goeie praktiese oordeel en kan dubbelsinnighede uitskakel en gapings tussen premisse en konklusies blootlê.

Bronne van misbruik rondom gesag is velerlei. Kennis op een gebied (sê die mediese) kan kundigheid op 'n ander gebied (sê die etiese) voorgee. Abstrakte vakkennis kan uitgebrei word as praktiese kennis in konkrete situasies. Beleidsbesluite vind juis gewoonlik plaas waar dissiplines oorvleuel en vereis boonop koördinasie en integrasie. Ook is plaaslike kennis nodig om teorie te korrigeer.

Demokrasie:

O'Neill (p 141) onderskryf Aristoteles se aandrang dat die gesamentlike deliberasie van baie mense die oordeelsvermoë van die enkeling oorskry en sê sodanige deliberasie is noodsaaklik in die moderne wêreld, sodat 'n verskeidenheid van kennis en ervaring keuses kan rig.

'n Verdediging van demokratiese besluitneming lê vir Aristoteles daarin dat die gebruiker van iets uiteindelik die item beter kan beoordeel as die maker. (Vgl

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

byvoorbeeld die oordeel van die stadsbewoner teenoor die stadsbeplanner, die huisbewoner teenoor die argitek of bouer). Verbruikersoordeel is natuurlik die grondslag vir verdediging van die mark. O'Neill (p 142-3) sê hieroor: Die mark lig in ook deur na te laat (party produkte verkoop, ander nie). Die gevolge is distribusioneel sowel as opvoedkundig:

- Deurdat sommige mense nie kan koop nie, word die omgewings van rykes en armes geskei. (Rykes trek weg, koop onbesoedelde produkte, verkoop besoedelingstowwe aan arm lande, ens.)

- Kommunikasie is ontoereikend, deurdat die prysmeganisme veral daardie inligting oordra wat relevant is vir die planne van die rolspelers. Markterugvoering is onvolledig en behels nie opvoedkundige dialoog nie. Vollediger inligting word oorgedra deur instellings langsaan die mark, soos media, informele organisasies, formele opvoeding.

5. 'n Wyer konteks: Uiteindelik probeer O'Neill (in Hoofstuk 10) om eng markgebaseerde besluite in 'n wyer institusionele konteks te plaas. Mense se opvattings bestaan immers nie in 'n sosiale vakuum nie, maar voorveronderstel bepaalde institusionele verbande. Tradisioneel is status byvoorbeeld institusioneel hoog geag en statusprysgawe vir rykdom as vulgêr beskou. In moderne markverband word status egter ekonomies gedefinieer, in terme van besittings. Die kontras tussen die mark en veral twee institusies is vir O'Neill betekenisvol:

- Die mark en politiek en die verwante rolle van die private individu en openbare burger.
- Die mark en nie-mark assosiasies, soos die professies, gildes, vak-unies, akademiese verenigings, ensovoorts.

Binne verskillende kontekste openbaar mense verskillende opvattings van hul

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

belange. Hegel[72] het reeds die eerste van hierdie twee kontraste en die verwante rolle van die private individu en openbare burger ondersoek, waarop Marx voortgebou het. Albei sluit aan by die Aristoteliese kontras tussen die huishouding en die mark. O'Neill (p 168-71) stel Aristoteles se standpunt as volg: Huishoudelike verkryging mik op verbruik, uit lewensnoodsaak, van items wat geberg kan word. "Chrematistiese" verkryging mik op die verkryging van middele tot uitruiling (betaalmiddele) en verkryging word 'n onbeperkte doel op sigself.

Sagoff se onderskeiding tussen verbruiker en burger (p 77-8 en 269 hierbo) kom met die voorafgaande ooreen, maar O'Neill (p 173) glo Sagoff versuim om die institusionele konteks te oorweeg. Sagoff neem dit as vanselfsprekend aan en omlyn bloot voorkeurordes wat klop met begeertes of waardes en oorweeg dus nie die verhoudinge tussen instellings en hul verdedigbaarheid nie. Sy hoofboodskap is net dat die aanwending van KVA binne politiek berus op die wanopvatting dat politiek 'n proses is van die aggregasie van verbruikersvoorkeur, in stede van 'n proses waardeer die burgery tot besluite oor waardes kom. Sagoff aanvaar sonder meer die afsonderlike bestaan van verskillende voorkeure van individue in verskillende opsette. Sy beswaar is net dat rasionaliteit met betrekking tot die mark inbreuk maak op politiek. Omgewingsprobleme, meen hy, behoort eerder polities hanteer te word. Die institusionele probleem is dan net 'n geval van die handhawing van grense, met gepaste rasionaliteit in elke sfeer. Anders as Marx, wat die mark heeltemal wil afskaf, wil Sagoff en ook Walzer (1984:315-30) (wat hierdie standpunt artikuleer) "mure bou" tussen instellings soos die kerk, staat, familie, mark. Politiek moet homself en die ander apart hou, elk met sy eie reëls en gewoontes. Die waardes van elke instelling kan dus nie verander word na dié van die ander nie. Also, meen hulle, sal politiek oop bly vir debat en nie 'n surrogaat mark word nie. O'Neill (p 174) noem dat hierdie standpunt populêr is binne daardie resente sosialistiese teorie wat aan die mark 'n rol toeken, maar dit wil beperk.

O'Neill (p 176) beskou Sagoff en Walzer se vertolking as aantreklik maar

---

[72] Hegel, GFW (1967: 152-5) bespreek die "bemiddeling", deur spesifiek die korporasie, tussen besondere en algemene belange.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ontoereikend en onuitvoerbaar. (Daar is reeds gewys op gebreke in hulpbron-allokasie deur die mark alleen en die onversoenbaarheid van die mark se groei-oriëntasie met volhoubaarheid). Die probleem is ook nie net om grense tussen instellings te definieer nie. Die verhouding tussen die ekonomiese en politieke sfere vereis rekenskap. Volgens Sagoff het 'n verbruiker "voorkeur-skisofrenie" (p 87 hierbo) en tree hy ongekoördineerd op tussen byvoorbeeld die morele en ekonomiese en wetlike velde. (Hy doen wat hy self glo is verkeerd. Hy vind moreel verkeerde optrede betalend, wetuitvoering onbetalend.) O'Neill (p 176) is dus skepties oor die moontlikhede van optrede vanuit hierdie standpunte. Met betrekking tot Hegel, Sagoff en Walzer se standpunte in hierdie verband sê O'Neill 'n duidelike beeld is nodig van die institusionele konteks, van die institusies wat kan dien as brug tussen die individu as "self maksimaliserende agent", en as burger wat optree volgens openbare diskoers oor waardes. Hegel (1967: 250-6) verdedig wel die medebestaan van die twee posisies en probeer 'n institusionele koppeling aantoon. Sagoff en Walzer spreek dit nie aan nie.

Vir O'Neill (p 206-7, nota 42) het die idee van 'n beplande ekonomie en nie-mark orde min verdedigers, veral na die mislukking van die Oos-Europese en Chinese ekonomieë. Dié mislukking wyt hy veral aan die gebrek aan demokrasie en onafhanklike assosiasies. Hy is nogtans traag om die idee van beplanning en 'n hoofsaaklike nie-mark orde heeltemal oorboord te gooi. Hy neig na 'n nie-markgedomineerde orde waarin nie-mark assosiasies alternatiewe bied. Verskeie hiervan word genoem, vanaf ontspanning tot natuur- en opvoedkundige soorte, wat uiteenlopende belange en waardes bevorder. Sulke kontekste bied geleenthede vir die ontwikkeling van ander waardes as die ekonomiese, vir meer inhoud aan die begrip "menslike welsyn". Noodsaaklik is egter rasionele beoordeling en debat, wat ekologiese rasionaliteit in 'n wyer waardekonteks bevorder. O'Neill wil dus nie bloot die mark verander nie, maar sy dominante posisie afskaal. Vir hom is daar (p 180) hoop vir ekologiese politiek in 'n gemeenskap van openbare instellings, onafhanklik van die staat, waarin menslike waardes bespreek en nagestreef word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Samevatting

By wyse van oorskouing van O'Neill se denkwyse kan die hooftrekke as volg saamgevat word:

Waar ekonomiese beredenering vertrek vanaf "menslike welsyn" soos gedefinieer deur voorkeure geregistreer deur markfunksie en waar "diep ekologie" vertrek van intrinsieke waardes opgesluit in die natuur omdat menslike welsyngerigtheid antroposentries sou wees, beweer O'Neill so 'n gerigtheid hoef nie eenduidig antroposentries te wees nie, mits "welsyn" reg verstaan word. Dit geld wanneer besorgdheid oor ander en toekomstige mense, asook ander lewensvorme en 'n appresiasie van natuurwaardes *deel uitmaak* van die begrip van menslike welsyn, eerder as dat welsyn net eng materiële en ekonomiese waarde reflekteer.

Sy kritiek op die ekonomiese benadering aan die hand van KVA-bepaalde standpunte opponeer ook die beskouing dat daardie instrumentele beredenering noodwendig *die* rasionele standpunt is. O'Neill dring aan op 'n Aristoteliese standpunt wat die meriete van instrumentele én intrinsieke waardes wil beredeneer in rasionele openbare debat onder omstandighede waarin 'n enkele besluitmeganisme met sogenaamd eksakte meting van 'n enkele superwaarde nie domineer nie, maar waarin daar nogtans waardeterme bestaan om kompeterende standpunte mee te orden as beter of slegter. Besluitneming kan dan plaasvind binne die verband van meer institusies as die mark, sodat laasgenoemde nie as dié superinstelling met dominante besluitvermoë geld nie.

O'Neill ontleen ook aan Aristoteles 'n "biologiese gebruik" van die terme "goed is" en "goed van", om te onderskei tussen instrumentele waarde en intrinsieke waarde, om daardeur die aandag te vestig op die intrinsieke waarde van lewende organismes van belang in natuurbewaring.

Hoewel O'Neill beswaar maak teen KVA as eensydige besluitprosedure, beteken dit nogtans nie dat hy 'n plek misken vir gepaste reëls wat ervaring reflekteer, wat tyd

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kan spaar en wat besluite kan vergemaklik nie, in 'n vrye debat waarin praktiese wysheid *ook* tot uiting kan kom.

Sagoff en Walzer se uitwys van 'n probleem van ongekoördineerde optrede tussen die mark en ander instellings illustreer die morele ontoereikendheid van die mark se aandag aan omgewingswaardes. Dit, meen O'Neill kan oorbrug word deur demokratiese aktiwiteit binne nie-mark assosiasies. Op hierdie punt bied hy egter nie baie eksplisiete riglyne aan nie, behalwe 'n hoop op ekologiese politiek binne 'n gemeenskap van onafhanklike openbare instellings "waarin waardes bespreek en nagestreef word." Vir meer eksplisiete riglyne oor hoedanig dergelike debatte en beredenering kan verloop ten einde ook nie-markwaardes te akkommodeer, word aansluiting gesoek by Bak (1997) se weergawe van "praktiese wysheid" soos reeds omlyn in Hoofstuk 4, terwyl Flyvbjerg se *phronésis*-georiënteerde riglyne ontleen aan die werk van verskeie ander outeurs (p 252 hierbo) die agtergrond en raamwerk kan verskaf.

Nelleke Bak se strategie vir "praktiese wysheid"

Bak (1997) integreer en benut 'n aantal standpunte wat prinsipieel ooreenstem met O'Neill se gedagterigtings. Haar strategie, saamgevat op p 147-9 hierbo, wil morele evaluering koppel aan praktyk, wil ons siening van die sin van ons lewe koppel aan ons handeling. Die toepaslike hooftrekke van Bak en ander outeurs se denke wat in daardie samevatting tot uiting kom, word duidelikheidshalwe kortliks aangetoon.

Die goeie ding om te doen en respek-waardigheid

Soos Charles Taylor by wie sy doelbewus aansluit, glo Bak (1997: 4) ons morele aard en ideale word bepaal deur dit waarmee ons opgroei. Dit definieer ons siening van menslike kwaliteit en dus ons konsepsie van florering, in die Aristoteliese sin. Bak praat hier, soos Taylor, van "hipergoedhede", wat sy self noem "onderskeidings van waarde", wat ons morele aard bepaal en vir ons geldige redes tot handeling verteenwoordig.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Selfbegrip is vir Taylor (1989: 254) moreel grondliggend want dit berus op sekere morele aannames en hang saam met mense se wyse van morele beredenering. Hy ondersoek eers die betekenis van moraliteit en dus antwoorde op die morele vraag, gewoonlik deesdae gereduseer tot "Wat behoort ek te doen?" en gewoonlik beantwoord in Kantiaanse, utilitaristiese en ander terme. Taylor konsentreer egter nie self op prosedures vir die beantwoording van daardie vraag nie, maar wil liewer onderskei watter opvatting van florering moraliteit onderlê. Hy glo prosedurele antwoorde laat min ruimte vir vrae oor dinge wat goed is selfs wanneer 'n mens dit nie soseer behoort te doen nie, nie verplig is daartoe nie; of vir lewensbelangrike vrae soos "Wat is die aard van 'n goeie lewe?" Morele teorie wat fokus op handeling en prosedure dink volgens Taylor in terme van verstandigheid of omsigtigheid ("prudential terms"), maar nie in terme van liefde en respek vir die goeie nie. Dit herinner aan CFE se fokus op menslike oorlewing, terwyl motivering soos respek vir die omgewing agterweë bly. Taylor sê 'n ryk morele teorie antwoord vrae soos: Wat is goed om te wees? Of: Wat is goed om lief te hê? Taylor brei dus die bestek van moraliteit uit om vrae in te sluit oor die aard van die goeie lewe en ons liefde daarvoor en toewyding daaraan. Eers dan word dit verstaanbaar waarom respek vir die omgewing 'n morele saak is.

By die vrae oor wat ons behoort te doen en wat die aard van die goeie lewe is, voeg Taylor dan 'n derde oorweging, te wete: Wat verleen respek en waardigheid aan onsself en andere? Hierdie vrae is gekoppel. Wat ons beskou as die regte gedrag (wat behoort) hang af van wat ons sien as goed en dit bepaal weer waarom ons mense respekteer, wat ons wil wees en waarvoor ons lief is.

Opvattings van die goeie lewe, welsyn en lewensgehalte

Die aansluiting van hierdie beredenering by O'Neill s'n is redelik voor die hand liggend. Moraliteit word wyer gekonsipieer want menslike welsyn word wyer gekonsipieer (en *vice versa*). Die begrip van "kwaliteit van lewe" soos geopper deur die Wêreld-bewaringstrategie van 1991 is hier hoogs ter sake. Bak (1997: 184-187) se bespreking van die saak opper vrae oor die aard van daardie begrip en

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

toepaslike standaarde van toereikendheid, omliggende omstandighede en dergelike meer. Antwoorde rondom kwessies soos gesondheid, voeding, behuising en lewensmiddele beantwoord nie die vraag "Waaruit bestaan welsyn?" nie. Bak (1997: 185) sê navorsing in welvaartteorie het reeds weg beweeg van kru analises in terme van BNP en ekonomiese goedere na 'n meer komplekse en sosiaal betekenisvolle beeld van 'n staat van welsyn binne die samelewing. Die fokus neig nietemin steeds na 'n bepaling van die hulpbronne waarmee mense hul lewens kan beheer, hulpbronne soos geld, besittings, kennis, sekuriteit, sosiale verhoudinge, verstandelike en psigiese energie, ensovoorts. En dit word nogtans steeds sodanig verstaan dat dit uitloop op 'n eensydige fokus op materiële toestande.

Sen (1993: 30-53) skuif hierdie fokus, in sy ondersoek na welsyn in terme van die *bekwaamhede* van 'n persoon. Hy verstaan sodanige bekwaamhede ("capabilities") as die alternatiewe kombinasies van funksionerings (daardie dinge wat 'n persoon kan doen of wees) waaruit die persoon een versameling kan kies. Kwaliteit van lewe word dan aangeslaan in terme van die bekwaamheid of vermoë om waardevolle funksionerings te bewerkstellig (Sen 1993: 31). Sekere funksionerings, soos die verkryging van toereikende voeding en gesondheid, is eenvoudig en almal ag dit waardevol. Andere is meer kompleks maar word tog ook redelik algemeen hoog geag, soos om selfrespek en sosiale integrasie te bekom.

Omgewingsmoraliteit en onderliggende onderskeidings van waarde

Bak wil strategieë van omgewingsopvoeding evalueer en soek duidelikheid oor wat mense se optrede in omgewingsverband rig, sodat sy strategieë kan vergelyk. Bak (1997: 5-6) onderskei die hipergoedhede wat elk 'n morele raamwerk onderlê en rig, te wete 'n rasionalistiese, 'n voelend-waarnemende ("sentient") en 'n koöperatiewe.

Die rasionele benadering beklemtoon volgens haar die belang van navorsing omdat dit bydra tot oorlewing in 'n situasie van beperkte hulpbronne. Bak meen so 'n motivering berus op 'n te eng begrip van kennis en menslike florering wat nie die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

inherente waarde van die natuur en die menslike empatie tot sorg erken nie. Die gevoelgebaseerde benadering, wat erkenning gee aan die goedheid of waarde van die natuur, reageer op laasgenoemde kritiek deur klem te lê op 'n herbetrokkenheid by die natuur deur die uiting van "natuurlike gevoelens" (Bak: 1997: 5-6). Hierdie strategie verwaarloos egter weer die sosiale, politieke en ekonomiese konteks waarin mense leef. Die koöperatiewe benadering, wat berus op die hipergoedheid van sosiale geregtigheid, beklemtoon die sosiale aard van menslike bestaan en bring sosiale, politieke en ekonomiese oorwegings ter sprake in mens-omgewingsinteraksie. Also moedig dit 'n etiek van sorg in sosio-ekologiese verband aan. Dit bevorder 'n meer omvattende opvatting van florering en doen 'n beroep op sosiale verantwoordelikheid met betrekking tot die toekoms.

Hierdie koöperatiewe benadering het egter vir Bak (1997: 182) die begrip "omgewing" sodanig uitgebrei dat dit nie meer moontlik is om die relevansie en effek van handelinge te onderskei nie. Hoewel dit verhoogde kwaliteit van lewe beoog, is die benadering onduidelik oor presies wat daardie begrip behels. Terwyl die morele fokus verskuif vanaf individu na gemeenskap, bevraagteken Bak (1997: 190) die standpunt op verskeie gronde.

Soos Flyvbjerg, O'Neill, Taylor en andere streef Bak na 'n wyer reikwydte vir omgewingsmoraliteit. Bak (*op cit:* Hoofstuk 8) reageer dan op die bogenoemde drie benaderings deur wat sy beskou as 'n meer genuanseerde begrip van morele kennis voor te stel, wat die sterk en swak punte van aldrie benaderings in ag neem; wat berus op "in-stemming" ("attunement") of harmoniëring tussen plaaslike en globale standpunte; en wat berus op praktiese wysheid om handelinge in omgewingsverband te beoordeel.

Kontekstuele in-stemming en relativisme

Volgens Nussbaum (1993: 243) is daar 'n toenemende behoefte aan die koppeling van morele sake aan 'n bepaalde konteks, persoon of geskiedenis. Dit bring weer die gevaar van sosiale relativisme na vore. Gevolglik verwerp voorstanders van 'n

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

etiese benadering gebaseer op die menslike deugde pogings om 'n enkele norm van menslike florering te regverdig. Bak (1997: 204-5) sê selfs die hipergoedheid van sosiale geregtigheid wat die koöperatiewe benadering onderlê, word verskillend verstaan in verskillende situasies. Sy soek dus na 'n manier om hierdie hipergoedheid na te streef sonder dat interkontekstuele spanning ontstaan, terwyl andere se optrede in hul eie situasies nogtans deur enigeen beoordeel kan word as moreel beter of slegter. Dit verteenwoordig 'n soeke na 'n intergemeenskapsreël van diskriminasie wat spanning tussen die "plaaslike goeie" en die "globale goeie" moet oplos. Bak vind dit in 'n "ryker" interpretasie van sosiale geregtigheid. Haar soeke word gelei deur Nussbaum se interpretasie van Aristoteles.

Nussbaum (1993: 243 *ff*) streef na 'n objektiewe maar nie-neutrale rekenskap van menslike goedheid, toepasbaar in spesifieke situasies, maar ook met 'n universele strekking. Sy verstaan dit as 'n morele teorie wat regverdigbaar is volgens redes wat verwys na universeel gedeelde menslike kenmerke.

Vir Nussbaum (1993: 243 ff) helder Aristoteles se werk oor die deugde die verhouding tussen konkrete morele lewens en die tussenkulturele en globale kenmerke van menslike florering op. Dit hang saam met Aristoteles se elf "lewensfere" wat universeel by alle kulture voorkom, ervaringsgebiede waarin alle mense standpunte moet inneem en keuses moet doen. Keuses binne die sfere verteenwoordig die kultuurgebonde situasies van behoorlikheid, maar die sfere self is die terreine van universele, intergemeenskapservaring, oral en altyd van toepassing.

Bak (1997: 206 *ff*) sluit hierby aan en suggereer vir die konteks van omgewings-moraliteit die idee van "in-stemming", of in ooreenstemming bring. Enige individu staan te eniger tyd en op enige plek in 'n bepaalde verhouding met sy of haar omgewing, deur verbruik, afvalproduksie, lewensbesluite. Dit geld ook vir die natuurlike omgewing, al is daardie omgewing afgeskerm deur menslike kulturele skeppings en al is mense onbewus daarvan. Dit bring ook mee dat mense altyd 'n ter sake houding hieroor het, al is dit onbewustelik. Hierdie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

omgewingsbetrokkenheid en sosio-ekologiese interaksies verteenwoordig vir Bak gedeelde "begrondende ervarings" vir 'n gedeelde morele diskoers, dus 'n "lewensfeer." Hoewel mense dan mag verskil oor die toepaslikheid van bepaalde gesindhede, sou hulle verskil binne die gedeelde parameters van 'n bepaalde lewensfeer. Deur gedeelde "begrondende ervarings" en dus 'n algemene terrein vir morele diskoers, kan mens dus deel in dieselfde goedheid.

Vir Bak is "in-stemming" dus "die uitlewing van besondere praktyke binne universele, gedeelde intergemeenskapsomstandighede van menslike lewe" (1997: 207). 'n Algemene beeld van die behoeftes en moontlikhede van menslike lewe kom tot uiting in die spesifieke en konkrete omstandighede van die geskiedenis en kultuur. Individue se besondere ervarings in spesifieke omstandighede wat vir hulle konkrete betekenis het, kan deur in-stemming bydra tot 'n alles-insluitende tussenkulturele begrip van wat menslike florering beteken en van wat daardeur vereis word. Aldus kan ervarings in verskillende kontekste vergelyk word.

Bak (1997: 208) stel so 'n Aristoteliese benadering tot omgewingsgeregtigheid voor. Sy gee toe: "These "grounding experiences" themselves do not provide a precise, neutral, single bedrock of uninterpreted experiences. Even to have interpreted them as *grounding* experiences is itself an interpretation. But what it does do is to set up a framework in terms of which we can start comparing experiences in different contexts." Verskille kanselleer nie die moontlikheid van algemeenhede in ervaring nie. Bak meen dus, soos Nussbaum, dat relativiste die mate van oorvleueling en ooreenstemming tussen kulture onderbeklemtoon.

Hoewel daar universele beginsels van menslike florering bestaan, glo sowel Nussbaum as Bak (en Aristoteles) (vgl Bak 1997: 209) dat opvattings oor menslike florering nie geld vir alle lewensvorme nie. 'n "Goeie lewe" is spesies-relatief.

Die universele kenmerke van menslike florering omlyn dus die veld waarbinne gemeenskappe op hul besondere wyses ontwikkel en hulself uitleef, maar dit bied ook die grondslae vir die "in-stemming" van plaaslike opvattings van menslike

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

florering by 'n gedeelde tussengemeenskap-opvatting van florering gebaseer op sosiale geregtigheid.

Die aansluiting van Bak se denke by O'Neill s'n is weens inhoudelike waarde-ooreenstemming en strategie redelik voor die hand liggend. Sy stel sekere aspekte uitdruklik wat deurgaans implisiet is in sy betoog en haar strategie van "in-stemming" dui 'n koers aan vir die versoening van situasie-spesifieke opvattings in 'n wyere konteks, die korrelasie van plaaslike waardebesluite met die globale verband. In Hoofstuk 4 (p 147-9 hierbo) is Bak se navolging van die algemene reëls van rasionaliteit en sekere uitgangspunte van MacIntyre en Taylor se prosedure van "Beste Rekenskap" reeds opgesom vir navolging by situasiespesifieke waardeberedenering. Sy bring dit tuis binne die Aristoteliese begrip van "praktiese wysheid" en daaroor val iets meer te sê.

Praktiese wysheid

In hierdie begrip slaan "prakties" vir Bak op die wete van hoe om te *handel* volgens die riglyne van wysheid, en "wysheid" oor wat selfbewuste, oorwoë nadenke aandui as *belangrik in die lewe* (vgl Bak 1997: 210). Dit berus vir haar op twee begrippe:

- Praktiese redenering
- Hipergoedhede

Bak, weer in navolging van Taylor, beklemtoon die klassieke betekenis van wysheid: Nóg insig vanuit onbetrokke redenering, nóg insig vanuit waardebelaaide subjektiewe verstaan, maar insig in die orde van die werklikheid en die mens wat daarvan deel is, se plek daarbinne is ter sprake. Dit sou 'n staat van ooreenstemming of in-gestemdheid meebring, maar ook meer: 'n mens kan daarvolgens nie die orde en jou plek daarbinne verstaan sonder dat die goedheid daarvan ingesien word, sonder dat jy dit liefhet nie (vgl Taylor 1985: 142).

Hierdie standpunt sluit gemaklik aan by 'n godsdienstige rasionaal vir 'n positiewe

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

omgewingsgesindheid. Die skeppingsorde uiteengesit in Psalm 104 en daargestel deur die wysheid van 'n Skepper wat die tye en werksaamheid van alles vasgelê het, voorsien ook in menslike behoeftes en die mens moet daardie Skepper loof en liefhê. In hierdie skepping kan die moderne mens langs die rasionele weg van die ekologie steeds meer kennis oor hierdie orde en sy plek daarbinne bekom.

Bak (1997: 211) wys uit dat Taylor en Nussbaum nie 'n ommekeer na 'n Griekse rasionaliteit voorstaan nie, maar eerder streef na 'n breër en ryker begrip van 'n ingestemde rasionaliteit verbonde aan 'n onderling gedeelde opvatting van die goeie. Dit is die wysheid wat Bak wil bevorder as 'n praktiese wysheid wat verwesentlik word deur:

- navolging van die reëls van beredeneerde debat
- opheldering van die situasie waarin ons wortel
- artikulasie van ons gedeelde morele verbondenhede binne en tussen gemeenskappe

Bak sê hieroor:

1. Die norme van beredeneerde debat (konsekwentheid, samehang, relevansie en duidelike getuienis) wat histories ontwikkel het as riglyne vir betroubare ondersoek in alle gemeenskappe, moet die grondslag vorm van praktiese wysheid. Dit word aangewend om 'n "Beste Rekenskap" te gee (vgl p 148-9 hierbo).

2. Die perke deur hierdie reëls aangedui, is egter nie die enigste gronde vir morele korrektheid nie. Dit word aangevul deur ons visie van ons menswees, ons begrip van ons lewensgehalte en van wat dit vir ons beteken om te gedy. Die tweede stap in 'n interpretasie van praktiese wysheid is dus 'n beroep op mense se gedeelde morele verbondenhede. Dit verwys na hipergoedhede gedeel binne en tussen gemeenskappe op soortgelyke wyse as die reëls van beredeneerde debat, maar so 'n goedheid sal aantoon wat benadeel en wat bevorder lewenswaardigheid. Praktiese redenering word dus herkoppel aan ons (gedeelde) verbondenhede,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

daardie hipergoedhede wat ons help om waarde te onderskei en handelinge te orden as minder of meer waardevol. Daarvolgens sou ons byvoorbeeld kon besluit hoe die werkgeleenthede en winste bekombaar uit toerisme-ontwikkeling op 'n tot dusver ongeskonde stuk Knysna-kus opweeg teen die gevolglike verlies of potensiële verlies van onvervangbare natuurskoon, habitat en natuurlewe; of hoe die laasgenoemde sou opweeg teenoor soortgelyke ontwikkeling op alternatiewe grond. Werkgeleenthede bevoordeel wel 'n sekere getal mense, maar nie-monetêre natuurwaardes speel ook 'n belangrike rol in die meer-as-net-materiële welsyn van moontlik meer mense en vir 'n langer tyd.

Vir Taylor is alle rasionele oorwegings gekoppel aan hipergoedhede. Bak (1997: 214) voeg by "... in terme van ons artikulasie." Om praktyke te verhelder, moet idees uitgedruk word in taal. Maar elkeen van ons se taal van ontleding, verduideliking, oorweging, regverdiging, is onontkombaar verbind aan sy hipergoedhede. Praktiese wysheid probeer dus om die "menslike toestand" te verklaar deur artikulasie van daardie hipergoedhede waaruit ons sin vir eie waarde en menslike waardigheid saamgestel is. Praktiese wysheid is dus gekoppel aan artikulasie van die betekenisvolle orde van ons eie wêreld, waarin onder meer Christelike denkers soos dié vermeld op p 236 hierbo in omgewingsverband leiding verskaf aan Suid-Afrikaanse Christene.

Nussbaum (1993: 236) beskou so 'n vorm van redenering as minder net en eenvoudig, as vergelykend eerder as absoluut, en dit mag ietwat indirek wees in die artikulasie van die komplekse verbondenhede wat praktyke motiveer. Gevolglik moet dit lei tot komplekse en skynbaar slordige beskrywings, wat *op sigself* geen rede is vir verwerping nie. Daar mag immers "presisie wees in die helder beskrywing van 'n hoogs komplekse en vae situasie, en ontwyking en vaagheid in 'n eenvoudige skematiese beskrywing van 'n veelkantige konkrete geval."

Die taal van persoonlike gevoelens kan nie die neutrale, absolute, universele wetenskaplike taal van die rasionele benadering wees nie. Eweneens kan dit ook geen verpersoonlikte private taal soos in die gevoelgebaseerde benadering wees

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

nie. Praktiese redenering moet spesifisiteit uitdruk én ons koppel aan die gedeelde menslike lot. Praktiese wysheid druk praktiese redenering uit, sowel as 'n gedeelde opvatting van die goeie, aldus Bak (1997: 215). Ook: Die morele verbondenhede vir argumentering is nie subjektief begrond nie. Hipergoedhede ontwikkel histories en word gedeel deur lede van 'n gemeenskap en ander gemeenskappe. Aldus ontsnap praktiese wysheid aan die relativistiese posisie (1997: 219), verleen dit 'n sin van menslike waarde aan rasionele agente wat rasionaliteit uitdruk op 'n wyse wat menslike florering bevorder en tegelyk deel het aan 'n etiek van sorg wat berus op sosiale geregtigheid (vgl 1997: 222).

SAMEVATTING

Toegepas op waardeberedening en -besluitneming in omgewingsverband vereis ideaalgedrewe standpunte dus ten eerste dat die onderliggende hipergoedhede of onderskeidings van waarde verbonde aan praktyke of argumente duidelik geartikuleer word.

Die samehang van 'n spesifieke standpunt met die onderliggende onderskeiding van waarde bepaal die wyse waarop en mate waartoe dit waarde ontleen aan daardie hipergoedheid, wat sin gee aan ons lewens en bydra tot die morele kwaliteit daarvan.

Omdat verskillende moraliteite elk veranker is in 'n ander hipergoedheid wat nie vergelykbaar is in terme van 'n supermoraliteit nie, vind vergelyking plaas vanuit 'n samelewingsverband. In die Suid-Afrikaanse samelewing word godsdienstige waardes deur die meeste mense, ten minste in beginsel, as van die hoogste waarde erken, terwyl alle Suid-Afrikaanse godsdienste al in omgewingsverband standpunt ingeneem het (vgl Hoofstuk 3 hierbo). Hierdie standpunte oorvleuel prinsipieel en dus ondersteun hulle mekaar en in die praktyk vul hulle mekaar aan. In Bak se taal is hulle "in-gestem".

Dergelike standpunte verander geleidelik en sal, spesifiek vanweë die moderne

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

omgewingsfokus, alhoemeer toepaslike antwoorde verskaf of, soos Taylor dit stel, ons "helderder laat sien." Afgesien van die godsdienstige verband, is al die beginsels van individuele en sosiale moraliteit bespreek op p 154-165 hierbo potensieel ter sake.

Binne die konteks van 'n bepaalde morele raamwerk word standpunte op rasionele gronde vergelyk aan die hand van 'n "Beste Rekenskap" prosedure.

Hoewel morele oorwegings in waardeterme (Bak se "sterk onderskeidings van waarde") gewoonlik die meeste gewig behoort te dra, staan omgewingskwessies meestal ook in verband met materiële welsyn en dus ekonomiese waarde, wat op verbruikersvlak belangrik geag word. (Dit is Bak se "swakker onderskeidings van waarde"). Die strewe van voorstanders van ideaal-oorwegende standpunte van omgewingswaarde is om uit te wys dat die ekonomiese net een soort waarde is. Dis wel instrumenteel tot materiële welsyn en fisiese oorlewing, maar mense wil nie net *oorleef* nie. Dit wat meermale net as hulpbronne geag word, hou dikwels ook intrinsieke waarde in, die erkenning waarvan aan menslike welsyn 'n geestelike dimensie toevoeg. Daardie erkenning van daardie waarde verbreed moraliteit in omgewingsverband tot 'n ryker en meer toereikende motivering vir bewaringsoptrede, in 'n omgewing waarin mense op unieke menslike maniere kan *leef*, eerder as net voortbestaan.

Die ironie hier is dat, hoe meer tot die ekonomiese waarde van 'n item ook ander waardes toegevoeg word, hoe waarskynliker word die behoud daarvan en dus hoe waarskynliker word menslike oorlewing. Daarteenoor, hoe meer waarde-inhoud verskraal word tot net die ekonomiese, hoe minder sinvol word oorlewing. Die miskenning van party relevante waardes in beredenering is dus nie rasioneel nie, afgesien van die uiteindelike geestelike verarming waarop dit afstuur.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

EPILOOG

Hierdie ondersoek het gemik op evaluasie van die waardes onderliggend aan omgewingsbewaring. Daar is ag geslaan op internasionaal aanbevole bewaringsriglyne (Hoofstuk 1), op pogings om ekonomiese denke "omgewingsvriendelik" te maak (Hoofstuk 2) en op Suid-Afrikaanse omgewingswetgewing en -beleid (Hoofstuk 5). Dit het duidelik geword dat besluite en handeling in omgewingsverband in die Weste en feitlik oor die hele wêreld heen gereduseer word na instrumentele rasionaliteit, soos versinnebeeld in ekonomiese KVA.

Die etiese vereistes vir bewaringsoptrede is van verskillende kante bekyk. Ook is gelet op moontlike verklarings vir die aard van die oorheersende benadering. In aansluiting by Frankena (p 44 hierbo) se stelling dat enige volledige etiek ook 'n etiek oor die omgewing insluit, minstens indirek, en by die Wêreld-bewaringstrategie van 1991 se standpunt dat etiese fundering vir bewaringsoptrede in plaaslike kultuur gesoek moet word, is in Hoofstuk 3 aangedui dat formele godsdiens, veral die Christelike, vir 'n groot meerderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking 'n morele verwysingspunt uitmaak. Dit bring reëlmortaliteit te berde, wat in elk geval ter sprake gebring word in 'n wyd verspreide en toenemende ontevredenheid onder diegene wat glo sekere intrinsieke waardes in die natuur word misken deur 'n eksklusief instrumentele beredenering wat die omgewing feitlik uitsluitlik as hulpbronne vir menslike gebruik beskou.

'n Meta-etiese oorskouing van die morele beredenering wat handeling voorafgaan en rig (Hoofstuk 4) het die inherente konflik tussen die waardes vanuit die voormelde twee waardedomeine na vore gebring. Die mening van verskeie outeurs dat 'n Aristoteliese benadering die potensiaal inhou vir 'n meer gebalanseerde oorweging van meer soorte waardes en prioriteite (hoewel dikwels teenstrydig) as die ekonomiese, is dus ondersoek (Hoofstuk 6). Vanuit 'n reëlmorele (eweseer godsdienstige) basis kan intrinsieke natuurwaardes in Aristoteliese argumentering bygebring word, vir 'n ruimer oorweging van ook die intrinsieke waardes van ander

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

lewensvorme en die hele skepping. Enige beredenering oor optrede in bewaringsverband verloop egter vanuit 'n bepaalde samelewingsverband onder bepaalde sosio-ekonomiese omstandighede. Ten opsigte van die Suid-Afrikaanse samelewing, verdien 'n paar feite vermelding.

CFE se klassifikasie van 160 lande volgens inkomste (CFE 188-9) en die klassifikasie van lande volgens kommersiële energieverbruik en menslike vrugbaarheidskoers (CFE 194-7) dui daarop dat Suid-Afrika beter daaraan toe is as verreweg die meeste ander lande (46ste op die totale inkomstelys). Terselfdertyd het die land 'n medium hoë koers van energieverbruik (83 gigajoules per persoon in 1987) en 'n hoë totale vrugbaarheidskoers (4,2 lewende geboortes per vrou in 1991). Ondersoek op die plaaslike toneel toon egter 'n uiters skewe inkomsteverspreiding, met verreweg die meeste inwoners op 'n relatief lae inkomstevlak (Huntley *et al* 1989: 50). 'n Redelike verwagting dat die nuwe Suid-Afrikaanse regering die Wêreldstrategie se prioriteit aan 'n "verbeterde" ekonomie (CFE: 20) onder sulke omstandighede sal onderskryf, word bevestig deur die klemtone in die Groenskrif oor beoogde omgewingswetgewing (vgl p 231 hierbo). Die strategie koppel egter so 'n teiken aan groot uitgawes aan omgewingsbeskerming, wat in Suid-Afrika onder huidige omstandighede onwaarskynlik lyk. Versnelde ekonomiese groei word aanbeveel deur Huntley *et al* (1989: 84-6) ten einde die land te plaas op 'n "High Road" na beter toestande.

Die "groei"-begrip is ontleen aan die biologiese domein en versnelde "groei" impliseer ooreenstemmend meer "voeding' (hulpbronverbruik) en meer "uitskeiding" (besoedeling). Versnelde groei gaan dus onafwendbaar gepaard met toenemende omgewingsontwrigtende invloede. Waar armoede oorkom moet word, is bewaringsbesteding egter altyd onder druk. En waar armoede reeds oorkom is, hou die handhawing van groei die omgewing onder druk, met 'n invloed ook buite die grense van 'n land. Hierdie oorwegings maak die ietwat onvleiende opmerkings oor bogenoemde groei-voorstelle van Huntley *et al* deur Holmes Rolston III (1994: 149) verstaanbaar. Hy sê, onder meer: "On a per person basis, white South Africans are the world's worst greenhouse offenders ..." en "...What is the solution? Laissez-faire

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

capitalists, often prominent in government, propose growth so that everyone can become prosperous, oblivious to the fact that even the present South African relationship to the landscape is neither sustainable nor healthy."

Moreel, in globale verband en idealisties beskou, behoort een land in die wêreldgemeenskap net 'n oplossing na te streef wat nie die ander benadeel nie. 'n Wetenskap-tegnologie-kapitalisme antwoord (vgl p 98-9 hierbo) soek egter die oplossing van die probleem binne een van sy vernaamste oorsake. Volgehoue groei openbaar toenemend die eindigheid en perke van die beskikbare groeiruimte. Vandaar die klem op volhoubaarheid. Achterberg (1994: 24-9) sê in hierdie verband: "Conceptueel is de notie van duurzame groei nog merkwaardiger dan de idee van een duurzame samenleving: geen samenleving kan onbeperkt voortbestaan, en groei op een eindige planeet al helemaal niet." Daly (1993: 267) sê weer: "In its physical dimensions the economy is an open subsystem of the earth ecosystem, which is finite, nongrowing and materially closed. As the economy grows it incorporates an ever greater proportion of the total ecosystem into itself and must reach a limit of 100%, if not before. Therefore its growth is not sustainable. The term 'sustainable growth' when applied to the economy is a bad oxymoron - selfcontradictory as prose, and unevocative as poetry."

Teen hierdie agtergrond is dit duidelik waarom 'n ekonoom soos Daly lankal reeds (Daly 1973) wil voortbou op die denke van J.S. Mill,[73] wat strewe na 'n ideaal van 'n stasionêre staat-ekonomie (konstante hoeveelheid kapitaal, konstante hoeveelheid mense). Van hierdie standpunt het die Suid-Afrikaanse regering ook reeds kennis geneem[74].

Daly (1973: 5) bevestig dus die onmoontlikheid van volgehoue groei op 'n eindige wêreld en ontwikkel hierdie denke in latere werk waarin hy sê (Daly 1993: 267 ff): "Economists will complain that growth in GNP is a mixture of quantitative and

---

[73] Mill, JS (1857) *Principles of Political Economy Vol II.*

[74] Departement van Omgewingsake en Toerisme (1997) CONNEP II Conference Proceedings Verbatim (p 57).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

qualitative increase and therefore not strictly subject to physical laws. They have a point. Precisely because quantitative and qualitative change are very different it is best to keep them apart and call them by the different names already provided in the dictionary. To *grow* means 'to increase naturally in size by the addition of material through assimilation or accretion.' To *develop* means 'to expand or realize the potentialities of: to bring to a fuller, better state.' When something grows it gets bigger. When something develops it gets different. The earth ecosystems develops but it does not grow. Its subsystem, the economy, must eventually stop growing, but can continue to develop. The term 'sustainable development' therefore makes sense for the economy, but only if it is understood as 'development without growth' - i.e. qualitative improvement of a physical economic base that is maintained in a steady state by the throughput of matter-energy that is within the regenerative and assimilative capacities of the ecosystem. Currently the term 'sustainable development' is used as a synonym for the oxymoronic 'sustainable growth.' It must be saved from this perdition." En, laastens (Daly 1993: 268): "To delude ourselves into believing, that growth is still possible and desirable if only we label it 'sustainable' or color it 'green' will just delay the inevitable transition and make if more painful."

Hierdie uitvoerige aanhaling geskied met meer as een doel:

- Dit bevestig hoe diep en wyd verspeid die groei-antwoord is as 'n oplossing vir ekonomiese probleme. (Nie net Suid-Afrikaanse ekoloë (p 289 hierbo) het al in daardie slagyster getrap nie, want Daly meen selfs die Brundtland-verslag (p 8 hierbo) stel die groeiteikens so ruim dat dit moet uitloop op dreigende ineenstorting.
- Verder toon Daly aan dat, omdat hulp aan die armes noodsaaklik is, en omdat huidige vorme van ekonomiese groei meer beperk is as wat eers vermoed is (soos duidelik uit aardsistemiese skade in terme van osoonskade, atmosferiese verwarming, en dies meer) moet die groei wat wel geskied, plaasvind om dinge te voorsien wat werklik noodsaaklik is, soos kos, kleding, skuiling. Dit het groot implikasies vir die nuwe Suid-Afrikaanse regering, wat maar pas van kapitalistiese groeidoelwitte oortuig is (met behulp van "feite" uit 'n ekonomiese verlede waarvan

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die verwysingsveld radikaal verander het weens omgewingsverval, bygesê). Die voorsiening in dergelike materiële middele hang direk saam met die groei in bevolkingsgetalle, wat nou prioriteitsaandag vereis. Minder mense wat lewe kan immers beter oorleef.

- Laastens beklemtoon Daly se onderskeiding tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe verandering (of groei) die geldigheid van die denkrigting van ideaaloorwegende vertolkings van welsyn en lewensgehalte. Daly het vroeër reeds (1973: 27, nota 5) uitgewys dat as "hoeveelheid" nie fisiese dimensies het nie, dit nie ingehou word deur fisiese perke nie. "Psigiese" inkomste of welvaart mag ewig toeneem. Dit sluit aan by die uitbreiding van die welsyn-begrip deur O'Neill en andere aan die hand van Aristoteliese riglyne (Hoofstuk 6 hierbo).

Die teenstrydighede in hierdie situasie het Vermeersch laat besluit (p 83 hierbo) ons keuse lê tussen twee soorte katastrofe, 'n ekologiese of 'n morele. 'n Poging om nietemin iets aan die saak te doen, sal móét fokus op die twee sake aan die kern van die probleem, te wete veranderde konsumpsiepatrone en bevolkingsgroei. In hierdie ondersoek is gewys op hoe verskeie outeurs se aandrang op ander, prakties meer realistiese en moreel meer bevredigende opvattings van menslike welsyn en armoede 'n verskil kan maak by die oplossing van die eerste probleem. In sy kommentaar oor Suid-Afrika spits Rolston (1994: 149-50) nie net toe op probleme van die blanke burgery nie: "We make a serious mistake however, if we conclude from the problem of inequitable distribution of wealth that there is not also a population problem. Even if there were an equitable distribution of wealth, the human population cannot go on escalating without people becoming equally poor." Hierdie saak word natuurlik vererger deur blykbaar onbeheerbare instroming van mense oor die grense van die land.

Die kwessie van duidelike mikpunte en optredes met betrekking tot bevolkingsgroei is ook uiters kompleks (CFE: 45-6) met godsdienstige, kulturele, ekonomiese en opvoedkundige implikasies (CFE: 49). Onlangse wetgewing oor die beëindiging van swangerskap het getoon die Suid-Afrikaanse regering is bereid tot buitengewone maatreëls teen baie teenstand in. Hopelik sal daardie gesindheid gehandhaaf word

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wanneer onpopulêre oorwegings van voortbestaansbelang in die mens se verhouding tot sy leefomgewing ter sprake kom.

Leemtes uitgewys ten opsigte van die waardes wat voorgenome omgewingswetgewing en -beleid in Suid-Afrika onderlê, is tot nogtoe verontagsaam in die teenswoordige konsultasieproses (voetnota 63, p 233 hierbo), maar die strewe na 'n wyer en ryker konsipiëring van menslike welsyn onder diegene wat meer verlang as net oorlewing, sal beslis voortduur. Strewes na die hedendaagse simbole van materiële welvaart is verleidelik vir armes die wêreld oor. Dit is ondenkbaar dat dit vrywillig prys gegee sal word. Uiteindelike prysgawe lyk egter onafwendbaar, en nie net deur die armes nie. Juis daarom is dit gerusstellend dat onvermydelike verandering in kwantitatiewe teikens nie ewe onvermydelik alle moontlikhede vir alle soorte groei beëindig nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

BIBLIOGRAFIE

Achterberg, W. (1994). *Samenleving, Natuur en Duurzaamheid.* Leiden: Van Gorcum & Comp. B.V.

Aristoteles. (1948). Vertaling E. Barker. *Politics*. Oxford: Oxford University Press.

Aristoteles. (1985). Vertaling T. Irwin. *Nicomachean Ethics*. Indianapolis: Hackett.

Arthur, J. (Ed.) (1981). *Morality and Moral Controversies*. Englewood Cliffs N.J.: Prentice Hall Inc.

Austin, J. (1954). *The Province of Jurisprudence Determined*. London: Weidenfield and Nicolson.

Attfield, R. (1983). *The Ethics of Environmental Concern.* New York: Columbia University Press.

Ayer, A.J. (1946). *Language, Truth and Logic* (2nd Ed.). London: Gollancz.

Baier, K. (1958). *The Moral Point of View*. Ithaca N.Y.: Cornell University Press.

Bak, N. (1997). *Moral Justifications of Environmental Education*. Ongepubliseerde D Phil-proefskrif. Universiteit van Wes-Kaapland.

Baram, M. (1980). Cost-Benefit Analysis: An Inadequate Basis for Health, Safety and Environmental Regulatory Decision Making. *Ecological Law Quarterly* 473.

Barth, K. (1959). *Protestant Thought: From Rousseau to Ritschl*. New York: Harper & Brothers.

Baumol, W. & W.E. Oates (1979). *Economics, Environmental Policy and the Quality of Life.* Englewood Cliffs N.J.: Prentice Hall Inc.

Baxter, W.F. (1974). *People or Penguins: The Case for Optimal Pollution*. New York: Columbia University Press.

Bayliss, C.A. (1958). Grading, Values and Choice. *Mind* LXVII: No. 268: 485-501.

Borchert, D.M. and D. Stewart (1986). *Exploring Ethics*. New York: MacMillan Publishing Company.

Boersema, J.J. (1994). First the Jew but also the Greek: In Search of the Roots of the Environmental Problem in Western Civilisation. In Zweers, W. en J.J. Boersema (Red) (1994). *Ecology, Technology and Culture*. Cambridge: The White Horse Press.

Bosso, C.J. (1993). Environmental Values and Democratic Institutions. In J.M. Gillroy (Ed). *Environmental Risk, Environmental Values and Political Choices*. San Francisco: Westview Press.

Bothma, J. du P. & Glavovic P.D. (1992). Wild Animals. In Fuggle R.F. en M.A. Rabie. *Environmental Management in South Africa*. Kaapstad: Juta & Co. Ltd.

Boulding, K.E. (1970). The Economics of the Coming Spaceship Earth. In G. de Bel. *The Environmental Handbook*. New York: Ballantyne.

Bram, L.L., R.S. Phillips & N.H. Dickey (1983). *Funk and Wagnalls New Encyclopedia* (Vol 2: 223-4 en 16: 262). Funk and Wagnalls, USA.

Brody, B. (1983). *Ethics And Its Applications*. New York: Harcourt Brace Jovanovich.

Bunnin, N. & E.P. Tsui-James (Eds) (1996). *The Blackwell Companion to Philosophy*. Cambridge, Massachusetts: Blackwell Publishers Inc.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Callicott, J.B. (1980). Animal Liberation: A Triangular Affair. *Environmental Ethics* 2(4) Winter.

Carson, R. (1962). *Silent Spring*. Boston: Houghton Mifflin.

Colwell, T.B. (1969). The Balance of Nature: A Ground for Human Values. *Main Currents in Modern Thought* 26:50.

Constitutional Assembly, Republic of South Africa (1996). Act 108 of 1996: *The Constitution of the Republic of South Africa as adopted on 8 May 1996 and amended on 11 October 1996*. Pretoria: Staatsdrukker.

Copi, I.M. (1968). *Introduction to Logic.* New York: The Macmillan Company.

Daly, H.E. (1973). *Towards a Steady State Economy*. San Francisco: Freeman.

Daly, H.E. (1993). Sustainable Growth: An Impossibility Theorem. In H.E. Daly and K.N. Townsend (Eds.) *Valuing the Earth*. London: The Mitt Press.

Daly, H.E. & J.B. Cobb (1990). *For The Common Good.* London: Green Print.

Daly, H.E. & K.N. Townsend (Eds.) (1993). *Valuing the Earth*. London: The Mitt Press.

Darwall, S., A. Gibbard, P. Railton (1992). Toward *Fin de Siecle* Ethics: Some Trends. *The Philosophical Review* 101 (1) January.

Departement van Omgewingsake (1993). Witskrif: *Beleid oor 'n Nasionale Omgewingsbestuurstelsel vir Suid-Afrika*. Pretoria: Staatsdrukker.

Departement van Omgewingsake (1994). Kennisgewing 51: *Algemene Beleid Ingevolge die Wet op Omgewingsbewaring (Wet no. 73 van 1989).* Staatskoerant 15428, 21 Januarie 1994. Pretoria: Staatsdrukker.

Department of Environmental Affairs and Tourism (1996).

1. *Towards a New Environmental Policy for South Africa*: Discussion Document. April.
2. *An Environmental Policy for South Africa*: Green Paper for Public Discussion. October.
3. *Green Paper On The Conservation And Sustainable Use Of South Africa's Biological Diversity.* October.

Pretoria: Staatsdrukker.

Department of Environmental Affairs and Tourism (1997). Notice 1096: *White Paper On Environmental Management Policy For South Africa*. Staatskoerant 385 (18164). Augustus. Pretoria: Staatsdrukker.

Departement van Waterwese, Bosbou en Omgewingsbewaring (1980). *Witskrif Oor 'n Nasionale Beleid insake Omgewingsbewaring.* Pretoria: Staatsdrukker.

De Villiers, M., J. Smuts en L.C. Eksteen (1982). *Nasionale Woordeboek*. Kaapstad: Nasou Beperk.

Dewey, J. (1939). Theory of Valuation. *International Encyclopedia of Unified Science* II(4). Chicago: University of Chicago Press.

Eenheid vir Omgewingsetiek, Departement Filosofie, Universiteit van Stellenbosch (1997). Ongepubliseerde kommentaar van 'n multidissiplinêre groep op die *White Paper on Environmental Management Policy for South Africa*. 28 Augustus.

Engberg, R. & D. Weslings (Eds.) (1980). *John Muir: To Yosemite and Beyond: Writings from the years 1863 to 1875*. Madison: University of Wisconson Press.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Fien, J. (1993). Education for Sustainable Living: An International Perspective on Environmental Education. *Suider-Afrikaanse Tydskrif vir Omgewingsop-voeding* 7(20).

Flew, A. (Ed.) (1983). *A Dictionary of Philosophy*. London: Pan Books Ltd.

Flyvbjerg, B. (1993). Aristotle, Foucault and Progressive Phronesis: Outline of an Applied Ethics for Sustainable Development. In Winkler E.R. en J.R. Coombs (Eds.) *Applied Ethics: A Reader*. Oxford: Blackwell.

Freeman, A.M. III (1986). The Ethical Basis of the Economic View of the Environment. In VanDeVeer & C. Pierce (1986). *People, Penguins and Plastic Trees*. Belmont Ca: Wadsworth Publishing Co.

Froise, M. (Ed.) (1990). *South African Christian Handbook*. Florida, South Africa: Christian Info.

Fuggle, R.F. & M.A. Rabie (Eds.) (1983). *Environmental Concerns in South Africa*. Cape Town: Juta & Co, Ltd.

Fuggle, R.F. & M.A. Rabie (Eds.) (1992). *Environmental Management in South Africa.* Cape Town: Juta & Co, Ltd.

Gillroy, J.M. (Ed.) (1993). *Environmental Risk, Environmental Values And Political Choices*. San Francisco: Westview Press.

Glavovic, P.D. (1990). Some Thoughts of an Environmental Lawyer on the Implications of the Environment Conservation Act 73 of 1989: A Case of Missed Opportunities. *The South African Law Journal* 107(1).

Glazewski, J. (1991). The Environment, Human Rights And A New South African Constitution. *South African Journal On Human Rights* 7(2).

Goodpaster, K.E. & K.M. Sayre (Eds.) (1979). *Ethics and Problems of the 21st Century*. London: University of Notre Dame Press.

Grondbewaringswet No. 45 (1946). Pretoria: Staatsdrukker.

Haldane, J. (1991). Medieval and Renaissance Ethics. In P. Singer (Ed.) A *Companion to Ethics*. Cambridge Mass.: Basil Blackwell Inc.

Hardin, G. (1968). The Tragedy of the Commons. *Science* 162 December.

Hare, R.M. (1952). *The Language of Morals*. Oxford: Oxford University Press.

Harrison, P. (1994). Population Facts that can spur Women's Well being. *People and the Planet* 3(3).

Hart, T. (1992). Socio-Political Factors. In Fuggle R.F. & M.A. Rabie. *Environmental Management in South Africa*. Cape Town: Juta & Co, Ltd.

Hartwick, J.M. & N.D. Oleweiler (1986). *The Economics of Natural Resource Use*. New York: Harper & Row.

Hegel, G.F.W. (1967). (Vert. T. Knox) *Philosophy of Right*. Oxford: Clarendon Press.

Heilbroner, R. (1980). *The Worldly Philosophers*. New York: Penguin Books.

Hey, D. (1977). The History and Status of Nature Conservation in South Africa. In A.C. Pierce (Ed.) *A History of Scientific Endeavour in South Africa.* Wynberg, Cape: Rustica Press (Pty. Ltd.).

Heyne, P. & T. Johnson (1976). *Toward Economic Understanding*. Chicago: Science Research Associates.

Hirschman, A.O. (1992). *Rival Views of Market Society and Other Recent Essays*. Cambridge Mass.: Harvard University Press.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hunt, W.M. (1980). Are Mere Things Morally Considerable? *Environmental Ethics 2.*

Huntley, B., Siegfried, R. & Sunter, C. (1989). *South African Environments into the 21st Century*. Kaapstad: Human & Rousseau.

IUCN/UNEP/WWF (1980). *World Conservation Strategy: Living Resource Conservation for Sustainable Development.* Gland, Switzerland.

IUCN/UNEP/WWF (1991). *Caring for the Earth: A Strategy for Sustainable Living.* Gland, Switzerland.

Kaaplandse Natuurbewaring en Museums (ongedateerd, ca 1993). *Missie*. Kaapstad

Kelman, S. (1986). Cost-Benefit Analysis: An Ethical Critique. In VanDeVeer, D. & C. Pierce (1986). *People, Penguins and Plastic Trees*. Belmont Ca: Wadsworth Publishing Co.

Krieger, M.H. (1973). What's wrong with plastic trees? Rationale for preserving rare natural environments involve economic, societal and political factors. *Science* 179 (4072).

Kritzinger, J.J. (1990). Theology and the Contemporary Tension Between Development and Conservation. Referaat by Konferensie: *The Relevance of Theology in the 1990's*. Stellenbosch 20-22 September 1990.

Kritzinger, J.J. (1991). The Ecological Crisis. *Missionalia* 19(1) April.

Laslett, P. (Ed.) (1960). *John Locke. Two Treatises of Government*. New York: Cambridge University Press.

Leonard, H.B. & R.J. Zeckhauser (1986). Cost Benefit Analysis Defended. In VanDeVeer, D. & C. Pierce (Eds.) *People, Penguins and Plastic Trees*. Belmont Ca: Wadsworth Publishing Co.

Leopold, A. (1949). *A Sand County Almanac: And Essays on Conservation from Round River*. New York: Oxford University Press.

Lewis, C.I. (1946). *An Analysis of Knowledge and Valuation*. La Salle, Illinois: The Open Court Publishing Company.

Loader, J.A. (1987). Image and Order: Old Testament Perspectives on the Ecological Crisis. In W.S. Vorster (Ed.) *Are We Killing God's Earth?* Pretoria: UNISA (Miscellania Congregalia 30).

Loader, J.A. (1991). Life, Wonder and Responsibility: Some Thoughts on Ecology and Christian Mission. *Missionalia* 19(1) April.

Los Angeles Times (1972). Berig op 8 Februarie oor plastiekbome.

Lutz, W. (1994). Mauritius finds the magic mix. *People and the Planet* 3(3).

Marcet, J.H. (1819). *Conversations in Political Economy*. London.

Marx, K. (1844). *Economic and Philosophical Manuscripts*. In L. Colletti (1974). *Early Writings*. Harmondsworth: Penguin.

Marx, K. (1974). In C. Arthur (Ed.) *The German Ideology*. London: Lawrence & Wishart.

McDowell, J. & D. Stewart (1980). *Answers To Tough Questions*. San Bernardino: Here's Life Publishers Inc.

McKenzie, R.B. & G. Tullock (1978). *The New World of Economics*. Homewood, Illinois: Richard D. Irwin.

Meadows, D.H. & D.L. Meadows, J. Randers & W.W. Behrens (1972). *The Limits to Growth*. New York: New American Library.

Midgley, M. (1983). Duties Concerning Islands *Encounter* LX February.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Mill, J.S. (1857). *Principles of Political Economy*. London: John W. Parker.
Mill, J.S. (1988). *Utilitarianism* London: Longmans, Green.
Moore, G.E. (1903). *Principia Ethica* Oxford: Oxford University Press.
Myers, N. (1980). *The Sinking Ark*. Oxford: Pergammon Press.
Naess, A. (1973). The Shallow and the Deep, Long-Range Ecological Movement. *Inquiry* 16.
Natalse Parkeraad (1992). *Missieverklaring*. Pietermaritzburg: Natalse Raad vir die Bewaring van Parke, Wild en Vis.
New Scientist. (1970). Redaksionele artikel. *New Scientist*. 48: 732. 31 Desember.
Niebuhr, H.R. (1951). *Christ and Culture*. New York: Harper & Brothers.
Nowell-Smith, P.H. (1954). *Ethics.* Melbourne: Penguin.
Nozick, R. (1974). *Anarchy, State and Utopia*. New York: Basic Books.
Nürnberger, K. (1987). Ecology and Christian Ethics in a semi-industrialized and polarized society. In W.S. Vorster (Ed.) *Are We Killing God's Earth*? Pretoria: UNISA (Miscellania Congregalia 30).
Nussbaum, M. (1993). Non-Relative Virtues: An Aristotelean Approach. In M. Nussbaum & A. Sen. *The Quality of Life*. Oxford: Clarendon Press.
Nussbaum, M. & A. Sen (Eds.) (1993). *The Quality of Life*. Oxford: Clarendon Press.
Olen, J. & V. Barry (1996). *Applying Ethics*. New York: Wadsworth Publishing Co.
Oliver, D.F. (1987). "God's Rest" the core and Leitmotif of a Christian holistic view of Reality. In W.S. Vorster (Ed.) *Are We Killing God's Earth?* Pretoria: UNISA (Miscellania Congregalia 30).
O'Neill, J. (1993). *Ecology, Policy and Politics*. London: Routledge.
Ordonnansie, Transvaal (1983). *Ordonnansie tot Samevatting en Wysiging van die Wetsbepalings met betrekking tot Natuurbewaring en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak*. Buitengewone Offisiële Koerant 228 (4298). Prokklamasie 519. Pretoria: Provinsiale Administrasie.
Ordonnansie, Kaap (1975). *Ordonnansie tot samevatting en wysiging van die wette insake Natuurbewaring en om voorsiening te maak vir sake wat daarmee in verband staan*. Offisiële Koerant 3821. Kaapstad: Provinsiale Administrasie.
Paehlke, R. (1989). *Environmentalism and the Future of Progressive Politics*. New Haven, Conn.: Yale University Press.
Paehlke, R.C. (1993). Values to Politics to Policy. In Gillroy, J.M. (Ed) *Environmental Risk, Environmental Values and Political Choices*. San Francisco: Westview Press.
Page, T. (1978). A Generic View of Toxic Chemicals and Similar Risks. *Environmental Law Quarterly* 7.
Passmore, J. (1980). *Man's Responsibility for Nature*. Old Woking, Surrey, England: Unwin Bros. Ltd.
Preston, G.R., N. Robins & R.F. Fuggle (1992). Integrated Environmental Management. In Fuggle R.F. & M.A. Rabie, *Environmental Management in South Africa*. Cape Town: Juta & Co, Ltd.
Quarrie, J. (Ed.) (1992). *Earth Summit 1992: The United Nations Conference on Environment and Development*. London: Regency Press.
Raad van Kuratore vir Nasionale Parke (1986). *Nasionale Parke in Suid-Afrika. Beleidsverklaring*. Pretoria: Nasionale Parkeraad.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Raad vir die Omgewing (1989). *Geïntegreerde Omgewingsbestuur in Suid-Afrika*. Pretoria: Staatsdrukker.

Rabie, A. (1976). *South African Environmental Legislation*. Pretoria: UNISA (IFCOL PUBLICATIONS).

Rabie, A. (1991). A Constitutional Right to Environmental Integrity: A German Perspective. *South African Journal of Human Rights* 7(2).

Rabie, M.A. (1992). Environment Conservation Act. In R.F. Fuggle and M.A. Rabie. *Environmental Management in South Africa*. Cape Town: Juta & Co, Ltd.

Rabie, M.A., C. Loots, R. Lyster & M.G. Erasmus. (1992). Implementation of Environmental Law. In Fuggle R.F. & M.A. Rabie. *Environmental Management in South Africa*. Cape Town: Juta & Co, Ltd.

Rawls, J. (1951). Outline of a decision-procedure for ethics. *The Philosophical Review* 60(2).

Rawls, J. (1971). *A Theory of Justice*. Cambridge, Mass.: Harvard University Press.

Regan, T. (1983). *The Case for Animal Rights*. Berkeley: The University of California Press.

Regan, T. & P. Singer (Eds.) (1976). *Animal Rights and Human Obligations*. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice Hall.

Republiek van Suid-Afrika: Presidentsraad
(1984): Beplanningskomitee:
PR2: Verslag oor Natuurbewaring in Suid-Afrika.
PR5: Verslag oor die Prioriteite tussen Bewaring en Ontwikkeling.
(1991). Drie Komitees:
PR1: Verslag oor 'n Nasionale Omgewingsbestuurstelsel.
Kaapstad: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. (1976). *Die Wet op Nasionale Parke Nr. 57*.
(1983). *Die Wet op Lanabouhulpbronne Nr. 43*.
(1989). *Die Wet op Omgewingsbewaring Nr. 73*.
Kaapstad: Staatsdrukker.

Rodman, J. (1983). Ecological Sensibility. In D. Scherer & T. Attig. *Ethics and the Environment*. Englewood Cliffs N.J.: Prentice Hall.

Rolston, H. III (1975). Is there an Ecological Ethic? *Ethics* 85(2).

Rolston, H. III (1994). *Conserving Natural Value*. New York: Columbia University Press.

Rolston, H. III (1996). Feeding People versus Saving Nature. In Aiken W. & H. la Folette (Eds) *World Hunger and Morality*. Englewood Cliffs N.J.: Prentice Hall.

Ross, W.D. (1930). *The Right and the Good*. Oxford: Clarendon Press.

Routley, R. (1973). Is There A Need For A New, An Environmental Ethic? *Proceedings of the XVth World Congress of Philosophy*. September. Varna (Bulgaria) Vol. 1 Sofia.

Routley, V. (1975). Critical Notice. *Australasian Journal of Philosophy* 53(2) August.

Sagoff, M. (1981). At the Shrine of Our Lady of Fatima, or Why Political Questions Are Not All Economic. *Arizona Law Review* 23.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Samuelson, P.A. & W.D. Nordhaus (1992). *Economics*. New York: Mc Graw-Hill.

Schweitzer, A. (1949). *Civilization and Ethics*. London: A.C. Black.

Schwella E. & J.J. Muller (1992). Environmental Administration. In R.F. Fuggle & M.A. Rabie (Eds.). *Environmental Management in South Africa*. Cape Town: Juta & Co, Ltd.

Searle, J.R. (1996). Contemporary Philosophy in the United States. In N. Bunnin & E.P. Tsui-James (Eds.) *The Blackwell Companion to Philosophy*. Cambridge, Mass.: Blackwell Publishers Inc.

Sen, A. (1993). Capability and Well-being. In M. Nussbaum & A. Sen (Eds.) *The Quality of Life*. Oxford: Clarendon Press.

Simmons, I.G. (1974). *The Ecology of Natural Resources*. London: Edward Arnold Publishers, Ltd.

Singer, P. (1990). *Animal Liberation*. New York: Random House.

Singer, P. (1991). *A Companion to Ethics*. Oxford: Basil Blackwell, Ltd.

Skolomowski, H. (1981). *Ecophilosophy: Designing New Tactics for Living*. London: Marion Boyers Publishers, Ltd.

Skorupski, J. (1996). Ethics. In N. Bunnin & E.P. Tsui-James (Eds.) *The Blackwell Companion to Philosophy*. Cambridge, Mass: Blackwell Publishers Inc.

Slesser, M. & J. King (1988). Resource Accounting: An Application to Development Planning. *World Development* 16(2).

Smith, A. (1776). *A Inquiry into the Nature and Causes of the Wealth of Nations*. New York: Modern Library (1937).

Stauth, R.B. (1983). Environmental Economics. In R.F. Fuggle & M.A. Rabie (Eds.) *Environmental Concerns in South Africa*. Cape Town: Juta & Co, Ltd.

Stauth, R.B. & P.H. Baskind (1992). Resource Economics. In R.F. Fuggle & M.A. Rabie (Eds.) *Environmental Management in South Africa*. Cape Town: Juta & Co, Ltd.

Stone, C.D. (1974). *Should Trees Have Standing? Towards Legal Rights for Natural Objects*. Los Altos: William Kaufman, Inc.

Taylor, C. (1989). *Sources of The Self*. Cambridge: Cambridge University Press.

Taylor, P.W. (1961). *Normative Discourse*. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice-Hall, Inc.

Taylor, P.W. (1986). The Ethics of Respect for Nature. *Environmental Ethics* 3 (Fall 1981).

Toulmin, S. (1968). *An Examination of The Place of Reason In Ethics*. London: Cambridge University Press.

Tribe, L.H. (1986). Ways Not to Think about Plastic Trees: New Foundations for Environmental Law. In VanDeVeer, D. & C. Pierce. *People, Penguins and Plastic Trees*. Belmont, Ca: Wadsworth Publishing Co.

United Nations Development Programme (UNEP). (1991). *Human Development Report 1991*. Oxford: Oxford University Press.

United States Council on Environmental Quality (1980). *The global 2 000 report to the President* Vols. 1 & 2.

Urmson, J.O. (1950). On Grading. *Mind* LIX (145).

Urmson, J.O. (Ed.) (1975). *Concise Encyclopedia of Western Philosophy and Philosophers*. London: Hutchinson.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

VanDeVeer, D. & C. Pierce (1986). *People, Penguins and Plastic Trees.* Belmont, Ca: Wadsworth Publishing Co.

Vermeersch, E. (1988). *De Ogen van de Panda.* Brugge: Van de Wiele.

Vermeersch, E. (1994). The Future of Environmental Philosophy. In Zweers, W. & J.J. Boersema (Red). *Ecology, Technology and Culture*. Cambridge: The White Horse Press.

Van Willigenburg, T. (1991). *Inside The Ethical Expert.* Kamper, Nederland: Kok Pharos Publishing House.

Vorster, W.S. (Red). (1987). *Are We Killing God's Earth*? Pretoria: UNISA (Miscellania Congregalia 30).

Walzer, M. (1984). Liberalism and the art of separation. *Political Theory* 12 (315-30).

Warnock, M. (1960). *Ethics Since 1900.* London: Oxford University Press.

White, L. (1967). The historical roots of our environmental crisis. *Science* 155: 3767 March.

Wildlife Society of Southern Africa. (1981). A National Strategy for Environmental Conservation in South Africa. *African Wildlife* 35(5) (Insert).

Winkler, E.R. & Coombs J.R. (Eds.) *Applied Ethics: A Reader*. Oxford: Blackwell.

Wittgenstein, L. (1965). Lecture on Ethics *Philosophical Review* 74.

World Commission on Environment and Development (WCED). (1987). *Our Common Future*. Oxford: Oxford University Press.

WWF International. (1986). The Assisi Declarations: *Messages on Man and Nature From Buddhism, Christianity, Hinduism, Islam and Judaism*. Gland, Switzerland.

Yeld, J. (1993). *Sorg vir die Aarde - Suid-Afrika: 'n Strategie vir Volhoubare Bestaan*. Stellenbosch: Suider-Afrikaanse Natuurstigting.

Zweers, W. en J.J. Boersema (Red.). (1994). *Ecology, Technology and Culture*. Cambridge: The White Horse Press.

Zweers, W. (1994). Radicalism or Historical Consciousness: On Breaks and Continuity in the Discussion of Basic Attitudes. In Zweers, W. & J.J. Boersema (Red). (1994). *Ecology, Technology and Culture*. Cambridge: The White Horse Press.